# Die rol van ruimte in Karin Brynard se *Plaasmoord*

deur

Hendrik Gerhardus Abraham Ehlers

21832502

Miniverhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

in die

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. Willie Burger

Mede-studieleier: Dr. Jacomien van Niekerk

Desember 2023



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Etiekverklaring**

Ek verklaar dat hierdie miniverhandeling my eie oorspronklike werk is. Waar sekondêre materiaal gebruik is, is dit noukeurig erken en aangedui in ooreenstemming met universiteitsvereistes. Ek verstaan wat plagiaat beteken en is bewus van die universiteit se beleid en implikasies in hierdie verband.


© University of Pretoria

**Bedankings**

Graag bedank ek my vrou, Anchen, en my twee seuns, Wium en Walt, vir hulle ondersteuning deur hierdie reis, wat nie altyd maklik was nie. ’n Woord van dank ook aan my studieleier, dr. Jacomien van Niekerk, wat hierdie reis ook nie altyd maklik gemaak het nie. Ek sien nou dat dit so moes wees, en sê opreg dankie. Dankie ook aan professor Willie Burger vir sy ondersteuning, humor en leiding met die skryf van my eerste roman, Flip (Philippus) Hattingh vir die roman se taalversorging, Ria Crafford vir die miniverhandeling se taalversorging en almal by Boston Media House vir die finansiële steun en aanmoediging om deur te druk. Ek bedank ook graag die Dagbreek Trust vir hulle finansiële bystand, waaroor ek innig dankbaar is. Laastens is ek ook dank verskuldig aan my familie en vriende en in die besonder my twee oumas, Anette en Nonnie, albei van die begin af bankvas agter my al kon net een van julle die soete oorwinning met my deel. Dankie.


© University of Pretoria

**Opsomming**

In hierdie studie ondersoek ek hoe ruimte as enkele narratologiese element in Karin Brynard se *Plaasmoord* (2009) gebruik word ten opsigte van karakterontwikkeling, die skep van spanning, sowel as hoe ruimte ingespan word om die plot te bevorder. Ek ontleed ook die samehang tussen ruimte en temas soos rassespanning, grondonteiening en plaasmoorde. Brynard se speurroman word ontleed deur hoofsaaklik gebruik te maak van André P. Brink (1987) se uiteensetting van konkrete ruimtes teenoor abstrakte ruimtes. Hierdie studie beslaan vier hoofstukke. Die eerste hoofstuk fokus op die agtergrond van misdaadfiksie en die rasionaal dat daar groeiende akademiese belangstelling in die genre bestaan. Verder word die probleemstelling en navorsingsvrae wat met ruimte saamhang uiteengesit, sowel as die studie se beperkings en die miniverhandeling se formaat. Die tweede hoofstuk word in drie onderafdelings verdeel. Die eerste onderafdeling bevat die terminologie en geskiedenis van misdaadfiksie as fiksiegenre, die tweede die teoretiese raamwerk bestaande uit narratologiese ruimte wat gepaardgaan met karakterisering, spanning, die verhaallyn of plot, en laastens ruimte as narratologiese element in misdaadfiksie as genre. Die literatuuroorsig beslaan sewe onderafdelings en dek internasionale speurverhale, Suid-Afrikaanse misdaad-en speurverhale, bestaande studies oor Suid-Afrikaanse misdaadromans, ruimte in internasionale speurromans en Suid-Afrikaanse speurromans. Die literatuuroorsig word afgesluit met ’n oorsig oor die plaas as ruimte in Afrikaanse speurromans. Die analise van Karin Brynard se *Plaasmoord* beslaan hoofstuk drie. In hierdie hoofstuk word daar gepoog om antwoorde op die navorsingsvrae te bied, naamlik hoe ruimte in die speurroman ingespan word om karakterisering, spanning, die plot en temas te bevorder. In die vierde en finale hoofstuk word my bevindinge neergelê ten opsigte van hierdie analise, wat skakel met ruimte as enkele narratologiese element.

**Sleutelwoorde**

ruimte, plek, abstrakte ruimte, konkrete ruimte, kringe, hede-kring, verlede-kring, tema, *Plaasmoord,* Karin Brynard, speurfiksie, misdaadfiksie, hardgebakte speurder, karakterontwikkeling, spanning, plot.



© University of Pretoria

**Abstract**

In this study, I investigate how space as a single narratological element is used in Karin Brynard's *Plaasmoord* (2009) (Weeping Waters) in terms of character development, the building of suspense, and how space influences the plot. I also analyse the coherence between space and themes, which include racial tension, land expropriation and farm murders. Brynard's detective novel is analysed primarily using André P. Brink's outline of concrete spaces vs. abstract spaces. This study comprises four chapters. The first chapter focuses on the background of South African crime fiction in general and *Plaasmoord* specifically, as well as the rationale that there is growing academic interest in the genre. Furthermore, the problem statement and research questions related to space are set out, as well as the study's limitations and the format of the mini dissertation. The second chapter is divided into three subdivisions, of which the first contains the terminology and history of the crime fiction genre. The second subsection focuses on the theoretical framework, divided into narratological space, which relates to characterisation, suspense, the plot, and the use of space as a narratological element in crime fiction as a genre. The literature review is divided into seven subsections, which include existing studies about South African detective fiction and the use of space in international and South African detective fiction. The literature review concludes with an overview of the farm as space in Afrikaans detective fiction. Chapter three consists of the analysis of Karin Brynard's *Plaasmoord*. This chapter attempts to gain insight into the research questions, including how space is used in the detective novel to promote characterisation, suspense, the plot, and themes. In the fourth and final chapter, I relay my discovery regarding this analysis, which relates to space as a single narratological element.

**Keywords:**

abstract spaces, character development, concrete spaces, crime fiction, detective fiction, hardboiled detective, Karin Brynard, location, physical spaces, place, plot, space, suspense, *Weeping Waters.*



© University of Pretoria

**Inhoudsopgawe**

Hoofstuk 1: Inleiding ____ 8

1.1 Inleiding ____ 8

1.2 Agtergrond en rasionaal ____ 8

1.3 Probleemstelling en navorsingsvrae ____ 10

1.4 Beperkings van die studie ____ 11

1.5 Formaat van die miniverhandeling ____ 11

Hoofstuk 2: Teoretiese raamwerk en literatuuroorsig ____ 12

2.1 Inleiding ____ 12

2.2 Terminologie en geskiedenis van misdaadfiksie ____ 12

2.2.1 Terminologie ....12

2.2.2 Die geboorte van misdaadfiksie ....13

2.2.3 Die goue tydperk van misdaadfiksie ....14

2.2.4 Hardgebakte of hard-boiled speurroman ....15

2.2.5 Die misdaadroman ....16

2.2.6 Die polisieroman ....17

2.3 Teoretiese raamwerk ____ 17

2.3.1 Ruimte ....17

2.3.2 Ruimte en karakterisering ....19

2.3.3 Ruimte en spanning ....20

2.3.4 Ruimte en plot ....21

2.3.5 Ruimte in misdaadfiksie ....22

2.4 Literatuuroorsig ____ 24

2.4.1 Internasionale speurverhale ....24

2.4.2 Suid-Afrikaanse misdaad- en speurverhale ....25

2.4.3 Ruimte in internasionale speurromans ....27

2.4.4 Ruimte in Suid-Afrikaanse misdaadfiksie ....28

2.4.5 Die plaas in Afrikaanse speurromans ....29

2.5 Samevatting ____ 30

Hoofstuk 3: Ruimte in *Plaasmoord* ____ 32

3.1 Inleiding ____ 32

3.2 Konkrete en abstrakte ruimtes in *Plaasmoord* ____ 32



© University of Pretoria

3.3 Ruimte en karakterisering in *Plaasmoord* 37
3.3.1 Inspekteur Albertus Beeslaar 37
3.3.2 Saar Swarts 40
3.3.3 Nelmari Viljoen 41
3.3.4 Adam (Dam) de Kok 42
3.4 Ruimte en spanning in *Plaasmoord* 42
3.5 Ruimte en plot in *Plaasmoord* 46
3.6 Ruimte wat skakel met temas in *Plaasmoord* 47
3.7 Samevatting 52
Hoofstuk 4: Slot 53
4.1 Inleiding 53
4.2. Bevindinge rondom ruimte en karakterisering in *Plaasmoord* 53
4.3 Bevindinge rondom ruimte en spanning 54
4.4 Bevindinge rondom ruimte en plot 54
4.5 Bevindinge rondom ruimte en temas 55
4.6 Beperkings van die studie en ruimte vir verdere ondersoek 56
4.7 Samevatting 56
Bronnelys 57



© University of Pretoria

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Inleiding

Ek ontleed in hierdie miniverhandeling Karin Brynard se roman *Plaasmoord* (2009) deur te fokus op die rol van ruimte. In hierdie hoofstuk word die agtergrond en aanloop tot die studie kortliks uiteengesit, gevolg deur die probleemstelling en navorsingsvrae, beperkings van die studie en dan ’n oorsig oor die res van die miniverhandeling.

## 1.2 Agtergrond en rasionaal

Een van die redes hoekom ek *Plaasmoord* (2009) vir hierdie studie gekies het, is persoonlik van aard. In 2003 is my grootouers wreed op hulle plaas aangeval. My ouma het veelvuldige skietwonde opgedoen en, saam met haar broer, merkwaardig oorleef. Dit was altyd vir my opmerklik hoe my persepsie van die ruimte waar die aanval plaasgevind het, verander het na daardie noodlottige aand.

Breytenbach (2010:3) klassifiseer *Plaasmoord* as ’n speurverhaal. Hy word geëggo deur Roos (2012:178), wat opmerk: “Brynard skryf haar verhaal binne ’n sterk kleindorpse tradisie van die Suid-Afrikaanse speurverhaal”. Roos verwys na die “besondere atmosfeer van die afgesonderde Karoo dorpe en spesifiek Griekwastad” in Brynard se *Plaasmoord* (2012:178). Dit is hierdie geankerdheid van die roman in die “real-world space” (Ryan 2014) wat my aangespoor het om ruimte in *Plaasmoord* te bestudeer. Human en Otto (2019) verwys na *Plaasmoord* as “speurverhaal” sowel as “misdaadroman” (2019:119). (Kyk ook afdeling 2.1.1, waar ek die terminologie wat ter sake is, uiteensit.)

Volgens Wessels (2007:105) berus die speurverhaal tradisioneel op ’n baie eenvoudige struktuur, naamlik dat “[d]ie openbare orde versteur [word] deur ’n misdaad, gewoonlik ’n moord [en aan die einde] moet die openbare orde weer herstel word”. In Karin Brynard se debuutroman, *Plaasmoord*, word die orde versteur wanneer die kunstenaar Freddie Swarts en haar aangenome dogtertjie wreed op ’n plaas in die


© University of Pretoria

Noord-Kaap vermoor word. Mens kan argumenteer dat wet en orde teen die einde van die roman herstel word wanneer inspekteur Albertus Beeslaar die moordraaisel oplos.

Benewens die gewildheid van plaaslike misdaadfiksie, is daar ook sprake van groeiende akademiese belangstelling in die genre. In die verlede is misdaadfiksie dikwels nie aan ernstige literêre ondersoek onderwerp nie, omdat daar gereken is die genre volg bloot formules en konvensies na. Gulddal, King en Rolls (2019:14) reken dat daar in misdaadfiksie ’n soort glyskaal bestaan tussen die bevestiging van kodes en konvensies, aan die een kant, en aan die ander kant ’n vrymoedigheid om genre- en tradisionele grense te oorskry.

Volgens Van Heerden (2021) het Kerneels Breytenbach in 2011 aangevoer dat plaaslike misdaadfiksie “onlangs” gegroei het tot die vlak waar dit vir “ernstige literêre analise vatbaar” is; Leon de Kock het in dieselfde jaar gevra of die postapartheid-misdaadroman nie dalk die plek van die “politieke roman” van die 1980’s ingeneem het nie; voorts dat Amid in 2014 aangevoer het dat “daar ’n aantal begaafde Afrikaanse skrywers soos Karin Brynard is wat [in die speurverhaalgenre] en binne hierdie [struktuur] en konvensies vernuwende werk lewer wat die Afrikaanse speurroman betref” en dat Suid-Afrikaanse misdaadfiksie in die afgelope twee dekades ’n soort “volwassewording” ondergaan het (Van Heerden 2021:103).

Hierdie studie is nie daarmee gemoeid om die vernuwende aard van *Plaasmoord* aan te toon nie. Dit dra wel by tot die groeiende navorsing oor misdaadfiksie deur een narratologiese element, naamlik ruimte, in een speurroman te ontleed; spesifiek, hoe ruimte ingespan word om aspekte soos karakterontwikkeling, spanning, plot en temas in die speurroman te beïnvloed. Daar is nog min soortgelyke studies gedoen: Head (2013) se verhandeling oor tyd in die romans van Deon Meyer lê die naaste aan hierdie studie, asook die artikel deur Naidu (2016) waarin sy *Plaasmoord* as ’n voorbeeld van die Suid-Afrikaanse “plaasmoordroman” bestudeer. Slegs Schmid (2012), Heise (2005) en Jameson (2022) fokus eksplisiet op die rol van ruimte in sekere misdaadfiksietekste. Wat misdaadfiksie in die breë en Afrikaanse misdaadfiksie spesifiek betref, is daar dus volop om rondom hierdie onderwerp te verken.


© University of Pretoria

Warnes (2012:983) redeneer “dat kontemporêre misdaadromans [...] gerat is om die konstante bedreigings waarmee Suid-Afrikaners saamleef, die hoof te bied en [...] die werk van ernstiger letterkunde [te] verrig”. Wat Afrikaanse misdaadfiksie betref, verwys Naidu en Le Roux (2014) opsommenderwys na die sogenaamde “genresnob”-debat, ’n voortgaande kritiese gesprek rondom die status van eietydse Suid-Afrikaanse misdaadfiksie. Die debat sentreer volgens dié outeurs “hoofsaaklik rondom die vraag of misdaadfiksie geloofwaardig en verteenwoordigend van ’n onstuimige en misdaadgeteisterde samelewing voorgehou kan word, of is dit bloot sensasionele [...] en verhandelbare vermaak wat beperk is tot generiese konvensies?” (Naidu en Le Roux 2014:285). Hierdie studie lewer nie ’n omvattende bydrae tot die komplekse debat waarna Naidu en Le Roux verwys nie. Dit dra wel by tot die groeiende navorsing oor die genre deur ŉ bepaalde narratologiese element, naamlik ruimte, in ŉ enkele misdaadroman te ontleed; spesifiek, hoe ruimte ingespan word om elemente soos karakterontwikkeling, spanning, plot en temas in die speurverhaal te beïnvloed. Nie net speel ruimte ’n belangrike rol in *Plaasmoord* nie, maar bevat selfs die titel van die 2009-roman die kernruimte van die verhaal, naamlik die plaas. In ’n multikulturele hedendaagse demokratiese Suid-Afrika het die konteks en psige rondom die plaas met die verloop van tyd ’n veranderende simbool geraak: “Binne ’n nuwe bedeling in Suid-Afrika is dit […] moeilik, tewens bykans onmoontlik, om die plaasmilieu los te maak van eietydse sosio-politieke realiteite en probleme” (Human en Otto 2019:130).

### 1.3 Probleemstelling en navorsingsvrae

In hierdie studie sal daar gepoog word om te bepaal watter rol ruimte in Karin Brynard se *Plaasmoord* (2009) speel.

Die volgende navorsingsvrae spruit uit die probleemstelling voort.

a. Hoe dra ruimte by tot karakterisering in die speurroman *Plaasmoord*?
b. Hoe dra ruimte by tot die skep van spanning?
c. Watter rol speel ruimte in die vordering van die plot?
d. In watter mate dra ruimte by tot temas soos grondonteiening, rassespanning en plaasmoorde wat deur die roman aangeroer word?


© University of Pretoria

### 1.4 Beperkings van die studie

*Plaasmoord* is die enigste roman van Karin Brynard wat sal deel uitmaak van hierdie studie. Geen ander roman sal ontleed word nie. Slegs ruimte word in die roman ondersoek en geen ander narratologiese element nie.

### 1.5 Formaat van die miniverhandeling

Hierdie miniverhandeling is opgedeel in vier hoofstukke. Hoofstuk twee fokus op die misdaadfiksiegenre se herkoms en verskaf 'n bondige oorsig van hierdie populêre genre in terme van die gebruiklike terminologie en subkategorieë waarin die genre opgedeel kan word. Hierdie subgenres sluit in die speurroman, die hardgebakte of *hard-boiled* speurroman, die misdaadroman en polisieroman. Verder beslaan hoofstuk twee ook die teoretiese raamwerk, wat op ruimte as narratologiese element fokus. Verder word ruimte geanaliseer in terme van karakterisering, plot, spanning en temas, sowel as die gebruik van ruimte in misdaadfiksie. Die plaas as ruimte in Afrikaanse speurromans word ook ondersoek.

In hoofstuk drie ontleed ek Karin Brynard se speurroman *Plaasmoord*. Hier ondersoek ek die verskil tussen ruimte en plek en analiseer ek karakterisering, die plot, spanning en temas wat met ruimte in die roman gepaard gaan.

In die laaste hoofstuk bied ek ten slotte my bevindings oor ruimte aan en hoe ruimte ten opsigte van karakterisering, die plot, spanning en temas in Karin Brynard se *Plaasmoord* na vore tree.


© University of Pretoria

# Hoofstuk 2: Teoretiese raamwerk en literatuuroorsig

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gee ek in my teoretiese raamwerk ’n bondige oorsig van die teoretisering van misdaadfiksie, asook die teoretisering van ruimte in fiksie. In die literatuuroorsig kom die mees relevante bestaande navorsing aan bod.

## 2.2 Terminologie en geskiedenis van misdaadfiksie

### 2.2.1 Terminologie

Van Heerden (2017:93) gebruik die woord “misdaadfiksie” as sambreelterm. Hy verwys na Symons (1972), wat meen dat die “verwarrende genres en subgenres […] telkens oorvleuel”. In hulle hoofstuk oor watter presiese terme om te gebruik met betrekking tot misdaadfiksie, is Allan, Gulddal, King en Rolls  (2020:1) van mening dat die term “genre” self dubbelsinnig (ambiguous) kan voorkom: “[O]ne that has undeniably descriptive value and serves to guide both authors and readers”.

Volgens Symons (in Van Heerden 2018:122) kan die verskillende genres basies in drie kategorieë opgedeel word, naamlik: (1) “die klassieke speurroman”, (2) “die hardgebakte speurroman” en (3) “die misdaadroman”. Symons (1972) se onderskeid plaas egter die begrippe “speurroman” en “misdaadroman” (oftewel “crime novel”) naas mekaar, as naasliggende tipes (in Van Heerden 2018:122). Van Heerden verwys na die drie kategorieë soos deur Symons uiteengesit en noem: “Hierdie basiese drieledige tipologie maak voorsiening vir sowel die onderliggende skuif van ’n (epistemologiese) raaiselfokus na ’n (ontologiese) misdadigerfokus […].”

Breytenbach (2010:3) noem dat Brynard se *Plaasmoord* aan nege van Ronald Knox se tien speurverhaal reëls voldoen; Breytenbach is ook egter van mening dat haar speurder “viervoetig in die eietydse sfeer van speurverhale staan”. Met betrekking tot die term “speurroman” meen Roos  (2012:179) dat *Plaasmoord* gekenmerk word deur ’n “goed geskrewe en onderhoudende vertelling; ’n knap toevoeging tot die populêre misdaad/speurgenre”.


© University of Pretoria

Dit is daarom gepas dat daar in hierdie studie deurgaans na *Plaasmoord* as "speurroman" verwys sal word, hoewel dit ook elemente van die hardgebakte speurverhaal (kyk 2.2.4) en polisieroman (kyk 2.2.6) besit.

### 2.2.2 Die geboorte van misdaadfiksie

Amid (2014) verwys na die broers Karamazov se erkenning dat mense versot is op misdaad: "Everybody loves crime; they love it always, not at some 'moments' […] They say they all hate evil, but secretly they all love it.". Dat die mensdom enduit gefassineer word deur misdaad, deur die aard en gevolge van misdaad en die impulse wat daartoe aanleiding gee dat mense gewelddadig teenoor ander optree is 'n "universele waarheid" (Amid 2014:2).

Sedert sy oorsprong in die negentiende eeu tot vandag, het die misdaadverhaal al vele grense en tale oorgesteek: "[...] everywhere [the crime story] has settled local writers have appropriated and rewritten it to address their own specific concerns" (Brittingham 2019:8). Brittingham wys verder daarop dat ten spyte van hierdie globale verspreiding van die misdaadverhaal, en die sukses van misdaadromans (of 'krimi's', soos daar deesdae daarna in die Afrikaanse volksmond, nes in Duits, verwys word) daar steeds nie juis gepoog word om die genre te probeer verstaan in sy "globale konteks" nie (Brittingham 2019:8).

Edgar Allan Poe word wyd beskou as die grondlegger van die klassieke speurverhaal en is geïnspireer deur die herinneringe van die eerste privaatspeurder, Eugène Francois Vidocq (Van Heerden 2018:97). Poe het vyf kortverhale gepubliseer "waarin hy heelparty van die grondbeginsels van die speurverhaal vasgelê het" (Wessels 2007:106). Knight (in Van Heerden 2018:97) noem dat Poe na sy eie werk verwys het as "tales of ratiocination" wanneer hy daarop wys dat die klem reeds hier op die kernbeginsel van speurfiksie val, naamlik rasionele bewysvoering.

Sommige van die bogenoemde grondbeginsels van die speurverhaal berus op die onskuldige verdagte, die ongewone en dramatiese ontknoping (dénouement) en dat die mees onwaarskynlike karakter uiteindelik die skuldige blyk te wees. Ná Poe volg Wilkie Collins met die roman *The Moonstone* (1886).Teen die begin van die twintigste


© University of Pretoria

eeu het misdaadfiksie die top literêre genre en gou deel van die hoofstroomkultuur geword (Erdmann 2009:11). Erdmann meen die vooruitgang van die genre kan toegeskryf word aan ’n groot aanhangerbasis en uitgewers wat tot die sukses van die genre verbind was (2009:11). Hierna volg die era van sir Arthur Conan Doyle se Sherlock Holmes (Edwards 2022:59). Die afsydige en hiperintelligente Holmes, wat per geleentheid buite die gereg optree, is gesien as ’n redder van die samelewing (Symons 1972:22). Symons verwys na die Franse kritikus Pierre Nordon, wat noem dat Sherlock Holmes die bevoorregte minderheid gerusstel oor hulle vrees vir sosiale opstand (1972:22).

### 2.2.3 Die goue tydperk van misdaadfiksie

In die voorwoord van sy boek *Detective Fiction* verwys Rzepka na Dennis Porter, wat na speurverhale verwys as “a literature of reassurance and conformism” (Porter in Rzepka 2005:3).

Die 1930’s staan bekend as die goue era van misdaadfiksie: “Agatha Christie is een van die groot vaandeldraers van [hierdie era] van die speurverhaal (sy staan alom bekend as die ‘Queen of Crime Fiction’) met haar beroemde speurkarakter: die eksentrieke Belgiese speurder Hercule Poirot, wat bekendgestel word in haar eerste roman, *The Mysterious Affair at Styles”* (1920) (Van Heerden 2018:99). Dorothy L. Sayers was, naas Christie, een van die beroemdste skrywers in hierdie genre, met haar fynbesnaarde speurder genaamd Lord Peter Wimsey in romans soos *Gaudy night* (1935) en *Busman’s honeymoon* (1937). Van Heerden kies die woord “genteel” om die spesifieke atmosfeer van Christie en Sayers se netjies afgeronde speurverhale te beskryf. Christie se karakters word dikwels gekenmerk deur hulle “gegoede agtergronde of hoër klas” (Van Heerden 2018:99).

Gedurende hierdie era het verskeie konvensies ontstaan, soos “the locked room mystery” waarvan Christie se *The Murder of Roger Ackroyd* ’n klassieke voorbeeld is. Dit illustreer voorts die konvensie waar feitlik elke karakter in die roman kortstondig die verdagte is: “Christie gave readers the information they needed to unravel the mystery while distracting them from the truth […] deploying clues and red herrings with cool detachment before supplying a final twist when all is finally revealed” (Edwards


© University of Pretoria

2022:153). Ander konvensies sluit in die amateur speurder en "red herrings" waarmee die skrywer die leser op 'n dwaalspoor lei.

Symons (1972:93) verwys na die stel reëls wat deur Knox neergelê is en wat die beperkings van die skrywer van speurverhale sou omskryf. Hierdie reëls was as volg:

- Die moordenaar moet vroeg in die verhaal bekendgestel word, maar moenie iemand wees wie se gedagtes aan die leser bekend is nie.
- Bonatuurlike elemente of verklarings is nie toelaatbaar nie.
- Daar mag nie meer as een geheime kamer of gang wees nie.
- Jy mag nie van 'n onbekende gif gebruik maak nie, of enige werktuig wat 'n lang wetenskaplike verklaring nodig het nie.
- Geen Sjinese karakters ("Chinamen") mag in die verhaal voorkom nie. (Dit was 'n veralgemeende stereotipe wat vir Asiate gebruik is gedurende hierdie tydperk).
- Daar mag geen insident wees wat die speurder help om die raaisel te ontrafel nie.
- Die speurder mag nie die misdaad [self] pleeg nie.
- Die speurder word verplig om enige leidrade wat hy ontdek, aan die leser openbaar te maak.
- Die dommerige vriend van die speurder (die Watson) mag nie enige gedagte wat deur sy kop flits, vir die leser wegsteek nie, en sy intelligensie moet effens, net effens, minder as dié van die gemiddelde leser wees.
- Tweelinge, of dubbelgangers in die algemeen, mag alleen in die verhaal aangewend word as ons vooraf daarop bedag gemaak is.

### 2.2.4 Hardgebakte of *hard-boiled* speurroman

Teen die einde van die 1920's skep skrywers soos Raymond Chandler en Dashiel Hammett 'n nuwe subgenre in die vorm van die hardgebakte speurverhaal of "hardboiled detective fiction" (Van Heerden 2018:100). Volgens Van Heerden wou hierdie skrywers die klassieke speurverhaal in die twintigste eeu moderniseer "[by] relocating their detective in the 'mean streets' of the modern world, documenting his adventures, and focusing on his response to the world" – 'n aanhaling van die woorde


© University of Pretoria

van die skrywer Carl Darryl Malmgren in dié se boek *Anatomy of Murder: Mystery, Detective and Crime Fiction* (Van Heerden 2018:100). Edwards beweer dat Chandler en Hammett Amerikaanse misdaadfiksie getransformeer het (2022:272).

ʼn Hardgebakte speurder word beskryf as “an instinctive protector of the weak, a defender of the innocent, an avenger of the wronged, the one loyal, honest, truly moral man in a corrupt and ambiguous world” (Cawelti 1976:151) en “ʼn hardnekkige karakter wat teen die groeiende korrupsie en wanorde van die moderne stad te staan kom” (Van Heerden 2018:100).

### 2.2.5 Die misdaadroman

Die verskil tussen die tradisionele speurverhaal en die misdaadroman (“crime novel”) is dat die skrywer van die misdaadroman geneig is om die verhaal sekondêr tot die karakter te plaas. By die speurverhaal staan die raaisel (“puzzle”) voorop, maar by die misdaadroman is die hoofkarakter sentraal (Symons 1972:164) – en hierdie hoofkarakter is die moordenaar. Baie klem word op die andersheid (“otherness”) van die moordenaar geplaas (Hilfer 1990:4). Met verwysing na een van hierdie genre se bekendste skrywers, Patricia Highsmith, merk ʼn resensent oor haar werk op: “It leaves you uncomfortably uncertain of what you feel, whom you sympathize with” (Hilfer 1990:4). Symons (in Edwards 2022:413) skryf eweneens oor Highsmith en beweer: “Her supreme gift was an ability to come up with off-beat situations that are pregnant with menace and then explore how they impact on her character.” Highsmith se bekende anti-held Tom Ripley in *The Talented Mr Ripley* (1955) het ʼn blywende invloed gelaat. Wilson (in Edwards 2022:414) is dit eens dat Highsmith die boosdoeners veel interessanter ag as die held, en haar verhale eindig gewoonlik droewig). Patricia Highsmith self verklaar: “I am not an inventor of puzzles” (Edwards 2022:414).


© University of Pretoria

### 2.2.6 Die polisieroman

Die eerste moderne polisieroman het in die 1940's en 1950's in Amerika verskyn en vinnig na Brittanje en die res van Europa versprei. Worthington (in Rzepka en Horsley 2010:175) verwys na Ed McBain se reeks *87th Precint* as die bekendste van hierdie genre. Ander bekende voorbeelde is Lawrence Treat se *V as in Victim* (1945) en die *Dragnet*-reeks van 1947. Latere skrywers sluit in Ed McBain en James Ellroy. Die polisieroman ("police novel" of "police procedural") word gekenmerk deur die gebruik van "[a] series of characters" en die feit dat dit rondom "a sequence of crime detection solution" gestruktureer word (Rzepka en Horsley 2010:175). Hierdie skrywers het opnuut probeer om moordondersoeke so "lewensgetrou" moontlik uit te beeld. Meer as een speurder word tipies ingespan, en hulle is meestal verantwoordelik vir meer as een saak op 'n slag (Van Heerden 2018:126-7). Rzepka en Horsley verwys voorts na die byvoeging van gesofistikeerde tegnologie om leidrade op te volg, sowel as ballistiese en elektroniese databasisse (2010:35). McBain het deur die loop van sy lang loopbaan as skrywer van hierdie genre bekendheid verwerf as iemand wat wetstoepassing as 'n onvolmaakte instrument uitbeeld (Rzepka en Horsley 2010:35).

## 2.3 Teoretiese raamwerk

Hierdie studie is 'n eenvoudige narratologiese ondersoek. As sodanig word geen poststrukturalistiese teorieë ingespan nie; die narratologiese konsep waarom dit in die studie wentel, is ruimte. In hierdie afdeling word ruimte uiteengesit, asook hoe ruimte in fiksie saamhang met karakterisering en plot, en bydra tot spanning.

### 2.3.1 Ruimte

In sy bekende boek *Vertelkunde* verduidelik André P. Brink: "[R]uimte beteken nie net plek of omgewing nie, maar 'n groot verskeidenheid van vorme, kringe of dimensies wat die storie kan aanneem" (Brink 1987:118). Volgens Brink verwys "konkrete ruimtes na die 'mees konvensionele' opvatting van ruimte as 'plek' byvoorbeeld 'n huis, 'n kasteel, 'n kamer, 'n stad, 'n plaas, 'n berg ensovoorts". Wat die onderskeid tussen "ruimte" en "plek" betref, verwys Brink na die "abstrakte": "Die oomblik wanneer mens in jou opvatting omtrent ruimte voorsiening begin maak vir iets soos 'weergesteldheid',


© University of Pretoria

begin jy al bewus word van ’n glydende skaal tussen die konkrete en die abstrakte” (1987:119). Die voorbeeld wat Brink hier gebruik is ’n storm en ’n kalm see as ruimte: “dan gaan dit nie primêr om die donderweer en reën […] nie maar om die *begrippe* ‘storm’ of ‘kalmte’ waarvan wind en weerlig […] net die tekens is” (1987:119, oorspronklike kursivering). Ook volgens Bieger en Maruo-Schröder verwys die term “ruimte” na die abstrakte en wiskundige, terwyl “plek” na die konkrete en bewoonbare verwys (2016:4). Vir die analise van Brynard se *Plaasmoord* sal ek voortaan dikwels verwys na “kringe” wanneer ek na abstrakte ruimtes verwys. Van hierdie abstrakte ruimtes is gesetel in die verlede-kring of in die hede-kring en skakel ook met verskilende temas.

Buchholz en Jahn som ruimte op as “die konkrete, bestaande omgewing waarbinne karakters leef en beweeg” (in Ryan 2014:1). Ryan wys daarop dat die meeste teorieë rondom ruimtelike konsepte in die narratologie egter metafories van aard is omdat hulle nie konkrete ruimte in ag neem nie (2014:1) en sy noem dat narratoloë nog altyd verkies het om eerder op tyd as ruimte te konsentreer. Ruimte bly dus in die woorde van Ryan ’n “onontginde terrein” (2014:13). Terselfdertyd kan ruimte in die narratologie ook nie beperk wees tot net die konkrete wêreld waarbinne ’n verhaal afspeel nie (2014:1).

Van al die verskillende tipes ruimtes wat Ryan uiteensit, is sy van mening dat die geankerdheid van tekste in ’n “real-world space” tans die belowendste onderwerp vir verdere ondersoek is (2014:13) en sy verwys na die “storieruimte” wat deur die leser se verbeelding aangevul word gebaseer op kulturele kennis en ware ondervindings.

Hillier en Hansen (in Ujang en Zakariya 2015:1) beskryf die abstrakte ruimte as verwyderd van konkrete vorm en kulturele interpretasie. Individue, groepe en gemeenskappe maak ruimtes uit fisieke plekke deur betekenis daaraan toe te ken (Relph in Ujang en Zakariya 2015:1). James (in Edwards 2022:42) verwys na die konkrete ruimte in ’n verhaal as van kardinale belang; dat hierdie konkrete ruimte of “setting” ’n sleutelrol speel; en dat hierdie konkrete ruimte die nodige atmosfeer skep wat karakterontwikkeling en die plot help anker. Die simboliek van ruimte het dus mettertyd verander, wat herinner aan die gedagte van oorgesteekte grense waarna Guldall, King en Rolls (2019:17) in hulle argument vir misdaadfiksie as mobiele


© University of Pretoria

benadering kyk – so begin daar reeds hier gespeel word met die idee dat ruimte moontlik as grens gesien kan word; ’n grens wat oorgesteek, selfs oorskry kan word in die konteks van politieke en historiese verandering.

Ryan (2014) verduidelik dat hierdie intuïtiewe begrip van ruimte wat as meer as net iets konkreets gedefinieer kan word, ook verder gedefinieer kan word. Sy gebruik die voorbeeld van ’n verhoog waarop gebeure afspeel en die ‘gehoor’ wat die verhoog van die res van die wêreld kan onderskei. “In written narrative we can distinguish the individual locations in which narratively significant events take place from the total space implied by these events” (Ryan 2014:2). Hierdie voorbeeld van die verhoog waarna Ryan verwys, herinner aan die teks as afbakening vir die ruimte waarbinne die verhaal afspeel.

Kannemeyer (1968:9) is van mening dat ruimte ’n essensiële deel van ’n verhaal is en dat ruimte nodig is om die karakters en gebeure te verstaan, “dus moet ruimte in sy samespel met die ander elemente gesien word wanneer gebeure en karakterisering daarby betrek word”.

**2.3.2 Ruimte en karakterisering**

Brink is van mening dat daar ten opsigte van vertelkunde op sekere oomblikke iets besonder interessants gebeur wanneer ’n karakter byvoorbeeld “rondploeter en struikel onderweg na die lig” in ’n sosiale-politieke-ekonomiese ruimte (1987:120). Brink sê voorts “[…] in gegewe funksies, vervul selfs [die] karakters […] die rol van *ruimtelike tekens*” (1987:119, oorspronklike kursivering).

Brink gebruik ’n voorbeeld uit *Ampie* van die beskrywing van ’n konkrete ruimte – dit wil sê, die blikkiesdorp – wat as abstrakte ruimte gesien kan word, naamlik as ’n “ruimte van armoede” wat “die hele sosio-politiek van ’n era daardeur [oproep] as ruimte” (1987:119). In sy studie oor stedelike ruimtes en moderne mag in Dashiel Hammett se *Red Harvest* (1929), verbind Heise (2005) die ruimte in Hammett se werk as broeiplek vir die soort karakter wat daar gevind word.


© University of Pretoria

"*Red Harvest* dramatizes the massive bureaucratic intervention to monitor the poor and working-class urban terrain – the "breeding places of delinqency and crime" (Heise 2005: 489). Cohen (in Ujang en Zakarija 2015:711) ag die mens se kultuur as 'n manifestasie van plek of 'n konkrete ruimte, terwyl Lai verwys na die belangrikheid van 'n konkrete ruimte as skepping deur "[t]he cultural spaces imbued people way of life and devoted cultural phenomenon" (Lai in Ujang en Zakarija 2015: 711).

Ryan (2014) is van mening dat skrywers die konsep van 'n liggaam in 'n ruimte ag as die mees fundamentele menslike ervaring. Sy gebruik die term "embodied nature of mind", wat na haar mening beteken abstrakte konsepte word deur die gebruik van taal en metafore gekonkretiseer in terme van liggame (bodies), wat deur of in 'n ruimte gesitueer is en as ruimtes gekonsepsualiseer word (Ryan 2014:4). Grella (in Amid:2014:54) ag speurfiksie as 'n genre wat meer met die protagonis se karakter en die samelewing en avontuur wat hierdie karakter teëkom gepreokkupeer is as met die sentrale raaisel binne die verhaal. Jameson (2022) is geneig om te dink dat die karakters in Raymond Chandler se hardgebakte speurverhale nie geïntegreerd of verteenwoordigend is van die konkrete ruimtes waarbinne hulle hulself bevind nie. "[I]t is not so much that these 'people' in Chandler are their spaces, as that [...] these spaces are 'characters' or 'actants'" (Jameson 2022:71).

**2.3.3 Ruimte en spanning**

Rimmon-Kenan (1983:126) verwys na die skep van spanning deur vertraging (delay): "In order to increase the reader's interest and prolong itself, the text will delay the narration of the next event in the story […]". Met betrekking tot verdeeldheid en konflik kan spanning ook uit die aard van die saak geskep word. Brink (1987:118) verwys na Roy R. Male se boek *Enter, mysterious stranger: American cloistral fiction* (1979), wat te make het met ruimte se funksie wat met die gebeure (en figuur) saamhang, en is van mening dat *meervoudige ruimte*s dikwels in 'n verhaal aangetref word. Brink demonstreer hierdie verskynsel aan die hand van *Bart Nel* (1936) en verwys na verskillende sirkels wat getrek kan word en wat elk 'n soort ruimte verteenwoordig (1987:122). Die eerste sirkel, wat die eerste ruimte verteenwoordig, kan gesien word as die woonplek en gemeenskap van die twee hoofkarakters, Bart en Francina; die


© University of Pretoria

tweede sirkel wat die leser waarneem is die *distrik*, wat die sosio-geografiese ruimte verteenwoordig, en so kring die verskillende ruimtes uit tot by die grootste of “buitenste sirkel”, wat die wêreld en die konsep van oorlog verteenwoordig (1987:122, oorspronklike kursivering): “Wat in die heel buitenste sirkel gebeur (met die uitbreek en vordering van die oorlog), werk deur al die kleiner konsentriese sirkels […] tot in die binneste ruimtelike ‘hart’ van die boek waar verdeeldheid tussen man en vrou ontstaan” (Brink 1987:122). Met *Bart Nel* as voorbeeld verwys Brink (1987: 108) na die ruimte van “oorlog” waarbinne die verhaal afspeel en omskryf hy hierdie konsep as die “hele narratiewe klimaat”.

### 2.3.4 Ruimte en plot

Die gebeure van die plot sowel as die karakters wat daarby betrokke is, beskou Brink as ingebed in tyd en ruimte (Brink 1987:14). Brink noem dat die teks self ook ’n ruimte is, met ’n begin en einde wat die grense uitmaak (1987:21).

Van Gorp (1991) is dit eens dat ‘plot’ ’n komplementêre begrip is wat betrekking het op die verloop van ’n verhaal (1991:376), en Du Plooy beskryf ‘plot’ as ’n term wat artistieke struktuur in ’n verhalende teks aandui (Du Plooy 1992:384). Willie Burger beskryf plot aan die hand van ’n chronologiese rangskikking van gebeure. “Deur die rangskikking in tyd en die lê van verbande tussen die gebeurtenisse, word samehang tussen al die beskryfde gebeurtenisse gelê en sodoende kry elke individuele gebeurtenis betekenis as deel van ’n geheel” (Burger, W. 2018:24).

In die woorde van James (in Edwards 2022:42) skep ruimte die nodige atmosfeer vir “bedreigings”, “opwinding”, “gruwels” en selfs “eensaamheid” en beïnvloed hierdie geskepte atmosfeer karakterisering en “plot” en help die atmosfeer om die soms bisarre gebeure van die verhaal te anker.



© University of Pretoria

### 2.3.5 Ruimte in misdaadfiksie

Edwards (2022: 42) praat van "the tensions fermenting within these closed communities" wanneer hy verwys na die idee van 'n klein gemeenskap of binnekring van moontlike verdagtes. Hierdie spanning waarna Edwards verwys, dien as 'n deurslaggewende agtergrond vir misdaadverhale, die speurverhaal ingesluit.

Volgens Wessels (2007:105) het die Franse kritikus Jacques Dubois die ooreenkomste tussen die klassieke tragedie en die speurverhaal uitgewys en na Sophocles se *Oedipus Rex* as die "oerteks van die speurverhaal" verwys. Wat spanningslyn betref, verduidelik Wessels soos volg: "[T]erwyl die misdadiger nog nie vasgetrek is nie, bly hy 'n bedreiging en die speurder [...] word dikwels persoonlik bedreig, aangesien [hy] die [...] die grootste bedreiging vir die skelm inhou" (Wessels 2007:105).

Symons voer aan dat die ruimte in misdaadfiksie aanleiding gee tot die styl van die verhaal en 'n noodsaaklike deel van die misdaad is. Ruimte dra dus by tot die opbou van psigologie in die teks (Symons in Head 2013:18). Terselfdertyd beweer Symons dat ruimte in die speurverhaal altyd sekondêr tot die moord staan, veral wanneer die ondersoek die verhaal oorheers omdat die intrige en leidrade die narratief oorneem (Symons in Head 2013:18). Schmid (2012:8) beweer eweneens dat ruimte dikwels as "blote agtergrond" in misdaadfiksie funksioneer, eerder as 'n 'bepalende mag".

Harvey (in Schmid 2012:8) is van mening dat kritici eerder moet fokus op hoekom en in watter mate sosiaal magtige wesens in ruimtes belê, en hoe en om watter rede daardie magte oor 'n hoogs gedifferensieerde stelsel, wat uit verskillende gekoppelde ruimtes bestaan, ontplooi word. Auden gebruik Raymond Chandler se werk as voorbeeld en verwys na "The Great Wrong Place" (Auden in Hilfer 1990:31) wanneer hy hom oor die ruimtes in Raymond Chandler se verhale uitspreek. Met spesifieke verwysing na die hardgebakte speurkarakter meen Hilfer (1990:32): "The Great Wrong Place suits the tough detective, giving him something to be tough about".


© University of Pretoria

Schmid (2012) ondersoek die verskynsel van die stad as ruimte in speurverhale. Hy meen dat die stad groot genoeg is om ’n uitdaging te bied vir die speurder wat poog om dit onder beheer te bring, asook vir die leser om beïndruk te word deur die speurder se vernuf, maar ook klein genoeg sodat die speurder se ambisies realisties voorkom. Hy kom tot die slotsom: “To put it another way, crime fiction definitely has something of value to say about all spatial[ities] from the locked room to the globe […]” (Schmid 2012:15). Vir Schmid maak ’n fokus op ruimte in misdaadfiksie dit duidelik hoe groot die diversiteit en kreatiwiteit van die genre is (2015:21).

John Dixon Hunt (in Beck 2019:84) verduidelik dat die mens se ruimtelike skeppingsvermoë (“place-making ability”) ook ruimte kan verander: “it constructs a narrative of everyday rituals and routines that are unique to the person who occupies and acts on the space”.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was groot name soos Raymond Chandler reeds besig om te eksperimenteer met ’n ander soort ruimte in die speurverhaal. Amid en De Kock (2014:58) is van mening dat daar sekere herhalende temas in skrywers soos Raymond Chandler en Dashiell Hammett se werk voorkom: “[...] city life in particular channels a sense of uncertainty about knowing who the ‘stranger’ in one’s midst might be, who can be trusted and who not”. Rollyson (2008:286) verwys na Raymond Chandler se 1940 publikasie van *Farewell, My Lovely* waarin Inspekteur Marlowe deur interne fokalisering homself in ’n konkrete ruimte soos volg aan die leser beskryf: “Even on central avenue, not the quietest dressed street in the world, he looked about as inconspicuous as a tarantula on a slice of angel food.” Rollyson verduidelik dat die besluit om Marlowe sy eie innerlike gedagtes en emosies te laat verwoord, klem lê op ’n ander soort ruimte naamlik Marlowe se innerlike ruimte: “Chandler [sets] the detective’s hidden frame against the banality of the world he inhabits” (Rollyson 2008:286).


© University of Pretoria

## 2.4 Literatuuroorsig

In hierdie afdeling bied ek ’n kort oorsig oor bestaande studies oor internasionale misdaadfiksie, Suid-Afrikaanse misdaad- en speurverhale in Engels, Afrikaanse misdaadromans, ruimte in misdaadfiksie en die plaas as ruimte in Afrikaanse speurromans.

### 2.4.1 Internasionale speurverhale

In sy studie oor Raymond Chandler se hardgebakte speurverhale verwys Phillips (2017:104) na die gebruik van die stad as ’n konkrete ruimte waar “die minderheid, die gemarginaliseerde en verdruktes floreer (104). Phillips voer verder aan dat daar twee afleidings gemaak kan maak ten opsigte van die gebruik van die stad as ruimte in die hardgebakte speurroman naamlik: that specific urban settings are a "character" in their own right, and that cities are, by their very nature, alienating, are more difficult to sustain”.

In haar studie oor wit manlikheid in die hardgebakte speurverhaal, verbind Abbott (2016) die beeld van die nuut gevormde figuur wat eensaam die strate van ’n geïndustrialiseerde Amerikaanse stad bewandel met temas van moderne fragmentasie en vervreemding. “A unique new figure – a figure we can locate in Hemingway’s Jake Barnes and Harry Morgan, Nathanael West’s *Miss Lonelyhearts*, the marginal men of Nelson Algren and others, not to mention later incarnations in Henry Miller and Norman Mailer (Abbot 2016:14). Beck (2019:90) gebruik twee van Wilkie Collins se speurverhale, *The Moonstone* en *The Woman in White* wanneer sy verduidelik hoe temas soos klassisme en geslagshiërargie in Collins se werk aansluit by sy gebruik van ruimte: “[These works] locate legally powerless and socially marginalized characters in places of narrative power, [r]eading *The Woman in White* […] focus[es] on the roles of the victim and victimizer and the themes of emotion and legal identity […] shifting narrative focus to space and performance”.


© University of Pretoria

### 2.4.2 Suid-Afrikaanse misdaad- en speurverhale

Jon Thompson verwys na kontrasterende magte van hernuwing en disintegrasie wanneer hy sê: "Fictions of crime offer myths of modernity, of what it is like to live in a world dominated by the contradictory forces of renewal and disintegration, progress and destruction, possibility and impossibility" (Thompson in Amid 2014). Amid sluit aan by Johnson se woorde deur te noem dat hierdie kontrasterende magte dui op "die kern-moontlikhede van misdaadfiksie in 'n sosiopolitieke opset soos postapartheid Suid-Afrika" en dat skrywers die "teenstrydige magte […] met groot vrug ondersoek, maar die evalueringsmoontlikhede inherent tot die genre van fiksie kan volbring word op ['n] organiese wyse" (Amid 2014).

Daar is 'n hele aantal studies in Engels gepubliseer oor Suid-Afrikaanse misdaadfiksie, ook oor vertalings van Afrikaanse romans deur skrywers soos Deon Meyer en Karin Brynard. Die teoretiese invalshoeke van hierdie studies sluit in ekokritiek (Burger, B. 2018; Naidu en Le Roux 2014), die landelike en die plaasroman (Van Coller 2003), postkoloniale teorie (Warnes 2012; Ashman en Guldimann 2023),die stedelike (Drawe 2013; Lavery 2016), gender en feminisme (Murray 2019) en migrasiestudies (Fasselt 2019). In hulle studie oor die misdaadroman in postapartheid Suid-Afrika, kom Amid en De Kock (2014) tot die gevolgtrekking dat daar 'n derde ruimte vir interpretasie ontstaan wanneer die misdaadroman krities geëvalueer word vir meer as net vermaakwaarde. Amid en De Kock verwys na Deon Meyer se *13 Uur* (2008) en die wraakmotief wat met kompliserende ironie genuanseer word (2014:63).

Breytenbach (2010) gee 'n oorsig van die beginjare van die Afrikaanse misdaad- en speurverhaal en verwys na die jare vyftig en sestig waarin daar 'n toename in spanningslektuur ontstaan het. Volgens Breytenbach het 'n "armoede aan Afrikaanse speurverhale" eers met die koms van Deon Meyer in die jare negentig aan die lig gekom. Breytenbach (2012) voel dat die vyftiger- en sestigerjare 'n soektog was om lesers na Afrikaanse publikasies te lok. "In 'n stadium moes Afrikaanse uitgewers 'n skrywer 'invoer' [...] vandag voer Afrikaans eerder skryfwerk uit". Breytenbach verwys na die werk van Deon Meyer as 'n "belangrike uitvoerproduk" en noem Meyer 'n skrywer wat "met eietaal-skrywers in [ander] tale kan meeding" (2012).


© University of Pretoria

Met verwysing na Meyer se *Infanta* (2004) vra Wessels (2007:117) of dit moontlik is dat Suid-Afrika as 'n land uitgebeeld word wat die stryd teen misdaad verloor het en 'n regstelsel wat die landsburgers gefaal het en sê hy is van mening dat *Infanta* getrou is aan die konvensies van die hardgebakte speurroman "om 'n akkurate, eerlike, realistiese beeld weer te gee van die milieu van die verhaal: Suid-Afrika met al sy sosiale kompleksiteit en probleme en die individue wat dit bewoon". Wessels verklaar dat Meyer se roman "'n objektiewe beskrywing van die samelewing voorhou en terselfdertyd 'n oordeel fel waarby die lesers ook betrek word" (2007:117).

In 'n artikel waarin Joan Hambidge Kerneels Breytenbach se *Piekniek by Hangklip* ontleed, maak sy melding van die feit dat Breytenbach die konvensies van die speurroman oorskry deur weg te beweeg van 'n fisiek teenwoordige speurder en eerder die leser self inspan as speurder: "[...] Breytenbach's *Piekniek by Hangklip* subverts the tradition of the detective novel since E.A. Poe's *The Purloined Letter*" (Hambidge 2012:1).

In haar analise van Deon Meyer se *13 Uur* is Van der Waal (2017:63) van mening dat daar deur die komplekse struktuur van meer as een verhaallyn en verwante en ingewerkte temas indringende vrae aan die leser gestel word: "[D]ie roman lewer kommentaar op die ekonomiese logika van die stad (Kaapstad) wat onder die invloed van globalisering bepaalde vorme aanneem". Van der Waal verwys na die stad as "fasiliteerder" van 'n verskeidenheid bestaanvorme van byvoorbeeld ongelykheid wat as tema gekenmerk word (2017:63).

Head (2013) ondersoek 'tyd' as narratologiese konsep in *13 Uur* deur Deon Meyer. Hy verwys byvoorbeeld na die kanonskoot wat elke dag om twaalfuur afgevuur word en inspekteur Bennie Griesel laat skrik, maar ook herinner aan tyd. Na aanleiding van hierdie voorbeeld noem Head (2013:67) dat verskillende ruimtes in Meyer se verhaal deur middel van 'n enkele gebeurtenis (die kanonskoot) saamgetrek word en dat die leser deur middel van die karakter deur hierdie ruimtes beweeg. Head meen dat spanning by die leser geskep word deur die skielike ontnugtering (weens die kanonskoot), juis omdat die leser weet dat daar tyd verloop maar dat die tyd ook besig is om uit te loop (2013:67).


© University of Pretoria

Van Heerden is, soos Wessels (2007), van mening dat Meyer se romans aan die "kriterium vir die hardgebakte speurverhaal voldoen" (2018:178) en gebruik maak van Pronzini en Adrian se spesifieke kriteria vir die hardgebakte speurroman wat ruimte as "'n akkurate, eerlike en realistiese lokaliteit beskryf" (Van Heerden 2018:178). Nie net verwys Van Heerden na die belangrikheid van ruimtelike beskrywing in die speurverhaal nie, maar ook na die "insig wat hierdie ruimte tot die leser bring" met betrekking tot karakters, die plot en onderliggende temas (2018:179). Van Heerden haal die resensent Geoffrey Davis aan wat Meyer se romans se boeiendheid toeskryf aan sy karakters se geloofwaardigheid, die herkenbaarheid van eg Suid-Afrikaanse ruimtes (byvoorbeeld Kaapstad), en die veelvlakkigheid van die verhaalstruktuur (plot). Davis verwys verder na die sosiopolitieke temas in Meyer se werk as "the legacy of a past rooted in apartheid while remaining committed to a non-racial future" (in Van Heerden 2018:59).

In 'n onlangse artikel ondersoek Van Heerden (2023) die spanningslyn in Deon Meyer se spanningsverhaal *Prooi* (2018), Chris Karsten se *Die versoeking van Thomas Maas* (2020) en Rudie van Rensburg se *Hartedief* (2021). Van Heerden fokus grotendeels op verhaalelemente soos plot, karakterisering en vertelling in die totstandkoming van spanning en kom tot die gevolgtrekking dat daar "ongetwyfeld ruimte is vir verder ondersoek ten opsigte van [...] taal en konvensies soos die werklikheid[effek] of verisimilitude" (Van Heerden 2023:344), hoewel hy nie eksplisiet na die moontlikheid verwys om ruimte as narratologiese element te ondersoek nie.

### 2.4.3 Ruimte in internasionale speurromans

Cawelti (1976) is van mening dat die visie van die stad as ruimte in hardgebakte speurromans 'n omgekeerde ("reversed") visie is teenoor die klassieke speurverhale van die goue era. "Instead of the new Arabian nights, we find empty modernity, corruption, and death" (Cawelti 1976:141). Hierdie omgekeerde of onderstebo wêreld waarna Cawelti verwys, word deur Hilfer (1990) verder ondersoek wanneer hy noem dat: "In these crime novels, the everyday world of normal perceptions loses its taken-for-granted secure status" en dat die misdaadroman 'n fenomenologies omgekeerde, onderstebo wêreld voorhou" (Hilfer 1990:34).


© University of Pretoria

Neil van Heerden (2018:120) verwys na elemente wat gepas is vir “die milieu van ’n tipiese hardgebakte speurverhaal” en ag die hardgebakte speurder as “’n boorling van die stad”. Van Heerden verwys na stedelike ruimtes soos New York en Los Angeles wat ’n atmosfeer skep gekenmerk aan “voortdurende beweging, verandering en wanorde” (2018:120). Jameson (2022) bestudeer die werk van Raymond Chandler, en meer spesifiek sy gebruik van ruimte. Jameson (2022:3) beskryf Chandler as “a painter of American Life” wanneer hy verwys na die gefragmenteerde beelde van plek en ruimte wat Chandler skets van die alledaagse lewe in Amerika. Jameson is verder van mening dat die gebruik van ’n stad soos Los Angeles in Chandler se werk ’n soort mikrokosmos van die VSA in geheel verteenwoordig (2022:10).

### 2.4.4 Ruimte in Suid-Afrikaanse misdaadfiksie

Wat stedelike ruimtes betref, verwys Claudia Drawe (Drawe 2013:195) na Kaapstad as “a divided city”  in Meyer se werk, en beklemtoon sy dat die stad op ongewone wyses funksioneer deurdat die stad se inwoners maniere vind om die digotomieë en verdeeldheid te navigeer. “Meyer [...] [uses] the portrayal of Cape Town to comment on complex issues in the ’new’ South Africa, such as multiculturalism, xenophobia, interracial relationships as well as corruption and self-enrichment”. Daarteenoor bevraagteken Roos (2011) die gebruik van “die bosveld saam met die natuurbewaringskwessies” in een van Deon Meyer se vroeër werke naamlik *Onsigbaar* (2006) en wonder sy of hierdie ruimte nie net as “rekwisiete vir ’n spanningsvolle storie” dien nie (Roos 2011:5). Naidu (2013:63) is egter van mening dat Meyer juis suksesvol in sy poging is en sê met verwysing na *Onsigbaar*: “What is really of interest here is Meyer’s attempt to synthezise ecocritisism with the conventions of the [crime fiction] genre”. In hul bespreking van misdaadfiksie in Suid-Afrika ná apartheid verwys Amid en De Kock (2014:57) na een van die min swart skrywers wat sy hand aan speurfiksie gewaag het. Diale Thlolwe se *Ancient rites* (2008) en *Counting the coffins* (2010) speel albei op die platteland af, waar tradisionele waardes en geloofsisteem teen die moderniteit van die stadslewe te staan kom.


© University of Pretoria

### 2.4.5 Die plaas in Afrikaanse speurromans

Die atmosfeer wat gepaardgaan met 'n afgeleë Karoodorp as agtergrond vir 'n speurverhaal is niks nuuts nie, soos John Miles se *Voetstoots* (2009) en Michiel Heyns se *Lost Ground* (2011) kan getuig. Dit is dan ook juis binne hierdie milieu met Griekwastad as sentrale punt waar Brynard *Plaasmoord* sentreer (Roos 2012:178).

Naidu (2016) ondersoek die wyses waarop Karin Brynard in *Plaasmoord* die plaas as ruimte inspan. In *Plaasmoord* kritiseer en idealiseer Brynard terselfdertyd die plaaslewe. Naidu verwys na "die donker kant van die plaas" wanneer sy uitbrei oor die elemente van die pastorale kenmerke van die plaas wat behoue bly, maar wat gepaard gaan met "unflinching accounts of historical and current injustices, and of intimate, personal crimes" (Naidu 2016:13). Sy verwys ook na Van Wyk-Smith wat na die plaas as 'n paradoks verwys: "If the farm was often fetishized in South African white writing [...] it is now more commonly demonized. No longer a focus for a rural epistemology of passionate intensity, a timeless space of regeneration and harmony, it is now a war zone, a limbo of menace and insecurity" (Van Wyk-Smith in Naidu 2016:13). Ook volgens Van der Merwe (2001:184) was die plaas nog altyd die oorsaak van sy eie ondergang. "[...] it is now discovered to harbour in its very being the demise of its (white) owner [...] and is now both a trap and a prison" en "Implanting a fatal attraction and inspiring a murderous intention in those outside it, the farm is also a prison to those behind its arc lights and alarm systems, its electric and blade-wire fences".

Die plaas soos deur Van Wyk-Smith beskryf, het in die konteks van plaasmoorde in postapartheid Suid-Afrika onheilspellende betekenis aangeneem. Naidu meen dat die plaas as ruimte in misdaadfiksie histories dubbelsinnig van aard is en dat die verhouding tussen die misdade uit die verlede en in die hede betekenisvol en deurslaggewend tot die narratief is (2016:14). Van-Wyk-Smith (in Naidu 2016:19) verwys na die "epitoom van vryheid" wat nie meer bestaan nie. Naidu argumenteer die kwessies in die "farm crime novel" is "on one level, socio-historical, that the crimes perpetrated are the result of relationships to the land, land claims and land re-distribution [...]". Naidu verwys verder na die "komplekse en veranderende verhouding tussen plaaseienaar en plaasarbeider en dat hierdie verhouding bydra tot hierdie 'hooftema' rondom die plaas in misdaadfiksie (Naidu 2016:9).


© University of Pretoria

Naidu beskryf die plaasruimte in *Plaasmoord* in sy geheel as "multidimensioneel en besonder verwikkeld". Sy verduidelik dit verder deur na hierdie milieu te verwys as "'n identiteitsmerker vir meer as een bevolkingsgroep". Daar moet in berekening geneem word dat alhoewel daar aan die een kant nie "weggeskram" word van die vyandige en morbiede dimensie wat met die plaasruimte geassosieer word nie, daar ook in teenstelling na "transformerende praktyke met betrekking tot die Suid-Afrikaanse plaasmilieu [gekyk word]". Hierdie hernude diskoers vul terme soos "grondbesit" en "plaas" met nuwe betekenis en sluit aan by die identiteitsmerker waarna Naidu verwys (Naidu 2013:15).

Human en Otto (2019:130) verwys na die plaasruimte in *Plaasmoord* wat "nooit die indruk [skep van vrywaring] [...] van die probleme wat op samelewingsvlak kommer wek nie […] In dié verband is die naam van die plaas – Huilwater – reeds 'n eerste belangrike aanduiding". Hulle redeneer egter dat die plaasmilieu in *Plaasmoord* veel meer is as 'n "doodse, bloederige en treurige ruimte". Hulle verwys na die tradisionele plaasroman waar die plaas as 'n "feodale ruimte" beskryf word, "hiërargies gestruktureer[d] rondom [...] sosiale en ekonomiese taksonomieë. Die skrywers noem voorts dat "die saak van grondeienaarskap hierby betrek word en wat 'n kwessie is waarvan Brynard nie wegskram nie" (Human en Otto 2019:1) en verwys na Brynard se inspan van 'n "realistiese en tasbare atmosfeer" om 'n ander perspektief vir die redes waarom plaasmoorde plaasvind, onder die leser se aandag te bring (Human en Otto 2019:124).

Naidu voer aan dat die plaas in die genre van misdaadfiksie 'n nuwe simboliek aanneem, wat die vereistes van 'n post-oorgang gemeenskap meebring. "The symbol of the farm thus functions in a complex way to evoke the past, to reveal the present in all its horror, and to imagine a future of justice and empathy" (Naidu 2016:12).

## 2.5 Samevatting


© University of Pretoria

Die teoretiese raamwerk van die studie fokus op die rol van ruimte as ’n narratologiese element. Andre P. Brink se definisie van ruimte as konkrete en abstrakte dimensie word ingespan, terwyl die studie ook Ryan (2014) se benadering van ruimte as “real-world space” inkorporeer.

Ek het die terminologie wat verband hou met misdaadfiksie uiteengesit. Die geskiedenis van die genre is geskets vanaf die 1800’s tot by die modernisering van die genre in die hardgebakte era met skrywers soos Raymond Chandler en Dashiell Hammett.

Daar is spesifiek aandag geskenk aan die interaksie tussen ruimte, karakterisering, spanning en plot binne die konteks van misdaadfiksie. Heise (2005) en Jameson (2022) se perspektiewe op hierdie interaksie tussen ruimte en karakterisering is bespreek, asook Rimmon-Kenan (1983) se idee van vertraging as middel om spanning te skep. Binne die literatuuroorsig is sewe onderafdelings geïdentifiseer. Dit sluit ’n oorsig in van internasionale studies oor speurverhale, Suid-Afrikaanse misdaad- en speurverhale in Engels, sowel as ’n bondige fokus bestaande studies oor Suid-Afrikaanse misdaadromans.


© University of Pretoria

# Hoofstuk 3: Ruimte in *Plaasmoord*

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk ontleed ek hoe ruimte in Karin Brynard se *Plaasmoord* gestalte kry en hoe dit bydra tot karakterisering, spanning en die ontvouing van die plot. Eerstens analiseer ek die verskil tussen konkrete en abstrakte ruimtes aan die hand van Brink (1987) se beskrywing van die twee tipes ruimtes. In die afdeling wat handel oor ruimte en karakterisering ontleed ek die teks deur na drie van die karakters in *Plaasmoord* te verwys, beginnende met die twee hoofkarakters, inspekteur Albertus Beeslaar (wat die ondersoek na Freddie Swarts se moord lei) en Saar Swarts (suster van die vermoorde Freddie), wat as fokaliseerders dien. Ek analiseer ook ’n derde karakter, naamlik die plaasopsigter en verdagte, Adam (Dam) de Kok. In die hoofstuk oor ruimte en spanning lei ek my analise in deur weer na Brink se beskrywing van ruimte in die konteks van die opbou van spanning te verwys. Hierna volg ’n hoofstuk oor ruimte en plot wat deur beide konkrete en abstrakte ruimtes beïnvloed word. Ek verwys ook deurentyd na die plot van *Plaasmoord* wat skakel met die sentrale konkrete ruimte van die plaas Huilwater, waar die moorde gepleeg is. In die laaste hoofstuk analiseer ek ruimte en temas in *Plaasmoord*, wat my verwysing na temas soos plaasmoorde, grondeise, rassisme, verregse politiek en die geskiedenis van die Griekwas insluit. Ten slotte bied ek die abstrakte ruimtes teenoor konkrete ruimtes in *Plaasmoord* op visuele wyse aan.

## 3.2 Konkrete en abstrakte ruimtes in *Plaasmoord*

As ons aanvaar dat daar ’n soort “glydende skaal” bestaan waarna Brink (1987:119) verwys wat verskillende ruimtes betref, kan ons aan die een kant die konkrete ruimte of plek voorstel waar karakters fisiek rondbeweeg en woon. Soos Brink noem, verwys ruimte egter na “meer as net die konkrete of bewoonbare spasie of lokaliteit binne die roman [en] bestaan [daar] ten tweede ook die meer abstrakte ruimtes”, wat Brink met “’n groot verskeidenheid van vorme, kringe of dimensies” vergelyk (1987:119). As deel van die analise van ruimte in *Plaasmoord* sal ek voortaan soos Brink dikwels die term “kringe” gebruik wanneer ek oor abstrakte ruimtes skryf.


© University of Pretoria

In *Plaasmoord* is daar menige voorbeeld van konkrete ruimtes. Die speurroman begin in Beeslaar se kantoor wanneer hy die oproep ontvang van Boet Pretorius, wat sopas op die lyke van Freddie Swarts en haar aangenome dogtertjie afgekom het (7-8). Hierna volg tannie Yvonne Lamprecht se huis, "nommer drie Driedoringstraat" (15) op Griekwastad, waar Saar, Freddie se suster uit Kaapstad, vir die verloop van die verhaal tuisgaan. In hoofstuk vyf maak lesers die eerste keer kennis met oom Koeks se Rooi Duin-kroeg (35-40), waar inspekteur Beeslaar af en toe sy dors gaan les en die leser, deur sy fokalisering as een van twee hoofkarakters, voorstel aan van die ander karakters op die dorp, soos Polla Pieterse en Buks Hanekom. Die Rooi Duin is ook die konkrete ruimte waar Beeslaar vir Nelmari Viljoen, die ryk eiendomsontwikkelaar en hegte vriendin van Freddie, die eerste keer ontmoet. Ander konkrete ruimtes waarmee die leser kennis maak, is onder meer die plaashuis op Huilwater waar die wrede moorde gepleeg is en wat sentraal staan tot die speurverhaal, die spogplaas van Boet Pretorius, Freddie se buurman, in hoofstuk tien (59-66) en Nelmari Viljoen se imposante kantoor op die dorp wat die eerste keer in hoofstuk twaalf deur Saar besoek word (71-81).

Ander konkrete ruimtes sluit in Beeslaar se huis, wat die eerste keer voorkom in hoofstuk agtien (119-123), die beskeie huisie van Adam (Dam) Kok, Huilwater se voorman en aanvanklike hoofverdagte in die moorde, en oom Sak (134-139), die skuur waar die verregse boere kerk hou en vergader (154-158), Outanna Beesvel wat jare op Huilwater gewerk het, se huis in die bruin gebied Chicken Vale wat in hoofstuk nege-en-twintig die eerste keer figureer (172-178), so ook die landboukoöperasie se vergadersaaltjie waar Beeslaar die woedende boere die eerste keer in hoofstuk dertig toespreek (179-186). Verder is daar ook die landskap en omgewing van Griekwastad wat byvoorbeeld beskryf word deur Beeslaar in hoofstuk twee-en-dertig: "Die blinkblaar Boesmangras, tussendeur die kriskras van donkergroen doringbosse, kolle rooi sand wat hier en daar deurslaan, 'n eensame kameeldoringboom of twee" (193). Daar is ook superintendent Mogale, of "die Moegel" soos Beeslaar na hom in die geheim verwys, se kantoor op Upington (249-250), Koos se dam waar Saar en haar joernalisvriend afkoel (279-282) en later vir die eerste keer intiem verkeer (426-431), die dorpsmuseum waar Saar en Harri navorsing doen oor die Griekwas se grondeis (313-320), die aanhoudingselle waar Thabang Motlogeloa, die leier van 'n veediefstalsindikaat, tydens ondervraging aangehou word (341-344), en die


© University of Pretoria

ooggetuie, Mma Mokoena, se smokkie (380) in Winnie Mandelastraat. Later besoek Beeslaar Buks Hanekom se ouers op hulle plaas (389-393) en kort hierna Buks se kantoor met al sy verregse memorabilia (396). Polla Pieterse se plaashek (397-401) dien as vertrekpunt vir die konflik wat eskaleer tussen die verregse boere en Beeslaar wanneer Polla se seun, Boela, Beeslaar toegang tot die plaas verbied en in hegtenis geneem word. Daar is ook kort tonele in die hospitaal op Upington (408-409), waar Dam ná ’n aanval opgeneem word.

Aan die ander kant is daar dan die meer abstrakte ruimtes wat nie noodwendig deur stene en sement verteenwoordig word nie. Die foonoproep in hoofstuk een aktiveer ’n abstrakte ruimte wat ’n atmosfeer van skok, angs en onsekerheid meebring wanneer Beeslaar oor die wrede moorde ingelig word. Hierdie abstrakte ruimtes waarna Brink verwys, kry vorm deur die gebruik van sekere “begrippe, simbole en tekens” (Brink 1987:119). Net soos ’n karakter “lewe gee” aan ’n plek deur daarin te leef en voort te leef, bring ’n karakter of groepe karakters ook ’n minder konkrete ruimte na vore. Nie net dien tannie Yvonne Lamprecht se huis op Griekwastad as fisieke blyplek vir Saar nie, maar is daar talle ervarings deur Saar en skakels met atmosfeer wat binne hierdie konkrete ruimte ’n abstrakte ruimte laat voortspruit: “Tannie Yvonne vou Saar woordeloos in haar arms toe. Sy’s nog in haar slaapklere, ruik na poeier en slaap. Saar staar met droë oë oor haar skouers na die vaag-bekende gang en voorkamer” (16). Met Saar se eerste weersiens van haar ma se jarelange vriendin ná soveel jare, is die ruimte een van verwelkoming en vertroosting vanuit ’n plek (tannie Yvonne se huis) wat Saar net vaagweg kan onthou. Die ruimte is ook een van teenkanting, een waarteen Saar vasskop wanneer sy “teensinnig” (16) om haar rondkyk en deur die huis na die koel sementstoep stap met sy sink-oordakkie en die “potplante wat die ruimte verswelg” (16). Die Rooi Duin as abstrakte ruimte word deur Beeslaar se fokalisering aan die leser beskryf op p. 35: “Hy (Beeslaar) neem sy eerste sluk en sak gemaklik in sy hoek in”. Dis duidelik uit hierdie beskrywing dat Beeslaar gemaklik is met hierdie ruimte en ’n gereelde besoeker is. In teenstelling met sy gemak is daar ook die ongemak wat hy ervaar as nuwe speurder op die dorp, wanneer hy verwys na die “donkerte van die hoek” wat hom van die res van die besoekers aan die kroeg wegsteek: “[hy] sukkel nog met die vreemde blootgesteldheid van die lewe in ’n klein gemeenskappie [...] [d]ie aanhoudende gegroetery” (35). Ander abstrakte ruimtes wat binne konkrete ruimtes geaktiveer word, sluit in die absurde atmosfeer wat skakel met


© University of Pretoria

die hede-kring van Nelmari Viljoen se luukse kantore, wanneer Saar haar besoek in hoofstuk twaalf en na die reuse-plakkaat kyk met die woorde: *"Besit jou eie stukkie Kalahari op Red Sands: Sonskyn 365 dae van die jaar. Asemrowende sonsondergange. Die skaars woestynleeu ..."* (71). Saar vind dit vreemd dat iemand in hierdie ongenaakbare, harde wêreld geld sou wou belê: "Sand en stof en klip" wat Nelmari as die paradys aan mense verkoop (71). 'n Soortgelyke abstrakte atmosfeer wat skakel met temas van luuksheid en welvaart kom voor in die toneel waar Beeslaar vir Boet Pretorius die eerste keer ondervra (59-66). Beeslaar beskryf Boet se plaas as "die mooiste plaashuis wat hy nog ooit gesien het" (59) en noem dat selfs die bloekombome se bas lyk of dit "artistiek" afpeul (59).

Die konkrete ruimte wat sentraal tot *Plaasmoord* staan, is die plaas Huilwater waar die moorde gepleeg is. Saar besoek die plaashuis die eerste keer ná haar suster se moord in hoofstuk dertien (89-93). Die abstrakte ruimte wat op die plaas geaktiveer word, wissel gedurig binne twee "kringe" naamlik die hede- en verlede-kring "Die werf lê grafstil. Daar's niks wat roer nie [en] dit voel of hier jare al nie mense bly nie, so diep en breed le die stilte" (89). Deur die verloop van hierdie toneel is daar 'n konstante wisselwerking tussen herinneringe wat Saar uit die verlede oproep: "Die sifdeur maak steeds dieselfde kraakgeluid – die veer kort olie" (89) en haar met kort tussenposes die valse gerustheid laat ervaar dat alles nog is soos sy onthou, maar aan die teenkant die oomblikke van ontnugtering wat die realiteit van haar suster en die kind se moorde oproep en haar laat besef dat niks meer dieselfde is nie, dat die plaas anders is – soos wanneer sy onthou dat die honde ook doodgemaak is (89) of wanneer die mop en skoonmaakgoed haar laat wonder of Outanna dalk kom skoonmaak het nadat die polisie op die toneel was (90).

Talle van hierdie abstrakte ruimtes word geaktiveer deur wat byvoorbeeld in die oomblik oftewel die hede gebeur, of wat in die verlede gebeur het en herinneringe by die karakter aktiveer. Daar kan dus geredeneer word dat 'n konkrete ruimte byvoorbeeld gekenmerk word deur 'n hede-kring wat bestaan uit temas en atmosfeer wat in die oomblik van toepassing is, opgeroep word en geaktiveer word, of 'n breedvoerige geskiedkundige ruimte wat gekoppel is aan 'n verlede-kring. In hoofstuk twee-en-sestig, byvoorbeeld, ontmoet Saar en Harri, haar joernalisvriend uit die Kaap, vir Wieks Voges, die kurator van die dorpsmuseum: "Die dorp se inligtingsentrum is


© University of Pretoria

toe eintlik ’n dorpsmuseum [...]. Baie oud, kan hulle sien, dalk nog uit die pioniersdae. Dik, stewige mure van growwe klip en sement, grasdak en ’n swaar houtdeur” (313). Wanneer Wieks hulle meedeel dat die “gebruiklike ronde bronsplaat” gesteel is “soos alles, [o]ns doopvont, die Nagmaalbekers en die ou Hollandse Bybel” (313), word hierdie konkrete ruimte geskakel met die hede-kring en misdaad as tema wat daarvan deel uitmaak.

Ek sal voortaan as deel van my analise van *Plaasmoord* na twee abstrakte ruimtes of kringe verwys, naamlik ’n hede-kring en verlede-kring. Binne hierdie twee abstrakte ruimtes of kringe is daar temas wat in hulle geheel bydrae tot die bestaan van byvoorbeeld ’n hoof of oorheersende atmosfeer. Die agtergrond van die Griekwas is byvoorbeeld ’n integrale deel van *Plaasmoord* en een van die temas wat na vore tree. Die geskiedenis van die Griekwamense dra nie net by tot die agtergrond van die narratief nie, maar ook tot die plot, spanning en karakterontwikkeling. Ander temas sluit byvoorbeeld misdaad in waarmee Suid-Afrikaners in die postapartheidsera saamleef en daagliks gekonfronteer word. Binne hierdie tema is daar weer ander temas wat tot die hede-kring of die verlede-kring bydra – en in sommige gevalle tot beide hierdie abstrakte ruimtes of kringe.

Die abstrakte ruimtes wat die verlede-kring uitmaak, sweef soos “die spoke van die verlede” oor plase en grense, beweeg deur mure en word deur die hoofkarakters se fokalisering sowel as die derdepersoonvertelling aan die leser bekend gemaak wanneer karakters se ervaring van ’n sekere konkrete ruimte weergegee word. Beskrywings van konkrete ruimtes waar abstrakte ruimtes ook ter sprake is, kom voor in voorbeelde wat in 3.6 genoem word.

In die res van hierdie hoofstuk verwys ek gereeld na konkrete en abstrakte ruimtes wanneer ek die rol van ruimte by karakterisering, die opbou van spanning en ontvouing van die plot ondersoek.


© University of Pretoria

### 3.3 Ruimte en karakterisering in *Plaasmoord*

Ek sal in hierdie afdeling die twee hoofkarakters en een bykarakter in *Plaasmoord* ontleed ten opsigte van ruimte se bydrae tot hulle karakterisering.

#### 3.3.1 Inspekteur Albertus Beeslaar

Soos reeds genoem, is daar twee hoofkarakters in *Plaasmoord* wat as fokaliseerders optree. Die eerste is Beeslaar, wat onlangs uit Johannesburg na Griekwastad getrek het. Reeds in die eerste hoofstuk maak die leser kennis met Beeslaar wanneer hy ’n oproep ontvang van die buurman, Boet Pretorius, om hom in te lig oor die moord op Freddie Swart en haar aangenome dogtertjie Klara op die plaas Huilwater, soos in afdeling 3.2 uiteengesit.

Dit raak reeds vroeg in *Plaasmoord* duidelik dat Beeslaar, soos gebruiklik is by die uitbeelding van die hardgebakte speurder, met sy eie demone en innerlike konflik worstel. Deur die gebruik van interne fokalisering dink Beeslaar na oor die belofte wat ’n lewe op die platteland aan hom sou bied, terwyl daar terselfdertyd geïnsinueer word hy het ’n verlede (in Johannesburg) agterlaat wat hy wil vergeet. “Dit was drie ure gelede. Drie ure waarin Beeslaar finaal teruggeruk is uit die belofte van ’n nuwe, rustige, plattelandse pos” (8). Hier verwys Beeslaar na die drie ure wat hyop die moordtoneel op Huilwater deurgebring het. Die wreedheid waarmee Freddie en die kind vermoor is, veroorsaak dat sy siening van die “rustige plattelandse lewe” (8) aan skerwe spat. Soos gebruiklik in die speurroman rus die onus op die speurder om geregtigheid te laat geskied en daarom doen Beeslaar alles in sy vermoë om die moordenaar(s) te laat boet.

In die loop van sy ondersoek word Beeslaar gekonfronteer deur situasies wat skakel met sy eie verlede-kring en manifesteer in die vorm van byvoorbeeld ’n nagmerrie oor die vermoorde Klara in hoofstuk drie-en-sewentig. “‘Oom Grootpoot, jy’s al weer te laat’ fluister sy vir hom” (368). Nie net kla Beeslaar se gewete hom aan oor die vermoorde kind en steeds onopgeloste moordsaak nie, maar blyk dit later in die roman dat Beeslaar reeds voorheen te doen gehad het met ’n sterwende kind (Grovetjie) uit


© University of Pretoria

sy verlede. Hierdie innerlike wroeging en selfverwyt laat hom in homself as speurder twyfel. “En hy wat Albertus Markus Beeslaar is, sit soos ’n uil op ’n kluit. En almal kyk na hom, die nuwe man met die jare se ondervinding. Uit die grootstad Johannesburg” (9). Beeslaar se fokalisering verklap ’n speurkarakter wat onseker is van homself en sy eie vermoëns as oplosser van die raaisel onderskat: “[...] hy loop hier rond soos ’n verdwaalde drol. Weet nie waar om te vat of te los nie” (9). Daar is voorbeelde van konkrete ruimtes wat in *Plaasmoord* ingespan word om die leser bedag te maak op Beeslaar se gedurige innerlike reis na aanvaarding van homself en om teen die einde van die roman vrede te maak met sy verlede.

Een van die konkrete ruimtes in *Plaasmoord* wat skakel met die abstrakte ruimte van Beeslaar se binnewêreld of “kopruimte” is die grondpaaie wat hy gereeld vanaf die dorp na plekke soos Huilwater neem: “Hy mis rakelings ’n gat in die pad. Kophou, maan hy homself, hou op tob en fokus liewer op die pad, die slaggate is so groot soos kakhuise” (9). In hierdie toneel kan die slaggate as twee ruimtes beskou word. Ten eerste, as konkrete ruimte is die slaggate fisieke struikelblokke waarvoor hy moet versigtig wees en wat hom dwing om op die pad te konsentreer. As abstrakte ruimte skakel die slaggate met die metaforiese veronderstelling dat hierdie slaggate dien as ’n soort struikelblok wat opduik uit sy verlede en in homself, dinge wat hom verhinder om as speurder sy werk tot die beste van sy vermoë te kan uitvoer. Hy herinner homself om op die saak te fokus en nie toe te laat dat iets sy aandag aftrek nie.

Beeslaar se paniekaanvalle deur die verloop van die roman kan ook as abstrakte ruimte gesien word: “Hy het haar [Saar] haastig gegroet en so te sê teruggevlug na sy kantoor. Hy moes asem kry, sy kop bymekaar hou. Hy het sedert Johannesburg geen paniekaanvalle gekry nie. Soos ’n poephol gedink dis verby. En nou hierdie moordsaak” (28). In Beeslaar se geval is daar gewoonlik iets in die hede wat iets uit sy verlede ontsluit en dan as ’n paniekaanval manifesteer. ’n Voorbeeld hiervan is die moordtoneel op Huilwater wat hom laat terugdink aan die dood van Grovetjie, iemand uit sy verlede wie se identiteit eers aan die einde van *Plaasmoord* aan die leser bekend gemaak word. Beeslaar word deur die ruimtes in sy kop met sy eie verlede gekonfronteer.


© University of Pretoria

Alhoewel Beeslaar se huis nooit in veel detail beskryf word nie, kom sy kantoor telkemale na vore as ruimte wanneer hy ’n angsaanval beleef (28-29) en vanwaar hy aan die moordsaak werk (51-55). Die kantoor dien in hierdie gevalle as dubbelsinnige ruimte, waar Beeslaar ongemak of angstigheid ervaar sowel as fokus wanneer hy aan die moordsaak werk: ”Hy staan op. Hy moet uit hierdie warm kantoor uit. Hy soek koelte, ’n plek met lugreëling” (28). Die benoudheid en ongemak in Beeslaar word beklemtoon net voor sy eerste paniekaanval. In hoofstuk nege-en-vyftig, wanneer Beeslaar terugkeer ná sy tydelike skorsing, vind hy inspekteur Lobatse agter sy lessenaar: “Inspekteur Malerapugu Lobatse sit agter Beeslaar se lessenaar as hy sy kantoor binnekom, besig om op te ruim. [...] ‘Hier was nie ander plek nie. Toe ’t ek maar hier kom sit’ [verduidelik Lobatse]. ‘Se moer’, dink Beeslaar” (296).

’n Konkrete ruimte wat sterk met Beeslaar se groei as karakter verbind kan word en heelwat later in *Plaasmoord* verskyn, is die groentetuin waaraan hy begin werk nadat hy in hoofstuk vier-en-veertig deur superintendent Mogale (Die Moegel) van die saak verwyder word as inspekteur: “Ek is bevrees daar’s niks verspot [aan] [’n formele klag van rassisme] nie. Dit het direkte betrekking op jou bevoegdheid om ’n moordsaak te lei” (245). Beeslaar se eerste reaksie is om vir sersant Pyl, wat hy sterk vermoed het die klag teen hom ingedien, fisiek te lyf te gaan: ”Moenie vir my se ek moet fokken bedaar nie, man! Ek sal (Pyl) dood donner” (246). Beeslaar besef gou dat hy sal moet “terugbaklei” (263) en dinge anders sal moet benader as hy weer op die moordsaak wil werk: ”En as baklei nie die ding doen nie, sal hy kruip. Kom wat wil. Want hierdie is sy laaste kans. Die laaste trein na Toekomsfontein” (263). Toekomsfontein, as fiktiewe plek, kan ook dan in hierdie konteks as ruimte gesien word waarna Beeslaar mik, ’n bestemming waarna hy sal moet streef om sy doel te bereik en die moordsaak op te los. Daar bestaan ook die moontlikheid dat hy sy werk sal kwyt wees as hy nie daarin slaag om die moorde op te los nie.

Telkens wanneer Beeslaar ongemak of ’n krisis in ’n konkrete ruimte ervaar, skakel hierdie ongemak met ’n innerlike wroeging of konflik wat hy deur fokalisering verwoord. Hierdie innerlike wroeging skakel weer met gebeure uit sy verlede en dus met die verlede-kring as abstrakte ruimte. Wanneer Polla Pieterse se sterwende seun, Kleinboel Pieterse, in hoofstuk nege-en-negentig in Beeslaar se arms lê, neem dit Beeslaar terug na ’n soortgelyke gebeurtenis uit sy verlede.


© University of Pretoria

"Maar eintlik weet hy. Hy weet. Hy was al vantevore hier ... so met 'n kinderlyf [Grovetjie] slap in sy arms, biddend vir 'n pols, vergeefs ... God met die ysterore" (481).

### 3.3.2 Saar Swarts

Die tweede hoofkarakter wat ook fokaliseerder is, is Saar Swarts, die vermoorde Freddie Swarts se suster uit Kaapstad. Saam met haar joernalisvriend Harri van Zyl poog sy ook om die raaisel rondom haar suster en Klara se dood te ontrafel. Wanneer die leser Saar in hoofstuk twee die eerste keer ontmoet, het sy pas by tannie Yvonne Lamprecht se huis in "Driedoringstraat nommer drie"(15) aangekom en soek sy 'n "koelteboom" (15).

Daar kan gesê word dat Saar as karakter konstant deur twee abstrakte ruimtes beweeg. Die eerste is die hede-kring wat in haar geval die wrede realiteit van wat met Freddie en Klara gebeur het, insluit; die tweede is die verlede-kring, wat sy betree wanneer sy terugdink aan die tyd voor die moorde. Saar laat die leser toe om 'n konkrete ruimte, soos die plaashuis, te ervaar as 'n abstrakte ruimte wat deur haar handelinge, emosies en herinneringe uit die verlede geaktiveer word. Met Saar se eerste besoek aan die plaashuis (89) word daar geïmpliseer dat sy gereed is om van haar verlede, waarin die plaas as ruimte sentraal staan, te vlug: "Saar laat die motorenjin luier – gereed om skielik weer voet in die hoek te sit. Dan skakel sy af, klim uit" (89). Saar is wel 'n karakter wat die daad by die woord voeg en resolusie nastreef deur na die motief vir haar suster se moord te soek en as tweede speurkarakter op te tree. In Saar se beskrywing van die plaaswerf kom die hede en verlede as ruimtes ter sprake, dit wil sê die plaas voor Freddie en Klara se moorde en die goeie dae wat Saar kan onthou, teenoor die stilte wat nou ná die wrede moorde op die plaaswerf heers. Hierdie abstrakte ruimte skakel met Naidu (2016) se beeld van die dubbelsinnige betekenis van die plaas as idilliese ruimte, maar terselfdertyd ook 'n ruimte wat skakel met temas soos onderdrukking op grond van ras, wit eienaarskap en die realiteit van plaasmoorde.


© University of Pretoria

Tydens Saar se eerste besoek aan die plaashuis kry sy dit nie reg om in die gang af te loop nie: "dit loop deur die sitkamer voordeur toe, met twee deure wat regs uitgaan na die slaapkamers – haar en Freddie se slaapkamers van vroeër. En die kamers waar … Sy ril" (91). Die gang lei na die ondenkbare, na die plek waar haar suster en haar aangenome dogter wreed vermoor is. Wanneer sy dan in hoofstuk twintig besluit om die gang binne te tree, neem sy die eerste stap om haar verlede te konfronteer. "Terwyl sy wag, stap sy deur na die gangportaal. Die stoel waarmee sy die gangdeur die vorige dag toegewig het, staan nog net so. Vir lank staan sy na die stoel en kyk. Dan dwing sy haarself om die deur oop te maak en die gangligte aan te skakel" (128). Sy doen dit egter nie voordat sy eers vars lug in die huis inlaat nie. Hier is dit moontlik dat die vars lug met die skoonmaakproses skakel, 'n reiniging wat moet plaasvind voordat sy die wrede realiteit kan trotseer.

Interessant genoeg sukkel sy om die voordeur van "binne" oop te maak, en sal sy moet omloop en van buite af probeer (128). Hier mag die ruimte dalk simbolies skakel met Saar se innerlike, dat sy aanvanklik sukkel om vanuit haarself (van binne) die situasie te probeer "oopsluit" en die motief vir haar suster se moorde deur 'n ander roete of "van buite" moet probeer ontrafel.

Wanneer Saar in hoofstuk drie-en-twintig na die plaashuis gaan om skoon te maak, staar sy na haar pa se klerekas. "Saar maak versigtig die kasdeure oop. Asof Pa se klere nog daar sal wees" (141). Sy sien dan Freddie se skilderye wat intussen in die kas gestoor word. "Hoe verskriklik weg is Pa nie, besef sy. Verby, saam met die intieme tekens van sy geslote binnewêreld" (141).

### 3.3.3 Nelmari Viljoen

Die konkrete ruimte wat die antagonis Nelmari Viljoen definieer, is "[d]ie groot ontvangslokaal van die [eiendoms]agentskap" waar sy werk. Dit "was vroeër die voorste paar vertrekke van 'n ou woonhuis, die binnemuur nou uitgeslaan, die vloere met 'n blonde houtlaminering bedek, versteekte beligting wat die plek soos die voorportaal van 'n luukse filmteater laat voel. Hier's groot geld uitgegee, besluit Saar" (72). Hierdie ooglopende luuksheid en imposantheid van Nelmari se huis op die dorp


© University of Pretoria

sowel as van haar kantore skep die gevoel van iets wat voorgegee word, van ’n soort opgemaakte wêreld. Die bisarre gevoel wanneer Saar by Nelmari se kantore aankom, sluit hierby aan en speel simbolies in op Nelmari, wat haar ware motiewe en identiteit as antagonis agter glans en rykdom versteek.

### 3.3.4 Adam (Dam) de Kok

’n Karakter se persoonlike uiterlike ruimte kan baie oor ’n karakter verklap. Huilwater se voorman, Adam (Dam) De Kok, wat deur Beeslaar en meeste van die karakters in die roman as “vreemd” beskryf word, is geen uitsondering nie. *Plaasmoord* gebruik byvoorbeeld beskrywings van Dam se woning deur die oë van ander karakters wat die huisie betree. Dit is opvallend dat wanneer Saar vir Dam die eerste keer in hoofstuk vyftien (100-105) ontmoet, sy opgeval word deur sy fisieke voorkoms en die lammetjie wat hy so sorgvuldig versorg. Alhoewel Dam haar in sy huis innooi vir tee, kry die leser nog nie werklik ’n gevoel van hoe Dam se huis lyk nie; die leser is dus nog onseker van Dam se woning as konkrete ruimte. Later, in hoofstuk twee-en-twintig (134-139), wanneer Beeslaar sy huisie besoek nadat Pyl deur een van Dam se roofvoëls aangeval is, kry die leser ’n meer gedetailleerde beskrywing van hierdie konkrete ruimte deur Beeslaar se perspektief: “Op sy pad uit stap hy deur die sitkamer en kombuis. Dit tref hom […] hoe eenvoudig die huis ingerig is" (134). De Kok se ruimte is bevolk met “’n middelslag skildery van ’n roofvoël” en foto’s van voëls. Daar is ’n foto van De Kok as valkenier en een van ’n ander valkenier op ’n perd wat moontlik ’n Arabier is (134). Sy boekrakke is vol boeke oor voëls, maar Beeslaar herken ook “twee boeke van Krog en Breytenbach” (134) wat wys, “Die man lees gedigte!”. Die “houtstaander met sjefmesse” en “die gereedskap waarmee hy rieme vir die voëls sny, hul kopskerms mee maak” (135) suggereer subtiel dat De Kok die moorde sou kon gepleeg het.

## 3.4 Ruimte en spanning in *Plaasmoord*

*Plaasmoord* is ’n lywige speurroman en beslaan vyfhonderd en tien bladsye en ’n honderd en vyf hoofstukke. Dit is opmerklik dat daar so te sê met elke vier tot vyf hoofstukke ’n wending in die speurroman voorkom. *Plaasmoord* se spanning begin vroeg in die verhaal, wanneer die leser reeds in die eerste hoofstuk (7-14) deur


© University of Pretoria

Beeslaar uitvind van die wrede moorde op Freddie en Klara. In hoofstuk drie (28-29) kry Beeslaar sy eerste paniekaanval en teen hoofstuk elf (67-70), nadat al die hoofkarakters aan die leser bekend gestel is, vestig *Plaasmoord* ’n volhoubare spanningslyn wat die leser enduit boei, tot en met die onvoorspelbare klimaks en daaropvolgende ontknopping.

Om hierdie spanningslyn suksesvol te behou en die leser te noop om aan te hou lees, is die fisieke ruimte van *Plaasmoord* as teks kardinaal. Elke hoofstuk wat ’n wending in die verhaal oplewer, is aansienlik korter as die hoofstukke waarin daar byvoorbeeld agtergrond oor die geskiedenis van die Griekwas aan die leser oorgedra word. Beginnende by hoofstuk een (7-15), met die oproep dat daar ’n plaasaanval op Huilwater is, word die spanningslyn noukeurig deurgetrek deur kort hoofstukke. Hoofstuk drie (28-29), waarin Beeslaar sy eerste paniekaanval oorkom, beslaan skaars twee volle bladsye. Hierna volg hoofstuk elf waarin sersant Ghaap vir Beeslaar inlig dat daar ’n verdagte vragmotor naby Huilwater gewaar is (67) en waarin die eerste “red herring” aan die leser bekend word – en wat Beeslaar se ondersoek na die veediewe in die area uitbrei. Nog ’n sogenaamde “red herring” kom voor in hoofstuk twintig, wat net drie bladsye beslaan en waarin Saar die toorgoed aan die plaashuis se agterdeur ontdek (127-130). Ander kort hoofstukke wat die spanningslyn gelaai hou, is hoofstuk ses-en-twintig (154-158) wanneer Beeslaar die skuur ontdek waar die verregse boere vergader, hoofstuk drie-en-dertig wanneer Saar hoor dat Outanna se huis op Chicken Vale aan die brand gesteek is (198-201), hoofstuk vier-en-dertig wanneer Beeslaar sy tweede paniekaanval het en ook net een bladsy beslaan (202-203), en hoofstuk sewe-en-dertig (215-216) waar Saar in Dam se onskuld begin twyfel wanneer sy hom sien plaas toe draf en nadink daaroor of hy wel in die tydgleuf tussen sy besoek aan die bank op die dorp en die moorde betyds ’n alibi kon skep. Teen hoofstuk vier-en-sewentig (371) begin die spanning aansienlik verhoog met die hoofstukke wat korter is en vinniger beweeg onderweg na die klimaks tussen hoofstuk agt-en-negentig (477-480) en hoofstuk honderd-en-twee (490-491). Dié klimaks speel hom in twee ruimtes af, naamlik die polisiestasie op Griekwastad waar die boere in opstand kom en Boela Pieterse se vrylating eis, en Huilwater, waar Saar deur Thabang aangeval word en sy besef dat Nelmari die baasbrein agter die moorde is.


© University of Pretoria

In hoofstuk ses-en-twintig (154-158), wat net vier bladsye beslaan, kom Beeslaar af op een van die verregse boere se kerkdienste, wat in ’n ou skuur aan die gang is. Beeslaar sien een van die karakters, Polla Pieterse, wat sy volgelinge opsweep en beskryf ook die heersende atmosfeer wat hy ervaar en aanskou. “Vir ’n oomblik hang daar ’n gehipnotiseerde stilte. En sien Beeslaar die koedoehoring beweeg. Dis Polla Pieterse wat uit sy verrukking loskom en met begeesterde oorgawe die horing laat balk” (158). Nie net help die teks se ruimte wat kort en vlugtig in kort hoofstukke aan die leser oorgedra word om die nodige spanning te skep nie, maar ook hier in hoofstuk ses-en-twintig betree die speurkarakter ’n nuwe ruimte in die vorm van die byeenkoms van verregse boere wat Beeslaar deur sy vertelling as fokalisator aan die leser oordra.

In hoofstuk sewe-en-dertig word die spanningslyn gevoed deur twyfel en agterdog; in dié hoofstuk, wat net twee bladsye beslaan (215-216), sien Saar hoe vinnig Dam na Huilwater terugdraf: “Saar gaap hom agterna. Nog voor sy terugklim in die kar, raak hy kring (Dam) ’n klein stippeltjie in die lang, vaal lint van die grondpad” (216). Na aanleiding van die vraag waar Dam hom die dag van die moorde bevind het en of hy kring genoeg tyd sou hê om in die bestek van een uur van die dorp af op die plaas terug te wees om die moorde te pleeg en dan weer later deur ooggetuies op die dorp gesien kon word, bring Saar se waarneming van sy vlugvoetigheid en spoed ’n moontlikheid dat hy wel die moorde binne daardie tydsbestek kon pleeg. In hoofstuk veertig (226-227) word twyfel en agterdog wat by die leser gesaai word, weer ingespan wanneer Saar op Huilwater bewus raak van ’n geskree. ”Dit lyk of hy van Dam se huis af weghardloop. Hy val en kom weer regop [en skarrel so vinnig as wat sy ou bene hom kan dra. Dis hy wat so skree ...” (227). Die “hy” waarna daar in hierdie hoofstuk verwys word, is oom Sak wat saam met Dam bly en op Huilwater werk. Die rede waarom hy gil en in Saar se rigting hardloop, is omdat hy die grusame ontdekking maak van ’n bobbejaanwyfie wat deur Buks Hanekom en sy verregse volgelinge aan Dam se heining opgehang is om as waarskuwing vir Dam te dien.

So is daar talle kort hoofstukke wat in *Plaasmoord* ingespan word wanneer ’n belangrike wending in die roman plaasvind, en soos in die voorbeelde in hierdie afdeling gesien kan word, eindig hierdie hoofstukke telkens met uitstel of vertraging. Onbeantwoorde vrae skep antisipasie by die leser en ’n begeerte om uit te vind wat die antwoorde kan wees.


© University of Pretoria

Antwoorde op vrae soos: “Waarom gil oom Sak so histeries wanneer hy na Saar aangehardloop kom?” Of: “As Dam so vinnig tussen die dorp en die plaas kan beweeg kon hy dan sekerlik die moorde in ’n uur gepleeg het?”, of die vraag oor die verregse boere op die dorp en Beeslaar se ontdekking van hulle samekoms. Ook hier stel die roman vrae, soos of hierdie groep mense iets met Freddie en Klara se moord te make gehad het, maar ook tot watter mate hulle verregse propaganda en rassespanning Beeslaar se werk gaan bemoeilik en die ondersoek gaan belemmer. *Plaasmoord* skep nie net spanning deur die teks self as ruimte in die vorm van kort, bondige hoofstukke in te span nie, maar ook deur ruimtes binne die teks te gebruik. ’n Voorbeeld van so ’n abstrakte ruimte kom voor in die vorm van die dubbelsinnige of paradoksale plaasruimte wat sentraal tot die narratief staan.

Hierdie dubbelsinnige beeld manifesteer in beide die verlede-kring én die hede-kring deur die skakeling met byvoorbeeld Saar se fokalisering. Aan die een kant is daar die verlede-kring in die vorm van haar herinneringe wat met die plaashuis koppel. Saar kyk na die ou koolstoof wat nog op dieselfde plek in die kombuis staan en sien dat die hele vertrek nog net so lyk soos sy dit onthou, ook die horlosie wat “stomonnosel” aanhou tik (90). Hier aktiveer die fisieke ruimte wat onveranderd voor Saar staan, die abstrakte ruimte in die vorm van die verlede-kring. Hierdie toneel in hoofstuk dertien staan in skrille kontras met die volgende toneel waar Saar ’n bekende konkrete ruimte binnestap, naamlik haar ouers se slaapkamer, en sy Freddie se vreemde skilderye ontdek. “Saar tree versigtig na binne. Twee groot esels met skilderye doem in die skemerdonker voor haar op. Sy loop dieper in en skuif die swaar gordyne voor die grootste venster weg” (91). “Here dit kan nie wees nie. Dis bloed (op die skildery) wat uit ’n lang sny aan Freddie se borskas [loop] haar eie hart wat sy uithou na [...] ’n Hottentotsgot, die magiese figuur van die San” (92). Alhoewel Saar ’n bekende konkrete ruimte betree, kan daar gesien word hoe ’n ander abstrakte ruimte in hierdie tweede toneel geaktiveer word in die vorm van ’n hede-kring, met die skilderye van Freddie wat Saar nog nooit gesien het nie en sy met ’n skok besef dat dit wat Freddie geskilder het, soortgelyk is aan hoe sy op die moordtoneel gevind is.


© University of Pretoria

### 3.5 Ruimte en plot in *Plaasmoord*

*Plaasmoord* se plot word deur konkrete ruimtes sowel as abstrakte ruimtes beïnvloed. In die eerste instansie is ’n konkrete ruimte ter sprake in die vorm van fisieke grondgebied. Sentraal tot die plot en ontknoping van die verhaal is die kwessie van die grondeis waarmee Freddie vir Dam en die Griekwa mense wou help. In hoofstuk agt-en-vyftig vertel Dam vir Saar en Harri dat Freddie “geboei was deur die grondkwessie” (289). Harri en Saar raak mettertyd geïnteresseerd in Dam, die Griekwas en die geskiedenis van die area en begin self ondersoek instel na die waarheid wanneer Saar op ’n testament afkom waarin Freddie die plaas aan Dam en sy mense bemaak: “Dis ’n testament, sien Saar, en begin dit met groeiende ontsteltenis lees” (258).

Die Griekwas se geskiedenis word deel van die narratief van *Plaasmoord* en beslaan ’n abstrakte ruimte wat die sleutel tot die ontrafeling van die moordraaisel inhou. Dit is ’n verlede-kring in die vorm van die Griekwas se geskiedenis en hulle grondeis wat later sou volg: “Die Britte het met die anneksasie net honderd ses-en-vyftig plase aan die Griekwas toegeken. En dit, kan jy maar sê, was die begin van die einde vir die Griekwas” (331). Wanneer Harri en Saar by Wieks Voges, die museum kurator, gaan aanklop vir hulp word hulle baie dinge rakende die Griekwas se verlede wys, en begin begryp waarom Freddie in die eerste plek die plaas aan Dam en die Griekwas wou bemaak: “Maar nou, so paar weke gelede, toe raak Freddie van voor af opgewonde. Daar is glo nuwe bewyse ontdek vir ’n grondeis of iets” (291).

As fisieke of konkrete ruimte is grond die sleutel tot die motief vir Freddie en Klara se moorde. Beeslaar raak deur die loop van sy ondersoek byvoorbeeld bewus van die werklike waarde van Huilwater wanneer hy besef dat dit die enigste plaas in die omgewing is met ’n oorvloed water in die vorm van drie natuurlike fonteine (272). In ’n droë, dorre landskap soos die Noord-Kaap is water skaars: “Snaaks dink [Beeslaar], hoeveel plekname daar in hierdie dorre wêreld is met water as tema” (193). Dus speel die plaas Huilwater as konkrete ruimte ’n kardinale rol in *Plaasmoord* se plot. Die grond vorm natuurlik ook deel van ’n abstrakte ruimte in die vorm van die verlede-kring met die Griekwas se grondeis as tema.


© University of Pretoria

Grond maak deel uit van die plot in die vorm van die motief agter die moorde en kom aan die lig wanneer die gierige Nelmari Viljoen aan die einde van *Plaasmoord* as moordenaar ontmasker word (483).

**3.6 Ruimte wat skakel met temas in *Plaasmoord***

Volgens Human en Otto (2019:130) wend Brynard haar tot ’n “nastrewingstrategie” met *Plaasmoord.* Hulle is van mening dat hierdie soort strategie die leser anders na die ruimte of milieu van die plaas laat kyk. “Die verwysing na aangehaalde dokumente soos argiefstukke en die testament, verleen ’n egtheid aan [’n] positiewe uitkyk op die [veranderende] plaasmilieu as ’n ruimte wat ’n identiteit aan meer as net een rassegroep verskaf.” Die skrywers (Human en Otto 2019:133) vermoed dat die leser van *Plaasmoord* aangemoedig word om meer betrokke te raak by relevante vraagstukke. Brynard por volgens hulle die leser dus aan tot ’n soort verkenning van sy/haar eie vooroordele en reaksies teenoor kwessies soos “plaasmoorde, grondonteiening, en -besetting”. Human en Otto sluit hulle artikel af deur te verklaar: “[Op] hierdie wyse word die leser [van *Plaasmoord*] se betrokkenheid ’n manier om te herbesin oor die belang wat elke [...] burger se ingesteldheid ten opsigte van [...] veranderende en verwarrende omstandighede het”. Die klem val op die waarde van ’n proaktiewe, kritiese ingesteldheid jeens sosio-politieke uitdagings, wat doelbewus nié verval in ongenuanseerde binariteite nie. Voorbeelde van hierdie binariteite waarvan Human en Otto praat, kan in stellings soos “ons versus julle” of die sogenaamde slagoffermentaliteit saamgevat word (Human en Otto 2019:133).

Human en Otto (2019:130) redeneer dat wanneer die moorde op Freddie en haar aangenome dogter, Klara, gepleeg word, “[...] daar uiteenlopende betekenismoontlikhede van die naam [Huilwater] geaktiveer [word]“. Naidu (2016) voer aan dat die bloed van die slagoffers wat vloei, op ’n konkrete bewys van misdaad dui in die vorm van massamoorde en slawerny wat in die land se verlede gepleeg is, en dat Freddie se suster Saar die naam van die plaas met gevoelens van verlatenheid, leegheid en koudheid koppel (Naidu 2016:14).


© University of Pretoria

Naidu (2016:10) sluit by Human en Otto aan wanneer sy haar mening uitspreek dat die plaas veral in die konteks van ’n postapartheid Suid-Afrika ’n al hoe meer dubbelsinnige simboliek aangeneem het. ’n Voorbeeld hiervan word in hoofstuk ses-en-sewentig aangetref (385-388). Saar besoek Boet Pretorius se plaas en let op dat die plaashek meer soos ’n “tronkhek” (385) lyk as die hek van ’n luukse “game lodge”.

Soos reeds in ’n vorige afdeling genoem is, verwys die titel van Brynard se speurroman na ’n bepaalde ruimte, naamlik die plaas. Na aanleiding van hierdie afdeling, wat fokus op die temas in *Plaasmoord* en hoe ruimte met hierdie verskillende temas skakel, verwys die titel van die roman, “Plaasmoord”, na een van vele temas wat in die speurroman aangeraak word. *Plaasmoord* bevat temas wat plaasmoorde, grondeise, rassisme, klassisme en magsvergryp insluit.

Die grootste rede vir die gemoedere wat hoog loop tussen swart en wit boer, is die kwessie van plaasmoorde. Wanneer Beeslaar die boere moet toespreek tydens ’n “blitsvergadering” (179), verwys Beeslaar as fokaliseerder na die “gelaaide atmosfeer” (180) in die “stampvol saaltjie” (181). “Hy het sy huiswerk deeglik gedoen (180) om hom voor te berei vir ’n jop in ’n landelike omgewing.” Die “man van die landbou-unie” (179), Jan Steenkamp, stel dit duidelik aan die boere dat “hierdie nie ’n politieke vergadering is nie [...] maar ’n inligtingsessie” (181). Du Pisanie uit Pretoria se openingstoespraak gee egter die toon aan, wat ’n belangrike bydrae lewer tot die abstrakte ruimte wat die leser deur Beeslaar as fokaliseerder ervaar. Du Pisanie se toespraak is gelaai met emosie wanneer hy verwys na “Suid-Afrika se boere wat die gevaarlikste beroep ter wêreld beoefen” (181). “Die gehoor reageer entoesiasties - [u]itroepe oor volksmoord, die doodstraf, gewapende verset” (181). Dit is duidelik dat die “moerige manne” (179) se reaksie op Du Pisanie se toespraak die atmosfeer in hierdie toneel oorheers. Daar heers ’n gevoel van die twee kringe, naamlik die hede-kring en verlede-kring, wat in hierdie toneel bymekaarkom. Aan die een kant is daar die smagting na die terugkeer van byvoorbeeld ’n kommandostelsel, wat in die verlede die boeregemeenskap se veiligheid verseker het. Jan Steenkamp lig vir Beeslaar in dat “daar baie politieke sentiment rondom die kommandostelsel [is]” (180).


© University of Pretoria

Beeslaar weet deur sy navorsing en ondervinding dat een van die groot redes waarom plaasmoorde op die platteland voorkom, die gebrek aan ’n doeltreffende “plaaswagstelsel” (179) is, en dat “ ’n professionele beveiligingsstelsel of ’n reserviste-eenheid [wat] 24/7 patrolleer [...] werk” (180).

Aan die ander kant is Beeslaar ook bewus van die gebreke van so ’n kommandostelsel wanneer hy nadink dat “[die stelsel] afhanklik van vrywilligers, onderhewig aan politiek en persoonlikheidsverskille [is]” en daarom “te wisselvallig [is]” (180). Dit is Beeslaar se taak om gemoedere te laat bedaar en “hoogstens om die gelaaide atmosfeer tot sy voordeel te gebruik, om mense aan te wakker, op te vuur om saam te werk” (180) maar “dreigemente en ’n gekla oor die vrot polisie, die vrot regering” (181) maak sy taak allermins maklik. Beeslaar se versoek aan die boere om “nugterheid in hierdie krisis” (181) beklemtoon nie net Beeslaar se rol as bemiddelaar in die krisis nie, maar verwys ook na die twee abstrakte ruimtes in die vorm van die verlede-kring en hede-kring wat saamkom rondom die tema van plaasmoorde.

Die hede-kring kom sterk in fokus in die vorm van die wrede en brutale aanvalle wat in die media verskyn en deur Beeslaar opgeroep word op p .180: “Die vrou is vasgebind, moes toekyk hoe haar man met ’n graaf doodgeslaan word”. Hier skakel die hede-kring met die werklikheid waarin die boere hulle bevind teenoor die oproep van byvoorbeeld die kommandostelsel uit die verlede-kring as oplossing vir die krisis.

Ook die boosdoener en Nelmari se handlanger uit Johannesburg, Mahlasela, se haat vir wit mense is duidelik wanneer hy tydens die klimaks in hoofstuk agt-en-negentig (477-480) vir Saar aanval en na haar as ’n “white cunt” en “white bitch” verwys. Die ironie van hierdie brandende haat wat Mahlesela klaarblyklik teenoor “wit mense” koester, het natuurlik te make met die feit dat hy aan die een hand ’n “white bitch” wil vermoor (Saar), maar terselfdertyd vir ’n “white bitch” in die vorm van Nelmari Viljoen werk (483).

Die plaasmilieu staan sentraal tot hierdie temas en kan in beide die verlede- en hede-kringe geposisioneer word. Wat plaasmoorde betref, skakel hierdie tema met die hede-kring in die vorm van die voorsorg wat boere tref om hierdie soort aanvalle te voorkom. In hoofstuk dertig (179-86) wanneer Beeslaar die boere toespreek.


© University of Pretoria

Die hede-kring behels ’n postkoloniale en postapartheid Suid-Afrika, waar plaasbewoners soos Freddie en Klara vermoor word en waar die motief die grondkwessie blyk te wees.

Hoofstuk ses-en-twintig is een van die min hoofstukke in die roman wat gebruik maak van hoofletters om sekere woorde aan die leser uit te lig en te beklemtoon. Dit is ook dieselfde hoofletter woorde wat deur “’n boerekryger van ouds” (157) aan sy gemeente geuiter word en wat skakel met die oorheersende atmosfeer. Woorde soos SMART, TRANE, BEROOF, verKRAG, DIERE, OFFERANDE, geKNAK en geBREEK (157) som die gemoed van die kerkdiens op en skakel met die hede-kring as abstrakte ruimte in die konkrete ruimte in die vorm van “die skuur” (156). Die prediker verwys na “die GROOTSTE KRISIS VAN DIE AFRIKANERDOM SE GESKIEDENIS” (157) wat hierdie abstrakte ruimte vergestalt.

In hoofstuk ses-en-sestig vertel Dam vir Saar en Harri van die Boesmans wat vandag net met “klein kolletjies Kalahari” (339) sit nadat wit mense hulle destyds uitgemoor en hulle grondgebied afgevat het. Dam verwys na ’n wit veldkornet “[wat] mans [Boesmans] doodgemaak en die vroue en kinders teruggebring [het] as slaafarbeid op plase […] Hy’t geglo hy beskerm net sy eie mense” (339-340). Hier skakel die temas van kolonialisme in die vorm van onderdrukking en slawerny met die verlede-kring.

Grondeise as tema skakel ook met die verlede-kring en bestaan in die hede-kring steeds as tema voort. In die verlede het die Boesmans (318), die Griekwas en die Britse sendelinge wat “skade aan die kontinent” aangerig het (317) gekom om na hulle eie belange om te sien. As die een groep in ’n ander se pad gestaan het, is hulle verdryf of uitgemoor (318). Wieks verwys onder andere na die “ontdekking van diamante” wat baie verskillende groepe sowel as die Britte na die konkrete ruimte gelok het (319) en hy som die politiek van die laat 1800’s as “ingewikkeld” (319) op.

Dit is veral deur Saar se interaksie met die voorman Adam (Dam) de Kok en deur haar betreding van sy verlede-kring, wat die geskiedenis van die Griekwamense as tema insluit, dat sy insae kry in wie en wat haar suster was. Met Saar en Dam se eerste ontmoeting is sy reeds bewus van iets binne hom: “Daar brand iets in sy oë, ’n emosie wat sy nie kan peil nie” (103).


© University of Pretoria

Met elke ontmoeting wat hierna plaasvind leer Saar meer oor haar suster deur Dam se vertellings en begin sy verstaan hoekom haar suster so passievol oor die Griekwas en die grondeiskwessie was.

Nes die ontdekking van diamante in die verlede-kring as motief gedien het vir die smag na grond, word daar aan die einde van *Plaasmoord* deur Beeslaar sowel as deur Saar en Harri ontdek dat die motief vir Freddie en Klara se moorde water is (272). Water het in die hede-kring die dryfkrag agter Nelmari Viljoen se gierigheid geword en sy sou enigiets doen om haar hande op Huilwater te kry. In die laaste hoofstuk verwys Beeslaar na die "klinkende metaal en die luidende simbaal" (506) wanneer hy oor geld en mag met Ghaap praat: "Maar die grootste hiervan is die begeerte. Die begeerte vir meer" (506). Die mens se begeerte na meer het deur die eeue niks verander nie en selfs binne verskillende abstrakte ruimtes bly hierdie menslike motief konstant. Al het Suid-Afrika verwissel van 'n abstrakte ruimte in die vorm van 'n verlede -kring met postapartheid as tema, bly hierdie tema van begeerte wat koppel met gierigheid, konstant ook van toepassing.

Ander temas wat as abstrakte ruimtes in *Plaasmoord* voorkom, is rassisme onder verskillende rasse- en kultuurgroepe, en klassisme. Daar is byvoorbeeld vele voorbeelde van die denkbeeldige kloof tussen ryk en arm, 'n soort ongelykheid-kring wat nie net die Noord-Kaap kenmerk waar *Plaasmoord* afspeel nie, maar ook die wyer Suid-Afrika, tot vandag toe in 'n hede-kring.

Klassisme as tema is duidelik te sien wanneer twee konkrete ruimtes naas mekaar gestel word, byvoorbeeld Nelmari Viljoen se weelderige kantore teenoor Outanna se beskeie huisie op Chicken Vale buite Griekwastad: Wanneer Saar die imposante kantoor binnestap en al die moderne en duursame meubels opmerk, (71) teenoor Beeslaar se besoek aan Outanna se drie-vertrek huisie, waarvan hy seker is die toilet is agter die huis (172).


© University of Pretoria

Ongelykheid wat gepaard gaan met rassisme tussen die verskillende rasse- en kultuurgroepe, is ook ’n tema wat deur *Plaasmoord* vervleg is. Beeslaar, wat sy opleiding as polisiebeampte en speurder in die ou Suid-Afrika ontvang het, vind dit telkens moeilik om oor die weg te kom met sy veel jonger kollegas, sersante Pyl en Ghaap. In hoofstuk ses wanneer Beeslaar sersant Pyl en Ghaap aan die leser bekendstel, is dit uit die staanspoor duidelik dat Beeslaar homself as hulle oppasser ag wanneer hy na homself verwys as “Nanny McPhee sonder die snor” (42) en klem lê op hulle gebrek aan ervaring in die polisie. “Hy (Pyl) is nog jonk, skaars 23” (41). Die moeilike werksverhouding tussen Beeslaar en Pyl bereik ’n klimaks wanneer superintendent Mogale hom inlig oor ’n klag van rassisme (245) en Beeslaar tydelik op verlof geplaas word. Beeslaar se aggressiewe reaksie teenoor Ghaap (245-246) oor Pyl se klagte toon duidelik die gelaaide en spanningsvolle verhouding wat tussen Beeslaar en sy sersante heers: “Jy het klaar ’n ernstige waarskuwing oor geweld en rassisme op jou rekord” (250), herinner Superintendent Mogale vir Beeslaar.

Daar is ook ander, minder voor die hand liggende temas wat skakel met die motief en dus met Nelmari in die vorm van ’n lesbiese liefdesverhouding wat sy en Freddie voor die moorde gehad het. In die klimaks toneel wanneer Nelmari haar pistool op Saar rig, bring Saar die legkaartstukke bymekaar: “Dis skielik alles duidelik. Die skildery. En Nelmari is ‘M’ [d]ie Bitter Moeder Owerste, ’n mal, obsessiewe vrou. Blind van jaloesie. Freddie wat haar hart vir iemand anders gee...”(484).

### 3.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk het ek begin deur na die verskil tussen ’n fisieke of konkrete ruimte teenoor ’n abstrakte ruimte te verwys aan die hand van Brink se omskrywing van die twee terme. Daarna het ek *Plaasmoord* geanaliseer op grond van die rol wat ruimte speel by karakterisering, die opbou van spanning, die plot en temas wat in die roman voorkom. In die verskillende afdelings het ek deurgaans aangetoon dat daar nie net konkrete ruimtes in die roman voorkom nie, maar ook ’n wye verskeidenheid abstrakte ruimtes. Ek het as deel van my analise die gebruik van hoofsaaklik twee tipes abstrakte ruimtes ingespan en het gebruik gemaak van Brink se term “kringe” wat ek verder verdeel het in twee kringe naamlik die hede-kring en die verlede kring.


© University of Pretoria

# Hoofstuk 4: Slot

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal ek my bevindinge rondom die gebruik van ruimte in *Plaasmoord* opsom met betrekking tot karakterisering, die skep van spanning, hoe ruimte die plot beïnvloed en hoe ruimte met die temas wat in die speurroman uitgelig word, saamhang. Verder identifiseer ek die beperkings van die studie en moontlikhede vir verdere ondersoek.

Met verwysing na Brink (1987) se beskrywing van konkrete en abstrakte ruimtes is dit duidelik dat *Plaasmoord* ’n speurroman is wat konkrete sowel as abstrakte ruimtes inspan op vele vlakke en as ’n multidimensionele ruimtelike ervaring beskryf kan word. In *Plaasmoord* word nie net ’n konkrete ruimte geskep waarbinne karakters soos Beeslaar, Saar Swarts, Dam de Kok en ander newekarakters leef en wandel nie, maar ook abstrakte ruimtes wat voorkom in die vorm van verskillende kringe, soos die verlede-kring en hede-kring wat temas soos die Griekwas se geskiedenis en verbintenis tot die grond insluit. Deur die fokalisering van Beeslaar en Saar betree die leser abstrakte ruimtes waarbinne konkrete ruimtes gesetel is, byvoorbeeld die plaasruimte wat as dubbelsinnig of paradoksaal gesien kan word en in Saar se geval haar verlede en die aanvanklike nagmerrie ná haar suster se moord as hede-kring as abstrakte ruimte wat vroeër in die speurroman figureer. In Beeslaar se geval is die belofte van ’n rustige plaaslewe, weg van Johannesburg wat skakel met die verlede-kring wat kring agterlaat, in skrille kontras met sy hede-kring wanneer kring besef dat die plaaslewe ’n donker kant het in die vorm van plaasmoorde, wat as een van vele temas in *Plaasmoord* voorkom.

## 4.2. Bevindinge rondom ruimte en karakterisering in *Plaasmoord*

Deur die twee hoofkarakters se beskrywing van konkrete ruimtes waardeur hulle beweeg en leef deur middel van fokalisering te ontleed, kan sekere afleidings gemaak word rakende hierdie karakters se sosiale en magsposisies. Dit is ook die geval met party van die bykaraktes.


© University of Pretoria

Deur karakters se emosies en beskrywing van plekke tree abstrakte ruimtes na vore. Ek het hoofsaaklik na drie karakters verwys in my analise wat skakel met die gebruik van ruimte en karakterisering. Hierdie karakters sluit in inspekteur Albertus Beeslaar, Saar Swarts en Adam (Dam) de Kok.

Beide Beeslaar en Saar se persepsies en oproep van hierdie abstrakte ruimtes sluit aan by die dubbelsinnige of paradoksale beeld van die plaasmilieu, wat tegelykertyd in twee abstrakte ruimtes gesetel is. Enersyds is daar naamlik die verlede-kring, wat skakel met die tragiese geskiedenis van die Griekwas en hulle mislukte grondeise, en andersyds die hede-kring van ’n postkoloniale en postapartheid Suid-Afrika, waarvan plaasmoorde en die brutaliteit waarmee slagoffers aangeval en vermoor word, deel uitmaak.

### 4.3 Bevindinge rondom ruimte en spanning

Ek het aangetoon dat daar elke vier tot vyf hoofstukke ’n belangrike wending in *Plaasmoord* voorkom. Om die spanningslyn in *Plaasmoord* suksesvol te behou en die leser te noop om aan te hou lees, is die fisieke ruimte van *Plaasmoord* as teks kardinaal. Elke hoofstuk wat ’n wending in die verhaal oplewer, is aansienlik korter as die hoofstukke waar daar byvoorbeeld agtergrond oor die geskiedenis van die Griekwas aangebied word.

### 4.4 Bevindinge rondom ruimte en plot

*Plaasmoord* se plot word deur konkrete sowel as abstrakte ruimtes beïnvloed. Die konkrete ruimtes behels fisieke grondgebied, terwyl die abstrakte ruimtes byvoorbeeld temas soos die geskiedenis van die Griekwamense en hulle grondeis insluit, wat skakel met die verlede-kring.

Die konkrete ruimtes in die roman slaan op (1) Fisieke grondgebied: Die kwessie van grondeise vorm ’n sentrale element in die speurroman se plot. Freddie het die plaas aan Dam en die Griekwas bemaak, en hierdie grondkwessie is die dryfveer vir die ontknoping van die gebeure in *Plaasmoord*.


© University of Pretoria

(2) Die plaas Huilwater: Die plaas is ’n konkrete ruimte wat ’n kardinale rol speel in die plot. Die waarde van die plaas, veral danksy die oorvloed water, raak al hoe duideliker namate Beeslaar se ondersoek vorder.

Die abstrakte ruimtes in die roman skakel met kringe. Die verlede-kring wat skakel met die tema van die Griekwas se geskiedenis vorm ’n abstrakte ruimte wat die sleutel tot die ontrafeling van die moordraaisel bevat. Die Britte se anneksasie van sestig plase van die Griekwas en die daaropvolgende gevolge vorm ’n belangrike aspek van die plot. Die fisieke grond, veral die plaas Huilwater, dien as motief vir die moorde. Die waarde van water in ’n dorre landskap soos dié van Griekwastad, en die begeerte daarna, vorm deel van die motief en die uiteindelike rede vir die moord op Freddie en haar aangenome kind. Die Griekwas se grondeis as tema skakel met die verlede-kring as abstrakte ruimte wat dien om die motief agter die moorde te belig. Aan die einde van *Plaasmoord* word die gierige Nelmari Viljoen ontmasker as die meesterbrein en moordenaar. Hierdie ontmaskering onthul die rol van grond as motief vir die misdade.

Hierdie verskeidenheid ruimtes in die vorm van konkrete sowel as abstrakte ruimtes dra by tot die rykheid van die verhaal en speel ’n belangrike rol om die ontvouing van die plot te bewerkstellig.

### 4.5 Bevindinge rondom ruimte en temas

Ek verwys in my analise van *Plaasmoord* na twee kringe, naamlik ’n hede-kring en ’n verlede-kring (afgelei van Brink se ‘kringe’) wat skakel met sekere temas. Soos ek in my analise uitwys, kan ’n tema soos die geskiedenis van die Griekwas skakel met die verlede-kring as abstrakte ruimte, teenoor plaasmoorde wat as tema weer met die hede-kring koppel om die abstrakte ruimte binne ’n konkrete ruimte in die vorm van die plaashuis op Huilwater te genereer.

Die titel “*Plaasmoord”* verwys reeds na ’n konkrete ruimte, naamlik die plaas, sowel as na een van die vele temas wat in die roman aangeraak word. *Plaasmoord* bevat temas wat plaasmoorde, grondeise, rassisme, klassisme en magsvergryp insluit.



© University of Pretoria

Baie van die temas hou verband met die oorkoepelende tema van grond: Grond wat in beide die verlede-kring sowel as die hede-kring onveranderd bly. Selfs deur die verskuiwing van een abstrakte ruimte in die vorm van die verlede na ’n ander hede-kring as abstrakte ruimte, bly die kwessie van grond onveranderd. Soos daar deur die analise van *Plaasmoord* gesien kan word, bly selfs die rede om hierdie rykdom in die vorm van grond te bekom, nes die konkrete ruimte van die grond self, ook onveranderd. Ondanks die feit dat die moorde weens persoonlike motiewe gepleeg word, onderlê die belangrikheid van grond in Suid-Afrika hierdie persoonlike motiewe, minstens ten dele.

## 4.6 Beperkings van die studie en ruimte vir verdere ondersoek

Ryan (2014) gebruik die term “real world spaces” wanneer sy verwys na die narratiewe wêreld as verhaalruimte wat in die verbeelding van die leser voltooi word. Hierdie voltooiing is gebaseer op die leser se kennis en begrip van kulturele ondervindings en regtewêreld-ondervindings. Ek het in hierdie studie die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse “real world spaces” in die roman *Plaasmoord* aangetoon.

Die beperkings van hierdie studie het behels dat ek slegs met “ruimte” as narratologiese element gewerk het om ’n enkele speurroman, naamlik *Plaasmoord*, te ontleed. Ek kan nie met sekerheid noem of ruimte dieselfde funksie in ander speurromans vervul as wat hier die geval is nie.

## 4.7 Samevatting

Dit is duidelik dat *Plaasmoord* (2009) ryk is aan konkrete én abstrakte ruimtes. Karin Brynard se speurroman span ruimte op veelvoudige vlakke in om karakterisering, spanning en die plot uit te lig en te bevorder.

In hierdie miniverhandeling het ek geargumenteer dat sowel konkrete as abstrakte ruimtes bydra tot karakterisering in die speurroman, dat dit die opbou van spanning verhoog en dat dit die plot beïnvloed.


© University of Pretoria

Bykomend het ek aangevoer dat temas soos plaasaanvalle, rassisme, grondeise en die geskiedenis van die Griekwas in die roman saamhang met konkrete en abstrakte ruimtes. Wat ruimte betref, is ek van mening dat *Plaasmoord* ’n multidimensionele ruimte in die vorm van twee kringe beslaan, naamlik ’n hede- en ’n verlede-kring wat deur wyse van Brink se definisie daarvan skakel met karakterisering, spanning, plot en om ’n verskeidenheid temas uit te lig en voor te hou.

In hoofstuk ses-en-sestig noem Dam aan Saar en Harri: “[Freddie] het die onmoontlike probeer. Hoe gee mens in elk geval waardigheid aan iemand terug? Grond alleen bring dit nie terug nie” (339) en “[want] ons het almal in hierdie land bloed aan ons hande” (340). Die kurator van die museum op Griekwastad, Wieks Voges se beskrywing van die area en sy geskiedenis kan gebruik word om die veelvlakkige ruimte in *Plaasmoord* op te som as “’n kompleksie niemandsland” (314-316). Die dubbelsinnige beeld van die plaas word verder gevoer wanneer Harri vir Dam vra of hy dan niks oor die onregte van die verlede voel nie. Dam antwoord Harri met: “Ja en nee” (339).

**Bronnelys**

Abbott, M. 2016. *Street was mine: White masculinity in hardboiled fiction and film noir*. New York: Palgrave Macmillan.

Allan, J., Gulddal, J., King, S., & Pepper, A. (eds). 2020 . *The Routledge Companion to Crime Fiction. Routledge*. Beskikbaar: https://doi.org/10.4324/9780429453342

Amid, J. & De Kock, L. 2014. The crime novel in post-apartheid South Africa:  A preliminary investigation. *Scrutiny 2* 19(1):52-68. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/18125441.2014.906232

Amid, J. 2014. ’n Moeilike geboorte en skielike grootword: Suid-Afrikaanse misdaadfiksie. *LitNet,* 1 Julie 2014. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/poolshoogte-n-moeilike-geboorte-en-skielike-grootword-suid-afrikaanse-misdaadfiksie/.



© University of Pretoria

Ashman, N. and Guldimann, C. 2023. 'Protecting the rhinos and our young democracy: nature and the state in post-apartheid South African crime fiction', in *The Routledge Handbook of Crime Fiction and Ecology*. New York: Routledge. 124–136.

Bieger, L. & Maruo-Schröder, N. 2016. "Space, place, and narrative": A short introduction. *Zeitschrift für Anglistik und Amerikanistik* 64(1): 3-9. Beskikbaar: https://doi.org/10.1515/zaa-2016-0002.

Breytenbach, K. 2010. Die nuutheid van Karin Brynard se speurverhaal *Plaasmoord. Litnet.* 10 Februarie 2010. Beskikbaar: https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=81865.

Breytenbach, K. 2012. Karin Brynard: 'n Nuwe aangesig vir betrokke literatuur. *Litnet.* 21 November 2012. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/onse-vaders/

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Brittingham, M.H. 2019. Studies in Popular Culture. *Studies in Popular Culture* 42(1):128-131. Beskikbaar: https:/www.jstor.org/stable/26926337.

Brynard, K. 2009. *Plaasmoord*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Buchholz, S. & Manfred, J. 2005. Space. In: Herman, D. et al. (reds.). *Routledge Encyclopedia of Narrative Theory*. Londen: Routledge. 551-54.

Burger, B. 2018. Dark ecology and the representation of canids in Deon Meyer's *Fever*. *Tydskrif vir Letterkunde* 55(3):121-133 Beskikbaar: https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.55i3.5501.

Burger, W. 2018. *Die wêreld van die storie*. Pretoria: Van Schaik.

Cawelti, J.G. 1976. *Adventure, mystery, and romance: Formula stories as art and popular culture*. Chicago: University of Chicago Press.


© University of Pretoria

Drawe, C. 2013. Cape Town, city of crime in South African fiction. *Current Writing: Text and Reception in Southern Africa* 25(2):186-195. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/1013929X.2013.833422.

Edwards, M. 2022. *The life of crime: Detecting the history of mysteries and their creators*. Dublin: Harper Collins.

Erdmann, E. 2009. *Nationality international: Detective fiction in the late twentieth century*. Leiden: Brill.

Fasselt, R. 2019. Crossing genre boundaries: H.J. Golakai's Afropolitan chick-lit mysteries*. Feminist Theory* 20(2):185-200.

Gulddal, J., King, S. & Rolls, A. 2019. *Criminal moves: modes of mobility in crime fiction*. Liverpool: Liverpool University Press.

Hambidge, J. 2012. "'n Literêr-teoretiese speurtog : 'n analise van Kerneels Breytenbach se Piekniek by Hangklip (2011)," *Stilet : Tydskrif van die Afrikaanse Letterkundevereniging*, 24(2):1–15. Beskikbaar: https://hdl.handle.net/10520/EJC138245.

Head, P. 2013. *Tyd as struktuurelemente in speur- en misdaadfiksie met spesifieke verwysing na drie tekste deur Deon Meyer*. MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad. Beskikbaar: http://hdl.handle.net/11427/11157.

Heise, T. 2005. "Going blood-simple like the natives": Contagious urban spaces and modern power in Dashiell Hammett's *Red Harvest*. *MFS Modern Fiction Studies* 51(3):485-512. Beskikbaar: https://doi.org/ 10.1353/mfs.2005.0061.

Hilfer, A.C. 1990. *The crime novel: A deviant genre*. Austin: University of Texas Press.

Human, T. & Otto, J. 2019. Sensasie of sosiale betrokkenheid? Die aanwending van retoriese strategieë in Karin Brynard se *Plaasmoord*. *Stilet* 31(1):118-136. Beskikbaar: https://hdl.handle.net/10520/ejc-stilet-v31-n1-a21.


© University of Pretoria

Jameson, F. 2017. *Raymond Chandler: The detections of totality*. Londen: Verso.

James, P.D. 2009. *Talking about detective fiction*. Londen: Faber & Faber.

Kannemeyer, J.C. 1968. *Prosakuns*. Kaapstad: Nasou.

Knight, S. 1980*. Form and Ideology in Crime Fiction*. Londen: Macmillan.

Lavery, C. 2016. 'The Darker Side of Durban': South African Crime Fiction and Indian Ocean Underworlds. *Journal of Southern African Studies*, 42(3):539–550. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/03057070.2016.1177981.

Merivale, P.1998. *Detecting texts: the metaphysical detective story from Poe to postmodernism*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press. Beskikbaar: http://dx.doi.org/10.1017/S0021875803437043.

Mikkonen, K. 2007. The 'Narrative Is Travel' Metaphor: Between Spatial Sequence and Open Consequence. *Narrative*, 15(3):286–305. Beskikbaar: https://www.jstor.org/stable/30219259.

Mukherji, S. 2011. (ed.). *Thinking on Thresholds: The Poetics of Transitive Spaces*. Londen: Anthem.

Murray, A. E. 2019. Words on White Feminism Disguised as a Backless Dress. *Prairie Schooner*, 93(4): 24–25. Beskikbaar: http://www.jstor.org/stable/45237044

Naidu, S. 2013. Crime fiction, South Africa: a critical introduction. *Current Writing*, 25(3):980-991. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/1013929X.2013.833416.

Naidu, S. & Le Roux, E. 2014. South African crime fiction: Sleuthing the state post-1994. *African Identities* 12(3&4):283-294. Beskikbaar: http://dx.doi.org/10.1080/14725843.2015.1009621.



© University of Pretoria

Naidu, S. 2016. The Emergence of the South African Farm Crime Novel: Socio-Historical Crimes, Personal Crimes, and the Figure of the Dog. *English in Africa* 43(2): 9-38. Beskikbaar: http://www.jstor.org/stable/26359434.

Phillips, B., 2017. Crime Fiction and the City: The Rise of a Global Urban Genre. *IAFOR: Journal of Cultural Studies*, *2*(2), 95-105. Beskikbaar: https://iafor.org/archives/journals/iafor-journal-of-cultural-studies/10.22492.ijcs.2.2.07.pdf

Rimmon-Kenan, S. 1983. *Narrative Fiction. Contemporary Poetics*. Londen & New York: Routledge.

Roos, H.M. 2011. The war of the worlds: Relocating the boundaries between the human and the non-human. *Journal of Literary Studies* 27(4):50-70. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/02564718.2011.629445.

Roos, H.M. 2012. *Plaasmoord* deur Karin Brynard. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1):178-180. Beskikbaar: https://doi.org/10.4314/tvl.v49i1.18.

Ryan, M.. 2014. Space. In: Hühn, P. et al. (reds). *The Living Handbook of Narratology*. Hamburg: Universiteit van Hamburg. Beskikbaar: https://www-archiv.fdm.uni-hamburg.de/lhn/index.html.

Rzepka, C.J. 2005. *Detective fiction*. Cambridge: Polity.

Rzepka, C.J. & Horsley, L. (reds). 2010. *A companion to crime fiction*. Chichester: Wiley-Blackwell.

Schmid, D. 2012. From the locked room to the globe: Space in crime fiction. In: Miller, V. & Oakley, H. (reds). *Cross-Cultural Connections in Crime Fictions*. Londen: Palgrave Macmillan. Beskikbaar: https://doi.org/10.1057/9781137016768_2.

Symons, J. 1972. *Bloody Murder: From the Detective Story to the Crime Novel: A History*. Londen: Faber & Faber.



© University of Pretoria

Ujang, N. & Zakariya, K. 2015. The notion of place, place meaning and identity in urban regeneration. *Procedia – Social and Behavioral Sciences* 170:709-717. Beskikbaar: https://doi.org/10.1016/j.sbspro.2015.01.073

Van Coller, H.P. 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele Suid-Afrikaanse romans. *Literator*, 24(1):49–68. Beskikbaar: https://doi.org/10.4102/lit.v24i1.280.

Van der Merwe, C.N. 2001. *Strangely familiar: South African narratives in town and countryside*. Kaapstad: Contentlot.com.

Van der Waal, M. 2017. 13 Uur van Deon Meyer in gesprek met merkers van sosiale identiteit in ’n stedelike konteks: om in Kaapstad tuis te voel. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 24(1):53-68.

Van Gorp, H. 1991. *Lexicon van literaire termen : stromingen en genres, theoretische begrippen, retorische procédés en stijlfiguren*. Vierde volledig herziene druk. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Heerden, N. 2018. Misdaadfiksie en die literêre kanon in Afrikaans: ’n Ondersoek na aanleiding van die romans van Deon Meyer. Doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria. Beskikbaar: http://hdl.handle.net/2263/65615.

Van Heerden, N. 2021. Postapartheid misdaadfiksie en die “genresnob”-debat: die romans van Deon Meyer as die nuwe betrokke literatuur? *Stilet* 33(2):102-123. Beskikbaar: https://journals.co.za/doi/abs/10.10520/ejc-stilet-v33-n2-a12.

Van Heerden, N. 2023. Die spanningsverhaal: ’n Teoretiese beskouing en bespreking van drie voorbeelde in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63:327-345. Beskikbaar: http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2023/v63n2a9.

Warnes, C. 2012. Writing crime in the New South Africa: Negotiating threat in the novels of Deon Meyer and Margie Orford. *Journal of Southern African Studies* 38(4):981-991. Beskikbaar: https://doi.org/10.1080/03057070.2012.742364.


© University of Pretoria

Wessels, A. 2007. Die problematisering van die etiese: Deon Meyer se *Infanta* as hard-boiled misdaadroman. *Tydskrif vir Letterkunde* 44(2):104-118. Beskikbaar: https://doi.org/10.4314/tvl.v44i2.29794


© University of Pretoria

# Raaf

deur
Gerhard Ehlers

© University of Pretoria

Vir Bay, Wium en Walt.
Die somtotaal van my innerlike ruimte.


© University of Pretoria

Aan Nonnie en Anette.
My verkenning en verlange.


© University of Pretoria

*"Morning has broken, like the first morning*
*Blackbird has spoken, like the first bird..."*
**-Cat Stevens**


© University of Pretoria

# HOOFSTUK EEN.
## ***B**orrels*

"**B**orrels!"



© University of Pretoria

"Borrels?"

"Ja, hy sê die 'r' so mooi.."

Francois se lag was nog altyd vir haar aantreklik.
Sy hoor water in die agtergrond spat. Driesie se gebrabbel.

Fleur kan voel hoe die trane opstoot. Sy buk haar kop effe vooroor en druk ongemaklik met haar duim en wysvinger in die wolhandskoen teen haar slape. Francois se opgewondenheid en Dries in die agtergrond oor die foon laat haar vir 'n oomblik dink hulle al drie is weer saam, daar in die siersteenmeenthuis in Brooklyn Pretoria.

Sy dwing die trane terug en sien hoe die *UBER*-drywer emosieloos na haar in sy tru-spieël staar.

"Driesie, kom sê gou hallo vir mamma, sit gou jou foon op *video-mode* skat."

Sy haat dit as hy haar vra om na video oor te skakel.
Dis al 28 dae vandat sy hulle twee styf gedruk het op OR Tambo, en nie wou los nie.
Sy weet ook dat sy al te veel gewig aangesit het. Haar rooi wange voel swaar. Sy weet Francois sal nie omgee nie, hy was nog nooit gepla oor haar gewig nie, maar sy kry bietjie skaam.

"Mam-ma?"

Nou vloei die trane behoorlik. Sy krap vinnig in haar handsak vir 'n *tissue*.

"Hello mamma se grootseun. Speel jy lekker in die bad?"

"Mam-ma!"

Sy groen oë blink en daar is skuim op sy koppie.

"Sê gou 'borrels' vir mamma."
Haar oog vang Francois aan die linkerkant van die skerm wat keer dat Dries nie die foon in die badwater laat val nie.

"Sê gou vir mamma BO-RR-ELS".

"Mamma!"

Francois sug en lag dan moeg.

"*Murphey's law* skat, ek sal hom moet *record* en vir jou stuur."


© University of Pretoria

"Ek...wil...kan...moet...jou..."

"Francois?"

Die opvangs is skielik sleg.

Haar hand raak effens verstrengel met die *charger* se koord en sy pluk half ongeduldig en kry eers 'n borsel met van haar lang swart hare in 'n koek, beet.

Sy hoor Francois iets oor die foon verduidelik...

Die beeld vries en sy kry Driesie wat opkyk in Francois se rigting, sy oë hartseer.

"Hello? Francois? – is julle nog daar?"

"Sê vir mamma liefies jou."

"Francois?"

Stilte.

Sy kyk na die foon se skerm.

Video Call Failed

Sy maak haar *WhatsApp* toep oop en begin tik. Dis bedompig in die kar en sy trek die serp met een hand geïrriteerd van haar nek af, is die winter nou verby? Almal sê in Mei begin die lente. Wie weet. Alberta is ook 'n ander storie.

FLEUR

*Typing*

–Sein is swak. Bel more weer, soentjies vir Driesie. Lief julle xxxxxx

Sy sien die boodskap gaan nog nie deur nie.
Sy sluit haar foon se skerm. Sy sal wag tot by die huis en weer probeer met die *wifi.*

Sy kyk by die venster uit.

Dis pikdonker buite. Die enigste ligte is van 'n motor wat elke nou en dan versigtig in die teenoorgestelde rigting verby ry. Almal ry stadig, die pad is glad en vergete vuil sneeu lê in hopies eenkant toe geskraap.

Sy kyk vorentoe en sien deur die windskerm die rooi remligte van 'n string motors wat die lengte van die pad aandui.


© University of Pretoria

Dit begin liggies sneeu. Die fyn vlokkies pak vinnig saam teen die venster en die rooi ligte bloei interessante patrone.

Sy glimlag en dink aan Driesie. Hy gaan Kanada so geniet.

Die drywer sit die ruitveërs aan en vee die gedagte weg.

"Excuse me. Do we know what the hold up is?"

Die drywer kyk na haar in sy tru-spieël.
Hy antwoord nie dadelik nie.

"Traffic jam."

Sy sluit haar foon weer oop en maak die *UBER* toep oop.

LAST UPDATE 23 min ago
Approxomite Distance to HOME: 6.3km

"You want to listen to car radio?"

Swaar aksent.
Sy wonder van waar hy is. Klink Russies. Kanada is 'n mengelmoes - hier is mense van oral.

"Okay, thanks."

Sy leerbaadjie kraak soos wat hy vorentoe leun en die radio stel.
Sy ken die liedjie maar het die kunstenaar se naam vergeet.

"You know Cat Stevens?"

Cat Stevens, natuurlik.

Sy is nie regtig lus vir geselsies nie. Almal by die nuwe werk weet as haar kantoordeur toe is moet hulle nie pla nie. Behalwe Bertus De Villiers wat ook van SA is. Hy kom so nou en dan in haar kantoor en maak geselsies in Afrikaans. Hy's effe vreemd, maar dis tog lekker om soms jou moedertaal by die werk te praat. Almal ken hom as Div.

Sy wens sy kon nou 'n deur toemaak.

"Yes, I enjoy his music."

Sy hou dit kort, dalk vang hy die skimp.


© University of Pretoria

Sy sien in die tru- spieël hoe hy probeer om die woorde sag met sy mond te vorm.Sy aksent 'n groot struikelblok.

"*Praise for the morning...praise for the singing...*"

Sy sing nie saam nie. Sy ken nie die woorde so goed nie.

Die drywer trek skielik vinnig weg en haar handsak se inhoud vlieg oor die sitplek.

Sy gryp vinnig na die pak *tissues*, beursie, *charger* en pers grimeersakkkie. Haar *pads* het gelukkig nie uitgeval nie.

Sy kyk op en sien hulle is op 'n ander pad. Donker maar geen verkeer nie.
Sy gaan nie kla nie. Sy smag na 'n warm bad.

Driesie se nat gesiggie flits weer deur haar kop. Daai ogies.

Die sneeu val nou vinniger, harder.
Die drywer stel die ruitveërs ook vinniger.

Sy hoor haar selfoon ping.

Dankie tog, die opvangs is terug.

Sy maak *WhatsApp* oop en sien haar boodskap het intussen deurgegaan.
Francois het nog nie teruggestuur nie, hulle maak seker ontbyt.
Dis net voor nege die oggend in Suid Afrika. Sonnige Suid Afrika.

Nog net elf dae dan is hulle ook hier.

Vasbyt Fleur. *You can do this.*

Die drywer sit die musiek harder.

"Excuse me, can you turn down the music a bit please?"

Die drywer antwoord nie.

Sy maak haar UBER-toep weer oop.

Last Udate NOW

Approximate distance to home: 13 km

Sy frons, en *scroll* op na die vorige boodskap.



© University of Pretoria

–6.3 km.

Hoe ry hierdie ou nou?

"Excuse me, I think we're driving in the wrong direction?"

Sy druk haarself vorentoe en tik hom op sy skouer.

"Excuse me!"

Hy draai na haar, sy oë lyk leeg.
Hy sit die radio sagter.

"I said we're going in the wrong direction, we're further away from my house now."

Sy wys haar selfoon skerm na hom.

Hy lag hard.

Sy voel 'n rilling teen haar rug afrol en skielik voel die kar yskoud.

"Stop the car. Stop this car, I'd like to get out now."

Hy frons vir haar en trek van die pad af.

Skielik flits tienduisend gedagtes deur haar kop.

Sy moet hardloop, maar hy het 'n kar – kan haar inhaal.
Dalk kan sy die sleutel by hom gryp en dan hardloop, maar wat as hy 'n mes of geweer by hom het?
Wie gaan sy bel?
Hoeveel opvangs is hier?
Sy ken nie 'n noodnommer nie.
Waar is sy?
Moet sy haar *GPS* gebruik?
Sy gaan verkluim, dis onder vriespunt buite.
Dalk is hier 'n skuur of plaashuis hier naby.

Sy kyk om haar en sien 'n flou liggie op 'n toring.
'n Kerktoring. Deel van 'n klein hout kerkie.

Wie gaan *hier* kerk toe?
Wie gaan nog kerk toe?
Dalk kan sy soontoe hardloop – nee, heeltemal te *creepy.*


© University of Pretoria

Dalk kan iemand haar optel- hulle tel mos nog rylopers in Kanada op?

Haar asemhaling is vinnig en vlak.

"I see you look stressed."

Sy stemtoon is amper 'n fluister.

Sy sluk en knip haar oë vinnig.

"What do you want?- I will scream!"

"What I want?- Dimitri only want to get you home, and out of traffic. That is why I take *ob"yezd*...sorry I mean detour."

Sy voel steeds nie gemaklik nie.
Haar asemhaling het ietwat bedaar maar 'n mens het 'n sesde sintuig vir 'n rede.

"Please, I'd like to get out now. I will phone someone to come and pick me up."

Die drywer mompel iets in wat sy nou vermoed beslis Russies is.
Hy sluit die deure oop.

"You know its still very cold outside."

Haar asem jaag nog. Wanneer sy die deur oopmaak tref die koue naglug daar gesig soos prikkelende spelde, duisende spelde. Kanada maak gereed vir lente...*you must be joking.*

"Dimitri will wait here for person to come and fetch you, good?"

Sy voel simpel, sy is paranoïes. Suid -Afrika doen dit aan 'n mens. Sy is al twee keer in Pretoria gekaap en Francois se tannie het by die dood omgedraai in 'n wrede plaasaanval.

Sy kyk weer in die donkerte in na die kerkie. Nee Fleur. Nee.

Wie gaan sy bel?

Skielik kom die naam by haar op.

Bertus De Villiers.

Sy maak haar foon oop en soek die naam:

DIV – Werk


© University of Pretoria

Sy bel.
Div antwoord amper dadelik.

"Hello, Fleur?"

"Div...ja skies dis ekke..."

"Hi Fleur, ek het nounet aan jou..."

"Ek is jammer om hierdie tyd te pla, kan jy my dalk kom optel? Ek het so bietjie verdwaal. Ek kan vir jou my *"pin location"* stuur? Net as dit nie te veel moeite is nie."

Sy begin huil.

"Fleur is jy oraait? Wat het gebeur?"

"Ek voel simpel. Kan jy my asseblief net kom kry en huistoe vat?"

"Stuur die *pin* vir my. Ek ry dadelik. Wees rustig, jy's darem nie meer in Suid Afrika nie."

Vir 20-minute sit sy en die drywer in stilte langs die pad. Dit voel soos 'n ewigheid.
Die enigste geluid is die ruitveërs wat elke af en toe oor die ruit gly.
Daar is intussen meer ligte aan in die kerkie wat die omgewing ietwat meer ontbloot. 'n Lang laning bome aan weerskante van die nou grondpaadjie wat soos 'n slang na die voordeur onder die toring kronkel.
Sy voel soos 'n idioot. Maar dalk is dit veiliger as Div haar kom kry.
Sy ken hom. Wel...soort van.

Toe Div se donker grys SUV langs hulle stop, spoel die verligting oor haar en sy voel sommer ontslae van die ekstra gewig in haar wange.

Sy klim dadelik in.
Div staan en gesels iets met die *UBER* drywer en hy ry geïrriteerd weg nadat Div iets in sy hand stop. Seker geld.

"Wat het jy vir die ou gesê?"

"Fokken uitlanders. Toemaar dit was als net 'n misverstand. Dalk moet jy jou eie kar kry Fleur, *UBER* is nie altyd betroubaar nie, selfs nie hier in Kanada nie."

"Shame, nou voel ek simpel...ek dink nie hy sou iets probeer nie..."

Div maak reg om weg te trek en draai na Fleur.

"Nee, jy het jou instink gevolg, en dis goed so. Ek is by jou, jy is nou veilig."


© University of Pretoria

-----

Peter Firbank was nog altyd nuuskierig.

Hy hou van koerante aflewer. Dis met sy sakgeld dat hy sy nuwe *BMX* self kon koop.
Die ander seuns op skool spot hom en sê hy het 'n meisiefiets gekoop, iets te doen met die raamwerk wat korter is of so iets, *Thats bull shit*, het hy vir Brett toegesnou. It's called a Unisex bike you idiot."

Vir 'n elf-jarige kan hy vir homself dink en opstaan, al het Brett McNeil se vuis die laaste praatwerk gedoen.

Sy oog is nog geswel. Wanneer die wind daarteen waai byt hy net om sy tande.
-*"Peter, man up, don't be such a girl!"* Sou sy pa altyd sê.

Stony Plain.
Hy ken omtrent almal hier.
Gewoonlik as hy by nommer 45 Oatway Drive op 'n Sondagoggend aflewer maak die vrou vir hom oop en gee vir hom lekkers. Sy's 'n nuwe intrekker. Hy't gehoor sy's van Afrika, maar sy's wit soos hy...*weird.*

Hy wonder wat gaan sy vandag vir hom gee. Laas keer was dit 'n *Bar One*, hy ken dit nie. Sy't gesê haar seuntjie eet net Bar-One's.

Hy stap die drie trappies op na die voordeur.
Die deur staan oop.

"Hello?"
"Aunty Flo?"

Sy het eintlik 'n ander naam maar hy sukkel om dit uit te spreek. Dit begin ook met 'n 'F'.

Hy stap versigtig die sitkamer binne.

Dis doodstil.
Iewers ver lui 'n kerkklok. *Shit* dis al twaalf uur, hy sal moet *move.*

"Aunty Flo?"

Sy't seker nog nie tyd gekry om skoon te maak nie.
Daar lê gebreekte koffiebekers voor die rusbank, 'n potplant lê by die groot venster wat op die straat uitkyk. Daar is grond oral om die plant en die blare lyk vertrap.


© University of Pretoria

*Weird.*

Na sy linkerkant is die kombuis. Dit lyk nog erger.
Drie van die ses stoele lê op hulle rûe, een is gebreek.
Als wat op die eetkamertafel was lê nou op die vloer gestrooi.

"Hello?"

Hy stap verder na die gang se rigting.
Die hoofslaapkamer is nog netjies, die bed nog opgemaak.

Hy hoor iets.
Hy knyp die opgerolde *Edmonton Journal* styf in sy hand. Asof dit vir 'n wapen gaan werk – aunty Flo is een van min mense wat hy ken wat nog 'n fisiese koerant lees. Amper al sy kliënte is maar oud.

Hy hoor 'n kraan wat drup.

Dis in een van die badkamers.
Hy huiwer 'n oomblik en stoot die deur stadig oop.

Daar is 'n *"iPhone"* op die toiletbak. Hy stap nader.
Die foon is nie gesluit nie. Dis oop op 'n artikel van daai "Geoff-Knows-Best" ou. Almal praat oor hom. Sy foto is oral. Hy lyk soos die ou wat Thor speel, net bietjie ouer en met grys hare. Peter se ma sê hy gaan Alberta red, Jesus couldnt save us, but Geoff will.

Peter sug.
*Boring.*

Wanneer hy die foon terug op die toiletbak neersit helder die skerm op met 'n nuwe boodskap van 'n "Francois".
Hy dink dis aunty Flo se man van Afrika.

Hy sien die boodskap.

Hy kan nie die taal verstaan nie maar die *"emoji"* aan die einde is 'n geel gesiggie wat 'n hartjie blaas.

Dan besef hy die stortgordyn voor die bad is toegetrek.
Hy trek dit versigtig oop.

*Weird.*

Die bad is driekwart volgetap en daar dryf papiere bo op.
Hy wonder of Aunty Flo besig is met 'n kuns projek. Dalk maak sy iets vir haar kind wanneer hy kom.


© University of Pretoria

Dis plakkate. Hy staan terug en trek die gordyn verder oop.
Die man se gesig op die plakkate is almal dieselfde.

Wat de...

Dis die Geoff ou. *Thor-Geoff. Jesus-Geoff.*
Miskien dink aunty Flo Geoff gaan ook Alberta kom red.
Maar hoekom die ou se plakkate in die bad laat lê?

Dan sien Peter iets onder die een plakkaat uitsteek.
Die kraan wat drup het die papier op ‘n plek laat skeur en daar druk iets deur.

Lang swart hare.

Hy trek die plakkaat eenkant toe en sien *“aunty Flo”* se spierwit gesig met iets om haar nek gebind.

Hy gly op die badkamer vloer soos hy omdraai en so vinnig as hy kan na buite hardloop.
Hy besef eers hy skree toe die mense langsaan uitgehardloop kom...

-----


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK TWEE.
***L**iegbek*



© University of Pretoria

Liegbek.
Dis die beter Afrikaanse woord. Meer beskrywend as leuenaar wat te formeel voel. LIEG-BEK. ‘n Bek wat leuens spoeg. Fop druppels wat oor ‘n ken loop en spat. ’n Fyn sproei van valse bewerings en oortuigings. Ander aansteek en besmet met onwaarhede. ’n Kulkunstenaar, ‘n politieke figuur, ’n liegbek.

Miskien kan ek met so beskrywing op die skerm begin.

“Wat dink jy?”

Hy wag vir ‘n antwoord. Of hy dit hardop vra en of hy dit in sy kop vra, daar kom nooit dadelik ‘n antwoord nie. Nooit nie. Dit hou dinge verbasend eenvoudig. Hy kan ‘n sukses van hierdie film maak. Nee, hulle gaan ‘n sukses van hierdie film maak.

Binne hom kom die antwoord.

Onthou, jy is veronderstel om onpartydig te wees en die gehoor self te laat besluit. Wat is die punt, met die intrapslag, die openingskoot wil jy nie verwarring by jou gehoor veroorsaak nie. Jy wil hulle nooi om albei kante van die argument aan te hoor, te herkou, te besin en dan self te besluit.

Dan. Fok dit. Wees partydig, sê jou sê. Wys die kykers die waarheid. Ontbloot die liegbek vir wie en wat hy is.

Maar, besluit self.

Ek wens ek kan fokus op die hier en nou.
Fokus Jeremy, fokus op *Uittog.*

Die titel vir jou dokumentêre prent werk. Dit werk rêrig goed.

Jeremy staar na die televisieskerm in die een hoek van die witgeverfde kantien van die Wal-Mart-inkopiesentrum in Stony Plain. Hulle is vier op ‘n breek. Die kantien is eenkant van die sentrum, weggesteek agter ‘n betonmuur, die enigste beskutting tussen die reuse inkopiesentrum en die dertig minute blaaskans wat swaar oë na hulle verbeeldinglose toebroodjies laat staar. Terwyl hy in sy eie gedagtes rondswem vat hy ‘n hap en let hy op na die kleure van die font van die banier wat onderaan elkeen van die sprekers op die televisieskerm verskyn. Dis ‘n nuusinsetsel wat handel oor Alberta se premiersverkiesing wat later gehou word.
Jeremy kan nie besluit of die verskillende kleure, name en titels wat oor die skerm flits vir hom werk of nie.

Patty Mescher, een van die twee kandidate het pas klaar gepraat. Die kamera swaai na regs om te fokus op die skare wat haar toejuig met waaiende wit en geel vlaggies en plakkate met haar slagspreuk *Patty for Premier!*
Daar is ook reënboë vlae, mans met pruike en flambojante uitrustings.


© University of Pretoria

"Are you still shooting that porno movie Jay?"

Jeremy sluk die droë stukkie brood hard af en hoes.

"Jesus, nothing to be ashamed of Jay, we all watch porn at some point. Or are you South Africans too conservative? Imagine that! Conservative folks in Africa!"

Michael Shanley is een van die ander CSM's of Customer Service Managers. Hy is oorgewig, sy vingers is altyd vuil en sy naels afgebyt.

"He's a fucking weirdo hey? Fluister Michael deur die gekou in Jeremy se oor.

"It's not a porno Michael, it's a commisioned documentary."

"Ah, a documentary about pornos."

Ek sal hom nie antwoord nie.

Jeremy sit die gehapte toebroodjie terug in sy kosblik. Hy vat 'n sluk van sy koffie en hou sy naarheid terug wanneer hy sien hoe Michael met sy vuil naels 'n stuk pizza in sy keel laat afgly.

Een van die Filippynse vrouens wat ook op haar breek is, kyk in Michael se rigting en sê iets maar Michael verstik amper aan sy pizza wanneer Geoff Mapleston die ander premiers kandidaat, voor die kameras en joernaliste se uitgerekte opnemers en selfone inskuif.

"Go Geoff go, go Geoff go!"
"Geoff knows Best, Geoff Knows Best!"

Die titel verskyn op skerm in rooi en blou:

GEOFF MAPLESTON: CONSERVATIVE PARTY
PREMIERE CANDIDATE: ALBERTA

Rooi vertoon nooit mooi op skerm nie.

Die aantreklike gryskopman in sy vyftigs praat met oortuiging en bult sy vuis in die lug.

"I believe in Alberta. I believe in a future for Albertans. A future where true Albertans can and will stand together against the powers that stand in our way, powers that want to change who we are as a collective force, powers who will do anything to cause us to distrust ourselves and become weak. I believe in that Alberta."

"Boooo!" breek die vrou oorkant Jeremy hulle se stem deur.



© University of Pretoria

Jeremy kyk op na die Filippynse vrou wat intussen haar rug na die televisieskerm gedraai het. Jeremy sien sy is besig om iets met helder geel wol te brei. ’n Serp of kombers. In Alberta is die koue altyd naby, soms onverwags, selfs met die lente op hulle voorstoep.

Michael slaan met sy een vuis hard op die koue staaltafel en skree terug in haar rigting terwyl hy oral pizza spoeg.

“Fuck you Merr!”

Merrina of *Merr* soos almal die uitgesproke tannie agter teller nommer 7 ken, lag hard terug en wys vir hom middelvinger en brei verder.

“Geoff know’s best!” skree Michael en breek ‘n harde wind op.

“Pig!” lag Merr sonder om van haar breinaalde op te kyk.

Ek hou van haar.
Sy skrik vir niks en niemand nie.
Dalk kan ek met haar ook ‘n onderhoud voer.

Jeremy fokus op die breinaalde wat heen en weer steek. Die vrou wat met spoed en tegniek iets met haar ou hande skep.

Fokus Jeremy.
Wat is haar invalshoek?
Watse waarde heg sy tot die dokkie se motief?
Haar opinie oor Suid Afrikaanse ekspats dalk?
Nie van toepassing. Dalk. Ek weet nie, miskien.

Ek sal vanaand weer deur my nuutste onderhoud se materiaal moet werk.
Ek het nog nie eers die materiaal afgelaai nie.
Tyd. Ek het net nie genoeg tyd vir als nie.

Fokus jy net op die klank. Daai is jou afdeling.

Dalk kan ek ‘n rowwe snit van daai ekspat met die vreemde naam solank saamslaan.
Wat was haar naam nou weer? Floor, of...Fleur, ja Fleur.

Fokus Jeremy, moenie nou van die spoor afval nie.

Ek haat dit as iemand aan my pluk.

“Hey, Jay lunch is over – stop masturbating!”

Michael druk omtrent die laaste sny pizza met sardiens heel in sy bek en mompel dan weer iets oor “porno’s.”


© University of Pretoria

Ek hou nie van hom nie. Ek verkies die stilte buite, of om my, die gesprekke in my kop.

Die geluid van kasregisters en prysgewere is oorverdowend toe die dik toegang beheerde staaldeur oop-piep, veral na ‘n halfuur se stiltetyd in die kantien. Die reuse spasie is ‘n miernes van mense met trollies, mense sonder trollies, huilende kinders, huilende babas, winskopies wat elke paar sekondes oor die luidsprekers afgekondig word en outomatiese deure wat oop en toe gly sonder ruskans.

“Welcome to Wallmart, thanks for shopping with us today” word deur ‘n elektroniese stem so baie herhaal dat dit op ‘n kol eerder afgesit word.

“Dear customers, for today only, buy four Mr. Big or Coffee Crisp chocolate bars and get the fourth one free, remember it’s for today only!”

Soos skape wat in ‘n kraal gejaag word storm hulle op die lekkergoedry af in die rigting van ‘n kind wat op sy ma staan en skree.

My kop is seer.
Ek het twee ure oor dan is hierdie skof verby. Dank vader.

“Excuse me?”

Wat nou?

‘n Skraal vrou met kortgeskeerde hare en ‘n tatoeëermerk van ‘n swaan in haar nek staan agter ‘n man in ‘n rolstoel wat lyk soos ‘n bol deeg wat oor die handvatsels peul. Sy bene soos brode, so groot gerys dat sy tone eerder soos knoppies aan die einde van die hamme lyk. Jeremy skat hy weeg beslis meer as honderd en vyftig kilogram. Sonder sy bene. Dis óf haar pa óf ‘n baie ouer broer. Maar hier is enigiets moontlik.

“Hi mam, welcome to Wall-Mart, how can I be of assistance?

“Do you have a cashpoint for the disabled? I’m in a hurry and your cashiers seem to be taking their time.

“Ons het ongelukkig nie ‘n ry vir gestremdes waarvan ek weet nie.”

“Huh? Sorry? English please!”

Um, my apologies mam, I was saying we unfortunately don’t have one.”

“So what am I supposed to do, my son has a doctor’s appointment in 15 minutes.”

Haar seun.

“Hello? You’re a CSM, are you able to assist me or not?”



© University of Pretoria

Kom terug Jeremy.

Fokus, jou skof is amper oor.

“Mam you are more than welcome to use the self check-out service in isles five, seven or nine.”

“And how the fuck do you expect me to do that with my son, I can’t let him out of my sight he has anxiety issues.”

“I’ll sort it out mam, we’ll sort you out.”

Hy sweer sy fluister “fucking immigrants” wanneer sy met die olifant in die rolstoel wegstap. Dalk “fucking imbeciles”...maar beslis fucking iets.

Teen toemaaktyd is dit al heelwat stiller.

By die *customer service* toonbank staan drie klante elkeen met ‘n belaglike klag.
Die agterste man is besig om ‘n *Macdonald’s*-roomys met sy tong te keer voor dit op die reeds vuil vloer drup. Hy hou ‘n pop sonder ‘n kop vas en sy seuntjie van seker so vyf jaar oud, skree histeries en val met sy knie op die vloer. Die pa se aandag is totaal en al by die roomys. Sy tong wat soos ‘n slak slymerig oor die wit soetigheid gly.

Jeremy wonder of die kind skree oor die roomys of die pop sonder die kop.
Dis beslis ‘n seun. Maar dan is hy ook nie seker oor die bloedrooi lippies nie.
Hy kan nie help om saggies in sy kop te lag nie.

Hou dit in jou kop Jay.

-*The customer is always right.*
-*Don’t forget your friendly Wal-Mart smile.*

“Cash-up time everyone – ten minutes before closing.”

Jeremy se stem klink vir homself altyd vreemd. Hoe voel dit om nie ‘n tong te hê nie, wonder hy.

My kopseer voel beter.

Ek moet vanaand onthou om my pille te drink voor ek gaan slaap.
Dis as jy gaan slaap. Jy moet na die nuwe materiaal kyk.
Nee. Ek moet eers slaap.
Hopelik is die beligting nie te donker op daai laaste onderhoud met Fleur nie.
Ek het nie petrol om haar weer te gaan skiet nie.


© University of Pretoria

"Welcome to Tim Hortons may I take your order?"

"Two strong double doubles please."

"Thank you next window."

Jeremy maak die kalender op sy *iPhone* oop.

Daar kom die instruksie. Nooit van buite nie. Altyd van binne.
Ek doen dit al heeldag. Fokus Jeremy.

Jy is Saterdag af. Jy kort slaap.

*Shit*, ek het vergeet. Ek het nog 'n onderhoud Saterdag.

Jeremy kyk na sy foon se skerm.

"Hou op, dis nogal irriterend!"

Skies, ek wil nie baklei nie.

Hy raak bewus van iemand wat na hom kyk.
'n Man met 'n loopraam staar na hom en frons.

Hy dink jy's fokken mal. Jy praat met jouself Jeremy.

"Tel dit as derdepersoon as jy hardop met jouself praat?"

Nee. Dit tel vir niks. Jy is net moeg. Die projek moet klaar.

Hy vergeet van die man wat verder agter sy loopraam voort sukkel.
Seker 'n hobo. Hy sien die man het 'n ballerina tutu aan.

What the fuck?

Hy kyk af na sy foon se skerm.

THIS UPCOMING SATURDAY
–10:00 Interview with Pieter en Elsabe Labuschagne in Spruce Grove.

"Ek weet nie of die dokkie tog met 'n *voice over* sal werk nie."

Onthou dis nie *Expositiory* nie, dis *reflexive mode,* wat nie *voice over* gebruik nie.

"Wel dis *hybrid.*'n kombinasie tussen twee. Nie heeltemal die een nie, maar ook nie heeltemal die ander een nie"



© University of Pretoria

As Jeremy moeg raak meng hy sy taal
Afrikaans verdien dit nie. As kultuur verdien ons dit nie.

Hou op.

Hy voel die opwinding binne hom opstoot. Om te kan skep maak hom gelukkig.
Om ‘n boodskap uit te stuur - dis waaroor dit gaan en waar sy fokus nou moet bly.
‘n *Voice over* kan werk, al is dit ‘n *hybrid,* maar hy gaan dit nie nou hardop sê nie. Hy soek eers stilte en sy koffie.

Hy sal later slaap.

Jeremy se ou Volvo-stasiewa trek by die *Tim Hortons* deurry area uit terwyl die son weier om te sak. Die stoom van die koffie vloei by die ruite uit terwyl die huise se dakke swart geverf word onder ‘n lang skaduwee wat die eerste van min, maar lang somerdae aankondig.

-----


© University of Pretoria

# HOOFSTUK DRIE.
## ***A**nargis*



© University of Pretoria

Shhhhhhhh!

Die gaslekasie herinner hom aan daai aand by *Tweedy's* in Benoni.
Fuck, dit was amazing. Sy wat vasgedruk word. GM se sterk voorarm wat haar groot nat oë geblok het, dit sou net die mood spoil.Haar oe was gitswart. Swart soos die nag. Sy lyf wat ritmies op die kitsch bed met die goue *head bord* beweeg.

Hare wat nie ‘n keuse het nie.

En hy die derde wiel in die wa. Eenkant op ‘n *matching* goue stoel. Daai jare kon jy nog binne rook, stripklubs ook. Jissis *what a show.*

Fok hy's nou so jags, hy't van die geluid vergeet…o ja die gaslekasie.
Dit was hy met sy vinger voor haar mond…shhhhhhh.

Soos iets wat opbou, afwagting, wanneer jou kop wil bars. Iets anders wil bars…

En dan bars als. Gee oor, gee nie meer om nie.

In die verwoesting lê vernuwing.

Hy staar ‘n ent van hom na die lisensiekantoor wat se binnegoed oor die hoofstraat uitgespoeg lê.

’n Geknoopte liggaam lê onder hout en glaskerwe. Dit lyk soos ‘n ouerige vrou, dalk ‘n man…moeilik om te sê. Geen beweging nie. Die vlamme knetter oral rondom die struktuur en dik swart rook borrel by die voordeur en vensters uit. Die enigste gille wat oomblikke later deurbreek kom van omstanders wat sukkel om op te staan ná hulle voete onder hulle uit geruk is.

Hy sien homself eenkant lê. Sy kop ‘n ent verder naby ‘n motorband, ‘n klein deel van sy rugsak steeds vasgegespe teen sy stukkende liggaam.

Shhhhhhh. ‘n Gaslekasie.’n Lont wat brand en aftel tot die groot orgasme.

Hy hou daarvan.
Om te kyk. *Peepping Tom. The observer*. Loervink in Afrikaans.

“O my god! Somebody call 911! Help us!”

-----

“Sssssso you know how children sometimes ask the weirdest questions, my eight year old boy came up to me the other day and asked why the apple gets to be the fruit that


© University of Pretoria

represents the letter 'A' in the alphabet…so I looked at him and couldn't help chuckling…so he..wait..so he goes on to tell me…"

Die radio-omroeper se s'e is te prominent wanneer sy praat. Dalk probeer sy haar stupid lispel wegsteek.
Hy probeer die geluid van die gaslekasie terugroep maar die vrou se stem het die oorhand.

- *"You're tuned in to the Crash and Mars show on Edmonton's number one radio station Edmonton 107.5…"*

Hy is terug in die nou.

Fuck,ek was net besig om opgewonde te raak.

Hy stap die beknopte lisensiekantoor op Stony Plain binne onopgeblaas, met mense wat ongelukkig almal lewe. 'n Netjiese gruis geboutjie waar kliënte geboë, amper desperaat na hulle fone staar in 'n tou wat lei na die volgende oop teller.

Hy stoot teen die tweede binne glasdeur met 'n effens skewe plakkaat van Geoff Mapleston wat hande gevou staan. In groot blou letters staan die slagspreuk onder hom.

*"Geoff Knows Best"* en nog verder ondertoe:
*Vote for Geoff Mapleston in the upcoming provincial elections on May* 9th.
Hy vryf met 'n lang dun wysvinger oor die man se mond.

Shhhhhhhhhh…

'n Kind wat op haar pa se skouers sit, gooi haar hande in die lug!

"Look daddy, that man looks like the grinch! Eeewwww!"

Hy forseer 'n glimlag in die meisie se rigting terwyl hy na die agterkant van die tou beweeg. Hy maak seker hy wys die drie swart tande as hy se bek vir die kind ooptrek.

Die pa fluister iets in die meisie se oor. Die meisie se oë volg die lang skraal man tot waar hy twee persone agter haar en haar pa in die tou gaan staan.

Hy hoor steeds vaagweg die gille en gesuis van die opwindende beeld in sy kop, hy glimlag weer vir die meisie, waai vir haar en voel aan sy rugsak.

Direk voor hom staan 'n man in 'n donker blou pak besig om in Frans oor sy foon te praat. Die man lag skielik en stamp hom per ongeluk soos hy agtertoe leun.

"Pardon…Sorry, sorry."

Hy gaan voort met sy foongesprek.


© University of Pretoria

"Next customer to teller number twelve – kom die blikstem en die tou beweeg een tree vorentoe.

Net vier mense voor hom. *Mr. French*, die pa met die meisiekind, 'n vrou met groot borste en 'n halfgevrekte oom met sy suurstofmasker en gassilinder wat hy langs hom op 'n trollie trek.

Hy kan nie help om in sy kop uit te bars van die lag nie.
Gassilinder, hy moet met die helm of iets gebore wees. Wat is die kanse?

- *"An explosion at a local licensing office west of Edmonton caused chaos this morning. Police are investigating the incident which has claimed…"*

"Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege saam met die tellers."

- *"…which has claimed a total of nine lives."*

Nee.

- *"…which has TRAGICALLY claimed a total of nine lives."*

Hy hou van die verslaggewer se stem in sy kop. Hy verbeel hom sy het ook groot borste. Wat was die girl van *Tweedy's* se naam? Fok dit was so lank terug, dit moes in die laat tagtigs gewees het. Dit was iets met 'n B…Babs, baby…dink hy. Wel haar *stripper* naam anyway…

Die ou oom stap stadig met die suurstoftrollie langs hom na teller nommer twaalf.
Hy kyk na die jong vrou wat agter die toonbank sit.

*How can I help you sir?* Kom haar swaar aksent.

Hyt ook geweet sy's van Suid-Afrika. Wit. Afrikaans.

Sy instink is nooit verkeerd nie.

"Next customer to teller number two."

Borste stap met haar spykerhakke vorentoe en hy kan homself nie help om vir haar te staar nie. Sy hande sweet in die leerhandskoene en hy bal sy vuiste dat die leer styfspan en kraak.

"Next customer to teller number eight"

Die pa tel die kind van sy skouers en stap vorentoe. Hy gee sy foon vir haar en sy navigeer na YouTube.

"Daddy there's no wifi!"


© University of Pretoria

Haar pa gee nie dadelik aandag nie en probeer na die ou vrou luister wat na iets op ‘n vorm beduie.

“Daddy!”

Die kind gooi haar pa se foon neer en spring daarop.

“It’s…not…working!”

Die pa kyk in die rigting van een van die groot vensters, soekend na enigeiets om die kind se aandag vir ‘n paar sekondes af te trek.

Hy tel die gekraakte foon op.

“Maddie, look, look at the nice birdy…there look outside.”

“I don’t want to look at the stupid bird, I WANT YOUTUBE!”

Die skraal man kyk ook na die venster.
‘n Reuse swart voël sit doodstil op een van die karre se dakke en staar deur die venster. Hy is nie ‘n kenner nie maar is amper seker dis ‘n raaf, nie ‘n kraai nie.

Agter hom mompel iemand…

*“*Scavengers, probably gonna rip my garbage bags to shreds again. I tell you every damn summer it’s the same story. Somebody should shoot the buggers.”

“Rats with wings” antwoord nog ‘n stem.

Hy draai nie om nie.

Hy staar vir die voël wat skril afsteek teen die spierwit agtergrond van ‘n leë advertensiebord.
’n Ligte briesie ritsel die vere aan die voël se lyf.
As mens hom nooit sien land het nie sou jy sweer dis ‘n standbeeld op die kar se dak.
So stil sit hy.

Dan kyk die voël reguit na hom en krys.
Hy lewe, dit is nie ‘n standbeeld nie dink hy.

“Next customer to teller number twelve.”

Hy kan nie sy oë van die voël afhaal nie, dis asof iets hom vashou.’n Tipe energie. Sy voete voel skielik warm in sy stewels, en sy hande ontspan.

“Honey, twelve is open” Klop ‘n krom vinger op sy skouer.



© University of Pretoria

Hy sien hoe hy die vrou se verrimpelde hand gryp en al haar vingers breek, so vinnig dat sy nie eers tyd kry om te skree nie. Die gekraak in sy kop laat hom aan die leer van sy handskoene dink.

"Thanks mam."

*"*You're welcome honey."

Hy draai haar vingers verder tot sy op haar kniee gedwing word.
Hy sweer dis sy wat buite die voordeur onder al daai glas en hout lê.

Hy kyk op na teller twaalf, stap vorentoe en glimlag breed vir die gesig voor hom.

Hy sien die naam plaatjie:

Elsabe Labuschagne.

Hy haal sy lisensiekaart uit en stoot dit op die toonbank in die vrou se rigting.

Sy kyk vlugtig na die kaartjie en glimlag vriendlik.
"Mr. Victor Redshaw, how can I be of assistance today?"

"Please darling. Call me Red."

"Just plain *Red.*"

Red onthou skielik die stripper van Benoni se naam. Samantha Botha.

Die swart voël krys weer, sagter hierdie keer en vlap dan teen die wind weg, dieselfde wind wat aan die plakkaat van Geoff Mapleston pluk.

*Birdy*. Dis wat dit was. Onvergeetlik daai *girl. Sam 'Birdy' Botha.*

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK VIER.

***C**atching rats*



© University of Pretoria

Die klanke van een van Händel se komposisies bereik 'n cresendo oor sy versteekte en waterbestande oorfone.

Geoff Mapleston in sy onderbewuste gee geboorte aan die geluid van viool en klavier wat saamsmelt met die water wat om die buitelyne van sy foutlose liggaam vorm.'n Magiese oomblik wat deur sy gespierde liggaam vibreer, 'n waterdoop elke oggend voor sy dag begin.'n Omlyning van 'n god wat gewigloos op sy rug dryf in sy olimpiese swembad. Die kristalhelder watermassa onder hom hou hom bo waar hy hoort, nog altyd gehoort het. Binne die volgende paar dae sal hy nuwe hoogtes bereik en Alberta sal hom aanbid.

"Excuse me, Mr. Mapleston?"

Hy hou sy oë toe en wanneer die laaste note van die klavier uitdoof maak hy hulle stadig oop agter die swart donkerbril wat die lentedag se donkerder skakering van blou as 'n leun voorhou.

Hy antwoord nie dadelik nie.

"Mr Mapleston? Your driver Dimitri and Miss Anna Rodelt are waiting outside."

Sonder om vir die huiskneg te kyk beweeg hy sy arms tot bo sy kop en dryf homself vorentoe na die rand van die swembad. Sy beweging herinner aan 'n seekat wat met sy vele tentakels moeiteloos deur die water sweef.

Hy draai die spierwit handoek om sy lyf en leun nader aan die man met die strikdas.
Hy gluur oor die rand van sy sonbril.

"Never interrupt me when I'm meditating. Never. Do you understand me?"

"Yes sir. Sorry sir."

Anna Rodelt staan ongemaklik met haar hoë hakskoene in die gruis klippies wat die oprit voor die nege slaapkamer huis bedek. Sy kan nie help om te staar na die reuse Dawid beeld wat as fokuspunt in die groot fontein dien nie. Haar selfoon lui en sy druk dit dadelik dood toe Geoff vining by die voorportaal uitstap. Hy haat dit wanneer sy op haar foon praat voor hom.

Die drywer maak die agterdeur van die swart Mercedes oop.
"Jesus, can we get the aircon going I'm melting here."
"Of Couse Mr. Mapleston."
Die motor trek weg terwyl Geoff sy kop voor die koel lug hou en met sy hande deur sy nat krulle vryf.

Anna maak 'n lêer oop.


© University of Pretoria

“We need to talk about project Babylon.”

Geoff antwoord nie, sy oë is steeds toe terwyl hy sy hare voor die koel lug droog kielie.

“What about it?”

Anna voel meteens verlore.

Ummm, yes sorry sir. Project Babylon…the new IT guy dropped us and now…”

Geoff sit agtertoe. So gou as wat hy sy oë oopmaak sit hy sy donker bril weer op. Hy gee nie Anna kans om haar sin klaar te maak nie.

“Let me guess…too little pay, dodgy location, blah, blah, blah.”

Anna blaas haar asem uit.

“Basically, yes sir that is what…”

“Miss Rodelt, how many times have I told you, I’m not in charge of project Babylon. You know who’s in charge of the project…so tell him to replace the IT guy with someone new as soon as possible, is that so difficult?”

“No sir, of course...I mean, yes, I’m on it sir.”

Die motor swenk skielik na links, Geoff se donkerbril tref Anna in die gesig. Sy keer te laat en slaan haar kop teen die ruit.

“Jesus, does he know how to drive?”

Geoff se stem maak Anna nog altyd op haar senuwees. Laag en beheersd. Te beheersd, selfs in onbeplande oomblikke soos die. Iets sê vir haar daai hoeveelheid selfbeheersing bereik iewers ‘n limiet. Sy wil nie weet wat dan volg nie.

Sy tel die donkerbril op en hou dit na hom uit. Met haar ander hand druk sy teen haar kop wat klop. Sy kyk vinnig, niks bloei nie, goddank. Sy hoop sy het nog hoofpynpille in haar handsak.

Sy druk ‘n knoppie en die venster wat die voorste en agterste gedeelte van die motor skei, beweeg af.

“Dimitri, what was that?” vra sy sag.

“I am so sorry Anna and mister Mapelston…a deer in the middle of the road…I want…”


© University of Pretoria

Dimitri probeer nog verder verduidelik met ‘n aksent wat struikel soos ‘n kind wat met sy pa se groot skoene probeer loop.

Anna druk die knoppie en die venster beweeg op.

Geoff kyk in die spieeltjie wat voor hom oopvou.

“Dimitri? What happended to Gary?”

“You fired him sir.”

“Did I? Mm…must’ve been for a pretty good reason.”

Anna druk die geprek in ‘n ander rigting.

“Sir, I’d like to go through some of my notes for your speech, I think it’s crucial that…”

“I don’t understand why you’re so stressed Anna. Let me tell you a little secret.”

Hy skuif effens nader aan haar en sy maak haar keel skoon.

“Some premiers have their provinces in the bag, but me, I have Alberta by the fucking balls.”

“I know that sir, and I have no doubt you have, but I just think we need to use this time to...”

“No, the speech is perfect, I know because I wrote it.”

Sy maak die lêer toe en staar na die see van geel kanolavelde wat verbyswiep.
Geoff staar na die fyn lynties wat aan die hoeke van sy oë trek.

“Crow’s feet” sê Anna versigtig.

Geoff klap die spiëel toe.

“What notes?”

Buite het die landskap skielik verander van duisende geel blommetjies na ‘n dorre oop vlakte met oliebore wat ver op die horison soos sadistiese naalde die aarde genadeloos en herhaaldelik verkrag.

“The part about immigrants.”

“There is no part about immigrants” antwoord Geoff kortaf.

“Exactly” antwoord Anna.


© University of Pretoria

"We need to include them sir. Alberta is currently home to roughly 23% immigrants, their votes also count.Patty Mescher uses this tactic…"

Geoff luister in stilte na haar.
Hy doen dit opsetlik. Maak haar op haar senuwees.

Die motor begin spoed verminder en draai by 'n feesterrein in waar honderde mense met blou en wit vlaggies en pette juig. Geoff se gesig pryk op plakate en kinders op ouers se skouers neem fotos en videos met hulle slimfone.

Geoff glimlag breed en waai deur die toe venster na buite.
Sonder om na Anna te draai praat hy deur sy glimlag.

"Did you know that Alberta is the only place in the world with no rats. I mean, my god you need a permit to bring lab mice across the border."

"Yes, sir I know this, what is your point sir?"

"When I become premiere, I intend to keep it that way."

Die lyntjies langs sy slape verdiep wanneer hy wyer glimlag.
Die motor kom tot stilstand.
Hy gryp 'n wit en blou pet wat Anna na hom uithou.
Sy deur swaai oop.

Die skare se opgewondenheid vul die motor.

"Geoff knows Best!"

"Geoff knows Best!"

"Geoff Knows Best!"

Die motor trek stadig vorentoe.

Anna se foon vibreer en sy tel dit op.

Die boodskap op haar skerm lees:

Babylon App: *One New Message received.*

Sy maak die toep met die logo van 'n toring en spiraal trap wat al om dit vorm, oop.

Log in: Anna Rodelt
Message: Project Babylon: Initiate PHASE 1 of TTS (Truth Toxin Spread).

YES



© University of Pretoria

NO

Ja of nee. Dalk moet sy eers by Geoff hoor of dit nou die regte tyd is vir fase een. Met die nuutste IT ou ook weg is die risiko te groot en die tydsberekening voel sleg.

Anna sluit haar foon se skerm en kyk op na twee rawe wat ‘n vullissak begin oopskeur.

‘n Middeljarige vrou slaan na hulle met ‘n besemstok.

“Fuck off! Move!”

-----


© University of Pretoria

Hoofstuk Vyf.
***K**raaikop*


© University of Pretoria

"You were going at least seventy five in a sixty zone."

Die verkeersbeampte lyk ongemaklik met die sweetkolle onder sy groot arms en sy kan nie help om te wonder of hy met opset 'n uniform dra wat twee groottes te klein is nie.

Dis ongoddelik warm en dit voel vir Elsabé of sy die beampte se geduld beproef met haar lang stilte.

"I'm terribly sorry officer, I promise it won't happen again.

Dit lyk nie vir haar of hy regtig luister nie. Hy haal 'n silwer tablet uit en vee met sy een harige hand oor sy voorkop.

Sy kyk na die horlosie teen die paneelbord:

21:26

Die son het nog nie eers gesak nie.
Sy haat hierdie lang uitgerekte en onrealistiese warm dae.
G'n mens kan afskakel nie
Als voel deurmekaar.

Haar keel is droog en twee vinnige skiethoofpyne flits deur haar kop.
Dit help nie sy krap vir pille nie, sy't die laastes tydens haar etensuur op kantoor gedrink.
Dit voel soos dae gelede.

Die beampte druk met sy dik wysvinger stadig op die tablet se skerm. Sy ooglede hang swaar en moeg vooroor.

-"How do you pronounce your last name mam?"

Haar foon begin lui voor sy kan antwoord.

"Sorry officer, just a second."

Sy krap in haar handsak rond en gryp na die verligte skerm.

Stilte.

Sy kyk na die skerm:

1 Missed Call: Hendrik.

"Mam?"

"Oh, yes, sorry it's LABU-SKAG-NIE"


© University of Pretoria

Hy antwoord nie, en hou die tablet deur die venster na haar uit.

“Please sign on the dotted line.”

Sy bel vir Hendrik terug en sit die foon op luidspreker terwyl sy met ‘n elektroniese pen ‘n gekrabbel op die lyn maak.

Die foon lui.

‘n Jong seun en meisie wat fiets ry trek haar aandag.
Sy vind dit baie vreemd dat die seun ‘n dik geel wolserp dra maar kaalvoet trap.
Die meisie het lang swart hare, skouerlengte en sy verwar haar vir ‘n oomblik met ‘n hippie, sy kan eintlik nie sê of die tweede fietsryer ‘n seun of meisie is nie. Dan sien sy wat lyk na ‘n snor.

Die foon lui nog...

Hulle ry langs mekaar terwyl elkeen ‘n roomys eet.
Die een met die serp hou skielik stil en strek sy tong uit om die roomys te lek. Sy sweer dit moet ‘n Guinness wêreldrekord wees – so ‘n lang tong.

Die foon lui steeds....

Sy gee die tablet terug vir die beampte en hy mompel iets van *“speed fine in the mail”* oor sy skouer. Hy stap na sy flitsende bloulig-SUV wat agter haar geparkeer staan.

Sy hou die beampte in haar truspieël dop.
Hy druk sy hande onder sy armholtes in en ruik daaraan.
Dit lyk of hy ’n *kick* uit die reuk kry.

“Sies” sê sy hardop.

Net voordat sy die foon wil dooddruk.

“Hendrik hello?”

“Skies lief, ek het nounet ‘n spoedkaartjie gekry...kan jy glo?”

Daar is stilte aan die ander kant van die foon.

“Hendrik, kan jy my hoor?”

“Hello, wie praat nou?” kom Hendrik se stem.

Elsabé frons diep en ‘n onverwagse hees laggie ontsnap uit haar keel.
Die seun met die lang swart hare is besig om die ander een met sy serp te wurg.


© University of Pretoria

Hy lag, maar dit lyk of LANGTONG asemnood het.

Haar aandag is terug by Hendrik.

"Dis ekke jou aap. Kan jy my hoor?"

Sy sien die twee seuns het intussen onder 'n groot boom stilgehou en kyk na iets tussen die takke. Die een seun strek sy hand uit en hou sy roomys na bo.

-"Dis Hendrik Labuschagne hier, met wie praat ek nou?"

Elsabé vererg haar.

'n Vrou by die enigste tuinlose, poeierblou-geverfde huis en 'n groot rooi nommer 478 skree by haar sitkamervenster uit vir die twee seuns. Hulle ignoreer haar.

"Fokkit Hendrik, het jy dimensie of wat? As hierdie jou idee van 'n grap is, is dit maar flou hoor.
Dis Elsabé jou vrou...en jy kan maar in jou moer vlieg hoor."

Dan hoor sy 'n vrou se stem op die agtergrond.
Die stem klink baie bekend.

Dis haar eie stem.

"Hendrik, wie bel so laat?
"Ek weet nie skat, ek ken nie die vrou nie"
"Sit neer, dis seker spam."

Die foon gaan dood.

Elsabe staar na haar foon se skerm.

Dan sien sy iets swart wat skielik uit die boom op die twee seuns afpyl.

Eers lyk dit soos 'n kat, sy is nie seker nie maar dan sien sy dis 'n tipe voël. Nee wag. Daar's twee. Een begin die een seun wreed in die gesig pik. Die tweede een trek aan die ander seun se lang tong. Dit rek al hoe langer en laat haar aan 'n stuk kougom dink. Wanneer die tong breek val die kind agteroor en die voel vlieg deur 'n tydelike rooi wolksproei wat in die lug vorm met die lang pienk stuk vleis in sy snawel.

Die seun met die serp het intussen van sy fiets geval en keer met altwee hande, oral trek vere, soos hy klap en keer.

Die voël pyl dan skielik op die vrou agter die sitkamervenster af en bars deur die ruit.


© University of Pretoria

Die vrou verdwyn in ‘n knal van glasskerwe en vere.
‘n Jong paartjie in hulle twintigs draf intussen verby die chaos, die vrou wip fluks oor die bebloede seun met die af tong wat bewegingloos op die sypaadjie lang sy fiets lê. Haar horlosie weerkaats twee keer vinnig in die son en verblind vir Elsabé vir ‘n breukdeel van ‘n sekonde.

Haar gedagtes fladder tussen die foongesprek met Hendrik en die absurde toneel voor haar. Sy voel naar en weet nie wat haar volgende reaksie behoort te wees nie.

Skielik vang iets haar oog en sy draai na die passasiers-venster.

Die verkeersbeampte is terug.

Sy hemp is deurdrenk van die sweet en waar sy kop moet wees is ‘n reuse voëlkop.
‘n Kraai se kop.

Hy kyk na haar en krys hard. Hy pik hard teen haar ruit.

In die voël se een swart oog se refleksie sien sy haarself skree maar hoor niks nie.

-----

Elsabé skrik wakker en haar dun satyn slaaptop is sopnat en kleef aan haar lyf.
Sy hoor steeds die gepik. Die tik geluid.

Sy sit haar hande op mekaar teen haar bors en probeer haar asemhaling bedaar.

“In...en uit...”
“In...en uit...”

“‘n Laaste keer. In...en uit”

Wat maak so?

Klap. Klap. Klap.

Hendrik lê soos altyd op sy linker sy met sy rug na haar gedraai. Sy dink die medikasie wat hy onlangs begin drink het werk tóg.
Hy is stil vanaand. Sy snorkery maak haar gewoonlik mal.

Sy vou die ligblou duvet met laventel-motief versigtig eenkant toe en trek haar japon aan. Sy kry nie die gordel nie, en besef dat sy steeds baie warm kry.


© University of Pretoria

Sy laat val die japon geïrriteerd op 'n hopie.
Klap. Klap. Klap...

Kan dit 'n venster wees?

Waar is Bella? Dalk sukkel sy om weer by die deur in te kom na sy buite was om te piepie.

Voor die oop kamervenster trek sy haar top effens weg van haar bors en stoot haar nek uit, oë toe.
Tot die naglug voel warm en bedompig.

Klap. Klap. Klap...

Sy maak haar oë stadig oop en staar na buite.
In die verte hoor sy mense lag en hulle buurman se buitelig by sy kombuisdeur lyk of dit flikker van al die honderde muskiete wat daarom koek.

Sy kyk na haar foon:

1:26 am

Op pad kombuis toe sien sy die sitkamerlig brand steeds.

Het sy en Hendrik die regte ding gedoen?

Sy dink weer aan haar pa se diep plooie op die lughawe, sy trane.
Sy steek vas in die sitkamer en kyk na van die bokse wat nog net so langs die een bank en tv kas staan. Dis al 6 weke, hulle kom nie by die uitpak nie.

Die geluid klink nader.

Doef. Doef. Doef...

Wat de hel...?

Sy sug en skakel die lig aan en stap in die rigting van die kombuis.

Langs die ketel wat kook dwaal haar gedagtes terug na haar bisarre droom.
Sy haal 'n beker met die woorde "We ❤️ SA"uit die houtkas bo die ketel uit en
staar vir die reuse muskiet wat langs die leë ingeduikte Tim Hortons koffiekoppie land.

Sy vat 'n vadoek en mik vir die muskiet...

Dan sien sy die sitkamerlig gaan skielik af.

"Soek jy tee?"


© University of Pretoria

Sy haal ‘n tweede koppie uit die kas en gaap.
“Wat dink jy kap so?” Vra sy tussen deur die ketel se gekook.
Die muskiet het intussen bo die kombuislig begin draai.

Geen antwoord nie.
Sy draai om in Hendrik se rigting. Niemand.

Dan gaan die sitkamerlig weer aan.

Doef. Doef. Doef...

Die water in die ketel begin borrel.

Sy staar na die Geoff Mapleston Magneet teen die yskas.
***Vote 9 May Because Geoff Knows Best!***
Sy haal die melk uit die yskas.

“Hendrik?”

Sy weet nie hoekom sy fluister nie.
Sy stap in die rigting van die sitkamer.

Sy sit die lig aan en haar liggaam begin onbeheersd ruk.

Doef. Doef. Doef...

Dis Bella. Hulle worshondjie. Sy probeer haar koppie optel maar vir een of ander rede sit sy vas teen die vloer, net agter die koffietafel twee tree van haar hondebedjie. Iets steek by haar lyfie uit. Sy lê op haar sy en haar nekkie raak al hoe moeër. Die pouses tussen die val geluide van haar kop teen die vloer al hoe langer.

Dan sien Elsabe die bloed.
Skielik voel dit of die muskiet in haar brein rondvlieg.

Sy wil gil maar druk altwee hande oor haar mond.

Iets vang haar oog. Net regs van haar.
Iemand met iets op sy gesig.‘n Masker. Dit moet ‘n man wees, groot arms en ‘n dun middel sit op een van die enkel rusbanke.
Sy hou haar hande voor haar mond.
Dan sien sy iets in die man se hand. Dis Bella se leiband styf om sy hand gedraai.
Hy kyk nie vir haar nie, maar staar met wat lyk soos ‘n wit papiersnawel in die rigting van die hond wat sy laaste stuiptrekkings gee.

Die gemaskerde man toon geen reaksie.
Sy sak haar hande stadig.


© University of Pretoria

"Wie is jy? Wat soek jy?!"

Dan draai die snawel stadig in haar rigting.

"I'm calling the police. You better leave now!"

Elsabé voel hoe die adrenalien van haar voete opstoot en deur haar hele lyf bruis.
Sy draai om en hardloop af in die gang na die hoofslaapkamer.

Die huis voel vreemd en vir 'n vlietende oomblik voel sy verdwaald.

"Hendrik! Hendrik, hier's iemand in die huis, bel die polisie!"

Vir 'n oomblik vergeet sy watter kant van die muur die slaapkamer se ligskakelaar sit.
Wanneer sy dit wel kry begin haar ore skielik sing. Dalk het die muskiet rêrig by haar een oor ingevlieg en stamp nou rond teen die kante van haar skedel.

Sy besef meteens dat haar eie gil die rede vir die gesuis in haar ore is.
Die beeld voor haar registreer in sarsies. Soos 'n legkaart waarvan die laaste twee of drie stukkies mooi in plek geskuif word, gevolg deur applous.

Hendrik toon geen reaksie nie. Hy lê steeds op sy linkersy.

Hy is potblou in die gesig wat saamsmelt met die blou van die duvet, dis hoekom sy eers dink hy is onthoof.
Dan sien sy haar japon se gordel styf om sy nek gebind. Rooi gebarste aartjies in sy een oog laat haar wegkyk.

Sy draai om en sien die figuur met die snawel in die gang staan.
Hy stap stadig en stil nader.
Die ketel skakel af.

Dan begin sy giggel en dan lag.

"This is some or other sick joke right?"

Die figuur skiet op haar af en draai die leiband om haar nek. Sy gryp na die masker en voel hoe die band alhoe stywer om haar nek span.

Dit laat haar aan haar droom dink maar die assosiasie ontwyk haar.

Die kraaigesig sak saam met haar teen die gangmuur af.

Haar skop teen die muur raak stiller soos Bella se kop teen die sitkamervloer.
Sy voel of sy stadig in 'n vuurwarm bad wegsak.
Sy verlang na haar pa, die familieplaas en die bosveld.


© University of Pretoria

Dan onthou sy die drawwer se horlosie in haar droom wat haar vir ‘n oomblik verblind het.


© University of Pretoria

HOOFSTUK SES.

***B**enoni*



© University of Pretoria

Jeremy drink stadig aan die yskoue koffie wat hy ure terug by *Timmies* gekoop het terwyl hy sit en staar vir sy rekenaarskerm. Hy wag om sy wagwoord te kan insleutel.

Buite kan hy kinders hoor wat in die park speel en ‘n bal rondskop. Hy rek homself uit sy krakende stoel en loer deur die klein oop venster voor hom.

“Ek het vir jou gesê los my en my man uit, maar jy wou nie luister nie!”
‘n Skoot klap.
Jeremy ignoreer die televisiestel aan sy regterkant.
Hy is besig om die een of ander minder bekende Afrikaanse film te stroom. Hy het nog altyd verkies om geselskap in die agtergrond te hê. Tog laat die akteur wat in die volgende skoot besig is om aan sy eie bloed te verstik, hom aan ‘n baie jong Gé Korsten dink en die aktrise met die pistool...Sigorney Weaver, haar Afrikaanse weergawe.

Jeremy krap onder die hordes tydskrifte, skryfblokke en handboeke op sy lessenaar. Hy soek die afstandbeheer al is die televisiestel self omtrent net twee armlengtes van hom af.
Hy het nie krag om op te staan nie.

Sit dit af. Jy kan nie nou bekostig dat iets jou aandag aflei nie.

Hy sit sy koue koffie uiteindelik neer, keer vinnig, maar is te laat wanneer ‘n stapel DVD’s eenkant toe kantel en van die lessenaar op die gevlekte oranje mat val.

Die bietjie koffie wat nog in die houer oor is, stroom oor die kassies*. Paul Kruger in sy eie Woorde”* is die titel voorop die een kassie. Die koffie vlek die helfte van oom Paul se gesig en lang hoed. Die ander kassie wat die skade effens vryspring lees: *”’n Afrikaner se Perspektief”.* Regie deur bekroonde rolprentmaker, Wigbert Richter.

Hy staar ‘n oomblik na Paul Kruger se gesig, kantel sy kop effens eenkant toe voordat een van die kinders in die park weer sy aandag terug venster toe dwing. Die een seun, Jeremy skat hom seker so sestien, duik die ander een plat en gil-lag iets onduidelik. Die ander seun ruk en pluk om los te kom en wanneer hy dit regkry, slaan hy sy maat hard teen die skouer.

Hulle raak bewus van ‘n ma met ‘n stootwaentjie wat na hulle staar. Sy trek desperaat aan ‘n sigaret. Die seuns staar ‘n oomblik terug en stap in stilte weg.

‘n Lui bries wikkel die kantgordyn wakker. Dit laat Jeremy ver terugdink.

En dan is sy aandag terug by sy rekenaarskerm.

Password:

Benoni


© University of Pretoria

Hy navigeer dadelik na sy Gmail-blad.

INBOX: 1 Unread message

Hy maak die boodskap haastig oop.

Hi Jeremy

Baie dankie vir jou boodskap op Facebook.
Ek sal baie graag met jou wil gesels.

Ek is in die dorp met die snaakste naam – Medicine Hat (LOL!)

Laat weet gerus wanneer jy sou wou deurkom.

Sien uit.

Groete

Enid.

Sonder enige onderbreking begin Jeremy terug te skryf...

Hi Enid

Dis baie goeie nuus.
Medicine Hat is so 538 km van my af. Ek is in Stony Plain.
Sal baie graag jou onderhoud wil skiet, so ek maak sommer 'n *road trip* daarvan.

Sien jou dan hierdie Saterdag om 11:00.

Sien ook uit.

Jay ☺

Hy kyk na die oop klerekas en skoene wat oral rondlê. Hy wil nog 'n sluk van die koue koffie neem maar onthou dan dit lê op die vloer. Hy maak *Facebook* in 'n nuwe venster oop, maak sy oë toe en stoot homself uit sy stoel op.

Hy beweeg in die rigting van die kombuis en skuur moeg verby die onopgemaakte enkelbed en sy kameratoerusting wat half langs, en op die bedkassie balanseer.

In die piepklein kombuis sit hy die swart plastiekketel aan en soek 'n skoon beker in die enigste houtkassie bo die vuil wasbak.

Dan lui sy foon...iewers.

Hy draai om en stamp een van die vuil bekers van die kas af-dit spat in stukke oor die gekrapte vloer.



© University of Pretoria

"Fokkit"

Jy moet jou plek skoonmaak. Dit lyk en ruik soos 'n hoerhuis.

Hy trap versigtig met sy kouse oor die skade in die rigting van die slaapkamer.
Hy krap onder nog tydskrifte, notas op papier, 'sticky notes' wat verfrommel is en lankal nie meer 'stick' nie. Onder handboeke en nog DVD-kassies wat tussen die voue van sy duvet ingly.

Hy hoor die foon duideliker.
Dit lê en vibreer amper vergete in die hoek van die vertrek agter die bed onder die gordyn 'n *Wendy's* burger houertjie.

Jeremy kyk na die skerm.

"Shit."

"Jay speaking hallo?"

"Hi Jay, it's Raveena at Walmart. I need you urgently to fill a shift this Saturday –this time it's really out of my hands."

Hy kom stadig reg op en stap met sy een hand teen sy voorkop na die lessenaar.

"What time Raveena?"

"It's gonna be a long stretch I'm afraid, 8:00am till closing time"

"Okay, but what about Jennifer? Wasn't she gonna be in this weekend?"

"Jenn is out of town, unfortunately. Think about it Jay, it's some extra hours and cash in your pocket."

Enid se onderhoud sal nou moet wag.

Hy hou sy hand in die lug.

"Sure, Raveena. I'll be there."

-Fantastic, you South Africans are amazing. I know I can always count on you Jay. Thanks a mill."

I'd just like to..."


© University of Pretoria

Raveena eindig die oproep skielik.

Hy druk die foon hard dood en sug, gooi dit op die bed neer.
Die foon val tussen twee handboeke wat soos abstrakte argitektuur uit die duvetgolwe verrys. Die een boek se titel: ”Making Captivating Documentaries” by Abraham Wium en ‘n effens kleiner boek wat lees “Non-Fictional Filmmaking for the Curios Creative” by Walter Vertov Walstrand.

Nie nou nie asseblief.

Hy trek sy gedagtes los van die titels wanneer hy die ketel hoor skree en stap met hangskouers na die gemors in die kombuis.

Hy gooi die kookwater oor die teesakkie en kry skielik ‘n idee. Hy hoor die temalied van “2001 A Space Oddyssy” wat in sy kop opswel. Dalk kan hy dit gebruik oor argiefmateriaal van boeings wat opstyg of land, of dalk kan hy dit...nee dis dalk te dramaties en hy het in elk geval nie die regte om die lied te gebruik nie.

Fleur kom by hom op wanneer hy aan sy swart tee slurp en die leë melkhouer uit die klein kroegyskassie eenkant toe gooi.

Hy stap na sy toerustingsak en haal die *Canon* kamera uit, en dan die klein geheuekaart.
In die enigste laai van sy lessenaar haal hy ‘n pak ronde plakkers van verskillende kleure uit.

Hy plak ‘n rooi kol op die geheuekaart en steek dit in sy *Macbook* se gleuf.

COPY FOOTAGE?

YES

RENAME FOOTAGE

Jeremy tik stadig.

ONDERHOUD #1 FLEUR BRINK

ENTER

Hy maak die Facebookblad oop op volskerm en gaan na die soekblok:

ENID PRELLER

‘n Groot foto van ‘n blonde krulkop vrou met ‘n sonhoed begin aflaai, hy maak nog ‘n skerm oop. Die webblad lees “UITTOG” in groot swart blokletters en onderaan ‘n enkele sin:

“Die gras is groener oor die water...of is dit?”

En verder onder een van die skakelopsies...



© University of Pretoria

"'n Dokumentêre Rolprent deur Jay Swarts"

Buite is die park weer stil.
Jeremy staar na die gras wat teen 'n groot bult oprol en dan weer af tot teen 'n netjiese spierwitgeverfde houtheining wat die park van die straat skei.
Die bordjie lees "Caribu Park."

Caribu, rendier, 'n takbok.

Sy gedagtes begin vloei...
'n Simbool, 'n teken van...van wat?
Hy maak *Google* oop en tik in:

–CARIBU

Jeremy smag na slaap.

Jy kan nie nou slaap nie. Daar is nog baie werk.

Stop dit. Ek moet ook rus.

Is dit omdat hy uitgebrand is? Omdat sy *gut* instink vir hom sê dat "Uittog" sy "big break" is?

Foto's van takbokke verskyn op die skerm.

Grotes en kleintjies, sommige professioneel deur fotograwe geskiet met 'n sonsondergang in die agtergrond, ander naby sneeuvelde en mere, ander van naby, te naby sodat die kamera se weerkaatsing amper in die dier se pikswart oog reflekteer.

Simbool: die noorde; koue; Kanada.

Daar is tog iets hier, as hy net 'n uur of twee se slaap kan inkry is hy dalk netnou meer helder.

Hy 'scroll' verder deur Enid Preller se fotos op *Facebook*.

Tussendeur is daar boodskappe oor die opkomende verkiesing. Patty Mescher dit. Patty Mescher dat, Geoff Knows Best...Mapleston die redder van Alberta...blah blah blah...dis 'n ander fokus, nie syne nie. Maar, dalk is hierdie dokkie tog sy *big break...*

Sy dra op amper elke foto 'n hoed sien hy. Enid. Sommiges groot, ander klein en vreemd. Hoed-*fettish.*

Sy glimlag op die meeste, behalwe op een wat Jeremy se aandag trek.


© University of Pretoria

Sy sit op 'n tuinstoel met 'n papierbord op haar skoot, besig om met 'n vrou langs haar iets te bespreek. Haar arms doen meeste van die praatwerk. Sy moes onbewus van die fotograaf gewees het. 'n Jong meisie wat lyk of sy huil staan skuins agter Enid in die agtergrond, nie ver nie.'n Klomp mans is besig om te lag om 'n braaivleisvuur.

Onder die foto is klomp mense wat kommentaar lewer.
Die eerste is van:

PIET–K@n@d@

Enid is in sy boodskap *getag* wat verder lui:

*Nog 'n heerlike braai en kuier in Calgary saam al die SA Expats!*
*Wat 'n JOL!DANKIE ALMAL ONS SIEN MEKAAR WEER VOLGENDE JAAR!:)*

Jeremy skuif sy muis na die duimpie onder PIET se boodskap en klik daarop.
Die getal 'likes' spring na 64.

Hy kliek dan op die "AFRIKANERS IN KANADA" groepskakel.

Hy sien dat die voorblad foto weer verander het vandat hy gister daarop was.
Die Kanadese landsvlag met die woorde "I❤ SA" in 'n *cheesy* sierskrif
onder die rooi esdoringblaar op die vlag.

Jeremy beweeg dan na die laaste boodskap wat hy op die groep geplaas het.

Jay@XP@t

Hi ALMAL! Ek is besig met 'n dokumentêre film oor Afrikaners in Kanada!
Gaan gerus na my webblad vir meer inligting en stuur vir my 'n direkte boodskap as jy graag 'n onderhoud wil toestaan om JOU STORIE te vertel!

Daar is sover 85 'likes' en die nuutste kommentaar is vanoggend om 9:31 ontvang van 'n
JASMINE TORGALSON–DIPPENAAR

Hi Jay@XP@t, must u be Afrikaans to do an interview?

Jeremy sug en besluit om nie dadelik terug te antwoord nie.

Sy gaan nie werk nie. Moet Afrikaans wees.

Hy maak *Facebook* toe en gaan terug na sy *Gmail* blad.

Hy staar na Enid se boodskap.
Die laat skemerson se geel goud spoel oor die grasbult en 'n klomp
eksters skree uit een van die park se bome



© University of Pretoria

Hi Enid

Ek is verskriklik jammer, ek sal ongelukkig Saterdag se onderh…

Hy lig sy vingers van die sleutelbord en krap aan die fyn swart haartjies wat deur sy wange en keel begin verskyn.

DELETE DELETE DELETE

Raveena moet maar 'n ander plan maak. Ek het skietwerk.

'n Boodskap flits oor sy skerm.

COPY COMPLETE
OK

Hy maak die 'folder' oop en begin na die beeldmateriaal kyk.

Sy eie arm kom voor die kameralens in. Eers uit fokus, dan skerp.
Hy hou 'n *clapper board* vas. Hy hou nie van hoe sy eie stem klink nie.

"Scene one, shot one, onderhoud met Fleur...skies, onderhoud met Fleur Brink, action."

Die *clapper board* klap en verdwyn uit die kamera se veld.

'n Netjiese vrou in haar vroeë veertigs sit senuweeagtig op 'n donkergroen rusbank met 'n skildery van 'n kerkgeboutjie aan die einde van 'n stofpad wat bo haar geraam is.

Jeremy het die skildery spesifiek uit haar eetkamer gaan haal en daar gehang.
Visuele subteks.

Sy trek aan haar roomkleurige bloes se kraag en maak haar keel skoon.

Sy kyk op na die reuse mikrofoon wat van bo na haar oorhel.

"Toets een-twee, toets een-twee. Doodreg Fleur, klank klink goed."

"Jy kan maar ontspan. Net wanneer jy reg is."
Hy 'pause' die video op Fleur wat diep asem inhou voordat sy uitblaas.

Sy foon lui weer.
Hy ignoreer dit.

Hy vat 'n groot sluk swart tee en sit die beker op van die tydskrifte langs hom neer. Die eksters buite raas harder.

Tussen die voue van sy duvet helder sy foon se skerm op.


© University of Pretoria

1 MISSED CALL
1 NEW MESSAGE RECEIVED

Hy leun agtertoe om die foon nader te hark.

*"Press three to listen to new voice messages"*

PEEP

*"You have one new voice message received at 21:58"*

PEEP

*"Hi Jeremy. Ek het op jou profiel op sosiale media afgekom. Ek is opsoek na 'n IT ou vir 'n exciting nuwe venture. Ek is 'n groot fan van jou filmwerk. Geen my 'n lui as jy kans sien dat ons 'n meeting kan reel. Oh, skies, eks Red by the way.*

PEEP

Jeremy begin die materiaal van Fleur op die tydlyn van sy redigering sagteware plaas.

Hy trek die venster voor hom toe, en skakel die lampie aan wat 'n geboë skaduwee teen die muur agter hom gooi.

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK SEWE

*Innige simpatie.*



© University of Pretoria

Innige simpatie. Fok Div, jy kan beter doen as dit.

Wanneer gaan jy beter doen, iets doen?

Hy staar na die Facebook-foto's van Fleur op sy rekenaar en die honderde boodskappe wat sedert die skoknuus steeds instroom op sosiale media.

Hoe sê jy sorry vir iets wat nooit moes gebeur het nie?

Bertus De Villiers of 'Div' soos almal hom by Staples se hoofkantoor in Edmonton ken, se gedagtes is een groot swart gat.

Dit voel asof als waaraan hy die laaste twee jaar vashou, als waarin hy glo en opgeoffer het om hierheen te kom,besig is om stukkie vir stukkie in daai bodemlose gat af te donner.

Elke dag plof nog 'n stukkie van homself ineen.

Hy probeer op die Excel-spreadsheet voor hom fokus.

Sy gedagtes is skielik by die ekstra inkomste wat hy opgegee het na Fleur se dood. Hy kon nie meer nie. Die dodgy IT job wat hy uit daai kerk geboutjie moes bedryf. 'n Kerk van alle plekke. Dis weird dat Fleur hom van daar af gebel het. Sou sy iets weet? Dis onmoontlik, hierdie mense is dalk skelm, maar dom is hulle beslis nie.

Waarin het hy homself begewe. Is dit sy skuld dat sy…?

Die foto van Fleur saam met haar man en seuntjie wat mekaar met water natspat by Sun City laat hom wegkyk en sy oë styf toemaak.

Niks wat met Fleur gebeur het is normaal nie.

Hy kyk op na die glas-afskorting wat sy kantoor van die res van die oopvloerplan-hokkies skei.

By een hokkie aan sy regterkant, staan 'n vrou wat deur 'n ander getroos word. Fleur het in die kort tydjie wat sy hier was, soveel mense geraak, in hulle harte gekruip.

Die twee vrouens wieg stadig en amper ritmies heen en weer.

Fok dit.

Div haal sy foon van die mikkie af.

*-PING*

*–New Notifications*



© University of Pretoria

Louise Dekker

“Geskok! Wat het met haar gebeur?”

*-PING*

*Bernard@Hipster*

” Dis onwerklik, het haar goed geken. R.I.V ou Fleurtjie”

*Drikus D*

“Ek dog dan Canada is so vylig?”

*Bernard@Hipster*

“@Drikus D. Daar is nie ‘n woord soos ‘vylig’ nie!”

Yovanké Gersbach @ RadioMelsem

“Obviously ook nie so land nie…”

*-PING*

*MarietjieRoos*

“Innige Simpatie aan Fleur se familie en geliefdes in Kanada en SA.”

Div haal ‘n platgedrukte pakkie twintigs uit sy onderste laai.

Hy druk dit in sy baadjiesak en mik in die hysbak se rigting. Hy sien een van die verkoopsbeamptes met ‘n vasgeknypte foon tussen sy oor en skouer.

Hy klap ongeduldig vingers in Div se rigting.

Div kyk vining ander pad en draai skerp links verby die verlepte varing wat niemand ooit opmerk nie.

Dis amper tyd vir middagete. Hy voel naar.

By die hysbak druk hy die pyltjie ongeduldig.

-DING

‘n Kort gesette man met ‘n meroen dikraambril en bypasende onderbaadjie met veermotiewe op, knip sy gesprek met ‘n rooikop vrou kort en maak oogkontak met Div.

“Hey Div, I tried phoning – we need to discuss that BC branch issue I mailed you about last week.”



© University of Pretoria

Geen reaksie.

“Hey Div…!”

Div ignoreer die man se hap en skiet soos ‘n pyl uit ‘n boog in die rigting van die brandtrap.

Sy skoensole skuur-gly soos hy al hoe vinniger teen die trappe af beweeg. Dit voel of hy val maar sy hand teen die koue trapreling hou hom staande.

-16th Floor

-15th Floor

-14th Floor

Die vaalgrys sement mure gooi sy gedagtes terug na hom en hy kry die gevoel hoe verder hy afbeweeg, hoe nader skuif die sement aan sy klam vel en harder raak die eggos wat terugskiet.

Hy voel angstig en benoud.

Hy hoor steeds Fleur se stem daardie aand.

- *“Div, ek het verdwaal kan jy my asseblief kom haal?”*

Hy probeer op die trappe fokus wat onder hom wegval, die volgende een bietjie verder as die vorige een. Pyn skiet deur sy knieg en sweet van sy voorkop loop in sy oë.

-13th Floor

-12th Floor

Hy stamp skielik ‘n jong man wat voor hom verskyn se koffie en ‘n lêer met los papiere uit sy hande.

“Hey! What the fuck man?”

Div beweeg vinninger en kyk nie agtertoe nie.

“Sorry”

Hy glo nie die man het hom eers gehoor nie.


© University of Pretoria

-

-11th Floor

-10th Floor

-

-9th Floor

-

Sy longe brand en sy asem jaag.

Hy steek vir ‘n oomblik vas, en sy maag voel of dit skielik afsak soos wanner ‘n vliegtuig ‘n onverwagse ‘air pocket’ tref.

Hy los die reeling en sien hoe sy hand se sweetafdruk stadig verdwyn.

Dit was hier en toe nie meer nie.

Nes Fleur.

Hy stap verder, hierdie keer klein bietjie stadiger, maar steeds haastig.

-8th Floor

-7th Floor

-6th Floor

Wat het daai aand gebeur?

Moes hy nie dalk saam met haar uitgeklim het nie, ingegaan het nie?

Sy gedagtes spartel soos ‘n dier wat uit die greep van yswater probeer kom.

Hy sien Fleur om hom in verskillende oomblike teen die kaal mure van die koue brandtrap.

Die een beeld vaer as die vorige, asof iemand haar met borsel en seep probeer afskrop as bewys dat sy hier was, enige plek was, ooit bestaan het.

Wat as die Uber-drywer haar agtervolg het? Hy het haar adres gehad. En hoekom het die drywer se gesig bekend gelyk?

Mens lees deesdae baie van passasiers wat deur hierdie drywers ontvoer of aangeval word.

Maar moord?


© University of Pretoria

As die media net meer inligting wil verskaf. Nie die gif wat hy moes fabriseer nie. Dis nie die moeite werd nie. Vir niemand of niks nie.

-5th Floor

-

-

-4th Floor

-

-

-3rd Floor

-

-

-2nd Floor

-

-

-1st Floor

-

-Ground Floor

Hy steek vas en buk vooroor. Sy lyf ‘n geboë vraagteken- ’n hand op elke brandende knie.

Die vuur in sy bors het oorgesit in sooibrand wat hy aan weerskante van sy tong proe.

Hy blaas hard, en probeer nie aan die ‘air pocket’ in sy maag te dink nie.

Hy kom regop en maak sy oë vir ‘n sekonde toe.

Fleur wat waai voor sy haar voordeur oopsluit, speel in stadige bewegings tussen die agterkant van sy ooglede en die deur na die grondvloer, af. Haar buitelig verlig die helfte van haar gesig waar ‘n traan-spoor glinster. Die warm en stowwerige gloeilamp word vining ‘n saamdrom plek vir muskiete en ander ongewenste insekte.


© University of Pretoria

Hy is terug. Sy oë oop.

**- Basement Parking Level -1**

Hy voel weer aan die pakkie sigarette in sy baadjiesak en stap die laaste paar trappe stadig af- stoot die deur oop.

Die klap van die deur eggo in 'n kaal en verbeeldinglose ondergrondse parkeer area waar ondersteuningspilare soos brose palmietstokke styer om 'n vraatsugtige ekosisteem bo te hou.

Regverdigheid ontbreek in Div se gedagtes. Met gladde skoensole sweef hy oor 'n sement-see van godsverlatenheid in die rigting van sy grys SUV wat hy kontant kon koop te danke aan die dodgy IT projek. Waar is die dae wat mens net eerlike geld kon verdien. Selfs hier, in die wonderlike Kanada is dit 'n fokken klug.

"Fuck Patty Mescher dude, Mapleston is king!"

"Have you checked the bullshit that bitch posts on social media?"

"Prestige is a French word that means deceit" WHAT THE FUCK?!

Die twee jong mans in hulle vroëe dertigs staan langs 'n SLK Mercedes en lag terwyl elkeen aan 'n vape trek.

Div stap in die teenoorgestelde rigting.

As hulle maar net weet.

Gelukkig ken hy nie die ouens nie, en hulle hom ook nie.

Die geluid van twaalfuurverkeer vibreer deur die beton bo hom.

Hy stap nader aan sy SUV wat eensaam geparkeer staan in die oopte.

Hy haal 'n sigaret uit en sit skuins voor teen die motor se neus.

Ag nee, fokkit.

Hy het sy aansteker bo in die kantoor vergeet.

Die nuwe luukse motors is mos almal *anti-smoker.*

Hy sal daai ouens moet vra vir een. Fok.



© University of Pretoria

Dan vang iets sy oog.

Op die vloer, 'n tree van sy agterste band.

Wat is die kans?

'n Boksie Lion vuurhoutjies.

Hy kyk rond in ongeloof.

Hy tel die boksie op en skud dit.

Een vuurhoutjie.

Seker klaar gebruik.

Nee, waaragtig nie.

Hy steek sy sigaret op en trek diep in. Hy voel hoe hy terug in homself keer. Die rook laat hom laat sweef en vir 'n wyle van als vergeet.

Dalk draai die dag nie te sleg uit nie.

Die gelag van die twee ouens vloei soos golwe in sy rigting.

Hy sien hoe hulle na die brandtrap se deur stap. Die een hoes skerp.

"Don't go dying on me dude!" lag die een.

Hy rook in stilte. Dink diep.

Hy weet nou hy was verlief op haar.

Sy was getroud en het 'n kind. Nou is sy weg en niks maak meer saak nie.

Als gebeur mos vir 'n rede. Fok dit, hierdie is gestroop van alle rede.

Fleur moes nog lewe, maar iemand het anders besluit, en dit was beslis nie God nie.

Hy sweer hy maak 'n einde aan sy lewe as dit moet uitkom sy betrokkenheid by die projek het iets met haar…


© University of Pretoria

Hy vat ‘n laaste trek en smoor die stompie met sy skoensool.

Dalk kan hy die middag afvat, hy voel ‘n helse hoofpyn wat om die hoek sit en wag.

Sy karskleutels is ook nog bo in die kantoor. Hy dink aan die vuurhoutjie en probeer aan iets positiefs klou.

Hoeveel mense hier gebruik Lion vuurhoutjies?

Fokkit Div, dis rerig nie nou die tyd om oor sulke kak te tob nie.

Hy ken iemand wat Lion vuurhoutjies gebruik. Kan dit wees? Nee dit kan nie. Dit moes sy eie wees wat dalk uit die kar geval het…wat maak dit tog saak.

Sy passasiersdeur is nie gesluit nie. Dis vreemd. Hy sluit altyd die deure, iets wat op jou geboortesertifikaat in SA gestempel word en wat jy vir ewig saam met jou dra, selfs in ‘n veilige land.

Hy maak die deur oop.

Als is soos dit altyd is.

Hy lag want niks is meer soos dit was nie.

Fleur is dood. Weg vir ewig.

Die sleutel is wel nie in die aansitter nie.

Hy maak die deur weer toe.

Die keer vat hy die hysbak terug na die sewentiende vloer.

-----

Die laatmiddag son in Edmonton is lank nie klaar met die inwoners wat skarrel vir koelteplek nie.

Sweet stroom langs slape af wat agter stuurwiele die Anthony Henday snelweg aanpak.

Div het toe nie die middag afgevat nie. Kon nie die middag afvat nie.


© University of Pretoria

Soos aasvoëls wat om ‘n karkas draai, het bleek gesigte hom by sy kantoor ingewag, en stukkie vir stukkie die smag na slaap, na stilte, na insig van hom afgetorring, afgeruk tot daar niks oor was nie.

‘n Leë dop is nou oppad huistoe na ‘n baie lang en vreemde dag.

Oor die radio luister hy na die ‘Crash and Mars show’ wat berig oor die drukverkeer uit die stad.

Dit gaan hom ‘n goeie veertig minute vat om tot in Spruce Grove te kom… as hy gelukkig is.

Warm gebakte motors begin aansienlik vinniger vloei by die brug oor die Noord - Saskatchewan rivier.

Die uitsig deur sy vuil venster is besonders mooi. ‘n Lewensaar wat met mening tussen die moderne simptome van ‘n eerstewêreld se gejaag, ‘n baan oopkloof en vrylik vloei.

Hierdie is Kanada.

‘n Land vir almal, ‘n land vir vlugtelinge. Maak nie saak waarvoor jy vlug nie, hier kan jy net wees.

Net wees.

Net bestaan.

Fleur.

Sy het ook haar redes gehad hoekom sy SA verlaat het.

Hier kon sy wees.

Maar nié bestaan nie.

-----

By die huis wil die motorhuis se deur nie oop nie.

“Ag tog. Wat nou?”

Div klim ongeduldig uit, druk die *remote* weer.

Niks.

Hy sluit die motor af.



© University of Pretoria

Hy haal die opgerolde Edmonton Journal wat by die agterdeur se trap lê uit sy plastieksakkie.

Fleur het ook graag koerant gelees.

***"Geoff Mapleston pushes fierce campaign in the race for Alberta's premier."***

Op dieselfde voorblad, links onder, 'n klein foto van Fleur, die een by Sun City met die opskrif:

*"RCMP investigates possible suicide of forty-year-old South African ex-pat."*

Suicide. Kak man.

Dis die laaste ding wat Div lees en registreer voor sy linker arm skielik doodgaan.

'n Slag.

'n Hartaanval, nou?

Die glasstukke wat deur sy hare spat en sy ooglede oop kloof laat hom agtertoe styer.

Wanneer hy teen die skottelgoedwasser terugval, brand die bloed sy oë, en hy proe metaal.

Hy draai sy kop stadig na links en sien deur die sitkamervenster hoe iets 'n eekhoring in die boom afwaarts teen die stam verwilder. Hy dink skielik aan die varing by die kantoor wat besig is om te vrek.

Hy druk die swart gat bo sy linkertepel toe. Bloed sypel deur sy vingers. Hy vroetel met sy ander hand na die pakkie twintigs in sy baadjie sak en dink aan die vuurhoutjie wat eenkant voor hom gelê het.

Hy staar vir die swart stewel wat sy hand met die sigaret op die kombuisvloer vastrap.

Sy kop te swaar om op te kyk.

"You don't happen to have a light by any chance?"

Die man met die pistool haal 'n dosie Lion vuurhoutjies uit sy sake n steek vir Div die sigaret vol bloed aan.

"Dis nie persoonlik nie Div" kom die vaagweg bekende stem.

Div lag en trek 'n laaste keer sy longe vol rook



© University of Pretoria

HOOFSTUK AGT

***R**emember*



© University of Pretoria

*"Remember what it meant to be Albertan.*

'n Man in sy dertigs met 'n jong seuntjie op sy skouers staar uit oor 'n oop vlakte waar twee takbokke met hulle horings verstrengel staan. Die een takbok pluk homself los uit die ander se greep en kyk nuuskierig op. Die seuntjie lag opgewonde terwyl hy in hulle rigting wys.

*"Remember what it felt like to walk this vast piece of land and proudly proclaim to the rest of the nation that you were from the prairie provinces."*

'n Jong gespierde blou-oog vrou met haar hare in 'n poniestert roei met gebulte arms in 'n kano op die Noord-Saskatchewan rivier. Sy kyk op na die reuse geboue wat weerskante van die oewer pryk.

*"On the ninth of May, remember and vote the good back into the present."*

Die blonde man, sy poniestert-vrou en twee kinders staan trots, arms gekruis voor die Kanadese vlag. Aan die regterkant van die skerm hang Alberta se provinsiale vlag wat onrustig wapper.

Die warm fluweel stem swel soos 'n reuse golf en spoel vir 'n laaste keer oor die skerm.

*"Vote Geoff Mapleston if you believe in only one true Alberta, cause Geoff knows best."*

-----

"I hate this complimentary toothpaste, tastes like dirt."

Die beknopte badkamertjie op die sesde vloer met die koper krane laat Geoff geïrriteerd voel. Hy's gewoond aan sy eie spasie en die Franse styl vensters wat oorkant sy verhitte dubbel-deur stort op sy swembad en roostuin uitkyk.

"Geoff, your add was on again, I really look hot in that canoe."

'n Donkerkop vrou se kaal skouers steek net-net bo die wit pof duvet uit.
Sy staar na die televisie en dan op na die plafon en blaas 'n lastige krul wat skuins oor haar voorkop hang die lug in op.

Sy giggel en rol dan op haar sy. Met haar een hand stut sy haar kop regop. Haar dun silwer armband wat met gekleurde dons veertjies in 'n interessante patroon tussen elke skakel verweef is, gly lui teen haar kaal arm af, tot waar dit op die deurmekaar bed tot ruste kom.

Sy staar by die oop badkamerdeur in.
Geoff staan met 'n stywe wit broekie en staar vir homself in die spieël terwyl hy sy tong oor sy tande vryf.


© University of Pretoria

“Cute butt Mr.Mapleston.”

Geoff draai om terwyl hy sy hand deur sy grys kuif trek.

“Only a Mrs. Mapleston can call me that.”

Sy gooi hom speels met een van die kussings lang haar.

Daar’s ‘n klop aan die kamerdeur.

“Room service.”

Die donkerkop sit skielik regop.

“Breakfast in bed. I like your style.”

Sy rol die duvet om haar lyf en mik vir die badkamer.

“This bathroom can’t handle both of us.”

“Well at least the bed could” antwoord
Geoff en trek die badkamerdeur agter hom toe.

Hy luister hoe die stort se krane oop gaan.

Weer die klop aan die deur.

“Hello? Room service?”

Geoff skop die bondel klere op die vloer hard met sy een voet kant toe.
Hy maak die hangkas oop en haal een van die twee komplimentêre wit kamerjasse uit-trek die gordel styf om sy middel.

By die deur luister hy eers voor hy vinnig oopmaak en half fluister.

“Jesus, Red- how many times must I tell you to wait till the piece of meat leaves the building, huh?”

“Come on Mapleston. You love it when I watch, don’t you remember that time...”

Geoff knip hom kort.

“I said eleven, you’re early.”



© University of Pretoria

Die lang skraal man met roesbruin hare en ‘n swart dikraam bril staan soos ‘n palmboom wat te ver oorleun.

“She still here?” Vra hy met ‘n glimlag en dwing met ‘n nikotien gevlekte vinger sy bril terug op sy neusbrug.

Red val half met sy skouer teen die kant van die deurkosyn en haal hy ‘n los sigaret uit sy baadjie se binneste sak.

Hy sit die sigaret tussen sy dun lippe maar steek dit nie aan nie.

Did Anna speak to you about the IT issue at Babylon.

Red antwoord nie dadelik nie. Hy druk die sigaret heen en weer met sy tong.

Geoff maak keel skoon.

“Did you pay the prevous guy? He won’t talk about the project?”

Red is steeds besig met die onaangesteekte sigaret in sy mond.

“Not a word. You can bet on it Mapleston.”

Geoff druk die deur toe maar Red keer met sy swart stewel.

“She smells like opportunity.”

“Geoff, what did you get us for breakfast?”

Geoff druk Red terug.

“I said, not now okay, she’s taking a shower.”

“Maybe I can join the two of you, or just watch? You know I don’t mind.”

“Fuck off” Geoff forseer die deur toe.

Buite die kamer staar Red na die kamer nommer ‘607A’.

Stadig stap hy die lang gang af met sy hande in sy sakke en die sigaret wat hy heen en weer met sy tong terg.

Hy stap ritmies op musiek wat net hy kan hoor. ’n Deuntjie wat amper vergete agter gelaat is, en nou weer uit die donkerte terug kruip na die lig. Cat Stevens.


© University of Pretoria

Soos ’n langspeelplaat wat onder die skerp nael van ‘n spinnekop-vingerpunte draai, steek hy sy lang arms weerskante van hom uit en voel die fyn krakies aan weerskante van die gang. Hy raak opgewonde wanneer die rondswaai van sy sigaret in-pas met die deuntjie in sy kop is.

Die geluid van sy voetstappe word gedoof deur die dik wollerige matte en oordonder deur die melodie wat saam met hom die lang gang afvloei.
Hy staar na die kamernommers teen die toe deure.

-606A

-605A

-604A

-603A

Hy steek vas voor een van die kamers wanneer hy dowwe geluide hoor wat die deuntjie in sy kop kortknip.
‘n Man en vrou.

‘n Goedkoop bed kreun.

- “Yes! Yes! that’s it...Yes!!!

Hy kyk voor hom af in die gang wat soos ‘n lui hond se tong oopgerol lê. ‘n lang skraal man miskien in sy laat vyftigs, kom met ‘n trollie nader. Blas vel, donker oë. Hy’s negentig persent seker hy het die ou al iewers gesien. Die oë lyk baie bekend.

Hy maak vir ‘n splitsekonde oogkontak met hom, kyk dan vinnig weer af na die silwer deksel voor hom. Dan besef hy iets aan die lang man is nie reg nie.

Sy kyk skiet weer op in sy rigting.

Hy wys na ‘n *no smoking* tekenteen die gangmuur.

Red vir hom. Glimlag.
Hy druk die sigaret van links na regs, regs na links.

“Where have we met?”
“I swear I’ve seen you before.”

Die mannetjie antwoord nie.

Red tree nader.


© University of Pretoria

“Whats the matter cat got your tongue?”

Steeds geen reaksie.

Hy sê niks, stoot verder, maar Red gee een tree tot voor hom.

Red haal ‘n boksie vuurhoutjies uit en steek die sigaret aan.

Die man probeer met die trollie om Red stap dan skiet Red se hand uit soos ‘n ratelslang en gryp die man se wange vas. Sy oogballe lyk half dowwerig.

Red trek diep aan sy sigaret, en blaas die rook in sy gesig.
Sy oë begin traan maar hy knip hulle nie. Kan hulle nie knip nie.

Die breekware en silwer deksel op die trollie begin vibreer, die oorsprong hiervan, die man se hande wat die handvatsel in ‘n doodsgreep beet het.

Red praat deur die rookwolk.

“Which room ordered this?”

Die man lig sy hand op en wys na kamer 626.

Red lig die silwer deksel voor haar op.
Twee eiers *sunny side up,* twee repies spek, ‘n sny roosterbrood, drie varkworsies en iets wat lyk na pietersielie as versiering.

Weer vat hy ‘n diep trek en die man staar vir die kooltjie wat bloedrooi gloei en dan leweloos vooroor hang, nes Red wat lyk of hy gaan vooroor val.

Hy druk die stompie in die middel van een van die eiers dood.
Sigaret-as en eiergeel vloei vrylik en meng met die res van die kos totdat als in geel dryf.

Hy los sy gesig en vingermerke strek soos sweepslae oor sy wange.

“Compliments to the chef”.

Hy kyk na die ou se naamplaatjie

SAMUAL

“Samual, Sam my man.”

Hy vat die groot glas lemoensap.


© University of Pretoria

Red stap verder in die rigting van die hysbak en sluk die sap gulsig af. Hy gooi die leë glas in 'n blombak met varings wat vooroor knak. Kunstenaars wat hulle laaste buiging maak na 'n meesterlike opvoering.

'Encore Encore!' lag Red hard voordat hy die hysbak in verdwyn met Cat Stevens nog iewers in sy kop.

-----

Die stoom van die stort hang in die slaapkamer.
Die donkerkop vrou sit gekruisde bene op die middel van die bed. Sy laat Geoff aan 'n poskaart van een of ander oosterse god dink. Die wit handdoek sit soos 'n skewe draairoomys op haar kop en met stadige maar presiese bewegings verf sy haar uitgestrekte vingernaels.

"I'm starving, what's for breakfast?"

Geoff wat intussen sy liggrys broek en wit kraaghemp aan het, rol sy moue effens op. Hy probeer dink waar hy die poskaart al gesien het, of dit ooit 'n poskaart was.

"I'm afraid we'll have to do lunch some other time, maybe dinner."

Sy kyk na hom sonder dat die wit toring op haar kop kantel.

"I thought you ordered room service?"

"Wrong order. I sent it back, I can't have you eat the crap they serve here."
Sy staan versigtig op en stap nader aan hom.
Sy vat die punte van sy kraag en trek sy vol mond na hare toe.

"Well maybe if you took me to one of those fancy hotels in Toronto or Vancouver you wouldn't have to send back the food."

"Fuck sakes, this is a three-hundred-dollar shirt! I have a meeting in less than an hour.
I can't go out looking like some tramp."

Sy sien die rooi naellak wat teen sy kraag gesmeer is.

"Oh, but it's okay to fuck one, is that it?"

"You wanted it so bad baby" kielie Geoff oor haar arm.

"Yeah, but not the choking part, and this is cheap, even for you"

Sy vererg haar, pluk die handdoek van haar kop en maak 'n poniestert.


© University of Pretoria

"Come on, don't be like that Sal."

"Don't *Sal* me – later Mapleston."

Sy tel haar swart nommertjie van die vorige aand op en prop dit in haar handsak.

"Sally, at least let me get you an Uber or something."

Sy antwoord hom nie en slaan die kamerdeur agter haar toe.

"Fuck."

Hy stap na die badkamer en vee die stoom van die spieël af.

Hy bekyk die rooi merk op sy kraag.

Hy staar vir homself in sy hand se vee-merk wat stadig weer toewasem. Hy bekyk die drie fyn plooitjies wat aan elke oog se hoek trek.

"Crows feet they call it."

Op die bedkassie tussen goedkoop sjampanjeglase, en 'n oop tydskrif lê sy silwer Rolex horlosie kop onderstebo. Die getik van tyd eggo op die kassie wanneer Geoff nader leun. Sy oë vang die helfte van die opskrif in die tydskrif: "Edmonton: The Third Best Place To..."

Hy sit die horlosie aan en besluit om nie die tydskrif om te draai om die res van die opskrif te lees nie.

"Fuck third place."

Hy kyk na die tyd.

10:27

Hy sien die televisie is op '*mute'* en grawe die '*remote'* onder die duvet uit.

UNMUTE

"Welcome back"

"Before the break we were talking to political analyst Josh Blake about the upcoming provincial elections.

Geoff maak hom gemaklik teen die kopstuk van die bed en skop die duvet van die bed af.


© University of Pretoria

Die program aanbieder is Paula Jesterson. Sy't 'n styf opgespuite rooi kapsel, afgerond met kort afgeskeerde kante, die minimum grimering en altyd die *turtle neck* toppie wat gewoonlik dieselfde kleur as haar hare is, Paula is die toonbeeld van feminisme. Geoff dink altyd aan die aktrise Tilda Swinton wanneer hy aan Paula dink. Hy haat haar. Sy's van Nova Scotia. Sy verstaan Alberta nie, sal ook nooit nie.

*"So, Josh, I mean are we saying that nationalism is a threat to the very fabric which makes us Canadian?"*

Josh Blake kan nie ouer as vyf-en-dertig wees nie. Iemand met 'n ernstige werk wat te hard probeer om homself nie ernstig op te neem nie. Geoff dink dis nogal ironies dat hy 'n T-hemp met die film plakkaat van *All the President's Men* dra en dan die olyfgroen coderoy baadjie bo-oor.

"What a joke" terwyl hy die televisie se volume harder stel.

"*Absolutely Paula, I mean if we take the situation in Alberta. Patty Mescher and Geoff Mapleston are the complete opposites of the spectrum. One could say that Mescher speaks to a more liberal front whereas Mapleston..."*

Die jong man met die T-hemp lag effens voor hy voortgaan.

*"Let's just look at one of recent rallies Geoff Mapleston held in Calgary."*

Die program sny na beeldmateriaal van Geoff wat agter 'n podium by 'n buitelug saamtrek staan. Die slagspreuk *"Geoff Knows Best!"* is voorop die podium geplak. Geoff is in 'n medium skoot geraam met ondersteuners se agterkoppe wat aan die onderkant van die skoot sigbaar is. Die meeste hou Alberta se provinsiale vlag vas en ander, plakkate met Geoff se gesig op.

Geoff staar na homself wat met gespierde voorarms die kante van die podium vasgryp en in die mikrofoon brul.

*"What does Alberta mean to you? Any true Albertan knows the answer to that question. I am here today to tell you we can take back the Alberta we no longer recognize and take it back to a time where we were proud to proclaim our heritage, proud to say to fellow Canadians that we hail from the prairies – from Alberta! We know what needs to change, we know who the true Albertans are, those who carry the values, born and bred, generations- true generations by blood and birth right - not from afar, not because of permanent residency, or half-Canadian, half something else."*

"West is best and Geoff knows best!
Die aanhangers begin te dreunsing terwyl Geoff sy hande op na die hemel gooi waar 'n swerm swart voëls in 'n 'v' formasie, 'n vlek oor die blou lug vee.


© University of Pretoria

Geoff lig sy hande op na die plafon van die hotelkamer, sak sy kop agteroor en maak sy oë toe.

-"Geoff knows Best!"

-"Geoff knows best!"

-"Geoff knows best!"

Die program sny terug na Paula Jesterson en haar gas, Josh Blake.

*"I mean if that man doesn't scream nationalist, then I don't know what does Paula."*

Paula ruil haar gekruisde bene- linker oor die regter een.

*"And let's not forget about the two brutal murders which recently took place in Spruce Grove the little town just west of Edmonton. Although the RCMP are busy investigating, word is that these could be racially and politically motivated- one can only wonder if Mapleston's rhetoric are somehow cause for concern here..."*

Geoff sit die televisie af en voel aan die plooitjies aan weerskante van sy slape.

Hy kry sy bluetooth- oorfone wat bo-op 'n slordig geskeurde kondoom pakkie lê.

*Chopin. 24 Preludes, Op 28: No 4 in E-minor-Largo*

Hy maak die blindings oop en staar na die besige stad onder hom.

Met sy hande wat soos 'n dirigent bewegings maak, staan hy voor die groot venster wat uitkyk oor Edmonton.

Die Noord-Saskatchewan rivier loop sterk en kloof die stad in twee. Aan die een kant die reuse geboue wat die oggend son se verblindende strale terug weerkaats en dan na benede af filter waar drawwers, besigheidsvrouens met selfone en 'stay-at-home-dads' agter stootwaentjies met vitamien D geseën word.

Aan die oorkant, 'n digte bos waar regop bome soos soldate een massa word, en die eerste tekens van verandering toon. Die seisoen is stadig besig om te verander. Dooie takke wys reeds die eerste tekens van groen lewe.

Geoff dink skielik aan die naellak op sy kraag en ruk die oorfone uit.

Hy kyk op sy horlosie.

–10:59



© University of Pretoria

Dan die klop aan die deur.
Red is terug.

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK NEGE
## ***D**ood*


© University of Pretoria

"Democracy is dying. You really have to be a fool not to realize where this country is heading. Just looking at Geoff Mapleston's rhetoric…

Jeremy verander die stasie.

"Mr Mapleston has now condemded…"

Ander stasie.

"…provincial elections have taught us…"

Ander stasie.

I mean come on, Patty Mescher certainly knows something isn't…"

Jeremy skakel die radio heeltemal af.

Die laatoggend son sukkel om deur die digte swaar en grys wolke te breek.

Dit lyk, en ruik na reën.

Jeremy se 91' donkerblou Volvo stasiewa voel soos die enigste voertuig op die Trans-Kanadese snelweg in 'n suidoostelike rigting op pad na Medicine Hat.

Al ander motor op die pad is 'n ou rooi een agter hom. Dit lyk soos 'n *vintage*. Lyk na 'n Pontiac. Die kar is nogal verniel, 'n duik in die kap. Een koplig is weg. Net 'n swart gat wat voor hom uitstaar. Moet seker uit die sestigs wees, dalk vroëer.

Jeremy se foon wat langs hom op die sitplek lê, begin vibreer.

**Revina (Walmart) Calling…**

Hy fokus weer die pad voor hom en draai die selfoon se skerm om.

Moenie antwoord nie. Hierdie is belangriker.

Sy ooglede voel swaar. Hy kyk na die landskap aan weerskante van hom.

Die lamppale laat hom aan uitgebrande vuurhoutjies dink, met hulle koppe wat geboë na onder hang.

Die witvlaktes maak hier en daar plek vir groen. Hier en daar staan 'n bok, maar te ver om uit te maak of dit 'n takbok, elk, of rendier is. Een is naby genoeg.

'n Takbok.

Hy sien 'n Petro-Canada vulstasie wat oor die bult nader kruip.


© University of Pretoria

Hy kyk na die pyltjie op sy paneelbord wat raak-raak aan die rooi.

Die foon se GPS-stem klim gedemp op die ou gekraakte leer sitplek.

-*"Keep Straight"*

"In three point five kilometers, turn left onto first street southwest and then head east towards River Heights."

Hy sit die flikkerlig aan wat altyd vinniger klink as die ander een, en beweeg geleidelik oor na die regterbaan.

Die Petro-Canada kenteken,'n wit esdoringblaar omlyn met rooi, lyk leeg in die bewolkte agtergrond - asof die blaar wegsmelt, verdwyn in die gure weer.

Jeremy trek langs pomp nommer ses in en dink aan die kenteken wat soos 'n gat daar bo sit, die gat in 'n vorm van 'n blaar, die simbool van vryheid, demokrasie, Kanada.

Hy kan dalk iets soortgelyk doen in sy dokkie. Sinspeel op die Kanadese droom wat stadig vervaag.

Cliché.

Jy kan beter. Ek weet jy kan.

"Stop dit asseblief"

Hy kyk na 'n meisie en haar ma wat uit die winkel by die vulstasie kom. Die ma het 'n wegneem-koffie in haar een hand terwyl sy op haar foon gesels. Die meisie probeer haar ma se aandag kry. Sy stap na 'n reuse swart vier-by-vier 'truck' terwyl die meisie vassteek by iets wat op die grond lê.

"Morgan, move your ass!"

Die dogtertjie, seker so vyf of ses, hardloop opgewonde na die kar. Haar gesiggie helder op wanneer sy iets wil vertel. Haar storie word skielik en sonder waarskuwing afgesny deur die ma wat die motordeur toeklap, en hard oor die foon vir iets lag.

Jeremy maak die brandstof-flappie oop.

Hy sit sy kaart in die gleuf van die pomp en pons die bedrag in.

Dertig Kanadese dollar.

Dit behoort hom weer terug by die huis te kry ná Enid se onderhoud.



© University of Pretoria

–Card Declined

Jeremy staar vir die rooi boodskap op die petrolpomp se skerm.

“Bullshit”

Hy pluk die kaart uit die gleuf, vryf dit hardhandig teen sy trui – probeer weer.

–Card Declined

Hy pluk weer die kaart uit, klim agter die stuurwiel in en trek met die geskree van gladde bande weg. Die oop brandstof-flappie swaai agterna en wanneer hy skerp regs voor die winkel se ingang verby draai, sien hy dit waarna die meisie op die grond gestaar het.

‘n Klomp vere – lyk soos ‘n vlerk. ’n Afgerukte een.

Hy sal maar net ‘n ander plan moet maak.

Sy oog vang die rooi vintage kar wat oorkant die Petro Canada stasie langs die pad staan. Die man agter die stuur skiet sy stompie by die venster uit.

Hy is oortuig Revina gaan hom afdank, hy sal dan ander werk moet soek.

Wallmart is in elk geval net tydelik, dit was nog altyd net tydelik.

Dalk moet jy die IT projek oorweeg. Die ou wat vir jou ‘n boodskap gelos het.

Die dokkie is nou prioriteit. As almal dit net kan verstaan, kan insien.

Dis my *big break.*

-----

“Your destination will be on the left.”

Number five-two-five second avenue southwest street.

“Jeremy?”

“Enid.”

Enid hou van tuinmaak, hy kan dit sien wanneer hy deur die voorhof na die wit voordeur stap. Die beddings wat in ‘n U-vorm uitgelê is, pryk in verskillende kleure, ten minste tien as hy vinnig moet tel.



© University of Pretoria

Struike, varings, rose, te veel om op te noem. Daar is ook 'n groot lemoenboom wat in die middel van die oop grasperk aan die een kant van die huis staan. Hy hoor water iewers val maar sien nie dadelik 'n fontein of swembad nie. Dalk besproeiing.

Die kort ligblou heining na die pad se kant is onlangs oorgeverf, hy kan dit ruik.

“Dis so lekker om Afrikaans te praat!”

Enid het 'n sonhoed op, hy sweer dieselfde as die een op Facebook. Die kleur is dalk anders.

Hulle stap die trappies op na die voordeur en dan verander die lig.

Die voorportaal is donker.

Iets aan die gang met fotos teen die mure, laat hom ver terugdink. Iets in SA, maar hy kan nie nou dadelik sy vinger daarop sit nie. Dit was so lank terug.

Die lang uitgerolde mat met die fraiings doof die geluid van krakende plankvloere uit, en hy ruik iets skerp af aan die einde van die gang.

Hy trek sy skoene uit en sit dit in 'n houtkrat by die kapstok waaraan klomp hoede hang.

Enid se swart kouse trippel oor die mat en hy besef sy is eintlik klein gebou. Op Facebook lyk sy groter.

Die fotos teen die gangmuur is stowwerig en elkeen is in 'n ander raam. Klomp gesigte, oud, jonk, klein, groot, die meeste lag of glimlag. Besige mense in 'n besige gang.

“Ek het gedink ek maak sommer vir ons lekker boerekos. Lamskenkels, aartappels, rys soos my ouma Stoof dit altyd gemaak het, pampoenkoekies met vla en kerriebone, en vir nagereg, Jan Ellis poeding.”

- “Klink lekker, maar dit was nie nodig vir al die moeite nie.”

“Nonsens man, dis mos baie moeite om al die pad van Edmonton hierheen te kom om spesiaal met my te gesels. Dis die minste wat ek kan doen.”

Enid praat baie, en aanhoudend.

“En jy is meer as welkom…”

Jeremy draai sy kop na regs en frons effens.

Ek bedoel julle is meer as welkom om oor te slaap as ons te laat klaar maak, ek het sommer die spaarkamer klaar ingerig, so dis glad nie moeite nie. Siestog my ouer broer en sy kinders het verlede jaar kom kuier en hulle het die mooiste komberse...”

Jeremy se kop is seer, hy is moeg. Dit was 'n lang rit.



© University of Pretoria

Hy weet nog nie hoe hy terug in Spruce Grove gaan kom nie.

Enid se stem vloei terug in sy kop, iets oor ‘n strooijonker of strikdas.

Hy hou sy hand op.

“Enid.”

“My toerusting is nog in my kar.”

Sy kyk na hom maar praat verder oor iemand of iets van Pretoria en dan lag sy vir haarself oor iets terwyl sy met koppies en borde geraas in die kombuis maak.

Hy staan nog half in die gang.

Sy hoor jou nie.

Sy hoor hom nie.

Die reuk van kos is baie skerp, dit ruik bekend.

Hy draai stadig om en stap terug na die voordeur.

-***God seën my familie.***

Sy oog vang die hout plankie wat met die hand geverf is, en bo ‘n groot geraamde foto van klomp mense hang. Dit lyk soos ‘n troue. Hy sien Enid nie dadelik raak nie, sy is ook nie die bruid nie, iewers in die agtergrond.

Hy weet hy het iewers op haar profiel gelees sy is enkellopend.

Hy glo ook nie daar is kinders nie.

Dit maak die werk makliker. Ander perspektief.

Sy hou nie op met praat nie, haar stem raak sagter soos hy die gang af beweeg, maar die vloei van woorde raak niks minder nie. Weet sy ooit hy staan nie meer in die deur nie?

Met wie agterbly gaan sy nie antwoord kry nie, geen reaksie nie.

*Murphey’s Law* sy raak stom as die kameras rol.

-----

Die wind het begin opsteek.

“Die lig is perfek hier buite. Ek het gedink dit sal dalk mooier vertoon as jy my hier in die tuin verfilm.”


© University of Pretoria

Jeremy kyk geiriteerd op van sy kamerasak.

“Skuus?”

Enid frons.

“O, jy bedoel skiet?”

Enid giggel.

“Ja dit klink eintlik so vreemd…die woord ‘skiet’.

Jeremy antwoord haar nie.

Hy staan agter sy driepoot en fokus op die komposisie van die skoot.

Die stam van die lemoenboom is aan die regterkant van die skerm en aan haar linkerkant is twee roosbome, heuphoogte in skoot, een wit, een rooi.

“Ek het altyd gewonder oor die kunsmis wat gebruik moet word om hierdie roosboompies reg te ruk. Iemand op Facebook het my vertel beenmeel werk nie in hierdie tipe grond nie, jy weet hier in die noorde is die grond mos anders as waaraan ons Suid-Afrikaners gewoond is.

Ek het jare gelede in Germiston saam met my jonger boetie Stefan, hy word volgende maand nege en dertig, ons het kleintyd altyd duiwe met wippe gaan vang, daai klipharde grond daar aan die buitewyke van Germiston wat so rooi was jy kon doen wat jy wou maar geen seep was daai rooi uit nie.”

Sy lag hard.

“...my ma het ons kinders lekker gewetter...lastige vlieg...”

Sy klap na ‘n brommer wat voor haar draai en gaan voort sonder om asem te skep...

“...dis soveel jare gelede, my broer is oorlede, ek bedoel nou my ouer broer Herman hy was in ‘n motorongeluk, bisar, ek moet jou nog daai storie vertel, ons het altyd gedink hy sou ten minste negentig jaar oud word, almal aan my ma se kant het ten minste negentig geword, maar ons praat eerder nie van my pa se kant nie, hulle het weer almal... ”

Jeremy klap met sy hande een keer hard.

Enid kyk op na die kamera.

Jeremy probeer glimlag maar die geklop agter sy oë voel of dit erger raak.

“Het jy dalk vir my iets vir kopseer?”



© University of Pretoria

“Natuurlik, ek kry gou vir jou, ek moet jou netnou vertel van Hermien van…”

Sy spring uit die tuinstoel op en draf in die rigting van die voordeur.

Ek kry die klank reg.

Jeremy haal diep asem, en druk met sy duim en wysvinger teen sy slape.

Gelukkig vertel sy die res van haar storie, wat nie sin maak nie, soos wat sy in die rigting van die huis stap.

Die vrou se kop raas.

Dalk moet hy haar onderhoud skip. Hy kyk na sy foon.

Dis al laat, ons mors tyd.

Sy praat heeltemal te veel, en hy voel glad nie goed vandag nie.

Slaap sal hom goed doen.

Rus is wat hy nou kort.

Hy zoem met die kamera op die leë stoel voor hom in. Hy staar daarna.

Hy raak bewus van die geluide om hom.

Kinders wat iewers af in die straat of in ‘n park speel.

“No, I shot you first!”

“No! I killed you first – mom, Damien’s cheating again!”

‘n Rooi motor wat stadig verby ry. Hy sweer dis dieselfde *vintage*…nee kan nie wees nie. Wat is die kanse?

Hy beweeg die kamera opwaarts in die rigting van die lemoenboom se takke wat oor hom hang.

Hy sien iets teen die stam beweeg.

Hy zoem in.

Dalk ‘n eekhoring, nee dis ‘n...kan nie wees nie...hy gaan nader.

Dit lyk soos ‘n muis. Nee, dis ‘n rot.

Hy dag dan Alberta is die enigste plek in die wêreld met geen rotte…


© University of Pretoria

"Daarsy, uiteindelik. Ek het heeltemal vergeet ek het 'n ruk terug die medisynekissie reggepak. Ek het darem nog 'n houertjie *Tylenol* wat ek nog wou weggooi, ek kry mos nooit hoofpyn nie...dit laat my nou skielik dink aan…"

Jeremy vat die oranje teekoppie wat hom aan 'n NG kerk laat dink.

Die outydse pastoriekoppies. Hy sluk drie pille vinnig af.

"Dankie."

Die wolke begin saampak en Jeremy verstel die kamera se beligting.

"Sit ek reg so? Moet ek in die kamera kyk, dalk moet ek my bene kruis, watter kant dink jy? Dink jy die stoel moet dalk meer agtertoe, dit sal nogal mooi wees as jy die lemoenboom kan sien."

Dan begin die eerste reëndruppels val. Eers net hier en daar op 'n blaar wat wip, dan meer en meer, druppels wat in die gleuwe van rose inrol, druppels wat in kleiner deeltjies spat wanneer hulle die heining tref, die huis se dak, die Volvo se dak. Die rooi motor oorkant die straat se dak.

"Ag nee!..hoe maak ons nou?"

Jeremy help met die mikrofoon en gooi sy baadjie oor die kamera.

"Ons sal binne moet skiet."

Die groot eetkamertafel is 'n onbekende landskap wat uitstrek voor Jeremy. Vir die eerste keer vandat hy hier aangekom het voel hy ongemaklik, maar sy kopseer is weg.

-----

"Action!"

-----

"And…cut that's a wrap."


© University of Pretoria

Enid sê nie ‘n woord nie.

Hierdie was beslis van sy beste werk, die onderhoud was goud werd.

“Baie dankie vir die kos en moeite Enid, dit was baie lekker.”

“Plesier.”

Sy pak die drie borde en glase op en verder dek sy die tafel in stilte af en stap na die kombuis.

Jeremy sit aan die hoof van die tafel. Hy staar na die groot oop venster voor hom wat op die grasperk met die lemoenboom uitkyk. Die reën het intussen bedaar en ‘n fyn motreën geword. Druppels vorm noukeurige paadjies teen die ruit af, steek vas en dwaal dan verder afwaarts.

“Is ons klaar Jeremy?”

Sy kyk nie na hom wanneer sy die vaas met plastiek proteas van die tafel afhaal nie.

Hy vryf met sy hande oor die kwaste in die eikehout tafel en staar na sy onderstebo refleksie in die blink gevryfde lepel, voor sy dit optel.

Sy wou nie poeding gehad het nie.

“Amper Enid, amper.”

-----



© University of Pretoria

HOOFSTUK TIEN

***H**istory*



© University of Pretoria

*"History has taught us that to build a nation we have to stand together as one. No divide, no prejudice. Unity as one- because you CAN in CANADA, WE Can in Canada! And we're starting with Alberta!"*

Dis een-en-dertig-grade buite. Patty Mescher, kort, effens geset en leier van die opposisie, se voorkop blink. Haar koper rooi bob wip ritmies soos sy haar beloftes luidkeels in die mikrofoon uitbasyn. Die manier hoe haar perfekte reguit kuif net bo haar wenkbroue vasplak, laat haar soos 'n netjies afgeronde Geisha lyk met haar flambojante pofmoue en 'n roomkleurige rok.

Die twaalfuur son weerkaats in die donkerbrille van klam gesigte wat opgewonde met vlaggies en plakkate warm lug oor hulleself waai. Hulle staar op na die podium met die slagspreuk *"Patty for Premier!"* Patty staan ferm geplant in haar by pasende room en swart stilettos voor 'n see van energieke verwagting. Agter haar is die nuut opgeknapte *Royal Alberta Museum.* Die helderrooi lipstiffie maak klein klontjies op haar vol lippe en sy pers hulle versigtig, maar hard saam, bang dat die rooi gaan smeer.

Die museum se logo, 'n reuse prehistoriese mammoet, kan gesien word op die een glas skuifdeur net agter Patty se kop. Ryder Pinkerton wat oor twee slapies vyf jaar oud word, kan nie help om te lag nie. Op sy pa se skouers kan hy die hele wêreld bekyk en sien hy die vreemdste goed. Die harige olifant prentjie op die tannie se kop is skreeusnaaks. Sy ander pa is besig om 'n video met sy selfoon te neem en glimlag vir hom.

- *"Patty for Premier!"*

In 'n oseaan van diversiteit wat stroomop staan, is daar een figuur wat nie dieselfde ritme of sentiment deel nie. 'n Figuur wat stadig maar gedetermineerd vorentoe beweeg - paraat tussen liggame verby soos 'n kankersel wat die eenheid kom versteur. Hy dra nie 'n donkerbril nie. Hy wil dit wat voorlê sonder versoeter beleef. Van bo beweeg die geel pet strategies soos 'n Pacman mannetjie met 'n oop bek. Hy kan nie hoor wat sy sê nie. Haar woorde is nie nou so belangrik nie. Die polsende ritme van Cat Stevens in sy ore lei hom vorentoe soos hy skouer teen skouer met ander skuur op pad na die oomblik van openbaring en selfopoffering.

Hy vroetel met sy regterhand in sy sweetpakbaadjie se sak, en kyk na die lyfwagte aan weerskante van Patty.

Hulle strak gesigte en swart pakke laat hulle soos goed opgevoede *pitbulls* voor uit staar.

-----


© University of Pretoria

Gotya! Son of a bitch!

Die verskrikte eekhoringkie hardloop in sirkels en spring teen elkeen van die kante van die draadhok vas. Sy lyfie vibreer van vrees en met sy fyn skerp naels klou hy desperaat aan die draadtralies terwyl sy neus angstig tussen die aas op die grond rond ruik.

Agter die rooi Pontiac Catalina waarvan die een koplig soos ‘n uitgekrapte oog in die dooie gras lê, staan Red soos ‘n krom wysvinger regop. Hy maak sy rug reguit en knak sy nek stadig van regs na links – links na regs. Sy skouers val vorentoe en hy druk nog ‘n brandkol met sy sigaretstompie op die ingeduikte bakwerk.

Hy is nie haastig nie.

Dié gevoel om te kyk gee hom ‘n *rush.*

Daai aand by die *stripklub* in Benoni flits in naby skote weer voor hom.

Hy neem eers als om hom in.

Die afgedopte houthuis. Daar is iets aards aan die verwaarlose gebou wat met sy dakteëls soos uit tande na hom staar. Die sitkamer venster is gekraak en die ruite wat nie stukkend is nie, is vol stof en lankal sonder gordyne.

Van waar hy staan kan hy die kerkgeboutjie net-net deur die ruig plantasie sien. Dis ‘n goeie twintig kilometer soos die kraai vlieg. In Alberta kan jy ver voor jou sien. Hier is als plat.

Hy hoor die kerkklok wat oor die vlaktes na hom roep.

Die brommers draai luidrugtig by die verstopte dreinpyp naby die kaal Burmis boom wat se takke soos donderweer strale verstok en in alle rigtings in die lug staan.  Hierdie grond is onder sy vingernaels, die geroeste spyker prikke soos ‘n infeksie wat saam met sy daaglikse nikotien-*fix* deur sy nou are vloei. Die reuk van klam en vrot hout wat sterk naby die ou skuur voorkom sit knus in sy harige neusholtes. Hy druk sy bril terug en mik met ‘n uitgestrekte arm in die rigting van die hok, in sy hand ‘n .38 rewolwer.

Hy maak sy linkeroog toe en rig die kort loop net bo die diertjie se harige, bont stert. Dan beweeg hy sy arm blitsvinnig na regs en trek die skoot af. Die skielike ontploffing langs die hok veroorsaak ‘n stofwolk en die diertjie ruk en pluk aan die trallies met skerp gepunte ore wat in die rigting van die knal gedraai staan.

Sy hartjie vibreer agter sy sagte pels. Sy groot swart oë te bang om te knip.

Red lag oopmond en spoeg in die pol gras langs hom.

Hy draai sy kop na die grondpad wat na die huis opkronkel.



© University of Pretoria

Hy ken die silwer Toyota sedan wat haastig aangery kom.

Hy steek die rewolwer terug in sy sak.

Die motor kom van die kerk se rigting.'n Stofwolk wat nader seil.

Die motor kom tot stillstand agter die rooi Pontiac.

Anna Rodelt, huiwer 'n sekonde voor sy haar deur oopmaak.

"Red."

Hy antwoord nie dadelik nie, glimlag net.

Dan…

"To what do I owe the pleasure?"

Sy antwoord met 'n aangeplakte glimlag en sit haar donkerbril op haar kop.

By die motor se kattebak haal sy 'n wit plastiese krat vol hardeskywe en 'n skootrekenaar uit.

"Another delivery from Geoff."

Sy hou die krat na Red toe en vermy oogkontak deur te maak of die son in haar oë skyn.

"The sun sets in the west Penny, not the east."

Hy vat die krat by haar, en sit dit op die grond voor hom neer.

"This was what the previous IT guy used for storage. I need you to get rid of these Red."

"I already got rid of the guy Ms Rodelt."

Anna lig haar sonbril op en kyk hom stip in die oë.

"Excuse me?"

Red gee 'n hoesie en tik met sy swart stewel teen die kant van die krat.

"let's just say I think our little secret is safe, no issues with back-ups made or blackmailing…you know that kind of thing…"

Anna sit haar bril weer op.

"You listen to me Red, or whatever your real name is. I don't trust you. The only reason I'm working with you on this is because of Geoff."


© University of Pretoria

Red leun agtertoe teen sy motor se deur en haal iets uit sy sak.

‘n Knipmes waarvan hy die punt gebruik om die swartvuil onder sy naels uit te krap.

“He fucking you too?”

Sy klap haar tong en draai na haar motor.

“You let me know when things get hot between you and GM, I love me a good show. I’ll bring popcorn.”

Sy maak of sy hom nie hoor nie.

“You just get us a new project manager slash IT guy.”

Haar foon lui.

“Anna hello? Yes sir I’m on it.

Sy lui af en maak die Babylon toep op haar foon oop.

Initiate Part 1: TTS Phase (Toxic Truth Spread)?

–Yes

Red haal die rewolwer skielik uit en trek nog ‘n skoot af in die rigting van die eekhoring.

Hierdie keer korrel hy reg.

Die stukkies hare en vleis spat saam met die stof in tienduisend rigtings. Die skoot se eggo trek deur die kaal vlaktes. ’n Paar voëls wat intussen in die Burmis boom kom rusplek soek het, laat spaander.

“You’re disgusting you know that” kap Anna hom en haal haar vingers uit haar ore.

Red se oog vang die spleet in haar styf gespande leer rompie wat tot hoog teen haar bobeen strek.

“Well, maybe we can turn Patty into a squirrel, what yah think Anna?”

Sy slaan haar deur toe.

“Just stick to the plan Red and stop killing harmless fucking animals.”


© University of Pretoria

‘n Boodskap op die politieke platform **Politico Canada** flits oor haar foon se skerm nes sy wegtrek.

***PattyMescher@FurturePM.AB*** het sopas ‘n boodskap geplaas:

*If immigrants to Alberta is my only stumbling block on my road to the top then #Get them out the way!*

Eers net ‘n stroompie, en dan soos ‘n dam wat sy walle oorstroom bars volgelinge se geskokte reaksies deur die beton grense.

#WTF Patty?

#Is this for real?

#Why would she say something like this?

#Liberal my ass…

#Maybe her account has been hacked??

–Yeah right #Patty’s true colours ☹

Anna glimlag en staar na Red wat in ‘n stofwolk agter haar verdwyn.

“Let the games begin. Phase one complete.”

Sy skakel die karradio aan.

- *“News just in, Premiere Candidate Patty Mescher had a bizarre encounter this morning at a rally held at the Royal Alberta Museum.”*

Anna draai die volume harder terwyl sy op die ongelyke pad voor haar probeer konsentreer.

“In footage doing the rounds on social media…”

Anna skakel die radio af en gryp dadelik na haar foon.

Die video op haar foon wys ‘n geel-pet man wat Penny omhels en haar ‘n klapsoen op haar wang gee. Sy hemp en baadjie is opgelig. Daar is littekens waar borste was, en die woorde “Fuck Geoff, Patty for Premiere!” in swart geskryf.

Hy hou sy foon hoog en poseer vir ‘n selfie saam met haar. Dit lyk nie of hy iets sê nie.Net glimlag.

Drie sekondes later takel een van die lyfwagte hom. Anna *pause* die video waar Patty vir ‘n split-sekonde wegruk en haar rooi kapsel woes in die struweling haar gesig bedek.



© University of Pretoria

Sy probeer kyk of sy die ou in die geel pet se gesig kan uitmaak. Maar die kwaliteit van die beeldmateriaal is te swak.

Sy skakel weer die radio aan.

"…An expat from South Africa apparently wanted to take a selfie with Ms. Mescher when bodyguards intervened. Miss Mescher who was slightly injured in the scuffle, was escorted away from the podium shortly afterwards and Mr. Both-ha was taken into custody for questioning."

*This could help.* Dink Anna terwyl sy die hoofpad nader.

Sy tik op haar foon.

Patty Mescher attacker

DELETE

Patty Mescher fan

Samuel Botha…freelance sound engineer, blah blah blah. First expat to undergo a sex change in Alberta…born in South Africa came to Canada in 1994…blah blah blah…

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK ELF
## ***A**ttack*


© University of Pretoria

*"Authorities in Medicine Hat are investigating an attack on a lady who RCMP spokesperson Edgar Hillman is only describing as a female in her mid to late fifties. Hillman declined to comment whether this latest incident could be linked to the so-called "Expat Killings" that have rocked Alberta in recent weeks…"*

Jeremy gee nie regtig aandag nie en skuif verder af met sy duim.

Hy stop by 'n foto van Geoff Mapleston by 'n kerkdiens wat vooroor buk om 'n vlaggie met die woorde "Jesus Saves Lives" by 'n skaam en uitgestrekte handjie te neem. In die tweede foto staan Geoff en glimlag met 'n dogtertjie op sy heup. Sy het 'n vlaggie in haar hand met die slagspreuk:" **Geoff knows Best!"**

Hy ruik sweterig en besef hy het nog dieselfde T-hemp van gister aan, dalk is dit al twee dae. Wie gee om.

Gelukkig bedek die geel Wall-Mart baadjie die sweetkolle onder sy arms.

"Pat Falls flat on Her Face!"

Die volgende opskrif trek nie Jeremy se aandag soveel soos die dun kraak wat regdeur sy slimfoon se skerm loop nie. Wanneer hy die foon teen 'n sekere hoek onder die kafeteria se witligte draai, is die skerm se skade selfs nog duideliker. Hy vee effens af na die aksiefoto waar 'n lyfwag die geel-pet man in Patty se groot pofmou vasduik.

Hierdie is goud werd.

Ek weet.

Patty se een oog is toe en haar linkerhand instinktief uitgestrek om die impak met die verhoog se vloer te antisipeer.

'n Oomblik van chaos vasgevang op kamera.

Jeremy posisioneer die foto op die skerm sodat die kraak, Geoff met die kind op sy heup, se gesig in twee deel en die geel-pet man, in die onderste foto, onthoof.

Hey, *watch it.*



© University of Pretoria

"Jeremy to Ravina's office, Jeremy to Ravina's office."

Hy kyk stadig op na die luidspreker in die hoek van die leë vertrek.

As sy my vandag wil 'fire', so be it. Ek is beter as hierdie shithole.

Hy staan op en gooi sy baadjie in die vullisdrom naby die koffiestasie.

Sy vasgesteekte naamkaartjie haak aan die rant van die vullisdrom vas.

*Hello, my name is* ***Jeremy,***

***How can I save you money and make you live better today?***

Wat 'n grap.

Hy skop die vullisdrom, en die kaartjie verdwyn saam met die res van die baadjie in 'n donker gat.

Hy is rasend honger.

Hy kan nie onthou wanneer laas hy iets geëet het nie. Dalk kan hy by MacDonald's stop, en hier in die winkel, deur die rye kom stap en eet, en sy papiere en houers op die grond neergooi. Hy kan net dink wat Ravina se reaksie sal wees.

Hy maak mos in elk geval vandag klaar – wat maak dit saak.

- "Attention, please. Jeremy Zwaats to Ravina's office, Jeremy Zwaats to Ravina's office."

Die stem klink meer dringend en grens aan geirriteerd.

Jy verdien *peanuts* per uur sodat jy net genoeg het om hier te moet koop, om dan agter te kom jy moet skuld aangaan, om meer te moet koop, en dan iets te moet verkoop, om weer te kan koop. *And round and round we go*…die deurskynende siklus wat die snoesige eerstewêreldlande vir almal wegsteek.

*Keep the middle class preoccupied with redundancies, and they'll never realise they're slowly becoming part of the lower-income group.*

Dis wat hy van Wall-Mart dink. Die hele sisteem…SAM vir kort. Die CPM afkorting in Engels werk nie so lekker nie, is nie persoonlik genoeg nie. Dit kan werk as een van die meer subtiele temas wat uit die dokkie kan spruit. As hy dalk net in een van die volgende onderhoude die persoon kan kry om iets daaroor te sê.


© University of Pretoria

Fok dis moeilik om mense voor ‘n kamera te kry om te praat. Altyd so styf, versigtig om op ander se tone te trap.

Veral die Afrikaners.

Dalk skrik ek hulle af?

Dis net beeldmateriaal…

…en klank.

En tog soveel meer.

Daarom is hy so dankbaar dat hy vir Enid kon opspoor. Sy was nie soos die ander nie.

Dis ook hoekom haar materiaal se redigering so lank vat. Goud werd.

Hy haal ‘n polistireenkoppie uit die kas en sit dit onder die kraantjie.

SELECT: BOILING WATER.

Die water begin al hoe sterker in die bewerige koppie inspuit terwyl die stoom Jeremy aan iets laat dink. Hy glimlag effens en gooi twee lepels koffie met ‘n plastieklepel in.

Swartkoffie sal hom laat fokus, die hongerpyne vir eers laat bedaar.

Sy maag grom en hy vat versigtig ‘n sluk.

Op pad na die deur kom Michael Shanley ingebars.

“Are you fucking deaf, dude?”

“Ravina’s been calling you. She wants you in her office, and I don’t think it’s for sex. I’m pretty sure you’re fucked, as in JOBLESS!”

Michael maak ‘n blikkie *Canada Dry* lemonade oop en slurp daaraan.

Jeremy antwoord hom nie.

Wanneer hy wel verby Michael stap fluister hy in sy oor.

“I’d much prefer getting fired.”

Michael stik aan sy koeldrank en besef meteens dat sy *come backs* opgedroog het.

-----


© University of Pretoria

Haar hare lyk yl en droog. Pikswart, skouerlengte.

Ravina wys na die stoel oorkant haar netjiese tafel waarop daar net drie items staan.

Haar *MacBook Pro*-skootrekenaar, 'n Wall-Mart-penneblikkie waarin daar verskillende kleurpenne is, en laastens 'n pot met 'n plant wat hy al iewers voorheen gesien het. Donkergroen langwerpige blare wat met geel omlyn is.'
'n Vetplant maar ook nie heeltemal nie.

Jeremy gaan sit.

Agter Ravina teen die wit muur is 'n skildery. Dis 'n strandtoneel met vertikale dun kwashale wat as figure tussen vaal gekleurde sambrele uitspan. Impressionisties neem hy aan. Die see is 'n eenvoudige horisontale lyn, amper onsigbaar. Hy hou van hoe die wolke gedoen is, groengrys blertse wat hom dieselfde gevoel gee toe hy op hoërskool saam sy ma in Coligny…

"Jeremy."

Ravina se stem laat sy ma se gesig in sy kookwater oplos.
Hy kyk op en vat 'n sluk.

"The reason I called you…where's your jacket?"

Hy sit die koppie bewerig op die tafel neer.

"Oh, I spilt some coffee on it earlier. So I had to take it off to get cleaned."

"That's fine. Just make sure you put one on with your name badge. Anyway…"

Die hongerte stoot op deur sy dikderm, dunderm, sy maag, op met sy sluk en vul die kantoor met 'n mensel van sooibrand en swakheid.

"I wanted to apologize, Ravina, for not answering my phone last weekend. I know that I was supposed to stand in for that extra shift. The thing is, to be perfectly honest with you…I…"

Ravina glimlag en val hom dan in die rede.

"That's not why I called you."

Hy staar weer na die skildery agter haar en dan na die sertifikaat met die woorde "Best Regional Manager Award – Revina Haari"

"What plant is this?" kom sy woorde lukraak.


© University of Pretoria

Haar een wenkbrou, wat net so yl soos haar hare is, lig effens.

"Oh, this is a…this is a Dracaena Trifasciata…better known as a Snake Plant. They are very common in my native country. India."

Ek dink Elsabé Loubscher of was dit Labuschagne…ek kan nie haar van onthou nie.
Sy't 'n soortgelyke plant in haar sitkamer gehad. Ek sal moet kyk of ek hom in een van my skote geïnkorporeer het, veral nou dat ek weet wat die naam is…*Snake Plant*, ek hou daarvan.

Ravina leun vorentoe.

"Jeremy? Are you okay?"

Vir 'n oomblik kan hy nie onthou of hy sopas dit wat in sy kop was met haar gedeel het nie. Sy verstaan nie Afrikaans nie.

Dan, die verligting, wanneer sy antwoord.

"You look a little pale, maybe you should take some time off tomorrow. I think you might have some off-days left. Let me check."

Ravina kliek rond op haar rekenaar.
Vreemd. Sy is senuagtig, hy kan sien in die manier hoe sy na haar skerm staar.

Jeremys staan stadig op en sluk die vuurwarm koffie met een beweging af.
Dit voel of sy tong en keel aan die brand slaan.

"Thanks Ravina, I really appreciate it. It won't happen again."

"Wait! I haven't told you why I called you in."

Sy liggaam voel soos 'n eggo wat alreeds by die deur uit is alhoewel hy vassteek.

Jeremy strek sy hand uit na die deurhandvatsel.
Die deur swaai oop en 'n blok van 'n man met 'n uitdrukkinglose gesig keer hom voor.

"Jeremy Zwaats. Inspector Allan Girard from the Major Crimes unit. I would like to ask you a few questions if you don't mind."

Ravina gooi haar handsak oor haar skouer en staan vinnig op.

"Jeremy you definitely have some days available to take...Gentleman you are more than welcome to use my office, I'm off on lunch."



© University of Pretoria

Jeremy kyk stip na die man wat die deur volstaan. Blas vel met dik swart hare wat net-net oor sy ore kruip.

Jeremy kyk vinnig na Ravina wat verby die man skuur.

“Do you mind getting me a Big Mac Ravs? I’m starving.”

Ravina se uitdrukking wys sy’s omkant gevang.

“Sure...sure, no problem Jeremy”

“Inspector Girard, would you also like something?” kyk sy op na die man in die pak.

“No thank you, mam, I’m good. Do you have a security camera installed in this office?

“Yes, I do.”

Sy wys in die rigting van ‘n klein swart kamera bo die strandtoneel.

“Great, do me a favour and get management to switch it off if you don’t mind”

“I don’t think that’s...”

“Thanks for understanding Miss Haari.”

Girard knip nie sy oë nie.

Ravina trek die deur agter haar toe.

Inspekteur Girard gaan sit agter haar lessenaar.

Jeremy se eggo keer terug na hom, en hy voel hoe sy voete stadig terug in sy werklike voete in sak.

Die man se reuse hande haal ‘n fyn dun raam brilletjie uit sy baadjie se sak. Sy skouers is so breed dat als wat vroeër agter Ravina se skraal lyf sigbaar was, nou uitgeblok is. Die man se stem laat Jeremy aan die lae geluier van ‘n ou motor dink. Geheimsinnig maar reg om enige oomblik weg te trek met skreeuende bande.

“Mr. Zwaats, have a seat. This shouldn’t take up too much of your time.”

-----


© University of Pretoria

HOOFSTUK TWAALF

***S**o called Canadians*



© University of Pretoria

*"Serenity drives calmness, calmness creates peace and peace brings forth focus. My fellow Albertans, what we need now more than ever is that level of focus. We will reap the fruits of the decisions we make during this election."*

*Geoff praat vanuit sy blokkiesmaag.*

Hy staar vir homself in die vollengte spiëel wat met 'n fyn dekoratiewe en amper onsigbare goudmotief omlyn is. Sy naakte liggaam is die toonbeeld van goddelike vakmanskap.

Hy trek sy gespierde voorarms stadig opwaarts en uitgespreid langs hom, soos vlerke.

Hy styg stadig van die vloer af op.

Gravitasie bestaan nie.

Die elegansie van sy suite by die wêreldbekende Fairmont Chateau Lake Louise Hotel, word in hierdie magiese oomblik, niks meer as 'n ruimte waar Geoff se aanwesigheid fisies verhewe word bo gulsigheid en welvaart wat doelloos onder hom dobber.

Ingevoerde bedlampies, meubelstukke met hoogmoedige armleunings, ondervloerse verhitting en 'n bad met koperkrane wat hom herinneer aan die geboë nekke van swane, maak die vertrek waarna Geoff van bo staar, niks meer as 'n stel vol rekwisiete nie.

'n Herberg vir hoogmoed.

Hy gaan verandering bring, 'n man wat sy nek stadig van kant tot kant strek simetries met die soepelheid van 'n gimnas wat die antisipasie van gravitasie teenstaan, buig en uiteindelik grasieus uitmekaar ruk.

Hy raak met sy linkerhand se wysvinger deur die oop ruit aan die swembadblou-water van Lake Louise wat in die verte vasgekeer tussen die Rockies lê. Hy maak sy oë vir 'n oomblik toe en onthou die beeld van Adam in die Sistynse kapel wat hy eenmaal iewers op televisie gesien het.

Hy maak sy oë stadig oop, en sien homself weer voor die spiëel, terug op die vloer.

Die skare onder, voor die hotel, stroom van oral oor die provinsie in, opgewonde oor Geoff Mapleston se laaste toespraak voor die verkiesing.

Die blou are wat uitbult in sy lieste en afloop oor sy bobene laat hom aan die Noord-Saskatchewan rivier dink, in die hartjie van Alberta, wat met mening hierdie tyd van die jaar vloei.


© University of Pretoria

-----

Jeremy voel soos ‘n diertjie in ‘n hok.

Girard se stem vibreer in die bekopte kantoor en vul elke denkbare spasie.

“Mr. Zwaats, I’m sure you’ve been following the news lately…?”

Jeremy vryf sy oë en leun effens agtertoe in die stoel.

“Is this about piracy?”

Girard huiwer ‘n oomblik en vou dan sy groot hande inmekaar op die leë tafelblad.

Jeremy staar vir sy dik vingers wat so netjies inmekaar pas- ‘n ‘zig-zag-patroon’ met pynlike netjiese naels en ‘n swart trouring.

“No, Mr Zwaats. I’m sure you understand piracy laws in this country and the implications of getting involved in such activity.”

“I’m here to ask you about this woman.”

Girard haal ‘n identiteitskaart uit sy sak en stoot dit oor die tafel na Jeremy.

FLEUR GERTRUIDA BRINK

Permanent Resident of Canada: Express Entry Candidate.

Country of Birth: Republic of South Africa.

“Do you know her?”

Jeremy tel die kaart op en staar vir die uitdrukkinglose vrou regs op die kaartjie. Hy onthou skielik toe hy vir sy eie visumfotos moes gaan, hoe moeilik dit was om sy opgewondenheid weg te steek voor die kamera. Hy kon sy ma se woede voel, al kon sy nie iets sê nie.


© University of Pretoria

"Mr. Zwaats?"

"Yes. I interviewed her for a project I'm working on."

Girard hou sy hand uit en wag dat Jeremy die kaart teruggee.

Jeremy stoot die kaart terug in Girard se rigting.

"What project Mr. Zwaats?"

Jeremy krap aan sy stoppelbaard en kyk vir die dooie sekuriteitskamera in die hoek van die vertrek.

"I know Fleur was tragically killed not too long ago."

"That wasn't the question. Please answer the question Mr Zwaats."

-----

Geoff stap af na die inloopkas in sy suite en streel met sy vingerpunte aan die rye baadjies aan weerskante van hom.

Hy draai om wanneer hy die piep van die voordeur van die suite hoor.

"Jesus, Red, you almost gave me a heart attack!"

Red glimlag en kyk Geoff stadig op en af.

"These expat-killings aren't looking too good for us Geoff."

Geoff sak op sy hurke om 'n das op te tel. Sy skoongeskeerde balsak raak die spierwit marmer teels net-net nie.

"What is it with powerful men and being naked?"

Red steek 'n sigaret op en trek diep in, sy wangbene soos twee klowe aan weerskante van sy uitgeteerde gesig. Die kooltjie skree sy naam.


© University of Pretoria

Geoff waai die rook geirriteerd eenkant toe.

“You wouldn’t understand Red, it’s about giving yourself to your people, not hiding, coming out!”

Red staar met oë wat lag.

“Where’s my payment Mapleston, you’re late?”

Geoff staar na Red met vrae in sy oë.

“The IT guy I needed to replace.”

“Jesus, Anna told me how you scared her. The way you insinuated…disposing of the guy.”

Red trek aan sy sigaret.

“I didn’t kill the guy Geoff surely you know that…we go wayyyyy back remember? Me, and you.”

“Yeah well, the Div guy was found shot dead in his house.”

Geoff haal ‘n dik bruin koevert onder sy onderbroeke uit en hou dit na Red.

“Red, if this was your handy work, I am going to be very disappointed.”

Red druk sy geel vinger teen Geoff se lippe.

“Shhhhhh…this serial killer, whoever he is, is the best goddamn thing that could happen to us. Show some gratitude Mapleston.”

“I don’t like where this is going, Red. What if this killer is trying to pin the killings on me?”

Red blaas rook na Geoff wat betyds terugtree.

Geoff maak sy beld vas en wys sy foon na Red.

“Play the video”

Red trek sy oë op twee skrefies vir die rook wat uit sy mond en neus uitborrel.

PLAY

Edgar Hillman staan voor flitsende ligte en klomp mikrofone.

“That is correct yes, at this stage the MCU is busy investigating the killing of three expats in Alberta. We can neither confirm nor deny that evidence of a certain political figure was found near the body of the victims. I’m sure…”



© University of Pretoria

STOP

Geoff trek sy hemp aan.

Red gooi sy foon eenkant op ‘n hoop baadjies.

“Posters Red. Posters of ME were found near the bodies.”

Red kruis sy arms en leun met sy skouer teen die kosyn van die inloopkas.

“The cops haven’t invited you for any questioning Geoff, so chill the fuck out.

“This wouldn’t be the first politically motivated killings in North America, some fucknut loves you and believes in what you stand for…and maybe goes a bit too far by killing these foreigners…so what.”

Geoff stap verby Red en waai die rook vies in alle rigtings.

“You’re not allowed to smoke in here, there’s smoke detectors”

Red draai om, stap na die balkon waar die dreunsang van onder harder raak.

“Geoff knows Best!”

“Geoff Knows Best!”

“We want Geoff!”

“We want Geoff!”

Red loer agter die gordyn, oor die balkon na die skare onder.

Hy gaan sit op een van die rusbanke en vou sy arms agter sy kop terwyl hy Geoff dophou in die styfgespande broekpak. Met elke trap op sy kaal voete bult sy kuite.

-----

Jeremy se verduideliking oor wat hy probeer bereik met sy dokumentêre film interesseer Girard nie veel nie. Sy staar lyk leeg.

Girard haal ‘n opgevoude A4 papier uit sy sak en gee dit vir Jeremy.

“Have a look at this.”


© University of Pretoria

Jeremy vou die papier oop en kan sien dat die drukker waarmee die foto gedruk is, se ink laag was. Daar is vreemde pienk strepe oor die bladsy. Hy kan nie die man, wat met 'n 1995 Rugby wêreldbeker-pet en glas in die hand staan, se gesig uitmaak nie.

"I don't know this guy…can't make out his face…"

"His name is Bertus De Villiers. He was also known is Div."

Jeremy se rug juk. Daar waar hy nie kan krap nie.

"Did you interview him for your project mister Zwaats?"

Jeremy draai die bladsy soos 'n kaart op sy kop.

Hy hou dan die bladsy op na die kantoorlig en probeer die detail van die man se gesig uitmaak.

"No, definitely not."

Girard haal sy foon uit en tik iets daarop.

"I'm confused inspector, did I do something wrong?"

"Are permanent residents allowed to shoot documentaries about expats in this country?"

Girard kyk van sy foon se skerm af op en vir die eerste keer sien Jeremy iets blink.

"I'm growing tired of going round in circles Mr. Zwaats. Do you know why I asked your boss if I could switch off the security camera.?"

Die man haal sy dunraam bril versigtig af en sit dit eenkant op die tafel.

"Raveena's actually my operations manager, not my boss."

Girard spring skielik op en gryp Jeremy aan sy T-hemp en trek hom teen die tafel vas.

"Stop fucking with me boy, I'm not falling for the documentary bull shit."

Jeremy kan voel hoe die styfgespanne materiaal van sy T-hemp onder sy arms in sy vleis insny.

Hy staar na Girard met halfmas oë.

"I'm tired inspector. Maybe if I get some rest, I'll understand what's happening here"


© University of Pretoria

Girard druk hom terug in die stoel en staan op.

-----

Geoff staan op 'n podium met Lake Louise agter hom.

Daar is 'n breukdeel se absolute stilte voor sy stem oor die mikrofoon breek. Die skare lyk soos miere wat skarrel om by 'n broodkrummel uit te kom,

'n Swart voël vlieg oor die mense en maak 'n wye draai oor die meer.

*"Intruders. You know to whom I'm referring to my fellow Albertans."*

*Let's call them what they ought to be called. Intruders. This majestic piece of land we have worked so hard for, our grandfathers and their grandfathers have worked for, have been trampled and pillaged by these so-called immigrants.*

*There is a reason the word "foreign" refers to someone or something unknown. Do we really need to trust these so-called Canadians just because they hold Permanent Residency, or say that they come in peace?"*

*Even Patty Mescher revealed what she really thinks of immigrants in a recent social media post!*

Aan weerskante van hom staan twee lyfwagte met donkerbrille. Red kan die een duideliker as die ander een sien, dit, terwyl hy ver agter die skare staan en 'n appel met sy knipmes skil. Die vrou wat skuins voor hom staan vererg haar toe van die sap haar in die gesig spat en van die druppels op haar "Geoff Knows Best" vlaggie beland. Sy stap 'n paar tree verder die skare in. Hy ruk die helfte van die appel met sy mond oop en spoeg pitte in haar rigting, lek dan die lem skoon.

-----

Jeremy se mond hang oop. Hy staan bewerig op en steek sy hand na inspekteur Girard toe uit.

Na 'n lang ongemaklike stilte hoor Jeremy Raveena se stem in die gang. Hy laat sy hand sak.

"We have a search warrant for your apartment in Stony Plain. You'll have to come with me Mr. Zwaats."



© University of Pretoria

Raveena klop aan die deur en Girard maak oop.

“Oh sorry inspector, are you all done?”
“Jeremy, they didn’t have Big Mac’s.”

Jeremy staar vir haar gesig wat skaamteloos lieg terwyl sy senuagtig aan haar yskoffie se strooitjie kou.

Girard draai na Jeremy maar praat met Raveena.

“All good miss Haari, thank you for your assistance and the use of your office. I’m sure you wouldn’t mind if Mr.Zwaats escorted us to his apartment, it won’t take up too much of his time.”

Raveena klink verlig.

“Of course inspector. Jeremy, please take the rest of the day off- you deserve it.”

Hy volg Girard met die gang af en sien hoe Raveena met haar hand na iemand in ‘n ander kantoor beduie om gou na haar toe te kom.

Soos hy verby een van die bestuurders se rekenaarskerms stap, sien hy vir Geoff Mapleston wat voor ‘n juigende skare praat.

Gulsige vinke wat skree vir kos dink Jeremy.
Hy steur hom nie aan die oë wat agter hulle rekenaarskerms hom en Girard volg nie.

Hulle kan hulself nie help nie, dink Jeremy. *So – called Canadians* vir wie verveeldheid ‘n siekte is en enige opwinding, ‘n tydelike teenmiddel daarvoor.

-----


© University of Pretoria

# HOOFSTUK DERTIEN

***S**nawels*



© University of Pretoria

Stony Plain welcomes you!

Die bekende bord laat Jeremy in sy tru-spieël terugkyk.

Agter hom is die swart SUV, Inspekteur Girard met 'n donkerbril wat mens altyd in die 'buddy cop-films' sien.

Jeremy sit sy flikkerlig aan en die swaar Volvo-stasiewa begin die draai na links vat.

Girard neem die draai 'n oomblik ná hom, net voor die verkeerslig oorslaan na rooi.

Jeremy kyk na sy branstofnaald wat gelukkig hierdie keer, op kwart lê.

Hy onthou skielik die rooi vintage kar wat hom agtervolg het.

Was dit sy verbeelding?

'n Entjie voor hom sien hy die treinoorgang en die valhekke, met flitsende ligte, wat voertuie waarsku.

*Train crossing.*

*Train approaching.*

Jeremy verminder sy spoed en stop agter 'n rooi 'pick-up truck' met 'n plakker wat lees *"I don't need no man, honey"* en nog een wat meer uitgewas lyk*: "Canada against Woman and Child abuse!"*

Hy skakel die motor se radio aan.

*"After his final speech today at the Fairmont Hotel at Lake Louise, premier candidate Geoff Mapleston continued and reaffirmed his stance on immigration and other related matters. Mapleston said he would revise any policy which did not put true Albertans first. Canadians in the province head to the polls on May ninth in what has been described as the most divided race in recent history."*

Die nuusleser sny na 'n klankgreep van Geoff Mapleston.

*"If Patty Mescher thinks she can change immigration policy to allow PR holders to be eligible to vote in provincial and national elections, Alberta is doomed, Canada is doomed. We as a collective na…"*

Jeremy skakel die radio af en druk teen sy slape.

Die geluier van die motors wat by die kruising wag maak hom vaak.



© University of Pretoria

Hy maak sy oë toe. Hy voel die vibrasies deur die stuurwiel van die trein wat naderkom. Soos sissende slange of iemand wat met sy vinger wys om stil te bly shhhhhhhhhh seil die slange hulle eers deur die krake in die teerpad, dan op met die motor se bande, tot in sy hande.

In hierdie oomblik is sy kop doodstil.Net die geluid van die aankomende trein.

Hy kan van die voortslepende moegheid vergeet en fokus op niks. Nie op wat was, of wat kom, of op wat hy nog moet doen nie, hy kan net fokus op absoluut niks.

‘n Gat.

‘n Leegheid.

‘n Leemte.

Spasie om ritmies asem te haal en net te wees.

Meditasie maak vol koppe leeg. ‘n Leë kop kan weer fokus.

Hierdie oomblik.

Die goederetrein kom skreeuend verby met die geluid van swaar wiele op ‘n gladde spoor en treintrokke wat ongemaklik agtermekaar waggel.

Jeremy maak sy oë stadig oop. Hy kyk na die *graffiti* wat op die waens gespuitverf is.

Van die tekeninge, het hy al raak gesien in stegies in en om Edmonton. Reggop penisse, gesigte met tonge wat vervleg is soos koeksisters, ‘n hand met ‘n dik middelvinger en dik swart letters een op elke vinger:

**P – A – T - T - Y.**

‘n Ander tekening trek sy aandag.

Slange wat die woord ‘HELP’ vorm en uitspel. In die mooiste, helderste kleure.

Ander stukke is meer abstrak.

Een of twee kan selfs as ‘kuns’ gedefinieer word.

Nog ‘n tekening.

’n Groot rot met ‘n sigaar in sy bek en ‘n oorbel in sy afgeskeurde oor.


© University of Pretoria

Baie detail - goed gedoen.

Die stilte in sy kop word dan deur ‘n stem gevul.

*A rat that wonders far from its hole is nearer to its death.*

Was dit dalk in een van die onderhoude?

Dalk op die nuus? Mapleston? Nee hy is nie so stupid nie.

Dit was een van Patty se plasings op Politico-Canada. Sy beweer mos haar rekening is gekaap.

Die rot met die sigaar trek al ten minste ses waens verder weg, toe ‘n vrou in die ‘pick-up’ voor hom, haar deur oopmaak en uitklim.

Ag fok, wat nou.

Daar is so agt treinwaens oor, voor die pad oop is. Op die tweede laaste een lyk dit of daar ‘n tipe voël geverf is…dalk ‘n kraai, dis moeilik om uit te maak. Die wa kom nader aan die kruising.

Jeremy staar na die vrou. Hy sien sy is hoog swanger.

Agter hom kan hy sien Girard is ook nuuskierig oor wat aangaan.

-----

-*“Docter Lee to the ER, Docter Lee.”*

Die streekshospitaal in Medicine Hat is besiger as gewoonlik. Dit wemel van joernaliste, honger met vrae.

“Please move back. Hey guys! Your questions will be answered once Mr. Hillman is ready to say someting. Please wait outside in the designated area.”

“Is the docter going to give a statement?”pols die een joernalis.


© University of Pretoria

Die joernaliste sien dat die sekuriteitswag niemand gaan toelaat nie. Hulle stap ongeduldig deur die outomatiese skuifdeure terug na buite, waar die temperatuur oor die afgelope uur skielik geval het en hulle nader aan mekaar laat staan.

Vier van die vyf steek dadelik ‘n sigaret op.

“Fucking vultures.”

Edgar Hillman, woordvoerder vir die RCMP is gatvol.
Hy is in sy laat vyftigs, oorgewig en begin meer glo dat sy suster se laatlam dogtertjie se noemnaam vir hom, in die kol is. Edgar-*Over the hill*-man.
Hy staar na die joernaliste voor hy nog ‘n tree vorentoe beur.

Buite smelt rook en wasem saam. Hy kan amper nie deur die glasdeur tussen die twee onderskei nie.

-----

Die trein is al seker ‘n goeie dertig sekondes weg en die valhekke staan reeds regop, oop vir die verkeer.
Motors begin ongeduldig toet.

Girard kan nie vorentoe toe.

Jeremy kan nie ry nie, want die vrou voor hom, wat uit haar ‘pick-up geklim het, staan net doodstil en dan sien Jeremy iets wat onder haar rok uitloop.

Jeremy lê op sy toeter. Versigtig om uit te klim.

“Wat de fok?”

Die vrou se water het gebreek.

Die vrou het ‘n vreemde uitdrukking op haar gesig. Beslis nie pyn nie, want sy glimlag breed.

Die vrou val op haar knieë neer en trek haar rok effens op.
Jeremy maak dadelik sy deur oop en tel sy een been uit die motor.

“Hey are you okay?”

“Don’t move”!

Jeremy draai na Girard, wat met sy vuurwapen agter sy deur, posisie inneem.


© University of Pretoria

"Jeremy Zwaats, get back in your vehicle and close the door, now!"

Jeremy klim terug die motor en maak die deur versigtig toe.
Die vrou op haar knieë is stil,sy kyk op en glimlag met haar oë toe.

Girard pluk sy foon uit. Hy bel seker 'n ambulans of iets.

Jeremy wag vir enige teken van 'n baba onder haar rok.

Niks.

Jeremy raak bewus van die enjin se geluier.

Hy skakel die motor af.

Girard se stem dreun van agter.

"Mam, an ambulance is on its way just remain calm."

Jeremy se gedagtes is weer by die rooi *vintage* kar wat hom agtervolg het. Die man wat die stompie by die venster uit geskiet het. Hy't bekend gelyk...waar het Jeremy hom al gesien.

Jeremy staar vir die vrou op die grond maar sy gedagtes is by die man met die rooi kar, hoekom weet hy nie.

Sy maak haar mond oop en praat duidelik in Afrikaans.

Jeremy jy kort slaap wanneer hierdie nagmerrie oor is.

Jeremy sit verstar.
Girard kyk na hom.

"Jeremy, do you know this woman?"

Jeremy draai sy kop stadig in Girard se rigting.

"I...I don't know..."

Die vrou steeds op haar kniee, lig haar kop stadig op. Sy kom dan stadig regop en hou haar arms in die lug.

Dan skree die vrou vir die eerste keer van pyn en pluk met albei hande aan haar rok wat lyk of dit van binne af geskeur word.


© University of Pretoria

Jeremy staar na die vrou en sy brein voel afgesny, asof dit wat besig is om voor hom af te speel nie met die res van hom registreer nie.

"What the fuck?"

'n Dik pikswart snawel steek van onder die vrou se rok uit en begin krys. Dan nog een wat by haar een bors deur die rok skeur, en een by die ander bors. 'n ander een onder haar linkerarm, nog een waar haar naeltjie is en twee naby haar hart en borsbeen, 'n paar agter haar rug.

Jeremy voel naar. Hy kan nie eens beweeg om op te gooi nie. Hy is in 'n totale beswyming van dit wat voor hom afspeel.
Die vrou se gil lyk en klink soos 'n gekrys. Jeremy kan nie die een van die ander onderskei nie.

Dan klap 'n skoot.

Die vrou se agterkop disintegreer maar in stede van harsings, bloed en hare, ontsnap 'n kraai uit die gat in haar skedel en los 'n streep van swart vere en ligter donsies agter.
Op in die lug, flap die voël in die rigting waarin die vrou vroeër haar kop gehou het.
Die koplose liggaam val eers stadig op haar knieë, vorentoe, en dan plat op die teer. Die snawels almal stil.

-----

"Jeremy! Jeremy!"

Jeremy draai na Girard, hy staan nie meer agter die deur nie.

Wit lig prikkel sy retinas en hy sukkel om sin te maak van die vorms voor hom.
Dis Ravina en Girard wat bo hom sweef.

"Jeremy, oh my god, are you okay?"

Hy forseer sy oë groter oop en besef hy is steeds in Wall-Mart se kantoorgang 'n kort entjie van die parkeerarea.

"You passed out! Here, have some sugar water."
Raveena hou sy kop op.

Girard praat op sy foon verder af in die gang, maar Jeremy kan nie uitmaak wat hy sê nie.
Sy sig is skielik skerp, en dan sy geheue.

Die ou in die rooi kar. Dis dieselfde ou wat die onderhoud met hom vir die IT pos gevoer het.


© University of Pretoria

-----

“Afternoon ladies and gentleman, I can confirm that the latest victim of the so called expat murders has survived. She is a permanent resident of Canada and originally came to this country from South Africa. Ms Enid Preller is currently under observation and her condition can be described as serious but stable, for now. As soon as she is strong enough, RCMP will be conducting a thourough investigation into what transpired and release a short statement to the public.”

Edgar Hillman steek sy hande in sy baadjie se sakke, gewoonlik ‘n teken dat hy niks verder het om te sê nie.

“Is it true that Ms.Preller has been left blind after the attack?”
Edgar staar na die jong joernalis en haal diep en swaar asem.

“At this stage I can only confirm that Ms Preller has suffered traumatic head injuries during the attack. We will have to wait for the doctor’s report. In the meantime, the RCMP is committed to catching whoever is responsible for this savage attack which may or may not be linked to what the media has dubbed the ‘ex-pat killings.’

“That’s all. Thank you.”

Die joernaliste is nog nie tevrede nie en slinger nog vrae na Edgar. Hy draai om en stap terug na die voorportaal. Die skuifdeure wat netjies agter hom toemaak en die onverwagte koue vir eers buite hou.

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK VEERTIEN

***P**ornography*



© University of Pretoria

Stanford kom die kantoor binne gestap.
" Hey Inspector, got some Timmies!"

Hy sit die twee koffies op die hoek van Girard se tafel, terwyl iets wat lyk soos 'n oliebol met te veel versiersuiker half uit sy mond uithang.

"Thanks, but I don't take sugar" antwoord Girard sonder om na Stanford te kyk.
"Sorry I ordered a double-double inspector." Kom die woorde tussen die happe wat oral mors.

Girard antwoord nie, maar vat tog die koffie en proe daaraan.
Stanford strek hardop.

"So, I've done a bit of research on the language. AF -REE– CANS and wow…so it's only spoken by about 13, 5% of the South-African population which is roughly eight point three million people. It's spoken mostly in South-Africa and Naambia or something like that, with several variations found mostly in South Africa."

Girard was nie voorbereid vir 'n geskiedenisles nie. Hy wag vir die '*punch line*.' As daar ooit een is.

"…so the closest language to AF -REE– CANS is Dutch .

"Stanford, can Enuud Preller help us translate the footage or not?"

"Well yes inspector, maybe...well look. There is a catch."

"Of course where would all the fun be without a catch" antwoord Girard en staar by die venster uit.

"Even the Dutch find a lot of AF -REE– CANS words and phrases confusing and say that the pace and rhythm is difficult to keep up with."

Girard draai na Stanford.

"So seargent Stanford. What do we know so far about our first victim Flo Brinck, or however you pronounce F.L.E.U.R?"

Girard staan op en gaan sit op die hoek van sy tafel, met sy bene gekruis, terwyl hy probeer wegsteek hoe baie hy die soetigheid van die Timmies koffie geniet.

"Uhm, oh yeah, well. Mrs Brinck recently moved to Canada from South Africa, from the capital city…uhm it's on the tip of my tongue…wait don't tell me…"

Stanford klap sy vingers met die hoop dat die naam in sy kop sal opskiet.


© University of Pretoria

"Pre-toria" help Girard hom reg.

"Yeah, that's the one. Her family, which included her husband and a son of around two years old, were planning on joining her in Alberta a month after she was killed."

"Why was the husband ruled out as a possible suspect?" vra Girard terwyl hy die koffie in sy mond rond skommel.

"Well simple fact. He wasn't even in the country when her killing took place. He also had no motive."

"What about Diw? The co-worker. He was the last person to see her alive."

Stanford verorber die laaste stukkie oliebol en sluk hard.

"Then he too killed too."

Girard krap aan iets taai op die tafel. Iets wat hom aan swart kougom laat dink.

Stilte.
Net die gekrap van Girard se nael.

"It's time. Get Zwaats" kom Girard se stem oor die rand van sy wegneem koffie.

-----

Jeremy sit regop en strek wanneer hy 'n swaar bos sleutels hoor.

Die tronkbewaarder swaai die hek oop en 'n kort fris man, Jeremy skat so in sy vroëe dertigs staan arms gevou en wag.

"I am staff sergeant Milton Stanford from the RCMP, please follow me."

Die man met die netjies kantpaadjie steek nie sy hand na Jeremy uit wanneer hy homself voorstel nie.

Hy kan nie onthou wanneer laas hy so vas geslaap het nie.

Dit in 'n aanhoudingsel, op 'n dun matras wat nie heeltemal op die staalraambed pas nie.

Dit het gehelp dat hy alleen was. Geen rekenaar. Geen redigering van material wat hom nader roep nie. Geen oë or sy skouer nie, geen druk nie. Net rus. 'n Doodse slaap.

Hy weet hy is agter. Sy spertyd om die draai.


© University of Pretoria

Inspekteur Girard kyk nie op wanneer Jeremy en sersant Stanford die spierwit ondervragingsvertrek binne stap nie. Girard staar na die dik donkerbruin lêer wat voor hom oop lê op die staaltafel. Sy groot hande blaai sagkuns deur die dossier, hy gluur nuuskierig oor die bril se glase.

“Ek het lanklaas so vas geslaap Inspekteur.”

“English Mr Zwaats” Kom Girard se stem koud.

Girard kyk na Stanford en hy verlaat die vertrek.

“Oh, apologies Inspector. I was asking…how you were doing” antwoord Jeremy.

“Hmm, strange. I failed to notice an inclination at the end of your question.”

Die waaier bo Girard se kop draai teen ‘n slakkepas. Dis ongoddelik warm vanoggend. Die waaier maak geen verskil aan die drukkoker van ‘n vertrek waarvan Jeremy stadig bewus raak nie. Hy kan die geswiep van die waaier se lemme hoor.

Swiep…

Swiep…

Swiep…

Al moet hy stil wees en skerp luister, kan hy dit duidelik uitmaak. Hy probeer dit blokkeer, maar soos ‘n brommer wat eers op ‘n bord kos gaan sit het, pla dit hom.

“In my home language questions directed at people with authority don’t have any inclination at the end of the phrase”, breek Jeremy die swiep slae tussen hom en Girard.

Hy weet daar staan figure agter sy eie refleksie in die groot spieel wat die een muur van die vertrek opmaak. Hy weet hy sien meer as een persoon agter die glas.

“Mr Zwaats, do you understand why you are being kept in custody?”

‘n Effense plooi vorm bo Jeremy se een oog en dan ontspan dit weer.

“I understand you found some items in my apartment yesterday which you deem to be of interest in this investigation.”

Girard wys in die rigting van die spieël en ‘n oomblik later kom Stanford ingestap met sy skootrekenaar.



© University of Pretoria

Stanford maak die skerm oop en draai dit na Jeremy.

Die vrou op die beeldmateriaal lyk op haar senuwees. Sy sit voor 'n oop venster in 'n vertrek wat lyk of dit die TV kamer of dalk 'n sitkamer kan wees.
Die harde klanke wat uit Fleur se mond vloei vul die vertrek.
Die 'g' klanke en vibrerende 'r'e sit ongemaklik in Girard en Stanford se ore.

Dit sou help as Jeremy al subtitels bygevoeg het.
Die materiaal is nog onaangeraak, ongeredigeerd.

Stanford vat sy foon en gaan na *Google Translate.*

Hy hou die foon se luidspreker naby aan die skootrekenaar.
Hy speel 'n deel uit die materiaal.

-*"Noudat ek eers hier voor jou kamera sit, is ek nogal op my senuwees Jeremy…"*

-*"Nee man, jy het niks om voor bang te wees nie."*

–TRANSLATE

–*"Now that camera Noah son wash.No man, nothing to fear."*

Stanford trek een van die alleenstaande stoele in die hoek van die vertrek nader en neem sy plek ongemaklik naby aan Jeremy in.

"Mr. Zwaats, Can you tell us what she is saying, as Google Translate isn't of any real help."

"I can hear that yes" maak Jeremy keel skoon.
"The camera's internal mic is only used as reference track for the audio."

"What is your point Mr. Zwaats?" Girard vou sy hande saam op die oop dossier.

"My point is, if you'd like to get a better translation from *Google translate*, you would need the seperate recorded audio...the better quality audio"

Swiep...

Swiep...

Swiep...

Jeremy druk homself terug in sy stoel in 'n poging om te strek.

"I can translate what she says if you like?"

Girard glimlag en kyk vir Stanford.


© University of Pretoria

“Where is this so called better recorded audio Mr. Zwaats? Vra Stanford uiteindelik.

“Didn’t you find any in my apartment officer...what was it? Sandham?

“Stanford. And its staff Sargent not officer.”

Jeremy staar na Fleur se gesig wat stil staan in tyd op die skootrekenaar se skerm.

-----

Enid se hartklop het in die laaste paar uur aansienlik bedaar.
Al wat sy sien is swart voor haar. Pikswart.
Sy kan met haar linkerhand die styfgespanne verbande oor haar gesig en ‘n groot gedeelte van haar kop voel. Sy sukkel om haar regterarm te beweeg, behalwe vir die drup voel dit of iemand haar vel gerasper het, dis oop en rou, dis hoe dit voel, alhoewel haar arm nes haar kop ook toegebind is.
Sy begin dink die feit dat haar oë toegebind is, is haar grootste seën. Sy weet sy is lelik verniel, hoe lelik, wil haar oë nie verklap nie. En dis vir nou, beter so.

Soos ‘n legkaart wat ‘n stoute tweejarige oor ‘n sitkamer se mat uitgegooi het, probeer sy tree vir tree, die reuse area fynkam en elke stukkie terugbring in fokus, waar en hoe elke stukkie pas.

Sy weet dat haar grootste doel nou is, om daai legkaart weer bymekaar te bring.
Wanneer haar gedagtes terug dwaal na dit wat sy voor die swart kan onthou, voel dit of die tweejarige stoutgat die doos met legkaartstukke van voor af in die lug in opgooi en hard lag. Sy kort vasgrypplek, ‘n handreling waaraan sy kan gryp om te keer dat sy by ‘n spiraaltrap af tuimel.

Dis net vrees wat haar terughou.
Dit het reeds gebeur Enid.
Ruk jouself nou reg.
Wat presies gebeur het, en hoe...daaroor is sy self nog nie heeltemal seker nie.

Daar is wel beelde wat van tyd tot tyd by haar opduik.
Sy onthou as laerskoolkind hoe sy altyd saam met haar pa en sy nuwe vrou op Bronkhorstspruit gaan visvang het. Wanneer hulle op ‘n windstil dag oor die gladde water gestaar het, sou daar hier en daar ‘n viskop na die lug hap en rimpels oor die water laat uitkring.

VIS.



© University of Pretoria

Die reuk van vis.

Dis juis iets omtrent die aanval wat haar terug laat dink het aan Bronkhorstspruit.

Sy weet nou dit was ‘n plastieksak, waarin sy op ‘n stadium blikkies tuna by een van daai groot inkopiesentrums gekoop het. Die einste sak is oor haar kop getrek...met maskeerband of iets om haar keel vasgedraai.

Baie vinnig vasgedraai.

ASEMNOOD.
Versmoor.Verwurg.
Sy voel die trane dreig, sy snuif hard en probeer haarself teen die rugleuning in die bed optrek. Dan skiet ‘n steekpyn soos ‘n donder straal van haar skouer-knop tot by haar gewrig.

Sy kreun hard.

“Miss Preller, you’re not suppose to move.Wait. Let me help you.”

Haar reuk het intussen haar grootste vriend geword.
Sy weet al wanneer die verpleegster, wat so mooi met haar praat, op diens gaan wees.

Iets aan haar parfuum.

Dit laat haar dink aan lente in Suid-Afrika, iets van die perskebloeisels wat altyd in September die plot beter laat lyk het. Daar is ook iets anders in die ondertoon van die parfuum. Daai groen seep waarmee almal hulle wasgoed met die hand geskrop het. Veral om skoolhemde weer wit te kry.

Sy noem die verpleegster Pea...wat is die woord nou weer?

Perskes in...man, die ander taal wat hulle hier praat?

Perskes en Sonlig...hoekom kan sy nie aan die vertaling dink nie?

Haar kop voel swaar en daar daal ‘n moegheid oor haar wat haar skouers laat hang.
Die verpleegster help haar met die kussing en laat haar bolyf stadig neersak.

“There we go. Today is a big day for you, Dr Lee will be taking off those bandages to see how you’ve progressed after the operation.”

“Dank...ie sus...ter.”

-----


© University of Pretoria

In die ondervragingskantoor sit Jeremy en staar na die groot spieël. Hy ken die storie. Mense agter sy refleksie wat hom afluister, notas maak. Hy sweer hy hoor een wat lag.

Girard staar na die eerste bladsy in die leer. Stanford se skootrekenaar staan en gaap nog vir Jeremy.

Jeremy kan nie al die detail in die dossier van sy kant van die tafel uitmaak nie. Maar hy sien wel 'n kleurfoto wat met 'n skuifspeld aan die bladsy vasklou.
Girard haal die foto af en plaas dit strategies op die tafel. Omgedraai, sodat Jeremy die vrou se bleek gesig en donker hare wat in water dryf sien.

Op die tweede bladsy is daar twee pare fotos. Die van 'n man en 'n vrou.
Die man lyk of hy slaap. Die punt van sy tong is donkerpers en steek effens tussen sy lippe uit. Enige iemand kan sien hy's verwurg met iets wat om se keel gebind is.
Die vrou wat moontlik verwant is aan die man, lê tussen 'n oop kamerdeur se ingang met haar bene half uitgesprei in die gang. Daar is baie bloed op haar kamerjas en rondom haar. Dis moeilik om te sê of sy geskiet of met iets gesteek is.

-----

Die suster antwoord nie maar druk Enid se hand liggies.

"I'm assuming that was a thank you Ms. Preller – all good, no problem."

Sy sien die woorde voor haar in die donker.

Helder...in neon pienk.

**T.H.A.N.K. Y.O.U**

Maar haar mond wil nie die letters vorm nie.

Die visreuk hang swaar in haar toegedraaide kop.

-----


© University of Pretoria

Girard blaai na die volgende bladsy.
‘n Foto van ‘n man wie se kop half oorhel na sy linkerskouer, lyk of hy op die vloer teen ‘n kas lê. Die meeste bloed is aan sy linkerkant, met fyn rooi sproei wat in sy bruin kuif en oor sy oogbank en wang versprei is. Ook teen die houtkas agter hom is tekens van geweld.

Die laaste foto wat Girard uithaal, om die ry te voltooi, is in skrille kontras met die eerste vier.

Hierdie vrou het geen teken van dood nie.
Sy glimlag amper so breed soos die helder geel sonhoed op haar kop.

“Enuud Preller” kyk Girard op na hom.

Girard druk sy bril versigtig met sy dik wysvinger terug op sy neusbrug.

“Coffee” kom ‘n moeë stem van die deur se kant af.

Girard en Stanford kry elkeen ‘n groot *Timmies* koffie. Jeremy swart koffie in ‘n polistireen koppie – nes by Wall-Mart.

Jeremy kyk op van Enid se foto en maak oogkontak met Girard.

“How am I suppose to drink with these?”

Die geklingel van die boeie protesteer teen die blink staaltafel se leë oppervlak.

“I’m sure you’ll manage.”

Jeremy grou met sy tong se punt iewers agter ‘n verstandtand.

“Do you believe in coincidence Mr Zwaats?”

“What do you mean Inspector?”

“Let me rephrase, are you a religious man?”

Hierdie vraag vang selfs vir Stanford omkant.

Hy vat versigtig ‘n sluk van die swart koffie en maak sy oë toe. Hy besef hy het gister laas nat oor sy lippe gehad, die suikerwater wat Raveena nog vir hom gegee het.

“Heaven.” Kom Jerermy se oë oop.

“Yes, do you believe in it?” knip Girard sy euforie kort.



© University of Pretoria

Jerermy sluk hard en kyk dan vir hom.

"Now that you mention it Inspector. I had a dream last night. I dreamt about a church. The inside of the church to be exact. In the church sat a man I was interviewing for the documentary."

Girard vou sy arms en druk homself terug in sy stoel.

"Do you think it's purely coincidental these five victims were interviewed by you before they were murdered?"

Jeremy blaas oor die rand van die koppie en vat nog 'n sluk.

"You mean, four. I heard on the news the last victim survived...or didn't she?"

"Answer the question, Mr Zwaats" voeg Stanford sy stem ook by.

"I don't know, it is strange inspector, even incomprehensible."

"So are you saying that you don't believe in coincidence?"

"No inspector. I'm saying I didn't kill anyone of them."

Girard se bors vergroot soos hy sy asem intrek, en dan weer uitblaas.
Sy arms beweeg van die gevoude posisie voor hom op die tafel, na agter sy kop waar dit soos 'n vangnet vervleg en sy kop rusplek gee.
Girard maak sy mond oop maar Jeremy val hom gemaklik in die rede.

"I mean, inspector, think about it. Every person I've interviewed for this documentary, so far, ended up dead what does that tell you?"

Girard bring sy hande terug na die tafel en maak sy rug reguit. Jeremy sweer hy kan 'n werwel hoor knak.

"You tell me."

"Someone is trying to prevent these interviews from being seen, why?

Girard antwoord nie.
Jeremy draai sy gesig na die spieël.

"The fact that we're in the middle of an election campaign for a new premier, inspector. It could be a political motive to kill foreigners...more specifically ex-pats."

Girard lyk of hy belangstelling verloor en blaai verder in die leer.


© University of Pretoria

"What were the items you found in my apartment?"

Girard antwoord sonder om op te kyk.

"Several."

Girard haal 'n getikte lys uit en skuif dit oor die tafel in Jeremy se rigting.

1. Canon EOS model camera.
2. Tripod and film equipment.
3. Microphone.
4. Several magazines (pornographic nature).
5 Textbooks on Apartheid and other far-right political movements.
6. Five inch Kitchen knife (possible DNA trace).

Jeremy vat nog 'n sluk van sy koffie wat vinnig besig is om af te koel.

"As far as I know, being in the possesion of sexually explicit material is not a crime in this country, as long as it's not child porn."

Girard knik.

"Item number five - kind of strange that the word does sound like ***APART HATE...***huh?"

"Oh, and last time a checked inspector, research was a pretty normal part of any documentary's pre-production process."

Girard doen iets aan die binnekant van sy mond sodat sy kakebeen lyk of dit uitbult.

Jeremy staan stadig op. Hy sluk die laaste koffie af, en sit die leë koppie onderstebo op die tafel sodat die laaste bietjie vloeistof onder uitloop, en 'n duidelike ring op die tafel vorm.

"You're only allowed to keep me for fourty-eight hours inspector."

Hy hou sy geboeide hande uit na Girard en staar na die spieël.

"Tomorrow is voting day, I'd like to make my mark."

"You're absolutely right Mr. Zwaats. Al we have is circumstantial evidence at this stage. The knife will be tested of course."

Die man wat vroeër die koffie gebring het maak die deur oop.

Girard beduie na Jeremy se boeie en die man sluit dit oop.



© University of Pretoria

"I will do anything to assist in this investigation inspector. I don't believe in coincidences."

Girard staan uiteindelik op.

"I also don't believe in coincidences, Mr. Zwaats. I will catch the person responsible for these heinous crimes."

Jeremy glimlag.

"Who was the man?" kom Girard se onverwagse vraag.

"Man?"

"The guy in your dream?" Girard baklei teen die drang om se oë te knip.

"Oh, yes, that is weird...the guy who took the selfie with Patty Mescher and got arrested."

Girard laat die frons oor sy gesig rol.

Jeremy lag.

"Yeah, weird right?"

Hy stoot homself weg van die tafel.

"Who did you think it was inspector?"

Girard staan op. 'n Goeie kop en 'n half langer as Jeremy.

"I would've said 'god' but then again I'm not you Mr. Zwaats. I don't know what's going on in that head of yours."

Jeremy steek sy hand uit na Girard.

"No hard feelings inspector."

Girard staan bewegingloos.

Jeremy stap by die polisiestasie uit terwyl Girard hom vanuit die ondervragings kantoor se deur dophou.

Hy staar vir Jeremy tot hy uit sy gesigsveld verdwyn. Stanford kom staan langs hom.

"Fuck...I know who can translate the interviews for us."

Girard draai na Stanford en glimlag baie subtiel.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK VYFTIEN

## ***O**ngoddelik*



© University of Pretoria

Ongoddelik warm.

Die tou by die stembus buite Stony Plain is lank. Jeremy staar na die horlosie op sy foon.

Nou eers 6:18 en dit voel al soos dertig grade Celsius.

Die blou lig van die foon se skerm is een van vele wat soos blink gladde skubbe op die kronkelende slang se lyf aan en af flits. Kleindorpse kiesers, besluitnemers wat almal die hitte trotseer.

‘n Warm windvlaag blaas stof in die grondpad af soos ‘n onstuitbare rivier en slaan ‘n vrou, wat pas parkeer het, se motordeur hard toe. ‘n Boom se geraamte word verder ontbloot wanneer van sy blare op en rondom die vrou se motor te lande kom. Die vrou is vasgenael aan haar foon en trap ‘n verwaarloos voëlnessie mis. Moes seker met die wind uit een van die bome gewaai het.
Jeremy hou die vrou fyn dop. Sy herken iemand voor hom in die ry en stap dan vriendelik nader.

Anders as die lewelose poppe wat hier buite staan, sit die blondekop nuusaanbieder op Jeremy se foon in ‘n luukse ateljee met lugversorging iewers in Calgary. Sy draai na haar mede-aanbieder wat ten spyte van ‘n teks so natuurlik en organiese as moontlik, probeer klink.

*-“The wait is finally over for Albertans who flock to voting stations all across the province today to make their all important mark.”*

*- “That’s right Dana, the wait is finally over and hopefully , by this time tomorrow, we’ll find out who leads a very divided Alberta in what has to be been one of the more interesting campaigns in recent memory.”*

Dana se oë rek. Vir ‘n split sekonde sien Jeremy iets in haar gesig wat nie as toneelspel beskryf kan word nie.

Goud werd.

*- “Interesting? Well I can definitely think of much better suited words to describe the last few months in the province, Bill.”*

Jeremy kan nie help om effens te grynslag nie.
Die tou beweeg ‘n paar tree vorentoe.
Hy hoor die *ping* van ‘n kennisgewing, en staar weer na sy foon.

‘n Opskrif van die Edmonton Joernaal wat lees:

**“ARE WE MOVING FORWARD AS A NATION?”**



© University of Pretoria

Wanneer Jeremy ‘n tree vorentoe gee kan hy nie help om te lag nie. Net die ou voor hom draai verward om, die res kan hom nie hoor nie.

-----

“Miss Preller, It’s docter Lee. I would like you to tell me if you can see anything?”

Met ‘n dun flitslig skyn die netjies versorgde Koreaanse dokter versigtig in elke pupil. Hy hou haar voorkop vas. Sy konsentrasie tasbaar vir almal om hom in die kamer.

“Are you able to see the light Eenuud?

“If you can, blink for me.”

Almal hou asems op, skerp gefokus op Enid se ooglede.

Niks.

“Eenuud I know you understand the instruction. Come on, if you can see anything, blink.”

Niks.

“Ek kan niks sien nie dokter, net donker.”

“Eenuud, I’m not sure what you’re saying. Are you speaking in your home language?”

“Ja, ek praat Afrikaans- ek sukkel om die woorde om te swaai, te...man te...Ek kan die woorde voor my in die donker sien, maar my mond wil hulle nie vorm nie.”

Dokter Lee skakel die flitslig af.
Hy draai na die verpleegster.

“I’m going to need a second opinion sister. Please get me in touch with Doctor Turnbull”

Hy staan van die bed af op, draai sy lyf effens weg van Enid. Hou sy stem laag.

“Can someone please try and figure out what she’s saying. Get a translator, Google translate if you must”

Die besorgde verpleegster staan nader aan Enid.


© University of Pretoria

-"Sure thing, doctor Lee."
Hy verlaat die kamer.

"Suster, ek het nie 'n idee wat hier aangaan nie."

Die verpleegster vat haar hand.

"Miss Preller it's Sister Clark."

Sy fluister naby Enid se oor.

"You may call me Wendy, please."

Vir 'n oomblik is daar 'n rustigheid wat oor Enid neerdaal, al voel sy hoe die trane in die hoeke van haar oë brand – dieselfde oë wat haar nou in haar tyd van nood in die steek laat.

Die rustigheid word wreed verbreek wanneer iets deur een van die boonste oop vensters, Enid se kamer binne vlieg

"Holy Mother...!"

Suster Wendy voel dadelik skuldig dat haar reaksie godslasterlik is. Sy gryp onbewustelik na die bid-krale om haar nek.
Enid se lyf gaan aan die ruk en Wendy se reaksie is om half bo-oor Enid te leun, haar te beskerm teen die reuse swart voël wat verward teen als vas vlieg en dronk rond dartel.

Wendy draai haar kop en bekyk die dier wat duidelik beseer is.

"In all my years I've never…"

"Wat? Wat het gebeur suster?" vra Enid angstig.

Wendy antwoord haar nie en staan stadig op.

"My God...I mean my goodness, it looks like a crow, maybe a raven."

Sy tel die voël versigtig van Enid se bed af op. Hy hap na haar en krys hard. Enid druk haar ore toe.

Wendy bekyk hom nuuskierig. Sy bek wat half oop rek. Sy groot oë wat net lewendig teen die hospitaal se wit ligte lyk.
Wendy stap, amper in 'n trans, na die venster en maak haar hande oop.
Enid hoor die harde vlerk flappe wat in inkremente sagter raak.

"Poor thing. "

-----


© University of Pretoria

Soos ‘n lont wat brand, raak die ry korter. Jeremy raak honger.
Ek’s mos nie een vir ontbyt nie – veral nie so vroeg nie.
‘n Tasbare gevoel van spanning en vreemde opgewondenheid spoel saam met die laaste tekens van ‘n reeds vergete winter in die vorm van klein plassies gesmelte sneeu wat vinnig wegsmelt en muskiet larwes kans gee om uit te broei.

Hy kyk na die erwe om hom. Erwe sonder hoë mure, die oggendson wat weerkaats in die vensters waar kinders beskut in hulle nagklere staar na ouers en familielede wat wag om te stem.
Jeremy voel rusteloos. Hy knip se oë aanhoudend en besef sy ooglede voel al hoe swaarder.
Vreemd hoe vas hy in die aanhoudingsel geslaap het, tog voel hy…

Stoppit fok! Fokus.

Is dit elke keer wanneer ek moeg en honger voel dat ek in ‘n stryery moet betrokke raak?

Ek hoor dit.

Hy sien hoe die kiesers by die verlate kerk geboutjie inbeweeg.
‘n Kiesbeampte skandeer elke persoon se selfoonskerm met ‘n toestel.
Daar is nog een, twee, drie, vier…twaalf mense voor hy die gebou binnestap. Verder weet hy nie wat binne op hom wag nie.

-----

Vinnig en opgewonde tik Anna die boodskap na Geoff se nommer.

We’re on our way Mr. ALBERTA! ☺

SEND TEXT

Anna staar na die snelweg voor haar. Die paaie is stil, want almal stem.
Sy’t ‘n naar kol op haar maag, kan dit opgewondenheid wees?

“Summer is early this year?”

Kom Dimitri se stem van voor.

Anna se gedagtes is elders. Sy hoor nie dadelik die bestuurder se vraag nie.

“Sorry Dimitri, what was that?”


© University of Pretoria

Dimitri glimlag sonder om sy oë van die pad te haal.

"I was saying how the the heat is very early and very bad this year, only two seasons in Alberta, winter and July someone told me before I came from Moscow, I did not believe it."

Dimitri se lag is skor.

"Oh, yeah, and we're only in May. Gonna be a scorcher this year for sure."

Dimitri kyk na Anna in sy truspieël. Hy fokus dan voor hom op 'n padteken met 'n takbok. Iemand het *graffiti* daaroor gespuit – lyk soos 'n gesiggie wat glimlag met kruise vir oë.

"You know I was Uber driver before I got dis job from Mister Mapleston."

Anna kyk na haar foon en sien dat Geoff nog nie haar boodskap gelees het nie.
Vreemd.
Hy lees altyd sy boodskappe en stuur dadelik terug.

Sy is nie lus om met Dimitri te praat nie. As daar een aksent is wat sy nog altyd irriterend gevind het, is dit Russies. Hulle klink almal dieselfde – soos skurke in 'n James Bond movie. Sy haat James Bond.

Die motor verminder spoed en draai na regs.

**LAKE LOUISE HOTEL**
**WELCOMES YOU**

Die motor ry stadig verby die spuitfontein en hou stil voor die groot glas deure. Twee mans met donker pakke en wit handskoene tree nader en maak Anna se deur oop.

"Miss Rodelt."

"Thank you. Mr Mapleston should be here any moment..."

Die man maak die deur toe en tree weer agtertoe en steek sy hande agter sy rug.

Anna maak 'n skakel op die Politico-Canada toep oop en 'n video begin speel.

*-"this probably sounds like a cliché, especially in the world of politics, but Albertans have never been as hungry for change as now, do you agree with this statement from Professor Buhrmeister from Edmonton University , uhm Dana? Your thoughts?"*

*-"Bill, let's be honest, Alberta has always been the black sheep province in the Canadian family."*


© University of Pretoria

*-"Candidates like Patty Mescher knows this and uses it to get to the heart of Albertans – and what they really need and want at this stage of the political game."*

*-"Sure sounds like you're leaning towards a certain candidate there, eh Dana?"*

*Bill wys sy groot ry valstande wanneer hy glimlag.*

*Dana pers haar lippe subtiel saam en kondig die volgende segment aan.*
*Sy lyk glad nie geamuseerd nie.*

Anna stop die video en zoem met haar wysvinger en duim in op Dana se gesig.

Sy maak haar boodskappe oop en kyk of Geoff al sy boodskap gelees het.

Nog nie.

What is taking him so long?

"Dimitri, go park the car please, I'm running up to Mr Mapleston's suite to see what the hold up is."

"Good Anna, I will do dat"

Anna stap verby die joernaliste se flitsende kameras en arms met fone and mikrofone wat na haar begin pik.

"Anna, how is Mr Mapleston feeling this morning?..."

"Ms Rodelt, is there anything you would like to say about the alligations by Ms Patty Mescher that someone hacked her Politico profile..."

"Anna!"

"Miss Rodelt?"

Anna kyk nie vir 'n oomblik op nie. Sy glip deur die outomatiese glasdeure en net betyds by een van die huisbakke in.

"Going up mam" vra die jong lakei.

Anna kyk nie van haar foon af op nie.

"Ummm, yes second floor please".

Iets is fout.



© University of Pretoria

Sy klop sag.

“Mr. Mapleston? Its time to for your photo shoot. Dimitri is waiting outside.”

Sy klop weer.

Geen antwoord.

“Geoff, are you in there.?..”

Dan sien sy iets vreemds.

Die nommer 22 teen die deur.
Sy kon sweer daar moet drie wees. Kamer 222.

Behalwe vir die rumoer buite is die gang stil. Sy sien ‘n man met ‘n trollie nader stap. Hy klop aan ‘n deur verder in die gang af. Hy knip sy kop wanneer die vrou hom bedank vir die kos.

Sy voel weer aan die handvatsel. Die deur gaan oop.

Iets keer die deur om verder oop te skuif. ’n Voet, ‘n been wat op die vloer lê.

Die beeld wat  sy sien is meteens ‘n virus wat haar brein binnedring en die deel wat haar spraak beheer, summier afsny.

“Jesus, Geoff...”

Sy slaan die deur toe. Bang dat iemand van buite gaan insien.

Sy trap oor die liggaam.

Dan sien sy dis nie Geoff nie. Dis Red.

Daar is ‘n gat so groot soos ‘n albaster bo sy een oog.
Sy sien die bloed sproei en harsings teen die muur en plafon. Dit lys soos stukkies brokkoli wat in ‘n dieprooi salsa gedoop is.

Opgooi, sy wil opgooi, en druk haar hand voor haar mond en neus.

Sy kyk weg van die geel tande wat net-net by Red se half-oop mond en dun gebarste lippe uitsteek.

Dan hoor sy iets in die vertrek en draai om. Haar hand steeds oor haar mond.

Geoff staan met ‘n oop hemp sonder skoene agter die rusbank op.
Van Red se sproei is oor sy gesig en in sy hare.


© University of Pretoria

Geoff se kleur lyk sleg. Wasbleek. Sy oë lyk dof en sit diep in sy kop. Hy lyk verward.

Hy knip nie se oë nie. Anna kan ook nie agterkom of hy vir haar kyk, of deur haar staar nie.

Sy stem klink hol.

"I'm ready to go Anna."

"Mr Mapleston..."

Anna haal haar hand weg voor haar mond, en forseer vanoggend se vrugteslaai wat in haar keel sit ,weer af ondertoe.

"Geoff, what happened here?"

Geoff pers sy lippe saam en begin sy hemp se knope vasmaak.

"If I'm going to be premiere Anna, I can't be late for my own vote."

Anna kyk weer af na Red se stukkende kop op die vloer, net om seker te maak sy bevind haarself in die regte ruimte, die regte konteks.

Anna tree oor Red en stap versigtig na Geoff toe.

Bly kalm Anna. Bly net fokken kalm.

Penny vat hom aan sy skouers.

Geoff ruk weg van haar en sy rug trek in 'n boog soos iemand wat 'n epileptiese aanval kry. Die geel suur en skuim ontplof oor die marmer teëls en spaar ook nie Penny se nuwe stilettos nie.

"Geoff, you just sit here, I'll get this sorted."

Geoff bulder. Skud sy kop stadig heen en weer soos die hoendervleis se hele lyf laat ruk. Hy is wakker genoeg om die speeksel aan die hoek van sy mond met die agter kant van sy hand af te vee.

Anna sien hoe hy na Red staar. Hy sê niks. Sy haal haar foon uit.

PHONE

DIMITRI DRIVER

"Mis Rode..."



© University of Pretoria

"Dimitri, we have a situation upstairs. Go and park the car at the back of the hotel in the private bay. Meet me in Mr. Mapleston's suite in ten minutes."

Anna beëindig die oproep.

"Fuck, this is bad. We need to get to the church."

-----

Anna help Geoff in die motor. Sy glo nie iemand het hulle gesien nie.

"Dimitri are you sure the scene looks realistic"

Dimitri lyk op sy senuwees. Sy glo nie sy het al ooit in haar lewe van 'n senuweeagtige Rus gehoor nie, wat nog van een sien.

"Red was a very bad person Miss Rodelt. The scene will work, I never told you of the job I did in St. Petersburg few years back..."

Anna het nie nou tyd of krag vir stories nie.

"It's fine Dimitri, just get us to the church"

Dimitri trek stadig weg en verberg die chaos in die motor met 'n aangeplakte glimlag vir al die joernaliste wat by die ingang na die hotel staan en vrae skree. Hy voel hoe die motor se bande onseker aan die krakerige teerpad probeer klou.
Krake wat in die winter saamtrek en in die somer weer oop trek, bars sodat jy daarin kan val.

Hy kyk na Geoff in sy spieël.
Anna vat aan Geof se skouer.

"Geoff, listen to me, where is the gun?"

Geoff draai na haar. Hy is steeds bleek. Sy geirriteerdheid laat haar gerus voel, net vir nou.

"What the hell are you talking about Anna?"

Dit moet skok wees.Sy sweer sy het al iewers gelees of gehoor soms blokkeer die menslike brein gebeure uit as beskermingsmeganisme.

Is dit wat met Geoff aangaan?
Maak hy of hy nie weet wat aangaan nie?



© University of Pretoria

Sy is beslis seker dis hy wat Red geskiet het. Moes wees.

Haar foon pieng.
Dis 'n boodskap op haar Babylon toep.

Innitiate Phase 2 of TTS?

YES

NO

Fuck sakes, the new IT guy...

Sy leun vorentoe na Dimitri.

"Do you know if Red had arranged for a new IT guy before...you know?

"I am not sure Anna..."

"I need to go through my speech again Anna...where's my notes?" tik Geoff haar op die skouer.

Anna kyk na die pad wat ver voor hulle uitstrek, die subtiele vibrasies van die krake in die pad laat haar besef hoe styf sy aan die deur se armleuning klou.

Dis 'n fokkop.

-----

"Registration code please."

**PERMANENT RESIDENT ONLY. NOT REGISTERED TO VOTE** verskyn op die skerm wanneer hy Jeremy se kaartjie skandeer.

Hy sien nie die rooi boodskap nie. Sy aandag is by 'n video van Patty Mescher wat met eiers en ander kos gegooi word iewers by 'n Stemlokaal in Edmonton.

"Two Face Patty"

Two Face Patty!"

"Fuck you Patty!"

"Patty hates expats!"


© University of Pretoria

Die kiesbeampte grynslag terwyl hy die skandeerder na die volgende persoon uitsteek.

"Thanks."

"Next."

Jeremy stap die gebou binne, op met sewe steil trappe.

Rye met wit karton kolomme met die provinsiale vlag en die stem kommissie se slagspreuk, op groet kiesers by die deur.

As hy vinnig deur die vertrek kyk, tel hy twee-en-twintig karton stemhokkies, elkeen wat 'n kieser besig hou. Mense wat verskil van mekaar in vorm, kleur en selfs reuk, staan voor oor gebuk tussen twee afskortings in die geheim, besig om op 'n vorm te skribbel.
Een kieser, 'n jong meisie, seker in haar middel-twintigs, gooi haar opgevoude stembrief deur 'n gleuf van een van die gemerkte dose. Sy draai in Jeremy se rigting.
Jeremy haal diep asem en blaas weer uit.

Doen jou ding Jeremy.

Hy kyk na haar asof hy besig is om 'n skoot vir sy dokkie op te stel. 'n Besonderse komposisie.
Wanneer sy haar arms uitstrek om haar baadjie uit te trek is sy vir 'n oomblik in lyn met die Christusbeeld se arms voor in die kerk. Die enigste item wat nie vir die verkiesing verwyder is nie, wel dit en die kerkbanke wat eenkant toe teen die mure geskuif is.

Jeremy glimlag ongemaklik vir haar.
Sy ignoreer hom, en stap deur een van die kant deure wat 'n kiesbeampte vir haar uitwys.

Buite is dagbreek al goed op dreef. Muskietlarwes ritmies aan die ontwaak.

-----

"Primary progressive aphasia or PPA for short"
Dokter Lee bestudeer die dokument op sy rekenaarskerm.
Daar's 'n klop aan sy kantoor deur.

"Come in."

"Why is there an exit sign outside?"


© University of Pretoria

Dokter Turnbull lyk baie soos die Kanadese held Terry Fox. Die kankerlyer wat met 'n prostetiese been van kus tot kus gehardloop het as deel van 'n bewusmakingsveldtog in die vroeë tagtiger jare. Sy krulhare, sproete en skerp neus is *uncanny.*

Lee antwoord sonder om op te kyk.
"Oh, that thing. It started as an inside joke – I would always *escape* to my office."

Turnbull maak die deur agter hom toe en plons in die stoel voor Lee neer.

"What do you think of these crazy posts from Patty Mescher?"
Lee kyk vir die eerste keer op. Turnbull is al gewoond aan Lee agter 'n rekenaar, onwrikbare fokus.

"I'm not here to talk politics Turnbull."

"Bat shit crazy, I personally don't believe her – the hackers excuse, too easy."

Lee wag 'n oomblik.

"It's one of my patients Eenuud Preller."

Turnbull strek agtertoe in die stoel en blaas skerp uit.

"Oh god, the expat serial killer thing, so it is politics orientated."

Hy kan nie help om te lag nie.

Lee antwoord dadelik terug.
"She's a survivor Turnbull..."

"Yeah sorry, survivor. You know what I mean. I was hoping you didn't want a second opinion on her, Lee. Anyone but her, right?"

Turnbull sou Lee nie beskryf as iemand met 'n sin vir humor nie. Ernstig en gedetermineerd pas hom baie beter. Hy is verbaas oor die 'inside joke'. Aan die ander kant kan dit ook net wees dat Lee nog nie tyd gekry het om iemand te vra om die EXIT teken af te haal nie.

"Well? What's your opinion Turnbull?"Do you have one?"

Lee druk homself, nes Turnbull, terug in sy stoel, maar sy oë is steeds op die skerm.

-----


© University of Pretoria

"Dongggggg"
"Donggggggg"
"Dongggggggg"
"Donggggggggg"
"Dongggggggggg"
"Donggggggggggg"
"Dongggggggggggg"
"Donggggggggggggg"
"Dongggggggggggggg"

Die kerkklok se slae weergalm deur die gebou. Vibrasies gly teen die toring ,hardloop tussen die wit plank panele deur en laat die helder loodglas vensters tril – net genoeg om die kaleidoskoop van kleure wat die son deur die ruite op die vloer mors te laat dans.

Dis stil.

Die geluid van penne wat hier en daar op papier skribbel, iemand wat hoes en iemand wat 'n vraag aan 'n beampte fluister, is al wat die ruimte in Jeremy se kop vul.

Jeremy is volgende.

Hy wag vir een van die assistente agter 'n lang tafel om hom nader te roep. Al drie die assistente se koppe is geboë, besig om die skerms voor hulle te aanbid.

Jeremy kyk hoe lank hy sy asem kan ophou terwyl hy wag. Opgewonde.

Die assistent in die middel – 'n vrou met skel-rooi hare, steek haar hand in die lug en beduie vir Jeremy om nader te staan.
Hy kyk weer na die Christus beeld agter die preekstoel en wonder of daar werklik 'n rede is dat die beampte besluit het om hom in te laat kom.

Hy mag nie stem nie.

Dis 'n teken.

'n Teken dat vandag móét gebeur.

Met sy hand gerusstellende in sy baadjie se linker sak voel hy of als in plek is, dan tree hy finaal vorentoe, reg vir die groot dag.

-----


© University of Pretoria

# HOOFSTUK SESTIEN
## ***K**illers*


© University of Pretoria

Girard was besig om sy slape liggies te masseer met die hoop dat die hoofpyn sou bedaar toe Stanford by die kantoor ingebars kom.

“Inspector,we have another one. Dead”

-----

Girard en Stanford ontwrig die kiesers euforie met flitsende blou en rooi ligte. Die swart SUV slurp die teerstraat op soos die adres op die GPS se skerm nader kom.
Girard is stil.
Stanford sukkel om stil te sit.
Girard praat vir die eerste keer wanneer die verwaarlose plot-huis met die ou rou motor tussen die plantasies in fokus kom.

Dis ‘n miernes wat by die huis uitpeul tot voor op die vuil erf met sy kaal kolle.
Girard hou langs die ou Pontiac stil en wys oudergewoonte sy identiteitsdokument wanneer hy uitklim.

“They’re like hound dogs…the press.”

Hulle stap die effense bult op na die voordeur.

Stanford sien iets wat lyk soos ‘n wip. ‘n Staalhok wat ‘n paar voet van die voordeur af staan. Watookal in die hok was het honderde brommers gelok.

“…must be a rat” kom Stanford se stem.

Girard brom sonder om in die wip se rigting te kyk.

“You gotta admit inspector, this is pretty exciting. When last did Alberta have a real serial killer?”

Voor Girard by die voordeur instap draai hy na Stanford.
“I didn’t know you got real *and* fake serial killers.”
Girard keer wanneer joernaliste met selfone en mikrofone nader storm.

“Stay clear folks, nothing to report yet.”

Dan sagter aan Stanford.
“Get Commisioner Edgar Hillman here pronto.”

Girard vat ‘n paar latex handskoene by een van die sersante wat by die voordeur waghou.



© University of Pretoria

Kameraflitse kom van iewers uit die kombuis.
Girard volg die reuk wat sy geheue nooit verlaat nie en saans sy nagmerries aan die gang sit.

Die reuk van dood.

Oral in die sitkamer en in die gang wat na die kombuis lei, is mans en vrouens in wit oorpakke besig om moontlike bewysstukke te versamel. Die ruimte in te neem.

"Jesus."

Stanford se reaksie, dat hy nog nie veel as polisiebeampte wat nog te sê sersant in hierdie deel van die wêreld beleef het nie.

Girard onthou dat dit net in speurverhale en films is waar die skokfaktor oordoen word.
Hy kan nie help om self sy emosie te moet beteuel wanneer hy die gemors in die kombuis teekom nie.

"Victim is male, Caucasian, probably mid to late fifties. Cause of death,  gunshot wound to the upper face and head. Front temporal lobe has been disintegrated, as well as…most of the upper face."

Die Patogloog staan op en maak sy tas toe, hy is oorgewig, oormoeg en die laaste ruk oorwerk.

"Girard" sy erkenning van Girard in die vertrek klink of dit deel van sy analise is.
Die man draai na Stanford, en besef hy ken nie die gesig nie. Hy draai na die deur en steek vas langs Girard.

"Doctor Rabinowitz, this is staff Seargent Stanford."

Die patoloog draai nie na Stanford toe nie, steek ook nie sy hand uit nie.

"Something strange about this one Inspector, I'll get back to you ASAP."

Girard knik net. Die man roep na mans wat buite staan.
Stanford hou sy hand oor sy neus en mond. Die reuk hang dig in die kombuis. Brommers oral, van hulle het al verveeld begin raak met die lyk en elders in die kombuis gaan handjies vryf vir iets te ete.

Girard kyk op na die plafon bo die afkop man.

Harsings, bloed en beenfragment is teen 'n geweldige tempo van onder opwaarts geskiet.
Die verspreidings area so groot soos 'n strandsambreel.
Girard probeer sin maak van die toneel, dit inneem, verteer.

'n Haelgeweer leun teen die man se bobeen tussen sy bene.


© University of Pretoria

Selfmoord. Maar ook nie.

Moord. Maar ook nie.

Hy sien iets tussen die gemorsspul teen die dak.
Blink metaalstukkies. Halfmane. Beslis te groot om deel van die haelgeweer se ammunisie te wees.

Hy trek ‘n houtstoel nader en staan daarop.

Hy skakel sy selfoon se flitslig aan.
Geld.
Muntstukke.
Hy trek een uit.

“It’s not Canadian.”

Stanford vat ‘n handskoen uit een van die oorpak manne se tassie en neem die munt by Girard.

Dis ‘n koper rooi munt. Daar is ‘n voël met ‘n lang nek op en **5C.**
Seker vyftig van dieselfde muntstukke, as Girard vinnig moet tel, wat oral in die plafon vasgeslaan het.
Girard staan terug en neem die toneel in.

Stanford haal sy foon uit.

Google reverse search.

“I though so...”

Hy draai sy foon se skerm na Girard, wat eers sy bril opsit.

“Five cent coin...South African.”

“Bag it as evidence” se Girard aan Stanford.

Die slagoffer sit aan die hoof van die tafel wat teen die een symuur van die smal kombuis staan.
Die enigste oorblywende deel van sy kop, van sy bolip ondertoe, hang agter oor die stoel se lening. ’n Oop koerant lê voor die man en van sy harsings het in en om sy beker koffie gespat.

Sommige skade het van die plafon af binne in die koffie geval en dobber in die grys vloeistof.

“Do you think he knew this was gonna be his last cuppa coffee?” kom Stanford se gedempte stem agter sy hand.


© University of Pretoria

"He was definitely not shot with those coins" kom Girard se stem terwyl hy na die plafon staar.

Stanford wag in spanning.

"He had the coins in his mouth when the shot went off."

"Or..."

Girard gaan staan agter die oopkop man.Hy kyk stadig op, stadig af.

Stanford durf nie sy hand voor sy mond en neus wegvat nie.

Sy "or" klink gedemp binne die holte van sy sweterige hand."

"Or...*someone* put the coins in his mouth..."

"Fuck sakes" is al wat Stanford agter sy hand kry.

Girard neem die kombuis van hoek tot kant in. Elke detail, elke item. In stilte met stadige oog-bewegings skandeer hy elke spasie.

"Does your phone take photos?" vra hy aan Stanford.
"Yeah, but didn't forens..."

"Just take photos of everything, especially those coins stuck in the ceiling -email them to me."

- "Did you manage to get a hold of Commisioner Hillman?"

"Oh, yes, he's on his way"

Girard waai na die lastige brommers.
Hy trek die blinding bo die wasbak op 'n skrefie.

"Edgar better move his ass; it's already turning into a circus out there."

"We found a driver's licence sir."

Die jong man met die oorpak gee die kaart vir Girard.

Stanford lees voor.
Victor Redshaw. "Expat – South African."

Girard vryf sy oë onder sy bril.


© University of Pretoria

“Look at the newspaper Stanford…”

Stanform hou weer sy hand oor sy mond en tree versigtig nader aan die tafel.
Hy probeer konsentreer en verby die bloedspatsels op die papier kyk.

Hy kyk na die sin wat bo oor ‘n foto van Geoff Mapleston geskryf is.

“Blink...ggg..“I can’t read that Inspector.”

-Then get someone who can” kom Girard se stem deur die gezoem van die brommers.

-----

“At this stage we can neither confirm nor deny that the latest incident is linked to the spate of expat-killings in Alberta.”

Een van die joernaliste steek haar foon tot amper in kommissaris Edgar Hillman se gesig.
Hy tree geïrriteerd terug.

“Commisioner Hillman, people are calling these killing politically motivate.Why hasn’t Geoff Mapleston been questioned by the RCMP yet?

“No comment at this stage thank you.”

“Some speculate that this is a STAGED SUICIDE by the killer?” kap ‘n ander joernalis en veroorsaak ‘n ontploffing van vrae onder die res van die fone, mikrofone en arms wat soos pasgebore kuikens hulle bekke ooprek en smag na oorlewing.

“No comment, thanks ladies and gentleman, that’s it for today.”
Hillman stap met vinnige swaar voetvalle in die rigting van die huis.

Polisiebeamptes probeer die joernaliste terughou, terwyl een se vraag bo die ander s’n uitsteek en Edgar vir ‘n oomblik laat omdraai, voor hy die huis binnestap.

“Is Jeremy Zwaats still a suspect in this investigation?” hoor hy ‘n joernalis gil voordat hy die voordeur toetrek.

Edgar trek sy neusgate groot oop en stap die huis binne. Hy sien Inspekteur Girard in die donker gang staan. Van die laat oggend sonlig breek deur en spoel oor die mat en raak-raak aan sy skoenpunte.

“Girard, fucking tell me you have something to nail this son of a bitch Zwaats with.”

“Commisioner, we’re not even sure it is Zwaats. Time of death might rule him out as the perpetrator.”


© University of Pretoria

Edgar haal sy *vape* uit en suig daaraan.

“Maybe for this one, but the other killings?”

Hy blokkeer die son deur nader aan Girard te staan en vryf onder sy bril oor sy gekreukelde voorkop.

Hy sug.

“The press and public are becoming increasingly hostile inspector, even in Canadian standards.
They’re asking questions and demanding answers. We know it’s Jeremy Zwaats, and we know it’s political.”

Girard voel hoe die gang nouer raak, elke nou en dan skuur ‘n beampte verby na buite.

“Commisioner. We have no clear motive yet, and with all due respect, there is no ‘we’ in this investigation. Only the truth, which I intent to uncover.”

“Girard, I don’t have time for your philisophical bullshit, we need a break in this case. A fucking big one!”

“This during voting season...it’s a fucking shit show out there.”

Girard staan nader en raak aan Edgar se skouer, sy stem laag.

“We haven’t ruled out suicide with this guy, which means that the possibility exists that this might not even be a victim of the expat killer…”

“I know you Girard, you don’t believe this is suicide, do you?”

Girard antwoord hom nie.

Twee mans forseer hulle om vinnig opsy te staan vir die bedekte draagbaar wat by die voordeur uitgedra word.
Girard klap sy vingers in die rigting van die sitkamer waar Stanford besig is om met een van die forensiese span te praat.

“Stanford.”

Stanford stap nader met ‘n geseëlde sak waarin die bloedbevlekte koerant is. Hy hou die koerant na Edgar asof hy instinktief weet dis wat Girard wil hê hy aan Hillman moet wys.
Edgar frons en fokus op die swart letters wat lyk of dit met ‘n inkleurkryt geskryf is.

***“Blink goed lok Kraaie”***


© University of Pretoria

Die onbekende woorde is oor 'n foto van Geoff Mapleston tydens sy laaste toespraak by Lake Louise geskryf.
Hillman blaas die *vape* se rook in Stanford se gesig. Stanford is nie heeltemal seker of dit opsetlik is of nie.
"Not political hey? Jesus, can we at least have a fucking killer that can speak or write English. Is that Afrikani…Afrikaans language?

"Yes sir, and I Google translated it" Stanford haal sy foon uit en wys vir Edgar.

–Shiny things attract crows–

Edgar gryp die sak met die koerant uit Stanford se hand.

"Jesus, more phylosophy 101 crap..."

"I know what you're thinking Edgar" kom Girard se stem amper gerusstellend.
"The word crows slash black bird. Black in Afrikaans is 'zwaat' with one 'a' and its very similar to Jeremy's last name."

Edgar Hillman se oë blink deur die rook in die beknopte gang.

"My opinion? Pure Coincidence ", Girard se stem steel die oomblik eensklaps.

Edgar kyk oor sy bril se raam na Girard. Reg om aan te val sou die volgende woorde hom nie aanstaan nie. Dit lyk of sy kop gaan ontplof uit pure frustrasie.

Hy bly stil.
Niemand sê iets nie.

Dan breek Girard die stilte met net twee woorde.

"Eenuud Preller"

Girard druk Edgar teen die skouer en tree vooruit in die sonlig wat meer van die gang begin ophelder. Buite verdwyn hy en Stanford terug in 'n stormsee van vrae en opinies.

-----

Anna hou haar hand ongemaklik op Geoff se rug en kan nie help om haar te verbeel dat hy besig is om homself te bevredig met sy mond nie…siek, maar sy wonder tog of hy nie in staat is tot so iets nie.


© University of Pretoria

Hy voel naar sê hy.

Sy forseer haar gedagtes terug na die huidige krisis.

Dimitri sit voet in die hoek. Die elegante skip van 'n motor is ver oor die spoedgrens.

Geoff se kop is steeds na onder gebuk. Hy kom stadig op. Sy kleur lyk of dit herstel.

Anna kyk oor Geoff se rug deur die getinte ruit na buite.
Kronkelende rye mense wat geduldig wag om te stem buite inkopiesentrums wat as stemlokale ingerig is. Besige strate begin plek maak vir groot leemtes. Oop vlaktes met takbokke wat skuiling teen die versengende hitte soek.

Mens word deur dier vervang hoe verder hulle uit die bedrywighede van die stede en dorpe beweeg, in 'n rigting wat Anna hoop gee.

Sy sien die fyn rooi sproei in Geoff se kuif. Dit lyk taai.

"Shit."

Sy krap in haar handsak vir 'n *tissue* of *wet wipe.* Dit bekommer haar dat Geoff nie protesteer nie.

Anna probeer weer, terwyl sy 'n half geskeurde *tissue* met spoeg natmaak en die fyn rooi druppels uit sy hare probeer vryf.

Sy probeer haar asem ophou terwyl sy praat.

"Geoff, listen to me, everyting is going to be fine. You need to compose yourself for your big day, okay?"

"Do you read poetry?" kom Geoff se stem uiteindelik hees deur.

Anna kan nie help om seker te maak of Geoff met haar of met iemand anders in die motor praat nie. Dis absurd, sy weet. Hulle is net drie in die motor.

Dalk is hy in skok. Kranksinnig.

Sy gaan die kans waag.

"Poetry?"
"Yes, it's really a very simple question Penny- DO YOU READ POETRY?"

Sy is meer oortuig hy is by sy volle bewussyn. Sy ego is beslis terug en aan die styg.


© University of Pretoria

Sy haal haar hand van sy rug af, maak haar keel skoon.

“No Geoff, not particularly.
I don’t really see myself as the literary type. So no, I can’t say I read poetry.”

Die swiep geluid van ‘n motor in die teenoorgestelde rigting vibreer elke nou en dan teen haar oordromme. Sy dink dat dit verdag mag voorkom dat Geoff Mapleston se motor teen ‘n hoë spoed ry ná al die vrae wat by Lake Louise agterbly.

Sy moet vir Dimitri sê om dit rustiger te vat.
Spoed te verminder.

“I really enjoy poetry”, se Geoff met sy gesig na die ruit gedraai.

“Especially the works of Wordsworth, Percy Shelley and Audre Lorde. Hell, even some of Edgar Allan Poe’s stuff gets my adrenaline going at times.”

Hy draai na haar.

Iets in sy oë maak haar bang. Iets wat sy nog nie voorheen gesien het nie.

“I can sometimes turn a phrase or two myself, especially after a fine wine and good quality red meat.

Sy glimlag laat haar ongemaklik voel.
Iets aan hom is af.

“I’ve never published anything of course, it’s more personal.”

Hy draai weer in die rigting van die venster en raak stil.
Anna voel soos ‘n knaagdiertjie. Een wat in ‘n wip gevang is en na al die kante in tralies vas hardloop. Vasgekeer. Geen uitgang, geen uitkoms. Soos die een…waar het sy onlangs so iets gesien? Of het sy dit dalk gedroom?

“Geoff, go on I’m listening…” sy forseer haar hand op sy skouer.
Sy ken die tekens van ‘n angsaanval. Sy haal diep asem sonder om dit te wys.
Haar gekraakte foonskerm helder op. Meestal sosiale media boodskappe.
Sy probeer met haar een hand loer sonder om Geoff se oomblik te onderbreek nie. Sy voel of sy uit die kar wil spring en weghardloop.

Haar oog vang nuusopskrifte wat op haar foon se skerm opspring.

#Where is Geoff Mapleston?

#Another Expat killing on Voting day?


© University of Pretoria

Sy skrik wanneer Geoff weer begin praat.

“This morning, my dear Anna, I managed to turn another phrase, no wine, no expensive imported whiskey. Just plain old rhyme …”

Sy draai die foon se skerm om en doof die skermlig uit.

Hy kyk weer vir haar en lyk of hy self sy asem ophou.
Die vreemde uitdrukking op sy gesig is steeds daar.
Waarmee kan sy haarself verdedig as hy iets probeer?
Elke spier in haar liggaam trek saam, die angsaanval net onder die oppervlak.

Sy kyk in sy dowwe oë wat skerp in fokus kom.

Voor Geoff iets kan sê, sien sy die angsbevange eekhoring in die hok op Red se plot. Dis waar sy die diertjie gesien het voor Geoff vir Red in die kop geskiet het. As hy dit kan doen, wie sê nie hy sal iets aan haar doen nie.

Skielik besef sy hoe min sy eintlik van Geoff Mapleston weet. Dit maak haar bang, vandag meer as ooit.

“Go on Geoff, I’m listening”, sy probeer om nie die vrees in haar stem te verklap nie.

“Fuck!” kom Dimitri se stem skielik van voor

Dimitri rem hard en swaai skerp na regs. Anna val op Geoff se skoot. Die bande skree en wanneer Anna deur die agterruit kyk deur deurmekaar hare, sien sy die takbok wat emosieloos na hulle staar.

“Fuck sakes.That was close Dimitri”

“We are lucky Anna, it could have been bad”

Sy probeer haar asemhaling bedaar. Geoff staar steeds by die venster uit asof hy nie eers die pluk gevoel het nie. Al teken dat dit hom wel geraak het is ‘n kneusplek teen sy kop waar hy dit teen die ruit gestamp het.

-----


© University of Pretoria

# HOOFSTUK SEWENTIEN
***E**nid*


© University of Pretoria

Enid Preller staar na die dowwe kubis bo haar hospitaalbed.

Sy vermoed dis die televisie. Sy's amper seker.
Die klank is baie sag maar sy kan die stemme uitmaak.

- *"That's right Bill, as results starts trickling in, looking at the numbers, the race is tighter than ever".*

- *"Sure is Dana. As of 12:24 local time, a little more than nineteen percent have been counted and verified by voting station officials and…yeah, it's going to be a very close one indeed".*

Enid onthou vaagweg dat daar 'n verkiesing aan die gang is.
Sy weet nie wie die kandidate is nie. Wou sy spesifiek vir iemand stem?
-Het sy ooit geregistreer?
-Kon sy betyds registreer?
-Het sy ooit burgerskap gekry?
Hoe lank is sy al 'n permanente inwoner van hierdie vreemde plek?

Die klank op die televisie stop.

Sy hoor voetstappe wat die vertrek binnestap.

"Afternoon Ms Preller. How are you feeling?"

Is dit al middag?
Dis een ding wat saam met haar sig in die slag gebly het.
Die bewustheid van tyd. Dis stukkend.

Sy hoor hoe die blindings oop, of toe getrek word, aan haar linkerkant. Die swart voor haar verander nie in intensiteit nie. So die blindings is dan seker toe.

Donker op donker bly net donker.

*Hallo donkerte my ou vriend.*

"Hoe laat is dit suster?" haar eie stem klink blikkerig en eggo net in haar een oor.

Sy wag vir 'n antwoord, en weet al hoe die antwoorde kom wanneer dit met verwarring gepaard gaan.

"Sorry Ms. Preller, what was that?"

Shame, dan probeer sy nog ordentlik wees.


© University of Pretoria

Enid lig haar hand en bring dit na haar ander arm se gewrig. Sy hoor hoe die verpleegster vinnig nader tree, nie seker van wat om te verwag nie.

Enid tik met ‘n dik geswelde wysvinger op haar gewrig.

“Oh, the time! It’s just after noon Ms Preller, sorry about that.”

Sy onthou skielik iets belaglik. Hoe die Kanadese geneig is om altyd om verskoning te vra. Hoe dit haar geïrriteer het – nog steeds irriteer.

“What are you watching here.”hoor sy die stem kwaai.
Sy trek haar neusgate oop. Waar is die ander een, die een wat lekker ruik. Sy mis haar sagtheid.

“Oh no my dear. I don’t think you should be watching politics, not good for the heart or your blood pressure.”

Sy hoor hoe verskillende klankgrepe haar ore binnedring soos die kanale rond spring.
Sy stop by iets wat na sport klink.

’n Wedstryd wat reeds aan die gang is.
“There we go, much better.”

Die man se stem laat haar aan een van haar neefs se stemme dink. Aan haar ma se kant. Hoog genoeg om ‘n moffie genoem te word, maar ook vals genoeg om nie die Drakensberg seunskoor te maak nie.

- *“...is Edmonton Oilers and…oh shoot, as long as the oilers are playing, Alberta will be glued to their screen. Well this is a re-run, but nonetheless…I always…”*

Dit help nie eers sy vra die verpleegster om eerder af te sit nie. Niemand weet wat sy sê nie. Niemand verstaan haar nie. Niemand verstaan nie. Dit wat gebeur het.

Here, verstaan sy ooit?

Sy probeer die man se stem uit smoor en wonder skielik of sy ook op ‘n tyd so baie gepraat het.

Die verpleegster sê dan iets wat haar aandag laat terug deins soos ‘n reddingsboei wat iemand vir haar uitgooi in die nag.

“Mrs Preller,  Dr Lee will be checking in just before the night shift kicks off. Should be around six pm”.

“Dankie suster” kom haar reaksie meganies.


© University of Pretoria

Die verbande om haar gesig voel skielik swaar. Haar nek moeg om haar stukkende kop bo te probeer hou.

Sy hoor voetstappe na die bed beweeg en iets wat liggies aan haar arm, waar die drup in is, wikkel en trek.

“There, there. You get some well deserved rest.”

Die swart voor haar begin draai. Eers kloksgewys en dan anderkant toe.
Dit laat haar dink aan ‘n maalkolk wanneer jy ‘n bad se prop uittrek.

Soos golwe wat stadig groei en sak in ‘n swart see. Haar kop draai en die verpleegster se stem trek soos ‘n ou langspeelplaat tot waar dit iewers saam met haar sintuie in die donker gat afsak.

Wegsink.

Sy hoor iets wat sy weet ‘n leun is.
Iets wat nie in die hospitaal kamer kan wees nie.

Sy is eers nie seker nie maar dan, hoor sy dit al hoe duideliker.

‘n Ketel wat kook.

-----

Jeremy staar na die vorm voor hom wat netjies op die blad in die toevou hokkie pas.
Hy kyk rond na die leë doppe met klere aan wat oral rondom hom staan.
Hy kyk dan opwaarts na die binnekant van die kerksaal, na die dakbalke.

Die geraamte.

Die wit geverfde dakbalke steek soos ribbes in mekaar en van waar Jeremy staan, wil dit voorkom of die hart wat beskerm word, die kerkklok in die hoë toring is.

Hy sien ‘n orrel en maak sy oë toe.

Hy verbeel hom hoe die klanke die gebou ‘n siel gee – mens maak.
Hy haal sy linkerhand versigtig uit sy sak en plaas dit op die blad voor hom. Daar is agt kandidate se gesigte aan die eenkant van die vorm en die ooreenstemmende oop blokkie aan die anderkant.
Die eerste ses kandidate lyk vaagweg bekend. Plekhouers op ‘n stuk papier, niks meer nie.


© University of Pretoria

Die laaste twee name maak hom lewendig.
'n Elektriese skok wat van sy stuitjie op in sy ruggraat tot in sy skedel pols.

**Mr. Mapleston Geoffrey** **Ms Mescher Patricia (Patty)**

Hy kyk voor hom terwyl hy die swart pen in sy linkerhand optel.
Buite blaas twee katte.
Hulle wip opgewonde op 'n tak wat net-net ver genoeg verby een van die oop loodglas vensters strek, vêr genoeg sodat Jeremy hulle kan volg. Hulle skril klank weergalm van die stowwerige ruite en klink dof van binne die kerkgebou.

Hy voel net dankbaarheid.
Om te kan stem en die belangrikste onderhoud vir sy dokkie op dieselfde dag te kan voer.

Alles te danke aan haar.

------

Enid hoor koppies en teelepels klingel. Sy sien haar hand wat die tee roer.
As sy kan sien, weet sy dis 'n droom. Iets in haar onderbewuste.
Wit blare – sy ken die roos, 'n *iceberg* uit haar tuin, hier in Kanada.
Waar in Kanada? Sy sien 'n hanswors wat lag. Die dorp se naam…het dit iets met 'n hanswors te doen, iets snaaks?

Wat was die dorp se naam?

Die hanswors glimlag breed, hy het nie tande nie. Die geverfde trane op sy wang beweeg op en af en flikker soos die pienk neonligte van woorde wat sy deesdae voor haar in die donker sien.

Hy hoes, verstik aan iets.

Sy mond maak oop, al hoe groter, groter, nog groter. Onrealisties groot, so groot dat die hoeke van sy mond begin skeur en bloed op die vloer drup.
Hy haal iets uit, van diep binne sy keel. Sy arm is weg tot by sy elmboog, sy kop ver agteroor, sy nek so soepel soos 'n swaan s'n.

'n Hoed.

'n Hoed? Hat…Hat…something hat…


© University of Pretoria

Die hanswors sit in ‘n bondeltjie opgekrul iewers in ‘n vertrek wat sy ken. Hy is nie meer ‘n volgroeide man nie, maar ‘n seuntjie van so vier, miskien vyf jaar oud. Iemand hou hom vas terwyl hy huil…nee.
Hy lag steeds. Die vrou wat hom vashou…is dit…’n man...nee dit moet ‘n vrou wees...

Iets aan haar lyk nie reg nie.
Daar is twee voëlbekke wat by haar lyf uitsteek. Pikswart kraaisnawels. Een in die plek van elke bors.
‘n Vrou met kraaie vir borste!

Die een waaraan die kind suig het iets in sy bek wat hy vir die kind voer, terwyl die ma uitdrukkingloos voor haar staar.
“Medicine Hat mommy, Medicine Hat!!! Skree die kind terwyl hy aanhou suig aan die kraai snawel.

Sy ingekleurde flikkerende trane beweeg steeds oor sy wange.
Sy sien weer die wit roos en ‘n reuse neus wat daaraan ruik.
Die neus verander voor haar dowwe grys oë, wat vir ‘n oomblik terug staar na haar. Die neushare word langer, dikker en begin die neus toe spin, soos ‘n nes of kokon. Die neus word langer en die kleur verander. Eers swart dan spierwit, nes die wit roos.
Die neus is nou harder, met ‘n skerp geboë punt.

Sy hoor die hanswors-kind weer lag. Sy sit op ‘n stoel iewers voor ‘n groot boom in haar tuin. Die gelag kom nou uit háár mond, maar dis nie haar lag nie. Sy ken haar lag.
Die ma met kraaisnawels vir borste stap om haar. In sirkels, om en om.
Sy is besig om iets om haar te draai, ’n swart tou, of elektriese koord.
Eers by haar voete, op, dan haar bene ,nog hoër op, haar knieë, dan haar middellyf.

Sy doen niks. Bly net sit. Beweeg nie, met iemand anders se lag in haar mond.

Sy sien die vrou wat om haar beweeg.

Elke keer as sy voor haar is, het sy ‘n ander gesig, ‘n ander kop. Dit laat haar dink aan dogtertjies wat soms poppe se koppe aftrek en met ander vervang. Sy onthou sy’t dit as kind gedoen.

Was sy die enigste dogtertjie met die vreemde gewoonte?

Sy herken nie een van die gesigte nie.
Miskien mense wat sy iewers raakgeloop het, op televisie al gesien het. Gesigte wat haar onderbewuste gebêre het vir wanneer haar nagmerries vervelig raak.

Sy voel iets aan haar lyf.

Nie net die koord wat stywer om haar span nie, iets binne. Vrees wat haar begin vul, soos kookwater in ‘n koppie.


© University of Pretoria

Wie is die vrou, die ding wat haar so verniel?

Een van die vrou se koppe wat elke nou en dan verby kom, maak die vrees meer tasbaar.
Voëlkop. Die masker met die lang snawel.
Die geluid van die ketel wat kook kom van vêr. Die vrees. Dit verander in 'n gil, hoë toon gil.
Die laaste kop wat verby haar kom, laat haar gebreekte liggaam aan die ruk gaan en sy hoor masjiene wat skree en piep.

Sy's terug in die hospitaalbed.
Haar hart klop nie, hy plof deur haar borskas. Die beddegoed papnat.
Sy het die gesig herken.
Die een met die masker. Die een agter die masker.

-----

Stanford haal sy skootrekenaar uit en speel Elsabe en Pieter Labuschagne se onderhoud, maar sit die klank af.

Elsabe se mond beweeg in stadige aksie op die skerm. Stanford beweeg sy *curser* oor die speel lyn en beweeg haar mond oop en toe – vorentoe en agtertoe – oop en toe. Op 'n stadium in die video beweeg sy haar hande vreeslik rond soos sy iets beduie.
Sy lag vir iets en skuif effens kant toe vermoedelik op instruksie van Jeremy.
Stanford beweeg die speel lyn weer vorentoe, heelwat.

Elsabe raak emosioneel.

Sy kyk op en sak haar kop terwyl sy met haar wysvinger en duim aan haar neusbrug knyp.
Pieter, wat op dieselfde rusbank langs haar sit kyk vlugtig weg.
Twaalf sekondes later staan sy op en stap uit die kameraskoot uit.

Girard kyk op en vryf agter sy bril oor sy oë.

"You know that every Afrikaans speaking person in Alberta declined to assist the RCMP let alone the Major Crimes Unit? Why? Because they're afraid they might be next on the killer's list or worse…become a suspect".

Stanford speel die video agtertoe.

Elsabe sit met haar kop vooroor gebuk. Haar hare hang oor haar gesig en in die agtergrond hardloop hulle hondjie speels agter 'n vlieg of iets aan.


© University of Pretoria

“Inspector, what is your gut feel? About Jeremy Zwaats?”
Girard vat die laaste sluk soet koffie.

” I don’t go with my gut Stanford, I go with facts, hard evidence.”

Stanford staar na Elsabe en Pieter op die rekenaarskerm.

“I wonder if they knew something...that something was off...”

-----

-*“Bill, with final results coming in fast, it seems the race for Alberta’s premiere is tighter than ever.”*
- *“That’s correct Dana, never in my over thirty years as a news anchor and correspondent, have I seen such a small margin of play between the two main and extremely apposing candidates in Patty Mescher for the liberals, and Geoffrey Mapleston for the conservatives.”*

Jeremy luister na die kommentaar op sy foon terwyl hy na die kiesers op die vloer kyk. As jy die bloed mis kyk lyk dit of almal slaap. Hy wonder hoe lank dit gaan neem vir die polisie om hiervan te hoor.

Dit sal gou moet wees.

Hy stem saam. Die groot klimaks het aangebreek.

-----

Geluide van toeskouers wat juig en hokkiespelers wat oor ‘n baan gly agter ‘n hokkie pok aan bring Enid uit haar sluimering.

Haar liggaam voel oortrek van hoendervleis. Sy weet sy’t weer ‘n nagmerrie gehad.

Die details dof en donker nes haar sig.

“Hello?”

Sy luister. Geen antwoord nie, net die televisie.

“Hello?”

Sy onthou die noodknoppie naby haar hand op die bed en druk dit.


© University of Pretoria

Voetstappe kom dringend nader.

"Ms Preller, are you okay, anything I can assist with?"

"Kan jy asseblief die kanaal verander?"

Sy wys in die rigting van die televisie.

"Oh, you want me to switch off the tv"

"Nee, verander net die kanaal asseblief."

Die verpleegster se stem klink nie bekend nie. Sy klink jonk en *stupid*.
Sy hoor die voetstappe nader aan die bed kom en weer kom die man se stem wat haar aan haar neef laat dink...

*"This is the moment the Oilers have been waiting for, Josh Hammel moving in closer now its…!"*

Die stem word afgesny.

Stilte.

Sy't die televisie afgesit. Dankie here.

"Ms Preller?"
Enid hou haar duim op. Die internasionale simbool vir, goed so, als is doodreg.

Maar niks is nie…niks is reg nie.

"No problem Ms Preller, Dr Lee will be seeing you soon."

Die jong verpleegstertjie se voetstappe raak sagter en word vervang deur bekende voetvalle. Vinnig en doelgerig.

Dokter Lee.

Hy is sover die enigste een wat haar op haar naam noem. Sy hou daarvan. Dit voel of daar 'n band tussen hulle is, 'n blinde band. Iets bekend, nie soos die liggaam waarin sy nou vasgevang is nie.

Dokter Lee se stem bring berusting, sy wonder hoe hy lyk.
Hy's sonder pretensie, sy stem oop en eerlik. Hy dra nie 'n masker nie.

Masker. Masker?
Masker!


© University of Pretoria

Die gesig is skielik voor haar. Die nagmerrie minder dof.
Sy onthou die gesig, herken die persoon wat haar wou doodmaak.

Skielik hoor sy 'n stem wat van naby kom.

-*"…tension is still mounting Bill, with roughly eighty percent of the province's votes now counted, this is still anybody's race…"*
*"Sorry docter" hoor sy die verpleegster.*
*"I just wanted to check in on the latest election news."*

Enid hoor 'n foon se skerm wat sluit en alhoewel Dr Lee die verpleegster nie antwoord nie, kan sy haar net indink watse kyk hy op sy gesig het.

Dr Lee se stem klink ernstig tog vriendelik.

"Enuud, how are you feeling today?"

Hy is naby aan haar, sy glo as sy haar arm uitstrek sal sy aan hom kan raak. Sy wil graag. Sy wil hom bedank, maar die masker in haar kop is eerste prioriteit. Die gesig agter die masker wat haar verniel het.

"Dokter, ek dink ek weet wie dit is. Ek dink ek ken die man wat my probeer vermoor het."

Sy probeer die woorde so rustig en kalm as moontlik formuleer.
Sy weet dat Dr Lee steeds nie 'n idee het wat sy sopas gesê het nie.

Hy kom sit langs haar op die bed. Sy kan sy asemhaling deur die matras voel. Kalm, sussend.

"Enuud, I know you understand me, and I know that you realize that I don't understand you.
"I've consulted with another doctor. Doctor Turnbull..."

Die gesig voor haar in die donker lag. Hard sonder klank. Nes die hanswors in die begin van haar nagmerrie wat voel soos rioolwater wat deur haar are vloei en haar naar laat.

"Dokter, luister na my, ek weet wie die ou is."

"Enid, I understand that you're frustrated. We have a theory of what might be the cause behind you losing your ability to communicate in your second language."

Sy draai haar kop weg van sy stem. Al kan sy hom nie sien nie, voel sy 'n skaamte wat soos een van die wit hospitaallakens oor haar getrek word.

Dan skuif Dr Lee iets onder haar hand in.
Hard en plat.

"I'd like you to try and communicate on paper. In English. If you can Enuud."


© University of Pretoria

Haar vinger punte voel en vryf oor die dooie ding. 'n Skryfblok neem sy aan. Dan 'n skryfding wat nader gestoot word.

"I'm going to ask you a series of questions. All you need to do for now, is answer with a *Yes* or *No.*"

Enid raak vir die eerste keer bewus van haar hartklop. Sy het nog een. 'n Hart wat haar aan die lewe hou.

Vra asseblief net die regte vraag, asseblief hemelse vader, laat hy net die regte vraag vra prewel sy.

Die trane sit agter haar oë. Hulle brand en steek.
Enid rol die potlood in posisie tussen haar duim en wysvinger. Haar vingers voel styf en ongemaklik, uit oefening.

"That's good Enuud, that's really good. Let's start with the first question then."


© University of Pretoria

# HOOFSTUK AGTIEN

***N**iemand*



© University of Pretoria

Niemand sal hom glo nie. Hy weet dit. Al die harde werk, slapelose nagte is uiteindelik besig om vrugte te werp.
Hy beur vorentoe. Wat is die kanse? As hy ooit getwyfel het, is daar nou hierdie oomblik.

Daar is by hom geen meer twyfel nie.
Hierdie magiese oomblik om als saam te bring. Sy groot deurbraak is in sig.

-----

Anna hou haar hand teen haar bors en voel hoe haar hart steeds jaag. Daai takbok, sy swart oë, sy was seker dit was die einde. Sou dit nie dinge vir hulle dan makliker gemaak het nie?

Die motor draai na regs en sy voel die bekende ongelyke grondpad wat na die kerkgeboutjie lei.

Sy trek haar asem diep in en blaas versigtig uit.

Geoff staar met geboë skouers by die venster uit.
Anna raak versigtig aan hom.

"Geoff, we need to initiate the final phase of the plan."

Hy draai na haar met sy sonbril. Hy glimlag vinnig en kyk weer by die venster uit.

"Geoff we need to get you ready for the photo shoot. The set-up we spoke about - the final phase in Babylon. Geoff do you understand what I'm saying to you?"

Geoff begin 'n deuntjie neurie.
Sy herken dit van iewers af.

Sy kyk vinnig in die rigting van die truspieël en sien Dimitri se reaksie. As die tempo van haar hartklop 'n kyk moes wees, was dit daai kyk.

-----

Jeremy sit agter sy skootrekenaar in die klein kantoortjie agter die kerk. Daar is 'n muf kol in die een hoek teen die plafon wat hom aan 'n moesie laat dink, 'n kwaadaardige kol, wat donker en swaar na onder hang.


© University of Pretoria

Hy hoor voetstappe heen en weer in die kerkgebou. Goed wat rond geskuif word.

Voor hom op sy skerm se rekenaar is die Politico-Canada webblad oop en in 'n kleiner venster onder in die hoek die Babylon kenteken met die spiraal toring.

Please enter your details for final phase initiation below:

Jay **********

Jeremy hoor 'n kar buite.

-----

"There is no right or wrong answer here, Enid only what you know."
Sy voel-voel met haar pols na die sagte oppervlak van die skryfblok.

"Yes or No, that's it."

Enid sluk hard en trek haar skouers agtertoe.

"Are you Enuud Preller, originally from South Africa?"

"Yes or No, Enid?"

Sy sien die antwoord voor haar – in die swart ingeprent. Ligte wat by die ingang van 'n kuierplek of kroeg hang en besoekers nader lok.

***YES.***

Die impuls van die helder lyn figure voor haar, beweeg stelselmatig deur haar arm tot in haar gewrig en dan na haar vingers.
Sy verbeel haar hoe almal om haar gefokus is op die punt van die potlood wat die papier raak.

Engels Enid, skrif wat jy sien, in Engels of wil jy hê hierdie mense moet dink jy't jou kop verloor.

Het ek dalk my kop verloor? Is ek besig om mal te raak?
Sal ek ooit weer normaal wees?
Fokus en ruk jouself reg.

-----


© University of Pretoria

Anna maak die deur oop nog voor die motor heeltemal tot stilstand kom. Sy stap vinning om en maak Geoff se deur oop.

Hy neurie steeds dieselfde liedjie.

Sy weet sy het dit al iewers gehoor. Dis ‘n goue oue.

Sy sien ‘n Volvo stasiewa wat ‘n ent weg naby die plantasies geparkeer is.

“Dimitri?”

Hy draai half verskrik om en sien sy kyk na iets. Hy sien ook die Volvo.

“I think it is new IT guy.”

Iewers krys ‘n kraai en Geoff kyk op.

“What if I loose the election Anna?”

Sy hak saam hom in soos ‘n dogter wat haar pa by die ouetehuis afsien.
Die nuwe Geoff maak Anna op haar senuwees. Nee. Hy maak haar bang.
Sy verkies die selfvoldane, narsistiese Geoff. Die een voor Red se moord.

-----

Sy hou haar hand stil na wat soos ‘n ewigheid voel.
Stilte heers om haar. Dan voel se Dokter Lee se hand op hare.

“I’m so proud of you Enid. We all are.”

Die verpleegster omhels haar maar sy wil dit hoor, sy wil hoor hoekom hulle trots is.

“Ek dink ek weet wie my aangeval het. Ek weet wie my dood wou maak.”

Geen reaksie nie.

“Enuud, can you try and translate what you just said on paper?”

Sy druk die potlood aanhoudend op die woord wat sy sopas op papier neer gepen het.

**YES. YES. YES. YES.**

Die papier is stukkend gesteek en die kamer is weer vir lank stil.

Trane vloei vrylik oor haar wange agter haar verbande. Sy kan selfs iets in Dr Lee se stem optel.


© University of Pretoria

“Maybe we should take some time out?”
“Mrs Preller, would you like to take a break?” kom die verpleegster se stem.

Sy probeer haar kop van kant tot kant beweeg. Haar kop voel baie swaar.

“Nee, nou dokter, nou!”

“I’m pretty sure she’s saying ‘no’ doctor.”

Die verpleegster se stem klink senuweeagtig en gejaagd.
“Enid, do you want to continue with the questions?” kom Dr Lee se stem soos ‘n redder met ‘n kindjie in sy arms en ‘n brandende huis agter hom.

**YES. YES. YES!**

Die potlood steek iets los in Enid se kop. In haar geheue.
Iets donker wat na die oppervlak dryf.
Daar is amper niks meer van die skryfblok oor nie.

Ook nie meer van haar nie.

-----

Binne die kerk lyk als soos Anna afgespreek het. Soos dit moet lyk.
Daar is klomp stemhokkies. En alhoewel die poppe eers vreemd voorkom, dink sy dit sal beslis vir die fotosessie werk. Een minder ding om oor te stres.

“Miss Rodelt, I have question”.

“Yes?” antwoord Anna terwyl se na klomp boodskappe op haar foon kyk.

“Why are we using dolls and not real people?”

Ummmm, Dimitri it was Geoff’s idea. Some artistic reason...we need to get him to cast his ballot and then take pitures, and theres also an interview”

Dimitri kyk rond na die stemtoneel wat lyk of dit ge-pause is. Die realistiese poppe, die stembusse, als wat doodstil staan. Geen beweging nie. Niks.

‘Dimitri take Mr Mapleston to the kitchen area for something to drink. I have to speak to the new IT guy at the back.”


© University of Pretoria

The photographer should be here any moment.

Dimitri knik sy kop en stap agter Geoff wat vir die kombuis area mik.

By die agterdeur trap Anna versigtig met haar stilletos op die gruis wat oral om die kerk lê. Die geluid laat haar ril. Sy weet nie hoekom sy Red se geel tande weer voor haar sien nie.

By die agterdeur klop sy waar die verf nie afdop nie.

“Hello? IT guy?”

Sy vou haar hande en wag.

Stilte.

Sy haal haar foon uit om te kyk hoe laat dit is.

16:52

Hopelik is die fotograaf betyds om ses uur te begin skiet.
Sy hoor die deur se slot aan die binnekant.

Die man wat oopmaak glimlag.

“Hey, you must be Anna?”

Sy tree nader en steek haar hand uit.

“Nice to meet you...”

“Jay antwoord hy dadelik, call me Jay.”

Hulle hande raak aan mekaar. Die gat in Red se voorkom flits vir ‘n breukdeel van ‘n sekonde in Anna se kop. Sy knyp haar oë toe en pak die skuld op die skerp son.

-----

-*“Bill it seems we’re getting unconfirmed reports that ninety-nine point eight percent of the province’s votes have been counted.”*

Dana skyf ongemaklik op haar hoë stoel rond.
Bill ken al die *drill* en neem dadelik oor.
Natuurlike vloei is van kardinale belang op ‘n lewendige uitsending.

-*“Absolutely Dana. Just look at the numbers!”*


© University of Pretoria

-"Patty Mescher is currently sitting at forty-eight-point eight percent and can you believe it, Geoff Mapleston is at the exact same number – forty-eight-point eight percent."

Dana knip haar oë net lank genoeg dat enige kyker wat noukeurig oplet dit mag sien as 'n laaste desperate skietgebed.
Bill glimlag breed maar selfs dié gebaar is nie genoeg om die onsekerheid op albei se gesigte te verbloem nie.

-*"Stay tuned folks. We'll have the answers to all your political questions very, very soon here on the one channel Canadians trust..."*

Girard sit die televisie op *mute* toe die advertensie van die vrou wat op die Noord-Saskatchewan rivier roei en Mapleston bemark, verskyn.

*"Because Geoff knows Best."*

Stanford wat agter sy skootrekenaar sit, vat 'n hap van die McDonald's-burger terwyl sy vingers moeiteloos oor die sleutelbord dans.
Hy draai na Girard wat vir die stom televisie staar.

Girard se stem kom soos 'n vibrasie deur die vloer.

"So, theory. Probable motive. Geoff Mapleston."

"Whoa inspector. That's layered. What about a bite to eat first?"

Hy verorber die burger en wag vir Girard se antwoord.
Girard kyk op na hom en die tamatiesous wat oor sy een wang gesmeer is.

"Not hungry, thanks."

Girard stap nader en sien die derde slagoffer op Stanford se skerm. *Div* De Villiers.

"Let's say the killer's motivation is political. He worships Geoff Mapleston and his rethoric and decides to kill expats."

Stanford will iets bylas maar die stuk burger in sy mond is in die pad.

Girard gaan voort, asof hy Stanford se versteekte woorde tussen die geprosesseerde pappery kan ontsyfer.

"Why Afri-can-ers?"

Div se stem kraak oor Stanford se skootrekenaar se luidsprekers.


© University of Pretoria

-*"Nee…nee. Ek is glad nie rassisties nie ou maat. Ek beskou myself glad nie as rassisties nie".*
–*"Dis ook glad nie die rede hoekom ek Kanada toe gekom het nie…"*

Stanford stop die video.

"Canada, I heard the word 'Canada' - lek Stanford sy vingers af.

"Listen to this inspector..."

Stanford druk 'n paar sleutels op sy rekenaar.

Jeremy se stem kan in die agtergrond gehoor word, besig om vrae te vra.
Die vraag is nie baie duidelik nie.

-*"Kan jy…uitbrei…jy…vorige vraag…maak…saak."*

"That's Jeremy Zwaat's voice alright. Even when speaking Afri-cans , it's him."

Girard staan nader.
Die video stop waar Div lyk of hy iets soos 'n vlieg of muskiet met sy hand probeer verjaag.

- "Did you hear that?" vra Stanford.

Girard frons.

"Jeremy's voice? Yes I heard his voice Stanford.Wat am i missing?"

"No, I'm going to play it again…listen…carefully."

Girard kyk af na die tafelblad en draai sy oor in die rigting van die rekenaar se luidsprekers.
Stanford draai die volume op.

Die luidsprekes maak 'n shhhhhhhh geluid voordat die klank deurbreek.

"Listen, not his voice. Something else…listen."

Shhhhhhhhh...

Stanford druk weer op die sleutelbord. Div klap in die lug na iets.
"Kan jy…uitbrei…jy…*has broken like the first*…vorige vraag…maak…saak."

Girard se frons verdiep in 'n kloof. Hy kom reggop.

"There's a second voice. Sounds like someone…singing?"

"Bingo". Klap Stanford op die tafel en grou met sy tong na 'n stuk vleis wat agter sy kiestand wegkruip.


© University of Pretoria

"Something , something *has broken like the first* then it stops."

Stanford staan op en strek.
"Can we get someone to analyze the audio?" vra Girard terwyl hy weer na die televisie sonder klank staar.

"It could be nothing", Girard vermy Stanford se gesig.
Hy kan hoor hoe Stanford kou en op sy stoel ronddraai.

Girard staar na 'n heruitsending van Geoff Mapleston se toespraak by Lake Louise Hotel.

Girard maak sy oë toe. Hy neem die ruimte om hom in. Hy probeer Stanford se spoegkoue en die gekraak van sy stoel ignoreer.

Wat mis ek?
Wat is die skakel tussen Mapleston en die Afrikaners?

Stanford hik.

Hy draai na Stanford, besig om twee skyfies uit 'n pakkie in sy mond in te gooi, met sy ander hand navigeer hy met die muis.

"Get me the first victim's footage up on your screen, Stanford."

So *nonchalant,* dink hy. Die jonges. Fok weet.

Girard stap nader.

Stanford druk op die sleutelbord.

PLAY

-*"Daar was dae wat ek myself afgevra het hoekom die drastiese skuif..."*

Fleur Brink se stem is gedemp en amper onhoorbaar.
Haar skouers sak, sy kyk af. Dit lyk of sy aan 'n stukkie garing op haar romp se soom karring.

-*"Dis als natuurlik Fleur, mag ek iets voorstel?"*

PAUSE

"Okay, so that's definitely Jeremy's voice right there..."  beaam Girard.



© University of Pretoria

Jeremy stap in die skoot in. Hy het ‘n mus oor sy kop getrek en sy stoppelbaard is net-net duidelik.
Hy gooi Fleur se lang swart hare half oor haar gesig. Sy mond lyk of dit beweeg maar daar is net *white noise.*

Dan stop die video.
Swart skerm.

“I didn’t hear any other voice inspector...”

-“Wait, go back till about *there*...”

Girard druk met sy wysvinger op ‘n deel van die speellyn in rooi onderaan die skerm.

Stanford hik weer en beweeg op die speellyn met sy muis terug tot waar Jeremy besig is met Fleur se hare.

“There. Right there STOP.” Girard beweeg sy vinger tot net by Fleur se kop

Stanford stop die video.

“What is that?” Girard se stem vibreer as ‘n frekwensie tussen die beeldmateriaal se *white noise* en Stanford se stadige asemhaling.

Albei mans staar na iets op die skerm. ’n Oomblik so bewegingloos, sou iemand die kantoor op daardie oomblik instap, hulle sou sweer dis twee poppe wat voor die rekenaar staan gemaak is. Hulle koppe so na aan mekaar dat hulle ore net-net nie raak nie.

“What the...? fluister Stanford.

Dan rek sy oë.

“Holy shit. That’s a microphone.”

Girard draai na Stanford.

“That is a fucking microphone inspector!”
“Boom baby!”

“There’s a second person behind the camera. Holding a microphone.”

“Fuuuuck” klap Stanford sy vingers en giggel van senuwees meer as opgewondenheid besef hy.

“Bring Zwaats back for questioning” sê Girard terwyl hy haastig na sy tafel stap.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK NEGENTIEN

***B**oom in shot!*



© University of Pretoria

"Boom in shot. Unbelievable."

"Listen, Jeremy says something here. Look at her reaction…what do you think?"

Stanford skuif nader aan die skerm.

"I'm not a shrink inspector, but that face screams discomfort."

"It's weird though isn't it?"
Girard kyk na hom en wag vir 'n verduideliking.

"Her eye-line seems...off, look there."
Stanford trek 'n lyn met sy tamatiesous gevlekte vinger op die skerm van waar Elsabe se oë is, na die rigting waarin sy staar.

"Jeremy's voice is coming from screen left, this side. But she's looking at something to screen right."

"So she's looking at whoever is operating the microphone."

Die twee mans staar in stilte na die vrou op die skerm. Haar bleek gesig wat iets binne haar net-net nie kan wegsteek nie.

Stanford is dadelik op sy foon. Twee sekondes later druk hy die skerm ongemaklik naby aan Girard se gesig.

Picturers of boom operators on film sets.

"It's quite a long stick, oh wait they call it a fish pole...with the mic at the end. In some if these picturers the microphone looks heavy. You need to be pretty strong I guess to hold and swing one of these."

Girard druk sy bril agtertoe.

- "Listen to this word Jeremy uses.  I calculated it and he uses the word twenty eight times during this interview. He used it twenty-two times during Flo Brinck's interview"

Stanford beweeg terug op die speellyn.

- *"Sal jy dan sê dat jy eerder sou wou sterf voordat jy die besluit neem."*

REWIND

PLAY

-*…" eerder sou sterf voordat"*



© University of Pretoria

REWIND

PLAY
- *"sou sterf..."*

- "It's that *staff* word...did you get it?"

Girard maak sy oë toe asof hy mediteer.
Stanford is weer op sy foon.

"I'll ask Iris..."

Girard kyk na hom.
"Who?"

Stanford glimlag terwyl hy sy foon naby sy mond hou.

"Hey Iris."

Stanford staan op, en stap 'n entjie weg van Girard.

Hy probeer weer.

- "Hey Iris."

Die vroulike stem antwoord vriendelik en Girard voeg nog iets by sy lysie van *tegno* truuks om te leer.

"What is the Afri-cans translation of *staff?*"

- *"Sorry, I did not get that. Please try again."*

"Fuck."

-*"I'm sorry that is an explitive and is not allowed."*

"Oh shut up." Stanford druk sy foon dood.

Hy staan effens wydsbeen asof dit gaan help om die vraag duideliker te stel. Soos een van die ou *bunny aerials* wat jy net op die regte manier moet draai om die televisiebeeld reg te kry.

"Inspector, just go back a few seconds and play the clip again."

Girard blaas asof hy moeilike nuus het om aan iemand oor te dra.
Stanford staan weer nader en tik op die sleutelbord.



© University of Pretoria

Jeremy se stem vul die ruimte tussen Stanford en Girard.

- "…sterf eerder as…"
Girard draai sy kop skuins.

"There's an 'R' in there…like staaeerrrf."
Stanford hou sy foon naby sy mond en stap terug na die rekenaar.

"When I give the signal play it inspector. Its the space bar, yes, that key there, press that one to play."

Girard lyk onhandig en gaan sit met sy breë skouers voor die rekenaarskerm.
Stanford hou sy foon naby die rekenaar se luidspreker.

- "Hey Iris, what is the translation of this Afrikaans word…"

Girard druk senuagtig op die sleutel waarna Stanford wys.

- *"…**sterf**…"*

Iris se stem kom meganies oor Stanford se foon.

- *"Thank you, the word sterf is translated into English as 'die' or 'dying.'*

Girard en Stanford kyk gelyk na mekaar.

"Might be a coincidence," breek Girard vinnig die stilte.

"Or not.You said it yourself Inspector, he used the word twenty-eight times in his interview with this specific victim."

"Victims. Don't forget. Her husband was also killed."

Girard vat 'n sluk van sy koue koffie en staan op.

"This is still not a solid motive Stanford. Why kill these people?"
"Why Mapleston?"

"Maybe Mapleston knows something," laat sak Stanford sy stem.

"Maybe it's time to bring the prime minister in for questioning."

"On voting day? Are you out of your goddamned mind? Do you know what a shit storm that will unleash?"

Stanford strek met sy arms agter sy kop.


© University of Pretoria

”I’m Canadian inspector I need a shit storm, some drama! This place is so boring. Big, cold and fucking boring.”

“Hey watch it,” wys Girard vir hom vinger.

“No really! And where I’m from...Nova Fuckning Scotia...hierdie keer fluister hy naby Girard se oor...”It’s even worse.”

Girard kan nie help om een hikkerige lag te laat uitglip nie.

“I hear you Stanford. But no, if we want to bring Mapleston in for questioning we better have some solid evidence, otherwise we’re fininshed.”

Girard voel hoe sy voete warm word in sy skoene. Hy voel swaar asof sy arms sy hele bolyf aftrek en ‘n hoofpyn wink diep agter in sy kop.

“My apologies inspector. I got carried away.”

“The one piece that still doesn’t seem to fit is Jeremy himself.” Girard beweeg weer die video tot waar Jeremy met die mussie voor die kamera inbeweeg.

“I mean he is an expat himself. He is Afri-Cans. Why kill his own people?”

Stanford stap na die venster met sy hande op sy heupe. Groot tree, stadig, een vir een.

Hy vryf oor sy gesig.

“Why only Af-RI-CANS speaking expats? Why not kill the Chinese, Indian or Philippine expats? They outnumber the South Africans by tens of thousands in this country, if not more.”

“One thing I am sure of though…”

Stanford wag.

“I think I know who you’re rooting for in the elections.”

Stanford wil terugkap, maar Girard se mondhoek wat effens lig, spreek boekdele.
Albei mans blaas hulle asems gelyktydig uit en hierdie keer lag hulle hoorbaar.

Wanneer Stanford bedaar trek hy ‘n stoel nader.

“Afri-Caners is only part of the picture, they’re not the motive. Something else is.”

“Or someone,” antwoord Girard en druk homself terug in sy eie stoel.



© University of Pretoria

-----

-Klop

-Klop

-Klop

-klop…

Enid is iewers tussen 'n diep slaap en amper wakker. Sy wil in die nóú wees, maar die medikasie in haar are trek haar af in die matras. Soos 'n seer lyf wat wegsak in 'n stoombad.

-Klop

-Klop

-Klop

-klop.

'n Deur diep onder in haar swart geheue zoem stadig nader. 'n Klein geel hout deur wat sy ken.

*Sunflower Smile* onthou sy was die naam van die verf.
*Canadian Superstore* was waar sy die verf gekoop het.
Die deur raak groter- kom nader, groter en nader.
Sy steek haar hand uit- mik vir die deurknop.

Iets hou haar terug.

'n Waarskuwing, 'n ongemak.
Sy sien die buitelyne van haar oupa met sy growwe baard wat in die kwas van die hout vorm. Hy roep na haar as klein dogtertjie nadat sy van die swaai op die plaas geval het.

-Klop

-Klop.

Oupa Tom se gesig verdwyn. Die kwas in die deur net weer 'n dooie merk.
Die deurknop draai.

Sy maak oop.

Dis donker buite. Sy kyk op en sien 'n lang wit slang, sekelvormig. 'n Snawel wat agtertoe in 'n masker invloei waaragter iets skuil.


© University of Pretoria

Sy lag verward vir die grapmaker.

Die man met die snawel se arms skiet uit sy lang moue en wurg haar terug in die huis in.
Die geel deur word agter haar weg gesuig tot waar dit net 'n spikkel agter in haar skedel is.

Sy val vêr.

Wat soos 'n ewigheid voel, voor sy die plankvloer met mening tref.
Instink.

Terugveg of verloor.

Sy krap na die snawel en die vingers wat om haar keel sluit.
Sy hoor steeds die klop aan die geel deur.
Dit vervaag in haar ore wat toeslaan, tot sy besef dis haar agterkop wat teen die hout vloer geslaan word.

Niemand klop aan die geel deur nie.

Met een hand gryp sy na die snawel en die masker skuif.
Net genoeg om in god te glo.
Die kop-stampe word impulse.
Impulse word monitor geluide.

Sy's terug in die hospitaalbed en die hartmonitor histeries.
Word wakker Enid!
Word wakker Enid! Haar liggaam smeek.
Vertel wat jy gesien het.
Jy herken die gesig wat jou wou doodmaak.

Wat het jou twyfel in 'n god saam met jou liggaam verbrysel?

-----

"There's some fine whiskey in that cubboard over there driver, get us some."

Geoff sit aan die hoof van 'n lang tafel vol kratte met klere, hoede en lappe in.
Die kombuis self is so lank soos die tafel met ou donker hout kaste oral bo die werksoppervlakte. Aan Geoff se een kant is drie leë wasbakke en 'n groot venster vol stof wat uitkyk oor die grondpad wat na die voordeur onder die toring lei. Aan sy ander kant is 'n koper plaatjie met die verweerde woorde "Tea station" bo 'n opening in die muur wat uitkyk op die kerksaal en preekstoel, waar Jesus en sy volgelinge moes plek maak vir Geoff se fotosessie voor stemhokkies en poppe wat poseer.


© University of Pretoria

Geoff tik ritmies met sy vingers op die tafel terwyl Dimitri twee glase uit een van die kaste haal.

“Where’s Anna?” vra Geoff sonder om op te kyk.

“She went to see new IT guy, at back of office.”

“Mmmm”

Dimitri haal ‘n bottel Blue Wing Bourbon Whiskey uit en skink net vir Geoff.

Geoff stoot die tweede glas nader.

“Mr Mapleston, please I am on duty, I cannot drink when I am on..”

“Ag fokkit man, gooi en bly stil.”

Dimitri frons.

“What language is dat?”
You speak another language Mr Mapleston?”

Geoff antwoord nie. Hy sluk die karamelkleur vloeistof vinnig af en pers sy lippe saam.

“Aaah...kopskoot.”

Dimitri hou die glas met whisky voor hom op die tafel. Hy kyk daarvoor maar drink nie.

“So, what did you do with Red’s body?”  kom Geoff se stem, sy oë steeds toe.

“You don’t have to worry Mister Mapelston. Nothing will point to you...”

Geoff maak sy oë stadig oop, soos ‘n baba wat die skerp ligte van ‘n kraamsaal die eerste keer ervaar.

“Do you know why I shot Red?”

Dimitri skuif ongemaklik op sy stoel rond en stamp toe tafel wat die whiskey in sy glas laat vibreer.

Geoff skink vir homself nog ‘n dop.

“Maybe I should go and see why miss Anna is taking so long.”

Dimitri staan vinning op en verskoon homself.

Geoff staar vir die vloei van die whiskey wat stadig in die glas in loop.



© University of Pretoria

“Morning has broken, like the first mor...ning...black bird has spo...ken like the first bird.”

Hy stop skielik wanneer hy iets in die kerksaal hoor.

Hy kyk op.

“Hallo?” Anna is that you?”

Stilte.

Hy staan stadig op en stap na die deur tussen die kerksaal en die kombuis.

“Anna?”

What the fuck is the driver’s name...?

Hy kyk na die poppe wat as kiesers opgemaak is. Elkeen by ‘n wit karton stembussie.

“Who the fuck am I kidding?”

Hy sluk nog ‘n kopskoot weg wanneer Dimitri bebloed by die kerksaal inbars.

“Jesus, what the hell happened to you?”

“Mister Mapel...you need to get...”

Hy stap nader met die leë glas in sy hand, nie seker wat om tussen die alkoholgolwe waarop hy begin dryf, te dink nie.

Dis eers wanneer twee skote van buite die kerkdeur Dimitri in sy rug tref en hy die ontploffing van stukkies materiaal en fyn bloedsproei sien, dat hy die glas in sy hand laat val.

-----

Girard voel naar.
Hy spoel sy gesig af. Hy kyk op en staar vir homself in die spieël.

Hy staar ‘n oomblik na die druppels wat stadig oor sy gesig rol en in die wasbak drup.
Wanneer die badkamerdeur oopswaai is dit ‘n golf van hospitaalbedrywighede wat die stilte kom versteur.
Verpleegsters en dokters haastig op pad na ‘n noodgeval iewers.
Siek pasiënte wat smag om hulp, telefone wat lui, trollies wat raas, monitors wat skree.


© University of Pretoria

“Inspector, you okay?”

Stanford loer in maar staar vir iets op sy foon.

“Yeah, I’m fine. Mrs Preller is waiting, lets go.”

Girard gryp na ‘n papier-strook wat uit die metaal boks teen die muur hang.
Hy skeur net die helfte af.

“Fuck sakes.”
Hy maak die beste daarvan en vee die waterdruppels van sy voorkop.
Gooi die asblik mis.

Girard staar deur die glassirkel in die deur na Enid wat in haar bed regop sit.
‘n Verpleegsters is besig met haar drup.
Enid laat hom aan ‘n marionette dink. Al die pype en buise wat aan haar gekoppel is.
Wanneer die verpleegster die drup ruil en Enid haar arm omhoog hou onthou hy die poppekas wat hom as jong seun gefassineer het, hy kan nie onthou wat omtrent dit sy nuuskierigheid geprikkel het nie. Die verpleegster gesels met Enid, maar hy kan nie die gesprek hoor nie.
Enid toon geen reaksie nie.

“You’ve got to be shitting me,” staan Stanford nader.

“What?”

Stanford staar na sy foon in ongeloof en draai sy skerm na Girard.

#WHERE IS GEOFF MAPLESTOP?

Stanford kliek op die skakel.

-“We now bring you unconfirmed reports that Geoff Mapleston is missing.Geoff was last seen at the Lake Louise Hotel where he was scheduled to cast his vote at an unknown location, but now media outlets are saying that no such vote has been confirmed and that Mr Mapleston is nowhere to be found.This is a developing story.We’ll keep you informed as the story unfolds. Im Dana Jesterton for...”

Stanford stop die video.

“Inspector, you still think Mapleston has nothing to do whith the expat killings?”

Enid se verpleegster kom by haar kamer uitgestap.
“Evening inspector. Officer. Mrs Preller is ready to see you now. Please try and keep it under twenty minutes boys, she really needs her rest. Doctor’s orders.”



© University of Pretoria

"Thanks, we really appreciate it."

Girard gee 'n glimlag, en sou in enige ander omstandigheid haar verwysing na hulle as 'boys' nie aanvaar het nie, selfs iets gesê het, maar dié ouer vrou gee 'n energie af, 'n moederlike instink dat als tog uit gaan werk, hy wonder hoekom.

Die twee mans stap die kamer binne en maak die deur agter hulle toe.
Girard is nie seker of hy harder as gewoonlik moet praat nie. Enid is blind, nie doof nie, herinner hy homself.

"Good evening Ms Preller. I'm Inspector Girard from the MCU Major Crimes Unit and this is Staff Sergeant Stanford. We'd like to ask you some follow-up questions if you're feeling up to it?"

Enid antwoord nie, maar knip haar kop op en af.

"We really do appreciate your cooperation Ms Preller. This won't take long. We do understand that you need your rest."

Enid knik weer.

Girard trek 'n stoel nader. Wanneer hy opkyk sien hy iets wat wapper aan een van die blindings voor die enigste venster in die vertrek.
Hy stap nuuskierig nader.
'n Swart veer wat aan die buitekant van die ruit vasplak.
Hy gaan sit en vergeet vir 'n oomblik wat sy eerste vraag is.

-----


© University of Pretoria

HOOFSTUK TWINTIG.

***"Low Budget"***



© University of Pretoria

Geoff se brein skree soos ‘n sirene dat hy moet hardloop. Sy bene het egter in twee sementpilare verander. So swaar dat hy sien hoe hulle van sy heupe gaan losskeur wanneer hy probeer beweeg.

Hy sien die figuur met die rewolwer die kerk binnekom.
Hy herken die rewolwer. Dis Red s’n. Die een waarmee *hy* vir Red geskiet het.

Daar is iets op die ou se gesig.’n Masker. Een met ‘n bek of ‘n snawel. Die man het groot boarms met ‘n dun middeltjie. Kort geskeerde hare.

Die snawel draai na hom.

“Is this part of the shoot?” is al wat Geoff uiter.

Die man met die snawel stap nie soos ‘n man behoort te stap nie. Vinnig, amper haastig, steek hy die hand sonder die rewolwer uit na hom.

Geoff lig sy arm soos ‘n stokmannetjie in ‘n low budget animasie prent en skud die man se fyn hand met lang vingers. Dieselfde hand wat sopas sy drywer moertoe geskiet het.

“What the fuck is going on?”

Skielik flits duisende sosiale media posts en nuus opskrifte deur Geoff se kop.

ALBERTA KILLER

EXPAT KILLER

ANOTHER VICTIM

TAKEN IN FOR QUESTIONING

POLITICAL MEMORABILIA FOUND AT CRIME SCENE

STRANGLED

VOTING DAY

Die man vat sy hand met albei hande en trek hom nader.

“Jesus, please, I’ll do anything just dont shoot me.”

Die voëlkop skud sy kop heen en weer.

Waarom praat die ou nie?

Wie de fok is dit, as hy net die masker wil aflig.
Nee, hy is te bang vir wat agter die masker skuil.


© University of Pretoria

Daar kom geluide van agter die masker. 'n Vreemde roggel amper. Die expat moordenaar is dalk regtig 'n voel, half mens, half dier.'n Monster.

Geoff lig sy kop.

"Excuse me?" Mr Mapleston? hoor hy 'n stem aan die teenoorgestelde kant van die saal.

Dankie here,daar is hulp.

"The final phase of project Babylon? Kill Patty Mescher, send out some more fake news, confusing everyone, create chaos, then you win!. Is that basically what Anna was trying to explain to me..."

Geoff se mond voel swaar soos 'n tuinhek wat net aan een skarnier hang. Hy wonder hoeveel persent alkohol daai Blue Wing bevat.

Dit moet die nuwe IT ou wees.
Hy erken die ou dadelik.

A MAN WAS TAKEN IN FOR QUESTIONING

"Where is Anna?" vra Geoff. Sy hart vol of dit enige oomblik dwarsdeur sy borskas gaan vibreer.

Die jong man wys in 'n rigting van die kerk agter die stemhokkies.

"Jeremy Swarts. Nice to final meet you Mr Mapleston. Don't worry about Anna sir. Her job is done for now. But she might come in handy a little later. Who knows."

Die man raak hom aan die skouer en begelei hom na 'n gedeelte van die kerksaal begelei.

"You're in really good hands Mr Mapleston. We will take good care of you during your photo shoot. Anna did a great job of briefing me."

"This here is Sam the sound guy...well Sam was actally a girl once."

"Show Mr Mapleston your scars Sam...go on"

Sam lig sy hemp op. Geoff kyk instinktief weg, asof daar iets onder sy hemp gaan uitvlieg en hom uitmekaar ruk.

"Don't worry, the scars are harmless. Look."

Geoff draai sy kop en staar na die twee littekens op die lyf.



© University of Pretoria

“Thats where they removed her boobies. You’ll have to excuse Sam, he doesn’t really speak. Sam loves masks though. Especially this birdy type one.”

Skuins agter die stemhokkies is ‘n stoel met ligte opgestel. Daar staan ‘n kamera op ‘n driepoot. Jesus op die kruis is in ‘n hoek gedruk half agter ‘n gordyn met ‘n lang swart stok en mikrofoon aan die punt wat teen hom rus.

“Its time for your interview Geoff. It is an absolute honour meeting you Mr Mapleston This is your opportunity to shine and show Canada who you really are. You’re going tob e the star of our doccie!”

Geoff voel hoe die gal van sy maag opstoot. Hy sak af en stut homself met ‘n hand op elke knieg. Die dik straal geel spuit oral op die kerkvloer, gevolg deur druppels spoeg wat Geoff vir eers aan sy ken laat hang.

Geoff se voete raak vuurwarm. Die bloed bruis onder sy vel en stoot op soos vloeistof in ‘n spuit.
Sy bene slaan hoendervel uit, sy balsak, sy maag, borskas. Die warmte verdrink als in sy pad.

Hy voel iets wat hom van agter gryp, die witsnawel steek verby sy skouer. Hy gly in sy eie braaksel terwyl Jeremy na hom staar.

“Don’t kill him Sam, just make him sleep”
“Ons moet hierdie kots ook skoonmaak...fokkit”

Geoff se visie verdof, sy ooglede raak swaar. Hy verdrink in swart.

Soos ‘n turbine wat aan die gang kom, na ‘n lang kragonderbreking, flikker ‘n toneel voor hom wat hy tussen klomp ander filmrolle gesoek het, maar nie kon vind nie.

Geoff is terug in sy hotelkamer by Lake Louise.

Daar is ‘n klop aan die deur.

“Anna? You’re early…”
Weer ‘n klop.

“Fuck sakes.”
Hy pluk die deur oop.

“I said, you’re earl…”

“Oh. Red”

Hy maak die res van sy knope vas en stap terug in die rigting van sy kamer.



© University of Pretoria

Red steek 'n sigaret op.
Hy leun met sy skouer teen die deur van die kamer en kyk vir Geoff wat voor die spieël homself bewonder.
Hy trek diep in. Die kooltjie brand intens. Hy blaas nie uit nie.

"She's gonna win."
Geoff kyk nie vir Red nie. Hy trek sy ken op en vryf saggies oor sy kaalgeskeerde nek.

"Please, come on Red…"
Red trek weer aan sy sigaret maar hierdie keer blaas hy die rook in Geoff se rigting.

"You will lose Geoff.  And then we *all* lose. Babylon will get exposed, you will, me, Anna the whole fucking sesspool"

Geoff ignoreer hom en stap in die rigting van die sitkamer.

Red gryp hom aan die keel en druk hom teen die muur.

"Don't fuck with me Geoff. You know we all have a stake in this."
"What are you going to do eh? Choke me to death? Who's gonna be premiere then?"

Red haal 'n rewolwer uit sy sak en druk dit teen Geoff se wang.

"Let's stick to the plan. Patty needs to be eliminated, that needs to be the final phase."

"Are you out of your fucking mind? I never agreed to *that*, you're the one who suggested it in the first place – remember? My god I thought you were kidding."

"Do I look like a fucking clown to you Mapleston?"

"Sometimes I wonder Red, maybe all these conspiracy theories are getting inside your head, don't forget we're the ones that made this shit up – don't get lost in your own shit now."

"The numbers don't lie Geoff, you're going to lose by a very small margin. I have reliable sources."

Geoff hou sy ongemak onder beheer.
Hy druk Red weg wanneer hy sy greep verslap.

Red druk sy stompie dood op die glasblad van die ovaalvormige koffietafel.
Hy sit die rewolwer langs die gemors op die blad neer en val in een van die gemakstoele.
Met sy arms agter sy kop glimlag hy en staar na Geoff.

Geoff vul die ongemaklik stilte.

"Red, you need to go now. Anna and Dimitri are on their way."


© University of Pretoria

“You’re all the fucking same. Politicians with your fancy-ass suits and your vocabulary. No fucking balls, no real ambitions, nothing.”
“We need real fucking leaders who can manage this shithole, even if it means getting their hands dirty.”

I see you sometimes forget where you come from Mr Mapleston...”

Geoff tree vorentoe.

“Don’t push me Red.”

“Do you remember a little town called...ummm Benoni in the, what was it eighties?”

Geoff draai om.

“Ek het nie nou tyd hiervoor nie Victor...”

“Vic!”

Red lag hard.

“O so jy onthou nog goed ne?”

Geoff staan nader met net die glastafel tussen hom en Red.

“Red. You. Need. To. Leave. Now.”

“Terug na jou fancy Canadian aksent. Ons verlede is die stink onder ons arms. Die jagsgeit in ons broek wat ons probeer wegsteek. Jessis, Geoff jy is nie eers pure Albertan nie, maar dis jou fokken angle.”

Actually, I think it’s better if you don’t come to the church for the set-up.”

“Is jy bang ek verklap jou geheim huh?Dat jy nie regtig mag stem nie, jou rekord uit Suid Afrika? En somehow you made it to the top in hierdie gullible shit hole van ‘n plek.”

Geoff vee die as van die tafel, en kyk rond vir die asblik.

Red breek ‘n wind op.
Geoff maak sy oë toe.

“Ek dink jy moet verloor.Jy wil nie vir my luister nie, jy raak net so sag soos hierdie klomp dose. Maybe your political ambition should be exposed for what it is. A fucking sham, and you  a piece of shit, just like me.”

Geoff gryp Red aan die kraag.


© University of Pretoria

“Ek het nie bedoel om haar te verkrag nie...”

Geoff kan voel hoe sy armholtes begin sweet. Hy maak die boonste twee knope van sy hemp los.

“You’re a fucking slogan…*Geoff Knows Best*, like shit you do…more like Geoff knows jack shit.”

Geoff maak sy oë toe en probeer sy meditasie tegniek vir asemhaling in sy kop oproep.

“Red asseblief.Ek vra mooi. Loop nou.”

Geoff besef nie hoe hy die sigaretas in sy hand vasdruk nie.

“Jy het daai birdy Botha girl goed gespyker en wou hê ek moet sit en kyk...”

Red staan op en stap verby Geoff.
Hy bekyk die nommer teen die hotelkamer se deur.

“Well would you look at that”
Geoff draai na hom. Hy voel die glasblad van die koffietafel teen die agterkant van sy been.

“Your room number, twee, twee, twee. Room number 222.”

“Do you believe in god Geoff? This is an omen. You’re destined to come in second place.”

If you don’t let me kill Patty, I will expose you. I mean I have nothing to lose...you on the other hand.”

“Get the fuck out of my hotel room. Now!”

“I wish to god you lose. Just remember when you’re sitting somewhere in a fucking old age home funded by the liberals, pissing your shoes ‘cause you can’t even get it up, you remember what old Red told you. Stick to the plan and take out that bitch. You didn’t want to listen. You brought this on yourself.”

Red se stem klink hol in Geoff se ore.

“You made me cut out Botha’s fucking tongue...so she would’nt tell on you...fuck.”

Red haal sy knipmes uit en lig een van die silwer nommer twees van die deur af en druk dit voor in sy broeksak.


© University of Pretoria

"You don't mind if I take a little memento with me eh, nice and hard. Good sweet memories ou Geoffy boy.

"Die goeie ou dae in lekker ou SssssssAaaaaaa."

Die volgende drie of vier sekondes is swart.

Al wat Geoff hoor is die hoë frekwensie in sy ore. Hoe het hy so vinnig na die glastafel omgedraai?

Hy't nie eers die skoot gehoor nie.

Nie eens besef hy rig die rewolwer op Red nie.

Nie besef hy trek die sneller sonder om te huiwer nie.

Dan onthou hy die laaste woorde van iemand agter die hotelkamer se deur waar Red in 'n plas bloed lê.

Daar is 'n klop aan die deur. Dis die stil ou wat iets te ete bring.

-----

Die trollie met kos steek vas voor die toe deur en 'n verpleegster binne loer.

"Oh, sorry."

Sy maak verskoning met een hand in die lug en trek die deur weer toe.
"Ms Preller, do you know who attacked you?"

Stanford hou sy asem op. Selfs die wind buite wil voorkom of dit gaan lê het.
Enid knik haar kop baie stadig. Op en af.

Girard kyk na Stanford.

"Ok Ms Preller, I'm going to mention a name and if you believe that this person was responsible for your attack, please nod your head accordingly. Are you fine with that?"

Op en af.

"Jeremy Zwaats."

Enid se kop beweeg nie.
Girard trek sy oë op 'n skrefie.
Miskien het sy hom nie gehoor nie. Dalk nie verstaan nie.



© University of Pretoria

"Was Jeremy the one who attacked you Enuud?"

Girard leun vorentoe. Sy sole kraak op die gladde hospitaal vloer. Stanford druk die voorpunt van sy tong agter sy twee voortande vas.

Enid haal diep asem.

Sy skud haar kop.

Links na regs. Links na regs.

"What the fuck?" Stanford fluister. Girard is naby genoeg om dit te hoor.

"Enuud. Are you one -hundred-percent positive it wasn't Jeremy Zwaats?"

Dan die vreemde taal wat Girard en Stanford se koppe probeer vertaal.

"Nee, dit was nie hy nie. Ek sê al hoe lank so!"
Sy draai haar kop weer van links na regs, duidelik geïrriteerd.

Stanford stap nader aan haar met sy hande in sy sakke. Die kamer druk hom van alle kante en hy voel hoe sy geduld opraak.

"Okay, so if it wasn't Jeremy Zwaats who attacked you, who was it, can you give us a name?"

"Officer Stanford, remember only yes and no answers" Girard wys met sy hand dat Stanford nie so naby aan haar moet staan nie.

Stanford steek vas, en dan:

"Okay, so you know who attacked you?"

Enid knik haar kop op en af. Twee keer.

"Do you know the person's name?" kom Girard meer beheersd.
Enid skud haar kop van kant tot kant.

"Nee" antwoord sy moeg.

'n Deuntjie verbreek die teleurstelling in die lug.
Stanford pluk sy foon uit.

"Stanford?"
Hy luister en draai met sy rug na Enid en Girard.


© University of Pretoria

Hy kyk oor sy skouer na Girard.

“It’s the pathologist. Doctor Rabinowitz he can’t get a hold of you on your cell.”
“It’s on silent” Girard vat die foon by Stanford.

“Girard.”
Stanford se oog vang die verpleegster buite die kamer. Sy wys ongeduldig na haar horlosie. Die patoloog se stem oor die foon klink formeel en ernstig. Soos altyd.

“Inspector, I found something suspicious on our suicide victim.”
“Hold on” Girard draai na Enid met die foon teen sy bors.

“Ms Preller, we really appreciate your time today. You’ve been a tremendous help.”
“If you do remember anything else from that day, please contact me. Dr Lee has my details. You get some rest now.”

Enid toon geen reaksie nie. Sy beweeg haar hand na haar voorkop en druk daarteen.

Girard hou die deur vir Stanford oop en volg hom uit die kamer.
Die verpleegster stap verby met die trollie en skakel die televisie aan. Dana en Bill gesels oor Patty se oorwinning.

“I’m back. What do you have for me?”
“You’re not going to believe this…”
“Try me.”
“It seems like our latest victim was shot twice.”

Stilte.

“With the same calibre weapon?” kom Girard se stem uiteindelik.

“No.”

Girard staar na Enid wat deur die verpleegster gevoer word. Hy sien die televisie is aan.

“What calibre doc?”
“My best guess? A thirty-eight-special revolver. Entrance wound would’ve been somewhere above the left eye.”

Girard staar na die ‘Emergency Exit’ bordjie wat bo hom hang.

“The entire top part of his head was missing at the scene doc.  How sure are we it wasn’t just part of the shotgun damage?”

Daar is stilte oor die foon.



© University of Pretoria

Girard hou die beweging van die vurk dop wat die verpleegster geduldig na Enid se mond bring.

“Inspector, I’m holding a fragment of the bullet in my hand. It was lodged in the back of his spine. Whoever tried to stage this as a suicide, missed this.”

“I’m sending Stanford to collect the sample” Girard druk die foon dood.
Wait…there’s something else.”
Girard wag.

“Something in his pants. His crotch area.”

Girard wag.

Girard sien die vrae op Stanford se gesig.  Hy lyk soos ‘n atleet in die wegspring blokke. Hy wag net vir die skoot.

“A number two, the number two.”
“Excuse me what?” Girard is duidelik verward.

“Like written on a piece of paper?” kom Girard verward.
“No, like a house number or something. Taken from a door or a wall.”

“I’ll send you photo” hy klink ongeduldig.
“My phone doesn’t…send it to Stanford. I’m sending him to you for the bullet fragment en the number two.”

Hy draai na Stanford.

“Go, now. We need to find the gun that fired the first bullet.”
Hy gooi die karsleutels vir Stanford wie se ogies blink. Opwinding. Die skoot het geklap en hy’s uit die blokke.

Girard volg Stanford soos hy deur die moeras van hospitaalbedrywighede in die gang ingesluk word.

“Phone me once you get there! I’ll stay here for now. I might have a few more questions for Ms Preller.”
*“Doctor Walter to SRS, Dr Walter.”*

Die stem oor die interkom sny Girard se stem af. Hy sien net Stanford se agterkop in die rigting van die parkeerterrein verdwyn.

Dit voel soos gister toe hy nog as jong offisier só kon beweeg. Tyd maak alles dood…uiteindelik.


© University of Pretoria

-----

HOOFSTUK EEN-EN-TWINTIG.

*“**A**anraking”*



© University of Pretoria

Sam lag sonder 'n geluid en hou sy hand speels voor sy mond, soos 'n klein dogtertjie wat haarself net betyds keer voor sy 'n geheim uitlap.

Geoff voel weer die warm bloed opstoot.
Wanneer hy bykom sien hy die kamera en ligte onder hom.

Waar is hy?

Sy skouers voel of hulle uit sy lyf wil skeur.

Sy voete is vas. Hy kan hulle nie beweeg nie.

Die IT ou staan agter die kamera en die fris ou hou iets naby sy mond. Iets voor aan 'n stok of iets.

Hy moet die versplinterde prentjies in sy kop probeer pas en dan verwerk na woorde, al is die pyn ondraaglik en sy asemhaling swak.

"Testing one two, testing one two."

Geoff voel vreemd, seer en duislig.Sy hande en voete brand soos vuur.
Iets wat vloei loop in sy oog en dit brand. Hy proe daaraan. Ystersmaak. Bloed.
Hy raak bewus van naalde of iets skerp wat in sy kopvel druk.

"I absolutely love this shot Mr Mapleston, symbolic as fuck."

"Sam come and help me with this quickly please, I need to get the exposure just right."

Sam sit die paal neer en staan langs Jeremy met sy hand op sy skouer. Troostend.

Geoff kyk rond in die saal. Dimitri lê steeds voor een van die deure. Die poppe is onaangeraak deur wat die laaste paar minuet gebeur het.

Waar is Anna?

Dan sien hy die geel pet eenkant langs een van die ligte op die vloer.

Oh my god.Hy onthou nou.

You're the guy...who...your the guy who..." Hy sukkel om die woorde uit te druk, geboorte te skenk aan 'n enkele voledige sin.

Jeremy kyk op.



© University of Pretoria

"Yes, yes Sam had a bit of a dramatic selfie taken with Ms. Mescher."I'm just releived nobody got hurt."
"You really look like the man himself Mr Maplston"

"Godlike"

Geoff besef iets aan sy liggaam se posisie voel vreemd.

What the fuck.

Vir die eerste keer kyk hy na sy hande elkeen aan 'n horisontale balk vasgespyker.
Sy voete bo-op mekaar teen die vertikale paal' n Dik spyker wat albei voete deurboor steek uit en lag vir hom. Hy sien die plassie bloed wat vorm soos sy wond op die kerkvloer lek.

Hy druk sy kop agtertoe. Stamp sy kop agtertoe. Die trane wil kom, maar kom nie.

"Someone help...someone help me please..."

Geoff forseer sy kop afwaarts. Kyk na die man se bolyf.
Daar is twee littekens, een onder elke tepel.
Geoff probeer iets uiter.
Hy kan nie.

Hy wil nie.

-----

"Come on, come on! Get out of the way!"

Stanford kan voel hoe die SUV se bande aan die gebarste teerpad probeer klou. Om die draaie voel hy hoe die swaar SUV beheer wil-wil verloor.
Die temperatuur buite is bloedig.
Dis hel en nou eers Mei.

Te warm. Te gou.
Hy gebruik die toeter.

"Fuck sakes, come on! Move your ass."

'n Sleg geroeste Ford *pick-up* voor hom probeer padgee maar gly dwars voor 'n aankomende motor wat ook net betyds uit die pad swenk.
Stanford trap rem en swenk na links, dan regs.
Die bande skree en probeer vastrapplek kry.
Stanford gly terug in sy baan.


© University of Pretoria

Hy hoor hoe die man in die *pick-up* agter hom op sy toeter lê, 'n *fuck-you* gebaar.
Mense het nie eers meer respek vir die gereg nie.

Iets in Girard se stem was dringend.

Stanford probeer sy gedagtes orden.

Vraag vir vraag.

-Wie is die afkop man?
-Wie het hom eerste geskiet?
-Hoekom sy selfmoord opmaak?
-Waar is die eerste vuurwapen?
-Hoe is hierdie moord, as dit moord is, met die ekspat-moorde verbind?
-Is die skieter die ekspat moordenaar?
-Het Jeremy Zwaats regtig nie vir Enid Preller aangeval nie?

"Fuck sakes."

Hy trap rem wanneer hy die motors voor hom sien stilstaan.
Die SUV gly effens maar kom betyds tot stilstand.
Die jong vrou met die olyfgroen bofbal keps in die motor voor hom, kyk in haar truspieël.

Wie is die mal *fokker* wat hierdie plek in chaos gedompel het…en hoekom?

Hy staar vir die nommerplaat voor hom. Sy kop is elders, en dan, skerp gefokus op die nommerplaat.
Die Alberta kenteken. Die rooi blom met die woorde: *Wild Rose Country*

*Wild Rose Country.*

-Wat is hierdie monster se motief?

Hy spuit die voorruit nat en sit die ruitveërs aan. Stof word bruin water wat langs en tussen die dun krake van die ruit afhardloop en riviertjies agterlaat.
Hy kyk weer na die foto van die nommer twee.
Dan sien hy iets op die tweede foto.
Die agterkant.
Hy gebruik sy wysvinger en duim om in te zoem.

'n Getoet van agter.

Hy trek weg wanneer almal voor hom beweeg.

Hy besluit om die sirene aan te sit, nie dat dit in 'n verskil maak nie.
Hy nader 'n gemors voor op die snelweg. Hy besluit om 'n ander pad te ry.


© University of Pretoria

-----

*-"You are watching live footage of Patty Mescher at the Calgary Convention centre taking questions from the media now."*
Dana draai na 'n grys krulkop man met 'n eksentrieke ronde bril wat op sy neuspunt balanseer.
*- "Professor Buhrmeister joins me now. He is a professor in political sciences at the Edmonton University. Welcome professor."*

Die blouoog man knik bedag.

*- "I want to start off professor. Alberta, a liberal victory for Patty Mescher the new premiere…this surely was a surprise. What does this say about the political landscape we're entering, and the changes we're seeing in a predominantly conservative province like Alberta?"*
*- "Thanks for having me on the show Dana. I think politically speaking, the world finds itself at a metaphorical cross-roads. We are seeing more and more extreme agendas being pushed in several countries, with the far right stepping to the forefront. Therefore I agree with you that a province like Alberta swinging to the opposite direction, by electing Ms Mescher, has definitely come as an unexpected and big surprise."*
Dana draai terug na die kamera toe.

*- "Professor Buhrmeister joining us now live in studio. Professor you mention extreme agendas. Alberta MCU is currently busy investigating what the media have dubbed 'the Exspat killings'. Spokesperson Edgar Hillman delivered a statement earlier, saying that they are looking at the possibility of a serial killer, but stopped short of confirming whether the culprit could have political motives. Do you think that these acts of violence against foreigners are somehow setting the tone for our political landscape?"*

Enid se kop voel swaar.
Sy probeer die stemme op die televisie volg maar ervaar weer die gevoel van die bed wat haar aftrek. 'n Diep lang slaap wat haar stilletjies bekruip.

*- "If we look at what happened at one of Ms Mescher's pre-election day rallies in Edmonton, we do see voter sentiment becoming more displayed and somehow exposed in a public space, and almost bordering on a type of violent outburst just to get their message across."*
Proffessor Bhurmeister loer oor sy bril. Hy vorm elke woord soos die van 'n intellektuele fynproewer.
*- "The professor, of course referring to the bizarre incident at the Royal Alberta Museum just a few weeks ago, when a man stormed the podium where Patty was giving a pre-election speech. Security intervened and assumed that he wanted to attack Ms Mescher."*

Dana glimlag.


© University of Pretoria

- *"To everyone's surprise, the man showed his scars of what seemed to be the result of a sex change operation, proclaiming his support of Ms Mescher."*

Dana se giggel maak die atmosfeer in die ateljee ligter.
Die professor kan ook nie help om deur Dana se lag aangesteek te voel nie.

*"Let's look at the clip that's still trending on most social media platforms. This curtesy of one of the bystanders at the rally."*

Enid sak weg. Haar kop swaar.

"Die sekuriteitswagte duik die man met sy oop hemp plat en Patty sloeg agter die podium neer."

"Sam Both-ha an expat from South Africa was taken in for questioning by RCMP and a private security company shortly after the incident..."

Enid se sintuie is skielik skerp.

Sy is wakker en elke haartjie op haar liggaam staan orent.
Haar hele wese kom in opstand en stuit die medikasie wat deur haar bloedstroom vloei.

Sy sien in haar kop die man met die geel pet, sy sien die man met die snawel. Dis dieselfde man.

Jeremy. Nee, dit was die ander ou wat bywas. Sam. Jeremy het gepraat van Sam.

Die masjiene begin flikker, alarms gaan af. Sy sit regop.
'n Sekerheid wat sy lank terug in haar lewe ervaar het, is terug.

Girard kom teruggestap met 'n wegneem-koffie in een hand en sy foon in die ander.
Hy kyk op wanneer twee verpleegsters haastig verbyskuur en Enid se kamer binne gaan.
Hy maak die deur versigtig oop. Hy weet nie hoekom nie, hy weet net hy moet.

"What's happening?"

Die een verpleegster is besig met die drup, die ander, korter een, kyk vies na Girard – stap dan nader.

"Sir, you're not supposed to be in here, please…"
Enid besef Girard is in die kamer.
Dis nou of nooit.
Een kans.

Sy skree en wys met haar wysvinger in 'n rigting.

"***TEEEEEEVEEEEEEEEE***!!!!"


© University of Pretoria

"Mam…Ms Preller…please you need to relax, please hold still."
Die verpleegsters probeer om die drup te ruil terwyl hulle keer dat Enid nie uit die bed val nie.
Girard kyk dadelik na die televisie wat uit die plafon hang. Hy sien die vroulike nuusleser wat met 'n ouerige man gesels.
Hy stap nader.
"Enid, what is it, what did you hear?"

"Sir please, you're not supposed to be in here. You'll have to wait outside."
Girard ignoreer albei en vat Enid se hand, vou dit toe in syne.

"Enid, tell me what you heard…was it someone on the TV?"
Enid knik haar kop op en af…
Hy kan nie trane agter die dik verbande sien nie. Maar hy weet sy huil.
Hy sit sy hand op haar skouer en voel die klein rukbewegings soos haar liggaam skud.
Die hartmonitor se grafiek vorm skerp bergpieke wat diep sny, aanhoudend.

Die televisie is op *mute.*
Selfs die verpleegsters wat om haar bed skarrel is op *mute.*
Als is ge-*mute.*

-----

"Staff Sergeant Stanford, RCMP. I'm here for Doctor Rabinowitz."

Stanford wys sy identiteitskaart by die patologie afdeling net anderkant Edmondton
Doktor Rabinowitz kom haastig aangestap besig om 'n piesang te eet.

"This is the thirthy eight bullet fragment found in the victims spine."
Stanford kyk deur die plastieksakkie met die stukkie donker swart lood niks groter as sy pinkie nael nie.

"And this"...praat die dokter tussen deur die piesang happe, en haal nog 'n sakkie uit sy oorjas se sak.

"...Is the metal number two I found in the front of the victim's pants."

Stanford vat die sakkies en trek sy oë op 'n skrefie wanneer hy iets agter op die nommer twee raaksien. Die dokter stap intussen haastig deur die swaaideure. Hy het nie tyd vir geselsies nie. Hy is besiger as ooit.

"L.L.H."

What does that mean?


© University of Pretoria

Hy haal sy foon uit en bel vir Girard.

## HOOFSTUK TWEE-EN-TWINTIG
***C**rossing over*


© University of Pretoria

Jeremy praat-skree op na Geoff terwyl hy aan een van die ligte stel.

Geoff bevind hom in 'n vagevuur.
Die troostende aanraking van 'n wrede hand.

Sam druk delikaat met 'n sponsie teen Geoff se gesig. Skakerings van mens kleur verbloem met elke teer inpak, die donker blou en seer teen sy kop.

"Geoff, I know this position might be a bit uncomfortable for you, and I don't think you're in the mood to read your lines, so Sam here has a little surprise for you."

Geoff kyk in Sam se oë. Daar is iets stukkend iets verskriklik leeg in die man se oë. Hy ken die gevoel. Hy ken die swart. Het dit iets te make met die feit dat die ou nie praat nie. Wil hy nie praat nie, of kan hy nie praat nie?

Iets in sy oë voel bekend. Die swart voel bekend.

Sam trap af met die leer en trek die voëlmasker weer terug oor sy gesig.

Geoff kyk na die poppe en stembusse voor hom. Jeremy wat regmaak vir aksie. Sam wat die klank gereed kry. Hy is pateties, 'n teleurstelling vir almal, ook vir homself. Dalk sal die heiligheid van hierdie plek die heengaan op 'n manier versag, 'n sinergie wat met sy eie nalatenskap verweef sal word en tog iets van sy ambisie sal agterlaat, in die vorm van die woorde wat op sy grafsteen gegraveer sal staan en vreemdelinge sal bekeer. Dalk is hierdie sy verdiende loon.

-----

"Is there some way we can rewind this program?"
Die verpleegster kyk na die televisieskerm en terug na Girard.

"Inspector, this hospital have gone through some serious budget cuts, we don't have those fancypants channels or streaming services, just television, like in the good ol' days."

"Ms Preller heard something that made her react the way she did. I need to go back to what she heard."
Die verpleegster vat Girard aan sy arm en stap weg van Enid se bed.
"Inspector, it's been Dana and Bill on there this whole time. Remember Ms Preller's been through a lot of trauma, anything can set her off…even psychologically."

"Exactly nurse, it's called a trigger – something triggered her."


© University of Pretoria

Girard haal die verpleegster se hand van sy arm af.
"Get me the hospital manager. Now."

Girard kyk na Dana en Bill op die skerm, dan lui sy foon.

"Girard."

"Question inspector. What does L.L.H stand for?"

"What?"

"L.L.H? Its on the back of the number two I just picked up."

Girard staar na die televisie voor hom.

"Hold on."

Beelde van Mapleston wat voor mense praat en 'n hommeltuig skoot van die Lake Louise Hotel verskyn. Dit sny terug na die nuusanker wat in kamera praat. Onder aan die skerm rol opskrifte verby.

VOTING RESULT POSTPHONES DUE TO GEOFF MAPLESTON BEING MISSING....

"Mapleston."
"Inspector - this definitely has something to do with Geoff Mapleston," Stanford probeer sy asem onder beheer te kry.
Girard sien die verpleegster in die gang nader kom. Sy stap saam met 'n vrou in 'n donkerblou pak. Die verpleegster praat onophoudelik, die emosielose vrou met haar styf gespanne swart bolla sê niks.
Die skerp punte van haar hoë hakke mik in Girard se rigting.

Girard voel iets jaag hom, asof hy op tien plekke gelyktydig moet wees.

Hy kyk weer vir die televisie.

MAPLESTON LAST SEEN AT LAKE LOUISE HOTEL BEFORE HE DISSAPEARED.

LAKE LOUISE HOTEL

L.L.H

"Jesus, Stanford its Lake Louise Hotel. It's where Mapleston was last seen."

Stanford knip hom kort.
"I'm heading there now, to the hotel."

"Stanford…keep me posted, Enuud saw something that set her off…I'm…"


© University of Pretoria

Die lyn gaan dood.
"Stanford?"

"Inspector Girard, how can I help?"

Die bestuurder se vriendelike stem pas nie by haar gesigsuitdrukking nie. Girard dink weer aan die poppekas by sy skool, iemand anders se stem wat rond rol in 'n leë mond.

-----

"Come on, come on! Get out of the way!"

Stanford kan voel hoe die SUV se bande aan die gebarste teerpad probeer klou. Om die draaie voel hy hoe die swaar SUV beheer wil-wil verloor.
Die temperatuur buite is bloedig.
Dis hel en nou eers Mei.

Te warm. Te gou.
Hy gebruik die toeter.

"Fuck sakes, come on! move your ass."

'n Sleg geroeste Ford *pick-up* voor hom probeer padgee maar gly dwars voor 'n aankomende motor wat ook net betyds uit die pad swenk.
Stanford trap rem en swenk na links, dan regs.
Die bande skree en probeer vastrap plek kry.
Stanford gly terug in sy baan.
Hy hoor hoe die man in die *pick-up* agter hom op sy toeter lê, 'n *fuck-you* gebaar.
Mense het nie eers meer respek vir die gereg nie.

Iets in Girard se stem was dringend.

Stanford probeer sy gedagtes orden.

"Fuck sakes."

Hy trap rem wanneer hy die motors voor hom sien stilstaan.
Die SUV gly effens maar kom betyds tot stilstand.
Die jong vrou met die olyfgroen bofbal keps in die motor voor hom, kyk in haar truspieël.

Wie is die mal *fokker* wat hierdie plek in chaos gedompel het…en hoekom?

Hy staar vir die nommerplaat voor hom. Sy kop is elders, en dan, skerp gefokus op die nommerplaat.
Die Alberta kenteken. Die rooi blom met die woorde: *Wild Rose Country*


© University of Pretoria

*Wild Rose Country.*

-Wat is hierdie monster se motief?

Hy spuit die voorruit nat en sit die ruitveërs aan. Stof word bruin water wat langs en tussen die dun krake van die ruit afhardloop en riviertjies agterlaat.
Hy kyk weer na die foto van die nommer twee.

'n Getoet van agter.

Hy trek weg wanneer almal voor hom beweeg.

Hy nader 'n gemors voor op die snelweg. Hy besluit om 'n ander pad te ry.

-----

Geoff hoor wiele. Dit klink soos trollie wiele.

Hy probeer kyk. Sy ooglede voel swaar. Hy forseer dit oop.

Hy sien Sam met die geel pet en voëlmasker wat 'n trollie stoot met iets op. Dit lyk soos 'n televisie. 'n Klein een, beslis nie 'n rekenaar nie. Dalk 'n baie ou monitor.

Sy kop begin weer klop.
Kop.
Hy hoor 'n geklop. Binne in sy kop.

Klop aan 'n deur.

Sam was by die hotel. Hy het kos na sy kamer gebring.

"So we though that we would be really nice Mr Mapleston by setting up a telleprompter. A facy screen where you can read your script like the news readers."

Sam discovered he loves writing so he whiped out your speech which you can read of the screen.."

Are we good...good to go?"

Geoff haal swaar asem.

"Fuck you" is al wat hy uitkry.

-----


© University of Pretoria

HOOFSTUK DRIE-EN-TWINTIG

***K****erk toe.*



© University of Pretoria

Stanford het verdwaal.

-*"Rerouting."*

Die GPS wil hom dwing om om te draai maar daar is nie nou tyd nie. Hy is stupid. Hy moes net sy sirenes aangesit het en deur die verkeer gejaag het, hy mag mos.
Wel dis nou te laat, hy is klaar in sy moer in.

Dalk is daar iets by die slagoffer se huis wat hulle gemis het.
Hy dink hy het nog die koördinate.

Hy kyk na sy foon.

3 Missed Calls. Insp. Girard.

Hy bel terug.

"Why arent you answering your phone?," kom Girard se stem moerig.

"Sorry Inspector, Long story, can you send me the last victim's location?"

"Victor Redshaw?The fake suicide guy? Why?"

"I figured I don't think we'll find anything at the hotel. There must be something at the guys house.If he had the number two from the hotel on him, and the hotel was Mapleston's last known loacation...maybe there..."

Girard val hom in die rede.

"Stanford, you're stalling. We need to get to the hotel and question personal about Maplestions last movements. Mapleston is the key, not Redshaw.He was only on of the killers' victims"

Stanford voel hoe die frustrasie in hom opbou.

"Why did the killer stage Red's death as a suicide then?"

Girard se asemhaling is hard oor die foon.

"Inspector my gut tells me theres something we missed at Red's place."

"What did I tell you about gut versus evidence Stanford?"

"Inspector, trust me on this."


© University of Pretoria

Girard sug. Dalk moet die jonges kans kry om hulself te bewys. Hy is ook op 'n tyd die kans gegug. Wat se hulle altyd "pas sit forward"

Fuck.

"Fine, the adres is 69 Beaverbrook Cresent. Outskirts of Devon:

"Thanks inspector, you won't regret this"

Stanford lui af en pons die adres dadelik in op sy GPS.
You will reach your destination in approximately fifteen minutes.

"Mmm...not bad"

Die dag kan net beter raak.

-----

Geoff voel hoe sy maag die laaste bietjie gal probeer opstoot om ontslae te raak daarvan. Niks.

Die ritmiese bewegings van sy diafragma laat sy liggaam afwaarts trek die spykers in sy hande. Gate raak klowe.

Die pyn is oorweldigend.

Hy reguleer. Sy asemhaling. Vlakker. Stadiger.

"Mr Maplston, can you see the telleprompter okay from up there?

Geoff antwoord nie.

"Great stuff" antwoord Jeremy homself.

"So a little birdy told me you actually speak Afrikaans!Wow, that's impressive and not only that, you can also read it as well!"

Geoff maak sy oë stadig oop.

"Where...how do you know that?"

-----


© University of Pretoria

"In one oint four kilometeres you destination will be on your right. 69 Beaverbrook cresent." Stanford wat die draai vinnig en die SUV skud en skommel soos die bande die grondpad tref. Die verwaarloosde huis kom nader. Stanford kyk na die plantasies aan sy linker kant en sien deur die bome 'n ou kerk.

Hy kyk weer voor hom en swaai effens lings wanneer die motor teen die hoe rand van die pad wil uitklim.

Wanner hy weer in die rigting van die kerk kyk. Trap hy die rempedaal amper dwarsdeur die vloer.

"Holy shit"

Hy staar na die twee motors wat buite die kerkgebou geparkeer staan.

"No way, you have got tob e kidding me?"

'n Swart mercedes soos die een waarin Mapleston laaste gesien is, en nie ver van hom af nie 'n Volvostasie wa.

"Jeremy Zwaats"

Hy sluit die motor af en voel na sy dienspistool wanneer hy nader aan die plantasie beweeg. Hy skat die kerk is net minder as 'n kilometer weg.

-----

Geoff is op sy laaste.
Hy kan dit voel.

Hy begin die moontlikheid insien dat hy die voorblaaie vir 'n onverwagse rede gaan haal. Anders as die doelwit en ambisie wat hy koester vandat hy Kanada se huis noem.
As hy gelukkig is, is sy dood sy uitkomkans. Sy *emergency exit.*

***Premiere Candidate Geoff Mapleston suspected of murder, becomes latest victim of expat-killer.***
Die sin is lank, lomp en bisar.

Is dit wat hy vir sy mense gaan agterlaat?
Onbeantwoorde vrae.

Is dit wat hy vir die twee siek fokkers is? The ultimate prize. Die grootste Afrikaner om op te offer vir hulle siek speletjie?

Maar hulle is dan ook Afrikaans, altans Jeremy is. Dit maak nie sin nie, hoekom jou eie mense wil uitmoor?


© University of Pretoria

----

Stanford draf vlugtig tot agter die Mercedes en loer versigtig deur die ruit. Niemand.
Hy maak seker daar is geen beweging nie voordat hy na die Volvo toe hardloop.

Hy kan sien daar is niemand in die motor nie. Die ruite is nie so donker soos die Mercedes s'n nie.

Hy mik vir die kerkie. Hy sien niks deur die venster by die kombuis nie. Hy loop stadig om en sien 'n deur met afgedopte verf wat half oopstaan. Hy druk die deur stadig oop en rig sy pistool. Dit voel vreemd, nie waaraan hy gewoond is nie. Binne sien hy 'n rekenaar en klomp elektronika op 'n tafel.

"Fuck" probeer hy fluister.

Hy voel vir sy foon. Dis nog in die SUV. Hoe simpel kan hy wees?

Hy stap versigtig na om die gebou na die toring se rigting.

Hy hoor 'n stem. 'n Bekende stem.

----

"Pick-up Stanford. Come on..."

*-The number you have dialed is not available right no...*

Girard blaas hard deur sy neus.

"Fucking stupid"

-----

Die prentjie deur die deur se sleutelgat wil nie met Stanford registreer nie.
Iemand hoes.
Daar is klomp mense binne. Maar hy hoor net een stem.
Almal staan doodstil.
Gyselaars?

Hy probeer so beweeg om meer detail te probeer versamel.
Hy sien iemand op die vloer le. Lyk soos 'n man.

Hy hoor weer die stem.
Hy ken die stem. Jeremy Zwaats
Hy sien stemhokkies.
Is dit 'n stemlokaal? Die een waar Geoff moes kom stem?
Hy hoor 'n trollie en dan kom iemand van agter een van die stemhokkies uitgestap. Lyk soos 'n masker wat die persoon op het.



© University of Pretoria

"What the fuck is going on?"
Hy hoor dan 'n tweede stem. Hierdie stem is in pyn. Hy probeer die presiese plek waar die skreeu vandaan kom plaas.

Hy hoor 'n vreemde taal.

"Fuck you. Ek lees daai nie!"

Jeremy antwoord "We're rolling Mr Mapleston. This is your big reveal!"

"Mapleston?"Shit this is bad.

Stanford hoor skielik 'n slag hy sien iets wat val en 'n lig wat blaas.

Dis nou of nooit dink hy.

Hy stamp die deur oop en rig sy pistool voor hom.

-----

Iets is fout. Girard voel dit.
Stanford sal hom nou uitvra oor die "gut feeling" van hom dink hy,

Girard stap inning die hospitaal gang af en keer net betyds wanneer 'n vrou in 'n rolstoel voor hom ingestoot word.
In die agtergrond deur die glas afskorting staan 'n verpleegster en hou vir Enid vas. Mevrou Churchill sit op die bed met haar skootrekenaar. Haar oë volg Girard wat afpyl in die rigting van die parkeerterrein.

Hy moet by Red se plek uitkom.

Die warm lug tref Girard in die gesig. 'n Oond wat iemand oop vergeet het. Hy steek vas en kyk waar hy parkeer het.

Hy het lanklaas so naarkol op sy maag gehad.

-----

"This this the RCMP!Put your hands where I can see them!"

"Help me, help me please..." hoor hy 'n man huil.

Hy stap in die rigting van waar hy die slag gehoor het.

Jeremy se stem is stil Dis nie 'n goeie teken nie.


© University of Pretoria

‘n Geluid kom van voor, naby die preekstoel.
Hy sien ‘n kruis wat vooroor le. Iemand is onder diekruis vasgekeer.

Hy besef meteens die mense om hom is nie mense nie.
Dis poppe.

“This is really some sick shit going on”
Hy voel altyd rustiger as hy vir homself fluister.

Hy trap versigtig oor ‘n afkop-pop wat opgeval het met die slag van die kruis.Hy sien ‘n kamera, een stukkende lig. Die boom mikrofoon en ‘n skerm met woorde op AFRI-CANS neem hy aan.

Bly in beheer Stanford. Jy is in beheer.

“Jeremy Zwaats, this is staff seargent Stanford from the RCMP!
“Come out with your hands up!”

Stilte.

“Geoff Mapleston, I’ll be with you in a bit.Just stay calm”

Geoff huil saggies.
Stanford voel hoe die sweet druppels in sy oë gly en hy moet die drang weerstaan om dit uit te wil vee. Een verkeerde beweging en hy sien sy gat.

Dan beweeg iets in die plantasie van poppe.
Hy herken die figuur dadelik.
Sy vinger brand teen die sneller. Sy fokus intens.

“Put your hands on you head Zwaats, and walk towards me – slowly.”

Jeremy hou sy hande in die lug en stap na Stanford.

“Officer, you’re just in time for the big show.Mr Mapleston’s never before seen personal interview”

“Don’t move Zwaats”

“Where’s your back up officer?I don’t hear anyone else outside.”

Stanford haal ‘n paar boeie uit en stap versigtig nader.

“Get on your knees and put your hands behind your back.Now!”


© University of Pretoria

"Jeremy Zwaats I am placing you under arrest for the suspected murder of Flo..."

"Mr Mapleston, back-up should be here any moment. You just hang in there, everything's going to be okay." Hy weet hy lieg. Maar soms is dit al waaraan jy kan vashou. Leuns.

Hy boei vir Jeremy, draai hom op sy maag.

Dan hardloop hy na die kruis. Hy sien die spykers, die bloed.

"Jesus, I need a phone or radio. Fuck."

Wees altyd bewus van jou omgewing Stanford. Gevaar kan van enige kant kom.
Hy kyk na die voorste kerk bank.
Hy sien die man met die gate in sy rug.

Wie is poppe en wie nie?

Geoff se kop hang vooroor. Sy oë toe. Stanford weet hulle is besig om uit tyd uit te hardloop.
Geoff gaan dit dalk nie maak nie.
Hy hou sy mond naby Geoff se oor.

"You hang in there Geoff, just fuck, hang in there!"

Geoff antwoord nie, sy asem vlak.

Agter Stanford draai een van die poppe om en kom regop.
Sam staar na Stanford en trek die masker oor sy gesig.

-----

"All units this is Inspector Girard, be advised of a possible situastion at 69 Beaverbrook Cresent, all units to avail themselves to this address immidetaely "

Girard druk die petrol pedaal plat teen die vloer.
Motors swiep verby.

Sam se tou sny al dieper in Stanford se keel in .
Hy probeer sy vingerpunte onder die tou inkry.
Hy skop na agter, dit kon net sowel 'n gees gewees het wat hom verwurg.
Met elke beweging, elke desperate poging om terug te veg, gebeur niks.



© University of Pretoria

Net die tou om sy keel wat stywer en stywer span.
Stanford druk met sy gewig agtertoe en val saam met Sam op die vloer.
Die slag is so hard dat hy die man se spoeg agter in sy nek voel.
Stanford sien die wit snawel van die masker wat langs sy gesig verby steek en gryp daarna.
Hy ruk dit af - slaan dan met sy kop na agter.

"Fuck you! Fuck you!"

Hy voel die man se warm asem, die nattigheid agter in sy hare. Hy ruik die metaal van bloed, hy's seker die ou se neus is gebreek.
Hoe harder hy met sy kop na agter slaan hoe dieper sny die tou in sy nek.
Al twee mans se bloed vloei saam en smeer op die kerk vloer rond.

-*"In five kilometres take the exit"*

Die GPS se stem is die enigste teken van lewe in die motor.
Girard staar na die twee SUV's in die truspieël. Die beampte wat bestuur is besig om iets oor sy twee-rigting radio te beduie.

Girard staar na sy foon.
**-PHONE STANFORD.**

"Come on pick-up you piece of shit."

Die foon lui.

...en lui...

...en lui...

-----

Stanford sien die swart skopmerke wat sy skoene op die kerk se vloer agterlaat.
Sy vingers raak moeg. Sy kop beweeg nog maar hy hoor niks.
Het sy ore dalk toegeslaan, sy oortromme gebars?
Hy sien Geoff wat vooroor hang. Stil onder die kruis.
Hy kyk na die poppe wat vir hom staar.
Bo hom, Christus met ope arms aan die kruis.
Hy is so moeg.
As hy net sy oë vir 'n paar sekondes kan toe maak, sal hy netnou weer kan terugbaklei.
Hy kort net...'n...'n breek.

-----

Girard sien Red se huis wat nader kom.
Die motor skud woes wanneer die bande die slote in die grondpad tref.


© University of Pretoria

Girard sien die kerk en Stanford se SUV deur die plantasie.

“Shit.”

Hy rem hard en maak ‘n skerp u-draai. Die twee motors agter hom doen dieselfde.

“Hold back…stop,stop stop...right here.”

Girard sien drie motors.The mercedes, die volvo stasiewa, en Stanford se SUV.

“You were right Stanford. Son of a bith.”

Girard gooi sy deur oop en begin dadelik in die rigting van Stanford se motor beweeg.
Hy haal sy vuurwapen uit en wys vir die ander beamptes om stadig nader te kom.
Dis skielik warm, want Girard voel die son se steek op sy kroontjie. Soos ‘n stout seun met ‘n vergrootglas wat miertjies doodbrand.
Die mans se sagte maar haastige voetvalle eggo deur die verlate vallei.
Girard nader die kerkdeur en kyk na die Volvo. Niemand.

Hy stoot die deur van die kerk versigtig oop en loer binne.

Stilte. Heilige stilte.

Die beampte se asem jaag, trek verby sy skouer.
Hy wys met sy hand dat hulle moet vasstaan.

“Wait for my signal.”

Girard stap vir die eerste keer in jare ‘n kerk binne.
Hy berou die besluit amper onmiddellik.

Sy fokus spring van kaal gesig na kaal gesig.
Pop na pop.

Gaan hy hierdie speletjie kan speel?
Gaan hy hierdie speletjie kan *wen*?

‘n Voël fladder iewers in die kerktoring. Hy hoor die benoude geluide, hoe die diertjie probeer uitkom – wegkom en in die proses homself lelik verniel.

Hy stap nader aan die eerste pop en stap oor die een met die af kop.
Hy gaan haal sy stem uit die bodem van sy maag, daar waar al die suur lê en lankal opdam.

“JEREMY ZWAATS,THIS IS THE INSPECTOR DETECTIVE GIRARD FROM THE MCU-RCMP. COME OUT WITH YOUR HANDS UP. WE HAVE THE BUILDING SURROUNDED!”


© University of Pretoria

“Inspector Girard, so glad you could join us”

Girard sien Jeremy met sy hande agter sy rug geboei, Hy lê op sy maag.

Waar is Stanford?

Die beamptes begin een vir een indraf. Elkeen kies ‘n posisie aan weerskante van die voorhof. Hulle vuurwapens gereed.
Girard sien iemand onder hout balke lê. Nee dis ‘n kruis.
Hy stap vinnig vorentoe met sy wapen voor hom uitgestrek.
Hy kyk na die beampte naaste aan hom wat dooierus inneem agter ‘n stemhokkie.

“Cover me.”
Die beampte knik vir hom.

Die prentjie kry kleur wanneer hy die kruis nader.
Die kleur van braaksel, die kleur van nagmerries.
Girard sien Geoff Mapleston onder die kruis, plasse bloed onder sy hande en by sy voete.
Hys nie dood nie, maar naby.

“Inspector Girard!We found something” hoor hy een van die beamptes se stemme.

“Jesus…”

Girard hardloop na Stanford, behalwe vir die wrede merke aan sy keel en die swart skoen merke op die vloer lyk hy rustig. Asof hy ‘n uiltjie knip.
Hy kniel by hom - voel vir ‘n pols.

Niks.

“Fuck...hoekom?”

Hy luister.
Selfs die voël in die toring is stil.
“Inspector?” Iemand fluister.

-“Inspector?”
Hy hoop dis Mapleston, maar weet dit is nie.

Hy draai na Jeremy wat homself op sy rug probeer draai.
Girard gryp Jeremy aan die hare en druk sy gesig teen syne.

“Where’s Sam?”
“This wasn’t me inspector, it was all her idea, I swear.”

“Who is *she*?”


© University of Pretoria

Girard hoor ‘n vrou wat huil.

Hy kyk op en sien ‘n vrou met maskeerband om haar mond voor die preekstoel op die verhoog. Haar hare is deurmekaar en langs haar steek ‘n wit ding verby. Wanneer hy kant toe tree sien hy eers iemand staan agter die vrou met ‘n wit masker. Die persoon met die masker het ‘n tou om die vrou se nek, gereed om te trek. Dit moet Anna wees. Geoff se assistent.

“Hold your fire.” roep Girard uit.

“Sam Both-ha, take off the mask, we know it’s you. Nobody needs to get hurt okay?”

Girard rig sy pistool op Sam. Hy sien die man wat hy op die beeldmateriaal vroeër gesien het. Die man met die geel pet, Patty Mescher se aanhanger. Sam Botha.

Sam haal die masker af en gooi dit van agter die preekstoel tot waar dit naby die pop met die afkop te lande kom.

“Stand down men, hold your fire!” Girard sien uit die hoek van sy oog hoe die beampte by die stemhokkie sy wapen beveilig.
“Sam Both-ha, I’m going to ask you one more time, put down the rope.

Sam haal Anna se maskeerband van haar mond af.

Girard sien daar le ‘n vel papier op die preekstoel

Anna begin dit lees.

“My name is Samantha Both-ah, I am unable to speak...”

Girard frons maar hou sy pistool gerig op Sam net-net langs Anna se kop.

Girard luister en kyk na die beampte wat agter een van die stemhokkies sy posisie inneem.

Anna probeer deur die trane die woorde op die papier uitmaak.

“Geoff Mapleston was suppose to tell everyone who he really is, and what he did to me all those years back”

He will probably die before his secret is revealed. This is why I wanted my son to interview him here today”

“What?What was that?Kom Jeremy se stem terwyl hy sukkel om homself om te draai.

Hy lag.

“No, no, Sam what the fick are you talking about”


© University of Pretoria

Anna lig haar kop en snuif hard. Haar neus het tussen deur die trane begin loop.
‘n Diep frons vorm oor Girard se voorkop.

Haar seun. Jeremy is haar seun? Girard hou die vrae binne sy kop. Onseker en bang vir wat volgende mag kom.

Girard tree vorentoe, versigtig om nie op Stanford te trap nie.

“Sam, one more time, put down the rope. You’re surrounded. It’s over.”

“Sam, waarvan praat jy?Is jy besig om kakk te praat?”

Girard vertsaan nie wat Jeremy se nie. Maar watookal dit was, dit het hom briesend.Hy ruk en pluk aan die boeie.

“Jeremy Zwaats, don’t move!” Probeer Girard orde herstel. Hy kan nie sy fokus tussen Sam en Jerermy verdeel nie.

Sam haal die masker af. Hy gooi dit eenkant toe waar dit op Stanford se bors land.

Trane loop oor Sam se gesig. Hy lag en kyk op.

“Hold your fire!” skree Girard wanneer hy ‘n wapen hoor wat gelaai word.

Sam wys na die papier en druk Anna se kop af om verder te lees.

“Ask me the question Girard.”

Girard het dit nie verwag nie. Hy sluk hard.

“Sam, okay, why did you kill these people?”

Anna antwoord.

“Revenge inspector. Sweet...Anna stop...die trane laat haar kop swaar voel.

”...sweet fucking revenge..Mapleston raped me while Red watched.Then Red cut out my tongue so I wouldnt speak.Who would believe a stripper from South Africa anyway?”

“Jeremy would have the opportunity to interview his dad, that piece of shit who left me behind with no voice”

Jeremy skree histeries!

“No, you fucking liar, he’s not my dad, what are you saying?This is fucked up, Sam!!!!!”


© University of Pretoria

Girard hoor weer die voel in die toring wanneer Jeremy se gil tot 'n sagte huil duintjie bedaar. Die voel is steeds vasgekeer en klink meer verwilderd as vroeër.

Anna se stem breek weer deur.Girard kan hoor dat trane en vrees plek gemaak het vir totale moegheid. Sy kan nie meer nie. Niemand hier kan meer nie.

"I demand one last thing from you inspector"

"Sam you're not really in the position to be making demands." Antwoord Girard versigtig.

Sam knak sy nek stadig van kant tot kant en maak sy oë toe.
Girard kyk vir die beampte by die stemhokkie. Hy kyk na Jeremy se liggaam wat ruk van die snikke. Hy kyk na Stanford sy stil bors. Hy kyk na die man se lyk 'n paar tree voor die voordeur.

"What Sam? What do you need?"

"I need to hear a song inspector"

Girard trek 'n dik swart lyn deur die lys in sy kop van wat Sam moontlik kon vra, selfs die mees onwaarskynlike items op die lys kom nie naby *hierdie* versoek nie.

"A song? How am I going to do that Sam?"

"Jeremy will play the song"

Nog 'n  beampte wat intussen dooierus op een van die poppe se skouers geneem het, laai sy geweer.

Girard kyk na hom.

"Sam, Jeremy is under arrest.I can't just uncuff him.

Anna praat nie.

Girard weet tyd is nie aan hulle kant nie.

"What song Sam?"

Anna lees verder wanneer Sam haar stamp.

"*Cat Stevens. Morning has Broken*"

"The song Geoff fucked me to"

Girard stap versigtig agtertoe


© University of Pretoria

By Stanford haal hy die sleutels uit sy sak, hy sluit die boeie van Jeremy af.
"Don't fucking try anything stupid Zwaats"

Jeremy se oë is dik gehuil. Sy lyf nog aan die ruk.

Girard moet die temptasie verstaan om sy hand op sy skouer te sit.

Dan sonder waarskuwing buk Jeremy af en gryp Stanford se pistool wat langs hom op die vloer lê.

Als gebeur in stadige aksie.

Girard probeer Jeremy se hand afdruk maar mis.
Jeremy lig die pistool en trek die sneller.
Die skoot tref Sam in haar mond.

*-Morning has broken like the first morning*

Sam se kop ruk agtertoe saam met 'n ontploffing wat soos 'n roos agter haar skedel blom en rooi oral oor die verhoog versprei.

*-Black bird has spoken like the first bird*

Anna val agtertoe van die impak met harsings wat haar in die gesig tref.

*-Praise for the singing*

**"Fire! Fire!"**

*-praise for the morning*

**"Hold your fire!"**

Die geweervuur smoor Girard se stem

Jeremy staan op, gooi die pistoon eenkant, maak sy oe toe en gooi sy arms in die lug.

*-praise for them springing*

Girard duik plat en probeer Jeremy ook plat duik.

*-fresh from the world*


© University of Pretoria

Die poppe om hom draai.
Als om hom draai.

Skote vlieg in alle rigtings. Soos bedonderde bye wat hulle korf verdedig – als word stukkend gesteek, uitmekaar geruk alles en enige iemand wat in die pad kom.
Poppe word getref en spat in stukke, die fop stemhokkies ontplof in papierwolke
Girard val plat.

**“Hold your fire!”**

Hy sien hoe die skote Jeremy se lyf deurboor. Die res fluit verby hom en ruk gate uit die Christus beeld wat moes plek maak vir Geoff aan die kruis. Ander skote tref en versplinter die preekstoel.

**“Hold your fire!”**

Girard rol homself in ‘n bolletjie. Hurkend teen die oorlog wat sentimeters bo hom woed.

“Hold your fire! Hold your fire!”

Wanneer die laaste patroondoppies op die kerkvloer klingel en val.

“Christ almighty.”

Hy beweeg hurkend na Jeremy toe.

“Get the medics here now!”
Girard hou Jerermy se kop vas.
“You’re gonna make it Zwaats…hold on, help is on the way.”
Hy sien Jerermy se ooglede wil toemaak.
Hy klap hom teen die wang.
“Hey, hey Jeremy. Look at me…stay with me. I need you to be alive.”
Die een beampte kom nader gehardloop.

“Inspector, Maplston’s breating. He’s still alive.”
Jerermy se liggaam raak stil in Girard se arms.

Girard kyk deur ‘n stukkende venster en sien die voël wat vroeer in die toring vasgekeer was wat wegvlieg. Die toring nou stil.

-----



© University of Pretoria

# HOOFSTUK VIER-EN-TWINTIG
## ***Breaking news***


© University of Pretoria

- *"In breaking news this evening, premiere candidate Geoffrey Mapleston who lost the election to the liberal party leader Patty Mescher, was rescued from an undisclosed location, after being taken hostage, by what is now believed to have been the so called expat killers."*

*"Sam Both-ha and her son Jeremy Zwaats were both killed when RCMP officers opened fire at a church outise Devon which also served as the head quatres for an apparant hacking ring which used fake news to discredit Patty Mescher.Maplestion is said to have been apart of the project called Babylon. Mapleston will be taken into custody as soon as he is released from hospital related to charges which including fraud, corruption and the murder of Victor Redshaw"*

*"Stay tuned for more."*

-----

'n Jong verslaggewer in haar helder geel styf gespande toppie, staan met 'n mikrofoon in die hand met rooi en blou ligte wat die dooie kerkgebou vir kort rukkies inkleur. 'n Animasie prent wat afspeel teen 'n sonsopkoms wat pienk lig deur die laning bome laat spoel en ongesiene diertjies wakker maak.

Vier lyke met wit dekens word ordelik, een vir een uit die kerk gedra.
Anna sit in 'n ambulans terwyl 'n paramedikus met 'n flits in haar oë skyn.

Girard staan langs die verslaggewer en wag.

"Inspector Detective Allan Girard from the Major Crimes Unit joins me now to answer a few questions…."

Girard sien Stanford se skoen onder die een deken uitsteek, voordat hy agter in een van die voertuie gelaai word.

"Inspector, first and foremost were you able to establish a motive for these heinous crimes commited?"

Girard staar na die kamera. Hy voel die warm pienk lig agter in sy nek, dit laat die haartjies opstaan. Dit voel of hy net hier vir ewig kan staan en wag, wag vir iets wat hy weet nooit sal kom nie.

"Inspector?"

-----


© University of Pretoria

Hy staar na die wit plafon bo hom.
Hy draai sy kop stadig na links en sien die hartmonitor wat piep.
Sy hande is toegedraai in verbande waar die spykers hulle deurboor het.
Aan sy regterkant kyk hy na die boei wat hom aan die bed se reling kluister.
Die bed voel swaar. Sy lyf voel swaar.

"Mapleston, you have a visitor…"

Hy antwoord nie, maar draai sy kop in die rigting van die polisiebeampte wat in die hoek van die kamer met 'n Edmonton Joernaal oop voor hom sit. Die opskrif lag vir hom.

***- "Rapist Geoff Mapleston to be indicted for murder at Lake Louise"***

Hy sien die kort vroutjie wat in die deur staan. Sy het 'n groot bos blomme by haar.
Hy ken nie die blomme nie.

"Geoff I'm so, so sorry, I had these flowers flown in especially for you. They're called proteas. The national flower of South Africa."

Patty Mescher gaan sit langs hom op die bed en streel oor sy los arm.
Hy wil wegpluk, maar kan nie.
Sy kyk na die beampte wat koerant lees en draai dan na Geoff.
Sy glimlag en fluister dan in sy oor.

"I prayed to God you would survived this. So you could rot in jail you fucking piece of shit."
Sy glimlag en streel verder met haar naels oor sy arm.

Geoff voel hoe die woede soos Handel se musiek in sy ore bruis.

Hy voel hoe 'n mag van onder in sy gebreekte lyf opstoot, ritmies regmaak om te braak.
Hy gryp haar met sy los een arm om die nek en trek haar agtertoe.
Die blomme val van die bed. Patty trap hulle flenters soos haar hoëhakskoene op die gladde hospitaal vloer gly.

"You bitch, I should've let Red blow your fucking head off!"
Die polisiebeampte kyk met skrefie-oë op. Hy blaai verder.

"Mapleston? Mapleston?

Hy's terug in die kamer.
Hy sien die swart voël wat op sy vensterbank sit.


© University of Pretoria

Agter die glas, verwyderd maar tog naby.
Wat 'n pragtige ding.
Hy raas nie, hy kyk net, observeer net in absolute stilte. Hy hou van kyk.
Hulle albei deel iets, diep binne.

Die raaf krys hard.

"Mapleston? You have a visitor. It's premiere Patty Mescher. You have five minutes."

----



© University of Pretoria